UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA, PRETORIA, 1899-1984

deur

JOHETT MARIA MARTINE OBERHOLSTER

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM

Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
PRETORIA
1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD

VOORWOORD

I. ONTSTAAN VAN DIERETUINE 1

Steentydperk 1
Egiptiese en Sjinese beskawings 1
Antieke tyd 4
Middeleeue 6
Renaissance 6
Moderne tyd 10
Eerste dieretuine in Suid-Afrika 11
1. 'n Dieretuin in die Kompanjie se tuin 11
2. Die menagerie in Groenpunt 11
3. Die Groote Schuurdieretuin 11
4. Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in Pretoria 14
5. Die Johannesburgse dieretuin 14
6. Die Bloemfonteinse dieretuin 14

II. TOTSTANDKOMING VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA 18

III. ONTWIKKELING IN DIE BESTUUR VAN DIE NASIONALE DIERETUIN 22

Bestuur van die Nasionale Dieretuin 22
Ontwikkeling in die personeel van die Nasionale Dieretuin 31
1. Gunningtydperk (1899-1913) 31
2. Haagnertydperk (1914-1926) 34
3. Bigalketydperk (1927-1962) 37
4. Brandtydperk (1962-1984) 40

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**IV. FINANSIES** **47**

Aanvangsjare 47
Stryd om oorlewing 51
Ekonomiese oplewing 59

**V. UITBREIDING EN ONTWIKKELING VAN DIE DIERETUINTERREIN** **66**

Verkryging van grond 66
Fisiese behuising van diere 72
1. Algemeen 72
2. Noordelike Uitbreiding 77
3. Akwarium en Reptielpark 83
4. Nuwe pappegaaihokke 87
5. Plaasdieretuin 87
6. Ander projekte ter verbetering en verfraaiing van die Dieretuinterrein 88
7. Tuinery 96

**VI. DIE DIEREVERSAMELING** **102**

Gewerweldes 102
1. Aanwins van diere deur middel van geskenke, ruilings en aankope 102
2. Teling 114
3. Dieregesondheid 117
(a) Voeding 117
(b) Ongelukke, siektes en vrektes 119
(c) Afdeling Dieregesondheid 121

Laer gewerweldes 124
1. Aanwins van diere 124
2. Teling 125
3. Dieregesondheid 126

Navorsing 127

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**VII. DIE NASIONALE DIERETUIN EN NATUURBEWARING** 138

Die Dieretuin en sy rol in natuurbewaring 138
1. Opvoedkundig 139
2. Teling 139
3. Navorsing 140
4. Fondsinsameling 140
Totstandkoming van wildteelplase 141
1. Inleiding 141
2. Jagluiperdnavorsing- en teelsentrum by De Wildt 142
3. Wildteelplaas by Lichtenburg 145
4. Wildteelplaas by Potgietersrus 149

**VIII. OPVOEDKUNDIGE EN SKAKELDIENSTE VAN DIE NASIONALE DIERETUIN** 155

Werkaamhede van die opvoedkundige en skakeldienste 155
1. Totstandkoming van 'n opvoedkundige diens by die Nasionale Dieretuin 155
2. Buiteskoolse kursusse 165
(a) Kursusse vir die jeug 165
(b) Lesings vir volwassenes 166
3. Zoologiese Vereniging van die Nasionale Dieretuin 168
4. Publikasies van die Dieretuin 168
(a) Gidsboekies 168
(b) Gedenkalbums 168
(c) Jeuglektuur 169
(d) Boeke oor die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika 169
(e) *Zoön* 171
5. Skakeldienste: Publisiteit 171
(a) Koerant- en tydskrifartikels 171
(b) Radiopraatjies, televisie- en filmopnames 175

**IX. DIE NASIONALE DIERETUIN EN DIE PUBLIEK** 182

Besoekersgetalle en toegangsfooie 182

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Besoektye, regulasies, beserings en kritiek 185
Die Dieretuin as plek van ontspanning 189
1. Musiek en bioskoopvertonings 189
2. Teetuin, piekniekplekke en speelterrein vir kinders 191
3. Diereritte, die Listerpassasierstrok, die Laurie Ham-ekspres en die kabelspoor 192
4. Die Nasionale Dieretuin en die nie-blanke besoekers 194

**X. DIE NASIONALE DIERETUIN EN ANDER INSTANSIES 205**

Kontak met plaaslike instansies 205
1. Beskikbaarstelling van fasiliteite 205
2. Diens aan ander instansies 207
(a) Verskaffing van slanggif 207
(b) Samewerking met die Ornitologiese Vereniging 208
(c) Verdere hulpverlening 209
3. Bywoning van konferensies en lidmaatskap van plaaslike organisasies 210
Kontak met die buiteland 211
1. Wedersydse hulpverlening
2. Reise na die buiteland, bywoning van internasionale kongresse en lidmaatskap van internasionale organisasies 213

**SLOTSOM 220**

**BYLAAG 222**

**BRONNE 225**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ILLUSTRASIES


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Grottekeninge by Lascoux | 2 |
| 2. | Tekeninge op graftombes | 3 |
| 3. | *Die optog van die Magiërs* | *7* |
| 4. | Die dieretuin by Versailles | 9 |
| 5. | Schönbrunn | 9 |
| 6. | J.W.B. Gunning | 30 |
| 7. | Gunningbronsplaat | 30 |
| 8. | A.K. Haagner | 35 |
| 9. | R.C.H. Bigalke | 38 |
| 10. | D.J. Brand | 38 |
| 11. | Spotprent | 57 |
| 12. | Andersonopmetings | 67 |
| 13. | Grondplan 1954 | 69 |
| 14. | Grondplan 1969 | 70 |
| 15. | Dassiekoppie | 73 |
| 16. | Leeuhok | 74 |
| 17. | Olifanthuis | 74 |
| 18. | Seeleeudam | 75 |
| 19. | Beerhok 1911 | 76 |
| 20. | Beerhok vandag | 76 |
| 21. | Noordelike Uitbreiding: Terreinplan | 78 |
| 22. | Noordelike Uitbreiding: Onsigbare hokke | 79 |
| 23. | Noordelike Uitbreiding: Uitkyktoring | 79 |
| 24. | Voëlhok | 80 |
| 25. | Bronsplaat by voëlhok | 80 |
| 26. | Akwarium- en Reptielparkplan | 82 |
| 27. | Akwarium- en Reptielparkingang | 86 |
| 28. | Sammy Marksfontein | 89 |
| 29. | Rudolph Bigalke-Instituut | 91 |
| 30. | Bigalke-Instituutbronsplaat | 91 |
| 31. | Dieretuiningang 1904 | 94 |
| 32. | Dieretuiningang 1980 | 94 |
| 33. | Frank Brandgebou | 95 |
| 34. | Frank Brandborsbeeld | 95 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 35. | Pryslys | 103 |
| 36. | Mary | 106 |
| 37. | Zoeloeana | 110 |
| 38. | Nat | 120 |
| 39. | Babo | 120 |
| 40. | Potgietersrusingang | 148 |
| 41. | Potgietersrusbronsplaat | 148 |
| 42. | Aannemingskema | 158 |
| 43. | Naambord | 161 |
| 44. | Pelikaanwegwyser | 172 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| ATM | : Argief van die Transvaal Museum, Pretoria |
| In die Dieretuin | : In die Dieretuin van Pretoria: Waardevolle werk van die lektorgids |
| IUNC | : International Union for Nature Conservation |
| IUD | : Internationale Unie van Dieretuindirekteure |
| M en D notules | : Museum- en Dieretuinnotules Jan. 1897 - Feb. 1905 |
| Die Nasionale Dieretuin | : Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika (1899-1919): Sosiale bymekaarkomplek in Pretoria |
| The National Zoological Gardens | : The National Zoological Gardens of South Africa, Pretoria |
| NDSA | : Nasonale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria |
| NZG | : National Zoological Gardens |
| SARCCUS | : Southern African Regional Commission for the Conservation and Utilization of the Soil |
| TAB | : Transvaalse Argiefbewaarplek |
| Tvl. Z G | : Transvaal Zoological Gardens |
| URB | : Uitvoerende Raadsbesluit |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Hierdie studie handel oor die geskiedenis van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria (1899-1984) - die enigste nasionale dieretuin in die land wat finansieel deur die Staat gesteun word.

Tot op datum is daar geen intensiewe studie oor dié onderwerp wat hierdie tydperk dek, gedoen nie. Van die vroeë ontstaansjare van die Dieretuin tot op hede is daar wel in die gidse wat deur die instansie aan die publiek beskikbaar gestel is ter inleiding 'n kort opsomming van die geskiedenis van die beginjare van die Dieretuin aangebied. Ook in die herdenkingsalbums wat die dertigste, sewentigste en negentigste bestaansjaar van die instansie gevier het, is die geskiedenis kortliks aangeteken. Die enigste werk wat die geskiedenis en die doen en late van die Nasionale Dieretuin van sy ontstaan tot 1954 behandel, is die boek deur dr. R. Bigalke, die derde Direkteur van dié dieretuin. Dié werk het nie net waardevolle inligting verskaf nie, maar het ook baie van my navorsingsbevindings as juis bevestig.

By die viering van die negentigste bestaansjaar van hierdie dieretuin het dit opnuut na vore gekom dat dié instansie een van dié besienswaardighede is wat besoekers nie net van Pretoria nie, maar van die res van Suid-Afrika asook wêreldwyd lok. Verder word die Nasionale Dieretuin deur lede van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure as een van die tien bestes van soortgelyke instansies in die wêreld gereken. Dit was dus gevolglik nodig dat die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van dié dieretuin in een studiestuk behandel moet word.

Namate ek in die navorsing verdiep begin raak het en die verhandeling vorm begin aanneem het, het ek besef dat 'n ryke stuk geskiedenis hier blootgelê word en dat dit in alle opsigte'n studie regverdig.

Die navorsing oor hierdie onderwerp het hoofsaaklik berus op die sowat tagtig Dieretuinjaarverslae wat behoue gebly het, asook alle maandverslae en notules wat nog beskikbaar is. Die jaarverslae, wat nie deur 'n staatsdepartement òf deur die Transvaalse Argiefbewaarplek bewaar word nie, is by die Dieretuin opgespoor. Maandverslae, notules en ander rapporte (wat later saamgebind is en as folios bekendstaan), asook brieweboeke wat inkomende en uitgaande korrespondensie weerspieël, is in die pakkamers van die Dieretuin, asook die argiefkamer van die Transvaal Museum (waarvan die Dieretuin aanvanklik deel was), uitgesnuffel. Omdat die Dieretuin hom nie werklik daarop toespits om al hierdie bronne volledig te bewaar nie, het baie gegewens reeds tydens verbouings en veranderings aan die administratiewe geboue op die terrein verlore gegaan. Nogtans het bronne wat wel beskikbaar is, my instaat gestel om die verhaal van die ontstaans- en ontwikkelingsjare van die Dieretuin weer te gee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Koerant- en tydskrifartikels, wat uiters waardevol vir die opheldering en verlewendiging van die verhaal is, was geredelik beskikbaar omdat daar van meet af aan 'n poging deur die Dieretuinpersoneel aangewend is om alle publikasies te bewaar. Dit was veral dr. Bigalke, wat nie net die pers met gebeurlikhede in die Dieretuin gepeper het nie, maar ook alle artikels wat hy in die hande kon kry, in plakboeke bewaar het. Sedert die sewentigerjare is daar van 'n knipseldiens gebruik gemaak om só 'n volledige versameling, wat selfs oorsese koerant- en tydskrifartikels insluit, op te bou. Van die interessantste staaltjies rondom die diereversameling is onder meer uit nie minder nie as 742 koerantartikels verkry.

Die Transvaalse Argiefbewaarplek was nie van veel nut vir hierdie navorsing nie, aangesien daar bittermin dokumente oor die Dieretuin beskikbaar is. Daar bestaan nie meer as vyftig verwysings na dié instansie nie, en die helfte daarvan is bloot ou foto's van die diereversameling. Die dokumente wat wel gebruik is, is hoofsaaklik korrespondensie tussen dr. Gunning, die Direkteur wat verantwoordelik vir die ontstaan van die Dieretuin was, en dr. N.J. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, wat in beheer gestaan het van Rus in Urbe, die terrein waarheen die diere later verskuif is en waarop die Dieretuin vandag nog staan.

Alhoewel daar in die verhandeling melding gemaak word van die talle radiopraatjies, aangebied deur die Dieretuinpersoneel, moes ek tot my spyt verneem dat die Argief van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie nie hierdie opnames bewaar het nie en dat die Dieretuin ook geen afskrifte beskikbaar het nie. Omdat die inhoud van hierdie praatjies merendeels natuurwetenskaplik van aard was, is slegs die wete dat dit wel gelewer is, vir hierdie studie van belang.

Aangesien die Nasionale Dieretuin lank reeds as een van die voorste instansies van sy soort in die wêreld gereken word, is dit ook nie vreemd nie dat kort artikels in boeke van oorsese skrywers soos S. Zuckerman se *Great zoos of the world* (London, 1979), J. Fisher se *Zoos of the world* (London, 1961) en R. Kirschhofer se *The world of zoos* (London,1968) verskyn het.

Die hele wese van die Nasionale Dieretuin bestaan uit 'n verskeidenheid fasette, byvoorbeeld die tuinery, die opvoedkundige afdeling en die diereversameling. Dit maak dit dus moontlik om van elkeen van hierdie aspekte 'n intensiewe studie te maak om so 'n bepaalde faset te belig. Die doel van hierdie studie is egter om 'n **geheelbeeld** van die instansie te probeer gee. Die indeling van die stof word dan juis só aangebied om al die fasette so goed moontlik in die bestek van hierdie verhandeling te bespreek. So byvoorbeeld is dit nie ter sake om 'n uitgebreide studie aan elkeen van die vier Direkteure te wy nie, omdat elkeen se bydrae, op watter terrein ookal, deurgaans in elke hoofstuk na vore kom.

Ten slotte wil ek graag my dank en waardering teenoor diegene wat my met raad en inligting tydens my navorsing voorsien het, uitspreek. Professore O.J.O. Ferreira en W.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stals van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria, onder wie se leiding hierdie verhandeling vorm aangeneem het; mev. Sarita Cronje, Kurator: Openbare Dienste van die Nasionale Dieretuin, wat tydens haar druk program tog 'n tydjie tot my beskikking gehad het en geen moeite ontsien het om my te help nie; mev. Desiré Kies, eertydse personeellid van die Dieretuin, wat saam help soek het na verlore folios en verslae en wat my selfs aan huis besoek het met haar vondse; mev. Micki Fumarolo, eertydse sekretaris van die Raad van die Dieretuin, wat haar kantoor met verslae en koerantuitknipsels te alle tye tot my beskikking gestel het, en personeel van die Transvaal Museum wat my toegang tot hul argief verleen het.

Verder verdien mev. Thariza van Rensburg, wat nie net die verhandeling getik het nie, maar sommer ook 'n ogie gehou het oor die voetnote en ander taalaspekte, ook spesiale vermelding.

Ten slotte wil ek my dank betuig teenoor dr. Maria Hugo, wat met die taalkundige versorging behulpsaam was, en ook my gesin vir hul ondersteuning en opoffering. Saam met my het ook hulle met ander oë na ons Dieretuin begin kyk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# I. ONTSTAAN VAN DIERETUINE

## Steentydperk

Niemand kan met sekerheid sê waar en wanneer dieretuine hulle ontstaan gehad het nie. Dit wat ons vandag onder die begrip "dieretuin"[1] verstaan, het reeds in Ou Egipte as deel van hulle beskawing voorgekom. Hierdie dieretuine was al in so 'n gevorderde stadium van ontwikkeling dat 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat daar kleiner en meer primitiewe prototipes moes bestaan het.[2]

Uit die akkurate grottekeninge by Lascoux in Sentraal-Frankryk (fig.1) word die afleiding gemaak dat mense reeds ongeveer 25 000 tot 100 000 jaar gelede diere bestudeer het en selfs as bekwame soöloë gereken kan word. Die makmaak van diere het reeds tydens die vroegste Steentydperk begin. Teen die Mesolitiese Tydperk was honde reeds behoorlik getem. Ganse was die volgende gedomestiseerdes van die diereryk. Hulle is waarskynlik maklik gevang, terwyl hulle verveer en eiers uitgebroei het. Waarom sou die mens dan diere wou makmaak en aanhou? Die redes hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die mens se ingebore nuuskierigheid en die feit dat hy meestal 'n nuttigheidswaarde in iets soek. So kon kinders van die Steentydperk 'n klein wolfie huis toe gebring het omdat dit hulle belangstelling geprikkel het. Die ouers het die dier as deel van die huishouding aanvaar, dit ook interessant gevind en mettertyd agtergekom dat dié dier geleer kon word om sekere bevele te gehoorsaam. Die wolf was dus nuttig op jagtogte en kon selfs die kamp oppas. In die geval van ganse was die nuttigheidsaspek dalk van groter belang. Dié voëls is aanvanklik gevang om as maklik bekombare voedselbron in gevangenskap te teel.

## Egiptiese en Sjinese beskawings

Eers ná die nomadiese era kan daar van dieretuine in die hedendaagse betekenis van die woord sprake wees. Namate mense geld en tyd gehad het om hul nuuskierigheid aangaande diere te bevredig en daar sprake van stede, konings en rykdom was, het dieretuine werklik tot stand gekom.[3]

Hoewel 'n mens dadelik aan koning Salomo dink as een van die eerste soöloë, met sy parke vol herte, ape en poue wat hy van koning Hiram van Tirus geruil het, dateer die oudste voorbeeld van dieretuinbestuur reeds gedurende die tydperk 2 900 - 2 200 v.C. in Antieke Egipte. Die Egiptenare het geprobeer om alle diere wat verkrygbaar was, mak te maak of te akklimatiseer. Tekeninge op graftombes (fig.2) toon verskillende boksoorte wat halsbande gedra het. Bokke soos die addaks, die ibeks (alpebok) en twee soorte gaselle is òf in aanhouding geteel, òf makgemaak. Argeoloë het ook pragtige tekeninge en geskrewe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 1** 'n Afbeelding van 'n renostersoort wat reeds uitgesterf het op die mure van die grotte by Lascoux, Frankryk.
(Uit: J. Fisher, *Zoos of the world* (London, 1961), p. 16).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 2** Die ou Egiptenare het die gans reeds makgemaak. (Uit: J. Fisher, *Zoos of the world* (London, 1961), p. 23).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bewyse by die Egiptiese dorp Sakkara gevind van pogings om hiënas, ape, bokke en selfs muishonde aan te hou. Hierdie bewyse dateer uit die jaar 2 500 v.C. In latere eeue het Egiptiese heersers nog verder gegaan in hul pogings om allerlei vreemde diere met sukses in gevangenskap aan te hou. Koning Toethmosis III (1501-1447 v.C.) het plante, diere en voëls uit Sirië vir sy tempeltuin by Karnak ingevoer.[4] Sy stiefma, Hatsjepsoet, het in so 'n mate in diere belanggestel dat sy vangekspedisies na die land van Punt (Somalië) gestuur het. Vyf skepe het met ape, windhonde, luiperds of jagluiperds, voëls en die grootste wonder wat Egipte in daardie tyd beleef het, naamlik 'n kameelperd, teruggekeer. Hierdie diere was bestem vir die koninklike dieretuin. Moderne dieretuine toon sterk ooreenkomste met dié in Egipte, behalwe dat daar baie getemde diere was wat deel van die versameling uitgemaak het. Ander fara'os en ptolemaeuse (Masedonies-Griekse konings) het dieselfde gedoen en spesiale parke vir die diere is opsygesit.[5]

Dat dit die belangstelling van die heersersklas was wat tot die oprigting van dieretuine aanleiding gegee het, blyk ook in die geval van Indië en Sjina. Die Sjinese keiser Wen Wang (±1 100 v.C.) het byvoorbeeld 'n dieretuin van 1 500 akker (750 morg) groot, genaamd die Ling-Yu (die Tuin van Intelligensie), opgerig. Hier is diere vir wetenskaplike en opvoedkundige doeleindes aangehou.[6] Ander bekendes wat in diere belanggestel en hulle aangehou het, was Semiramis, die legendariese koningin van Assirië (900 v.C.), koning Assurbanipal van Assirië (669-626 v.C.) en koning Nebukadnesar van Babilonië (605-562 v.C.).

Teen die jaar 700 v.C. was daar reeds verskeie konings en adellikes in Klein-Asië wat wilde diere as statussimbole aangehou het. In daardie tyd het gevegte tussen mense en arende reeds voorgekom.[7]

## Antieke tydperk

Die Antieke Grieke (±2000 - 300 v.C.) het 'n meer sorgsame en leergierige houding teenoor diere geopenbaar. Teen die 4e eeu voor Christus was daar omtrent in elke Griekse stadstaat een of ander versameling van wilde diere. Eers is apies ingevoer, aangehou en getem, daarna is daar gekonsentreer op bosfisante, kraanvoëls, koningriethane en katsoorte uit Afrika. Teen die jaar 500 v.C. is makgemaakte Egiptiese ganse, Afrikaanse tarentale, duiwe, hoenders, eende en Indiese poue aangehou. Laasgenoemde was só gewild dat die man op straat bereid was om te betaal om hierdie voëls te sien en het hulle selfs lang reise onderneem om hierdie gevleueldes te kom besigtig. Dit is dan waarskynlik die eerste toegangsgeld wat by 'n dieretuin betaal is.[8]
Leerlinge is na hierdie dieretuine geneem as deel van hulle algemene opvoeding. In dié atmosfeer het die Griekse wysgeer Aristoteles (384 - 322 v.C.) opgegroei en dit het waarskynlik aanleiding gegee tot die skrywe van sy *Historia animalium.* Sy beroemde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

student Alexander die Grote (356 - 323 v.C.) het baie nuwe inligting aangaande diere en voorbeelde van spesies, wat hy tydens militêre ekspedisies versamel het, na Griekeland gestuur. Vir die Grieke het dit gegaan om die verkryging van kennis, ter wille van die kennis self.[9]

Lagi, 'n gewese veldheer van Alexander die Grote, was van 323 - 305 v.C. stadhouer van Alexandrië. Gedurende sy bewind het dié stad spoedig tot 'n wêreldsentrum van kennis ontwikkel met die beste en grootste dieretuin toe bekend. Dit was onder sy opvolger Philadelphos, ptolemaeus II (285 - 247 v.C.), dat dié dieretuin 'n hoogtepunt bereik het. Daar word gereken dat dié dieretuin meer spesies gehuisves het as wat daar vandag in enige dieretuin ter wêreld te vinde is.[10]

Terwyl die dieretuin in Alexandrië sy hoogtepunt bereik het, het die Romeinse beskawing begin bloei. Die vroegste diereversamelaars in Rome het hulle daarop toegespits om die grootste, vreemdste en mees opwindende diere in die hande te kry. Versamelings het gewoonlik in een van die volgende twee kategorieë geval, naamlik (a) omvattende private versamelings wat aan ryk Romeine behoort het en wat in die tuine van hul villas aangehou is en (b) diere vir die wrede arenagevegte. Een van die voortreflikste private dieretuine was dié van die groot Romeinse geleerde Marcus Terentius Varro (116 - 27 v.C.) by die klooster Cassinum (Monte Cassino) in Italië. Hy was 'n ywerige student van die dierkunde en veral voëlsoorte het hom geïnteresseer. Hoewel hy nie tekeninge van sy voëlhokke nagelaat het nie, is die dokumentasie wat hy opgestel het van só 'n aard dat 'n mens dit byna kan visualiseer. Hy het ook in noue kontak gebly met byna almal om hom wat diereversamelings gehad het. Hy het geweet wie in verskeie spesies belanggestel het en met watter voëlsoorte daar alreeds geslaagde teling plaasgevind het. In Varro se tyd is daar al met die idee van die moderne dieretuin, naamlik 'n dierepark sonder baie omheinings, geëksperimenteer. Dié parke was uitsluitlik vir die besigtiging van diere en voëls bestem.[11]

Waar die dier in Egipte as 'n mistieke verskynsel beskou is en as sodanig vereer is, was die Romeine se benadering oor die algemeen meer nugter en prakties in hul belangstelling. Hul triomftogte, waarin diere as deel van die oorwinningsbuit vertoon is, het dié van die Grieke in alle opsigte oortref. In die arenaspele het die diere aanvanklik teen mekaar geveg en is leeus, luiperds en bere vir dié doel afgerig. Later het mense teen diere opgetree en voor die Christenvervolging is drosters uit die leër saam met wilde diere in die arena gegooi. Spesiale skole het ontstaan waar gladiators opgelei is vir die stryd teen tiers, leeus, bere, krokodille en selfs seekoeie. Professionele diervegters het roofdiere met die kaalhand voor gefassineerde skares aangepak. Vir dié vertonings het die Romeine al hoe meer wilde diere benodig en dit was keiser Augustus (31 v.C. - 14 n.C.) wat met 'n dieretuin begin het wat na bewering feitlik so groot soos die een in Alexandrië was. Volgens dokumente is daar tydens sy heerskappy 3 500 diere in die arena gedood.[12]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Middeleeue

Na die val van die Romeinse Ryk teen die einde van die vyfde eeu het die aantal dieretuine verminder en gedurende die "donker" Middeleeue (*ca.* 500 - *ca.* 1500) is daar nie juis aandag aan dierеversamelings gegee nie en was dit by uitsondering dat konings, die kerk of plaaslike owerhede aan die hoof van dieretuine gestaan het.[13] Ons weet dat die Frankiese koning, Karel die Grote (742-814), by Aken (Duitsland), Nijmegen (Nederland) en Ingelheim (Duitsland) dierеversamelings gehad het wat hoofsaaklik uit eksotiese voëls en 'n paar groter diere bestaan het. Die gevierde Arabiese kalief Haroen al Rasjid (786-809), die held van die *Duisend en een Nagte*, het aan hom 'n olifant gestuur.[14] Toe die emir van Kaïro hiervan te hore kom, het hy getrag om met 'n leeu die kalief se geskenk te oortref.[15]

In die twaalfde eeu het Hendrik I van Engeland (1100-1135) 'n klein dieretuin naby Woodstock begin met diere wat hy van ander heersers as geskenke ontvang het.[16] In die 14e eeu het Filips VI van Frankryk (1293-1350) leeus en luiperds by die Louvre in 'n gebou genaamd die "Hôtel des Lions du Roi" aangehou en ook sy troonopvolgers het oral waar hulle paleise opgerig het, diereveramelings gehad. In hierdie tyd was daar ook dieretuine in Italië en Portugal. Die mees uitgebreide versameling was waarskynlik die een wat die Italiaanse reisiger Marco Polo (1254-1323) aan die koninklike hof van die Mongoolse heerser Koeblai-Khan (1214-1294) in Sjina gesien het. Daar was niks in Europa wat hiermee vergelyk kon word nie.

## Renaissance

Vanaf die 15e eeu het welvaart, wêreldreise en gepaardgaande toename in kennis, wat so kenmerkend van die Renaissancetyd was, ook die belangstelling in diere laat herleef. In Italië het die beroemde De Medici-vorstehuis 'n dieretuin in Florence begin en verskeie Italiaanse kunstenaars onder wie Gozzoli (1420-1498) (fig.3) het in opdrag skilderye van diere gemaak, terwyl die veelsydige kunstenaar Leonardo da Vinci (1452-1519) sy ape, vlermuise, voëls, slange en akkedisse in 'n klein dieretuin in Milaan geskilder het. Seevaarders het ook 'n bydrae tot die toenemende belangstelling in dierеversamelings gelewer. Christophorus Columbus (1451-1506) het byvoorbeeld die eerste arapapegaaie in 1492 van die Wes-Indiese eilande na Europa gebring. Nie net is nuwe spesies nie, maar ook nuwe dieretuine ontdek. So het die Spaanse veroweraar Hernando Cortez (1485-1547) in 1519 op 'n dieretuin in Mexiko afgekom wat só groot was dat driehonderd arbeiders die diere moes versorg - daar was dus meer mense in diens as wat die meeste groot dieretuine vandag het. Dit alles het meegebring dat 'n nuwe era met betrekking tot dierеversamelings in Europa ingetree het. Die versamelings van die Grieke en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 3** Gozzali se skildery *Die optog van die Magiërs* (1459).
Voor staan 'n jagluiperd en agter kamele. Dit was diere wat hy in die
Medicimenagerie in Florence bestudeer het.
(Uit: J. Fisher, *Zoos of the world* (London, 1961). p. 42).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Romeine is, wat eksotiese spesies betref, oortref. Dit was nogtans 'n geleidelike proses, want voëls soos pikkewyne, emoes, rheas, kaketoes en toekans en diere soos lemurs en luidiere is eers in die 18e eeu in Europa vertoon.


Tussen 1530 en 1550 het redelike groot dieretuine in Chantilly (Frankryk) Karlsburg (Roemenië), Kaïro (Egipte), Konstantinopel (Turkye) en Saint-Germain (België) ontstaan. In die tweede helfte van daardie eeu het Ebersdorf, Dresden (beide in Duitsland), Praag (Tsjeggo-Slowakye), Näugebäu (Oostenryk), Elsinoire, die Louvre, die Tuileries en Fontainebleau (almal in Frankryk) in eersgenoemdes se voetspore gevolg. Natuurlik was daar ook heelwat kleiner versamelings in parke en tuine soos byvoorbeeld in dié van die herehuise in Frankryk en Engeland. Hierdie nuut ontdekte diere was baie aanloklik vir die ryk handelsklas. Nie almal het hulle versamelings ewe deeglik gedokumenteer nie, maar daar was tog dieretuine in die Renaissancetydperk, soos dié van die Chantilly-kasteel, wat dit wel gedoen het en so kan 'n mens meer te wete kom van wat aangehou is en hoe die kampe en hokke daar uitgesien het.[17]

Op 20 Januarie 1583 het koning Hendrik III van Frankryk (1574-1589) sy hele uiters waardevolle diereversameling by die Louvre met 'n harquebus laat uitwis, nadat hy die vorige nag gedroom het dat hulle hom gaan opvreet. Lodewyk XIII (1601-1643) sou dertig jaar later dié versameling weer opbou. Elke stadium van sy ontwikkeling is neergeskryf en meer as vyftig skilders, beeldhouers en argitekte het afbeeldings van hoe dié dieretuin gelyk het, nagelaat (fig.4). Die versamelings by die Tuileries en Fontainebleau is ook aan hom te danke. Verder het hy bome tussen die hokke laat plant om die onooglike tralies te verberg. Op grond hiervan het die Franse dieretuingeskiedkundige Loisel daarop aanspraak gemaak dat die dieretuin by Versailles die eerste werklike diere<u>tuin</u> was.[18] Fisher reken dat van al die Renaissancedieretuine, dié van die Duitse keiser Maximiliaan II (1527-1576) by Ebersdorf (1552), Praag (1558) en Näugebäu(s.j.) die meeste ooreenstemming getoon het met dieretuine soos ons hulle vandag ken. In 1736 het die dieretuin by Näugebäu baie diere van die Belvédère-versameling geërf, nadat die stigter van laasgenoemde, prins Eugenius van Savoye-Carignan (1663-1736), te sterwe gekom het. Sestien jaar later is 'n nuwe dieretuin by Schönbrunn in Oostenryk (fig.5) begin met diere wat uit die Belvédère-Näugebäuversameling afkomstig was. Schönbrunn is deur die Duitse keiser, Frans I (1708-1765), vir sy vrou Maria Theresia (1740-1780) opgerig. In 1765 is dié dieretuin vir die publiek oopgestel en dit bestaan vandag nog en word beskou as die oudste bestaande dieretuin ter wêreld.[19] Kort hierna het die tweede oudste bestaande dieretuin, naamlik dié van Madrid, Spanje tot stand gekom. Dwarsdeur die 17e en 18e eeu het dieretuine in baie dele van Europa ontstaan. Ook in Marokko, Suid-Afrika, Egipte, Persië en Rusland is hierdie voorbeeld gevolg.[20]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 4** Twee aansigte van die dieretuin by Versailles, Frankryk in die tyd van Lodewyk XIV (Uit: J. Fisher, *Zoos of the world* (London, 1961), p. 49).



**Figuur 5** Die Schönbrunndieretuin in Oostenryk. Die paviljoen, gebou in 1752 in die rococostyl, was spesiaal só ontwerp dat Maria Theresia, wanneer sy ontbyt daar nuttig, die hele dieretuin kon sien. (Uit: J. Fisher, *Zoos of the world* (London, 1961), p. 51).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Moderne tyd

Waar die hooffunksie van die meeste dieretuine eers alleen gegaan het om nuuskierigheid te bevredig en die mag en status van die eienaars te beklemtoon, het daar 'n keerpunt gekom met die ontstaan van die dieretuin in Parys toe die versameling by Versailles met die val van Lodewyk XVI in 1792 na die Jardin des Plantes in Parys oorgeplaas is. Nou was die Muséum d' Histoire Naturelle en die dieretuin op dieselfde perseel en die bestuur van dié museum was vir die lewende sowel as die gestorwe diere verantwoordelik. Lewende diere is wetenskaplik bestudeer en sowel die museum as die dieretuin was openbare instellings.

Die begin van die Londense dieretuin is waarskynlik aan die stigting van die Zoological Society in 1826 te danke . Dié vereniging het hom dit ten doel gestel om soölogie en dierefisiologie te bevorder en om nuwe aspekte van die diereryk bekend te stel. Hierdie was die eerste wetenskaplike vereniging van sy soort ter wêreld. Deur die oprigting van 'n dieretuin kon die wetenskaplike en opvoedkundige taak van dié vereniging tot uitvoering gebring word.[21]

Tussen 1828 en 1865 het nog 26 dieretuine hul verskyning gemaak en almal bestaan vandag nog[22]. Teen 1860 het stede soos Dublin (Ierland), Antwerpen (België), Bristol (Engeland), Berlyn (Duitsland), Frankfurt (Duitsland) en Rotterdam (Nederland) almal 'n eie dieretuin gehad. Alhoewel die Verenigde State van Amerika en Australië in vergelyking met Europa eers heelwat later met dieretuine begin het, was daar al teen 1870 versamelings in New York, Buffalo en Chicago.

Die meeste dieretuine is deur vooraanstaande burgers begin wat van mening was dat elke groot sentrum 'n goeie dieretuin moet hê. Sommiges is deur dierehandelaars en sirkusbase begin en selfs ook deur entoesiastiese amateurs soos die twee spoorwegwerkers wat diere as 'n stokperdjie aangehou het en uiteindelik die Rotterdamse dieretuin as gevolg gehad het. Baie min van die instansies wat in die Moderne tyd ontstaan het, was net op vertoon ingestel. Die dieretuinbesture van Philadelphia, New York en Antwerpen het byvoorbeeld in die voetspore van die London Zoological Society gevolg deur te verklaar dat dit by hulle om die wetenskap en opvoedkundige doelstellings gaan.[23]

Volgens die *International Zoo Yearbook* was daar in 1959 309 en in 1978 883 dieretuine wêreldwyd.[24] Die meeste het 'n uiters wetenskaplike ingesteldheid teenoor die soölogie, is in pas met die nuutste idees aangaande dieretuinuitleg, dieretuinbestuur, die versorging van diere en die bewaring en teelt van bedreigde spesies - soos dit ook die geval met die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika is wat in die hoofstukke wat volg, bespreek gaan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## Eerste dieretuine in Suid-Afrika

### 1. 'n Dieretuin in die Kompanjie se tuin

Die eerste dieretuin of diereversameling wat in Suid-Afrika tot stand gekom het, is na alle waarskynlikheid die "menagerie" wat W.A. van der Stel, wat van 1699 tot 1706 goewerneur aan die Kaap was, in 'n deel van die Kompanjie se tuin, naaste aan Tafelberg, opgerig het. Toegang tot die tuin was gratis en diere soos volstruise, kasuarisse, sebras, Europese elande, takbokke en nog vele ander is hier aangehou. Rijk Tulbagh (1699-1771), wat Van der Stel as goewerneur opgevolg het, het voortgegaan om eksotiese diere vir die tuin te bekom, maar mettertyd het die menagerie tot niet gegaan en slegs die voëlhokke wat 'n groot verskeidenheid kleurvolle inheemse en uitheemse voëls gehuisves het, het bly voortbestaan.[25]

### 2. Die menagerie in Groenpunt

Van die dieretuin wat die Kaapse toneelimpressario Charles Mathurin Villet (*ca.*1778 - 1856) in 1809 as handelaar in lewendige asook opgestopte diere en voëls begin het, weet ons meer.

Dit was die eerste sake-onderneming van sy soort in Kaapstad. Sy winkel was in Langstraat en later het 'n menagerie in Somersetweg, Groenpunt ontstaan. Hierdie onderneming was só geslaagd dat dit selfs in die buiteland bekend was.[26] Dit was waarskynlik ook hy wat aan die private dieretuin in Amsterdam, Nederland, die Blaauw-Jan, en aan die Schönbrunndieretuin via die eienaar van die Blaauw-Jan diere verskaf het.[27] Sy winkel was feitlik 'n museum en sy diere- en plantetuin was 'n besienswaardigheid, nie net vir Kapenaars nie, maar selfs vir oorsese besoekers.[28]

### 3. Die Groote Schuurdieretuin

Na die aankoop van die Groote Schuurlandgoed naby Kaapstad in 1891 het Cecil John Rhodes, wat toe Eerste Minister van die Kaapkolonie was, 'n park uitgelê en inheemse en 'n paar ingevoerde diere daar aangehou. In 1897 het hy die volgende hertsoorte in die park losgelaat: die sambarhert vanuit Indië, die Japanse hert wat hy vanuit Duitsland ingevoer het, en damherte uit Europa. Dit was waarskynlik nie Rhodes se bedoeling om 'n dieretuin tot stand te bring nie. Die park het sedert 1910, met die oordrag van die landgoed aan die Staat ingevolge Wet No. 9 van 1910 (Groote Schuur Overgang), onder die Departement van Openbare Werke geval en as die Groote Schuurdieretuin bekend gestaan. Buiten die herte en voëlsoorte het die diereversameling op 'n tydstip leeus, ape en rooikatte in kampe en hokke ten toon gestel. Die dieretuin was teen die hange van Duiwelspiek, bokant De Waalrylaan, in Kaapstad geleë.[29] Die landgoed het die Rhodes-monument ingesluit en het vanaf die Groote Schuurhospitaal, waaraan dit gegrens het, tot verby die Universiteit van Kaapstad gestrek.[30]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die jare sestig het lede van die Dierebeskermingsvereniging van Kaapstad ondersoek ingestel na aanleiding van klagtes oor wantoestande wat in die dieretuin sou geheers het. Hulle het 'n verslag van hul bevindings aan die Departement van Openbare Werke oorhandig en 'n beroep op die regering gedoen om die hulp van dr. D.J. Brand, die Direkteur van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, in te roep. Die doel hiermee was dat hy ook ondersoek moes instel en aanbevelings doen aangaande verbeterings met die versorging van die diere. Die sekretaris van die Dierebeskermingsvereniging, W.A. Earle, het in verband met die aangeleentheid verklaar: "People come here from all over the world and what they see at this zoo is a poor reflection on South Africa."[31]

Die destydse Minister van Openbare Werke, W.A. Maree, sou glo reeds in 1965 al aangedui het dat hy in beginsel nie teen die oorname van die dieretuin deur 'n ander instansie sou wees nie. In dié tyd het die Tafelbergbewaringsraad ook van hom laat hoor en versoek dat hy oor enige verwikkeling aangaande die Groote Schuurdieretuin ingelig moet word. Dit het geblyk dat dié raad se belangstelling in die dieretuin meer daarom gegaan het dat die instansie in plaaslike hande moes bly en dat daar geen wesenlike veranderinge, wat moontlik die berg sou skend, aangebring mog word nie.[32] Uit 'n memorandum, gedateer 9 Februarie 1966, wat deur dr. Brand voorgelê is, blyk dit dat daar in daardie stadium geen beginselbesware ingebring kon word waarom die dieretuin nie deur die Departement van Nasionale Opvoeding oorgeneem en as tak van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in Pretoria ingelyf sou kon word nie. 'n Ondersoek wat tydens die eerste helfte van 1966 plaasgevind het, het aan die lig gebring dat die Groote Schuurlandgoed topografies ideaal geleë is vir die ontwikkeling van 'n dierepark, waar daar benewens die dierkundige aspek, ook klem op die plantegroei en natuurskoon gelê kan word.[33] Volgens die memorandum "is daar ook tot die slotsom geraak dat die ontwikkeling van die Groote Schuurlandgoed tot een van die mooiste diereparke in die wêreld inderdaad in die praktyk uitvoerbaar is, deur dit as 'n tak by die Nasionale Dieretuin in te skakel."[34] As 'n mens na die welslae kyk wat laasgenoemde dieretuin op alle terreine van dieretuinbestuur, natuurbewaring en teling van bedreigde spesies behaal het, was hierdie stelling nie blote grootpratery nie. Dr. Brand se pligte as Direkteur sou tussen Kaapstad en Pretoria verdeel word. Hy sou deur 'n assistent-direkteur van die opvoedkundige personeel, wat vir die opvoedkundige dienste in Kaapstad verantwoordelik sou wees, bygestaan word. Die terrein sou heeltemal opnuut beplan word en by voltooiing sou die Groote Schuurdieretuin nie net groter nie, maar ook meer modern as die dieretuin in Pretoria wees.

Daar is onder meer beplan dat die publiek diere vanuit 'n skemergang, wat deur natuurlike plantegroei geskep sou word, kon besigtig. Omdat die dieretuin se terrein so groot is, sou besoekers amper soos in 'n wildtuin deur die dieretuin vervoer kon word om die diere te besigtig. Baie uitheemse plante wat toegelaat is om te oorwoeker, sou met inheemse en oorspronklike plantegroei vervang word. Baie waardevolle en skaars



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

diersoorte sou onmiddellik vanuit Pretoria aangevul kon word. Spesiale moeite sou gedoen word om die diere wat oorspronklik vanuit 'n winterreënvalstreek afkomstig is, daar te vestig.[35] Daar is ook besluit dat fondse gedurende die boekjaar 1969/70 beskikbaar gestel sou word vir die oprigting van noodsaaklike geriewe soos 'n gebouekompleks en woonkwartiere deur die Departement van Openbare Werke. Sketsplanne in dié verband is in gereedheid gebring en aan die betrokke departement voorgelê.[36]

In 1970 het die voorsitter van die Raad van Kuratore van die Nasionale Dieretuin, A.J. Koen, en dr. Brand die Minister van Nasionale Opvoeding, J.P. van der Spuy, in verband met die aanstelling van 'n tussentydse adviesliggaam, wat instansies in die Kaap moes verteenwoordig en met wie oorleg gepleeg kon word in verband met die beplanning en ontwikkeling van die Groote Schuurdieretuin, gespreek. Die Minister het aangedui dat hy die nodige stappe in hierdie verband sou doen.

Tydens 'n Raadsvergadering, gehou op 3 Desember 1970, is daar besluit dat die voorsitter, die onder-voorsitter, die Direkteur en die opvoedkundige beampte, L.J. Smith, op 26 Januarie 1971 na Kaapstad sou afreis om die komitee, soos deur die Minister aangewys, met die beplanning en toekomstige ontwikkeling van die Groote Schuurdieretuin by te staan.[37]

Dit ly geen twyfel nie dat die Nasionale Dieretuin bewys het dat hy die hele projek met erns bejeën het, maar dat die Tafelbergbewaringsraad teen die hele idee gekant was, het spoedig aan die lig gekom. Ook hulle het 'n afvaardiging na die Minister gestuur.[38] Op 18 Maart 1971 besluit laasgenoemde raad dat hulle teen die oprigting van 'n dieretuin teen die hange van Duiwelspiek gekant is, maar verklaar voorts dat hulle geen beswaar teen piekniekplekke het nie.[39] Ook die streekskomitee van die Stigting Simon van der Stel het beswaar teen 'n dieretuin aangeteken.[40]

Op 8 Desember 1972 het die Nasionale Dieretuin, wat nie in 'n provinsialistiese stryd betrokke wou raak nie, die Departement van Gemeenskapsontwikkeling (die eertydse Departement van Openbare Werke) laat weet dat die bestuur, gesien in die lig van al die besware, nie die weg oopsien om die Groote Schuurdieretuin oor te neem nie en dat die Departement van Nasionale Opvoeding nie die nodige "masjienerie en personeel" het om dit self oor te neem en as 'n afsonderlike dieretuin te ontwikkel nie. Gevolglik het die Kabinet op 30 Januarie 1974 besluit dat die Departement van Gemeenskapsontwikkeling met die beheer oor die dieretuin in die bestaande vorm sou voortgaan en alleen toesig oor die landgoed en die diere sou hê. Die Kabinet het terselfdertyd die besluit van 1968 herroep en so "die Nasionale Dieretuin van sy opdrag om die Groote Schuurdieretuin oor te neem, onthef."[41] In 1979 is daar deur Louis le Grange, Minister van Openbare Werke, besluit om weg te doen met die karnivore. In hierdie tyd was John Wiley, LV vir Simonstad, besig om handtekeninge in te samel om die Groote Schuurdieretuin te laat sluit. Die rede hiervoor sou die swak toestand waarin die dieretuin verkeer het, wees. Volgens 'n opname gedoen deur *The Cape Times* (1979-01-19) was besoekers aan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

instansie van mening dat dit 'n jammerte was dat die leeus 'n ander heenkome moes vind en was die verbetering van die fasiliteite eintlik die aangewese oplossing want "we need a zoo in Cape Town", aldus mev. Mignon Kaplan van Kaapstad.[41]

Tot in 1983 het die dieretuin met sy sukkelbestaan voortgegaan en is daar in daardie jaar nog 'n brief aan die voorsitter van die Raad van Kuratore van die Nasionale Dieretuin, dr. Koen, geskryf waarin daar gevra word dat die kundigheid van dr. Brand tot beskikking van die Departement van Gemeenskapsontwikkeling gestel moet word om die departement verder met advies te dien aangaande die versorging van die diere en voëls.[42]

In 1983 is besluit dat die Groote Schuurdieretuin deur die stadsraad van Kaapstad oorgeneem sou word.[43] Sy toekoms was egter reeds in 1982 gedoem toe J.W.E. Wiley, Adjunk-minister van Omgewingsake en Visserye, die volgende mening teenoor S.J. Kotzé, Minister van Gemeenskapsontwikkeling, gelug het: "There was a time when zoos were popular, and I believe, it could be argued that they served an educational purpose. Today, however, with national parks and game parks and private game reserves, in my opinion, zoos have fulfilled their function"[44] Hierdie dieretuin het ondertussen tot niet gegaan. Mag die voortbestaan van ander dieretuine in Suid-Afrika behoed word teen onkundige uitsprake wat op so 'n hoë vlak gemaak word.

4. Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in Pretoria

Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, wat in 1899 tot stand gekom het, was die vierde dieretuin wat in Suid-Afrika ontstaan het en is die enigste nasionale dieretuin in die land.

5. Die Johannesburgse dieretuin

In 1903 het die dieretuin van Johannesburg in die Herman Eckstein Park tot stand gekom. Dié park is in 1903 deur die mynmaatskappy Werner en Beit aan die stadsraad geskenk met die voorwaarde dat dit na die mynmagnaat Herman Ludwig Eckstein (1847-1893) genoem moet word. Die politikus en skrywer sir Percy Fitzpatrick (1862-1931) het aangebied dat sy private versameling van diere gebruik kon word om die kern van dié dieretuin, wat in 1904 vir die publiek oopgestel is, te vorm. Vandag is die Johannesburgse dieretuin, wat 'n munisipale instelling is, baie bekend en gaan dit van krag tot krag voort.

6. Die Bloemfonteinse dieretuin

Die Bloemfonteinse dieretuin het in 1915 met die oprigting van voëlhokke in King's Park tot stand gekom. Bobbejane aan kettings is naby die hokke aangehou. Nadat die stadsraad 'n paar leeus van 'n sirkus as geskenk ontvang het, is daar besluit om die versameling in King's Park in 'n permanente dieretuin te omskep.[45] Op versoek van die Departement van Nasionale Opvoeding het die Direkteur van die Nasionale Dieretuin van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrika, dr. Brand, op 23 Februarie 1973 samesprekings gehou met die Provinsiale Sekretaris van die Oranje-Vrystaat en verteenwoordigers van die Bloemfonteinse stadsraad en beamptes van die Departement van Nasionale Opvoeding oor die moontlike daarstelling van 'n dieretuin in Bloemfontein onder die beheer van die Nasionale Dieretuin. Die samesprekings was 'n voortsetting van onderhandelings wat vantevore in hierdie verband gevoer is, maar as gevolg van finansiële omstandighede daar gelaat is.[46]

Dit wou voorkom asof dieselfde paadjie as met die Groote Schuurdieretuin geloop sou word. Daar is bereken dat die oorname van die Bloemfonteinse dieretuin as onderafdeling van die Nasionale Dieretuin op R1 415 000 te staan sou kom. Sodra die dieretuin vir die publiek oopgestel word, sou daar vir die volgende vyf jaar na beraming R50 000 per jaar vir verdere ontwikkeling benodig word.[47] Die beamptes van die Nasionale Dieretuin het selfs so ver gegaan om sketsplanne vir die uitleg van die "nuwe" dieretuin in gereedheid te bring vir voorlegging aan die betrokke instansies in Bloemfontein.[48] Op 14 November 1974 het al die bogenoemde planne deur die mat geval toe die Minister van Nasionale Opvoeding, J.P. van der Spuy, beslis het dat die finansiële las wat aan so 'n projek verbonde is, te swaar op sy departement sou rus en dat daar dus in daardie stadium van die voorgestelde oorname van die Bloemfonteinse dieretuin as onderafdeling van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika afgesien moet word. Hierdie dieretuin bestaan nog en is steeds onder die beheer van die Bloemfonteinse stadsraad.[49]

Dit is dan die oudste dieretuine in Suid-Afrika. Ander dieretuine waarmee die Nasionale Dieretuin voortdurend skakel, is : die Queen's Park Zoo in Oos-Londen, die Natalse Leeupark, die Tijgerbergdieretuin, die Fitzsimonsslangpark in Durban, die Transvaalse Slangpark by Halfweghuis, die Port Elizabethse Museum, Slangpark en Oseanarium, die Hartebeespoortslang- en dierepark, die Umgenivoëlpark in Durban en World of Birds in Houtbaai.[50]

1. Die betekenis van die woorde "menagerie" en "zoo": die woord "menagerie" vertel ons meer van die geskiedenis van die aanhouding van eksotiese diere. Dit is van die Franse woord "menager", wat op die aktiwiteite rondom die gesinslewe en huishouding gedui het, afgelei. Tot in die middel van die 17e eeu was 'n "menagerie" 'n afgekampte plek, net buite die kasteel, waar lewende hawe vir die tafel vetgemaak is. Dit was Lodewyk XIV wat die "menagerie" by Versailles verander het in dit wat ons vandag onder 'n dieretuin verstaan. Baie gou het ander landhere sy voorbeeld gevolg om wilde diere, nie net uit nuuskierigheid nie, maar ook as 'n statussimbool aan te hou. Voor dié tyd was daar nie regtig 'n benaming om 'n kamp of hok met wilde diere aan te dui nie. Volgens die *Oxford Dictionary* dateer die woord "zoo" uit 1847, toe dit in gebruik gekom het as afkorting vir die "Zoological Gardens in London." Hierdie woord het soveel trefkrag gehad, dat dit gou na die buiteland versprei en die woord "menagerie" verdring het - S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 3.
2. *Ibid.*
3. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 18-22.
4. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 23-25.
5. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 25-26; E. Hahn, *Zoos,* p. 21; S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 3.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

6. J. Fisher, *Zoos of the world, p. 26;* E. Hahn, *Zoos,* p. 21; S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 3.
7. J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 27.
8. *Ibid.*
9. S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 3.
10. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 30-32.
11. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 32-36.
12. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 36-40; E. Hahn, *Zoos,* p. 22; S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* pp. 4-5.
13. J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 40.
14. S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 5.
15. E. Hahn, *Zoos,* p. 22.
16. Sy kleinseun, Hendrik III (1216 - 1272) het die dieretuin na die Tower of London verskuif en die onderhoud is tot in 1828 deur die vrederegter van Londen betaal totdat die "Zoological Gardens" in Regent's Park geopen is - S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* p. 6.
17. J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 46.
18. E. Hahn, *Zoos,* p. 33; J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 48.
19. J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 49; R. Kirschhofer, *The world of zoos,* pp. 204-205; *Grote Winkler Prins VI,* p. 383.
20. J. Fisher, *Zoos of the world,* p. 50.
21. S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* pp. 7-10.
22. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 51-54.
23. S. Zuckerman, *Great zoos of the world,* pp. 10-11.
24. J. Fisher, *Zoos of the world,* pp. 51-54.
25. J. Burman, Company's Garden, *in* D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa III,* p. 376; M.C. Karsten, *The old company's garden at the Cape and its superintendents,* pp. 141, 153-154.
26. D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III,* p. 842.
27. E. Hahn, *Zoos,* p. 36.
28. D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III,* p. 842.
29. D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa XI,* pp. 587-588. As gevolg van Gunning se kontak met Rhodes, wat in die hoofstuk wat oor die diereversameling handel, bespreek word, is daar gehoop dat die Dieretuin die diere van die Groote Schuurdieretuin na Rhodes se dood sou kon oorneem. Gunning was selfs bereid om 'n stuk grond opsy te sit wat as Rhodes' Park bekend sou staan - Argief van die Transvaal Museum, Pretoria (voortaan ATM): Brieweboek Mei 1899 - Julie 1902: Brief van Direkteur aan John B. Curry, Welgelegen, 1901-06-17; M en D notules: Notule 1903-08-14, p. 583.
30. *Hoofstad,* 1969-17-16.
31. *The Star,* 1969-06-18.
32. Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria (voortaan NDSA): Folio 41, pp. 22-28: Memorandum oor die Groote Schuurdieretuin, Kaapstad, 1971.
33. *Hoofstad,* 1969-07-16; NDSA: Folio 41, pp. 22-28: Memorandum oor die Groote Schuurdieretuin, Kaapstad, 1971.
34. NDSA: Folio 41, pp. 22-28: Memorandum oor die Groote Schuurdieretuin, Kaapstad, 1971.
35. *Hoofstad,* 1969-07-16; *Die Transvaler,* 1970-03-18.
36. NDSA: Folio 41, pp. 22-28: Memorandum oor die Groote Schuurdieretuin, Kaapstad, 1971; Folio 11: Notule, 1969-02-06.
37. NDSA: Folio 31, p. 8: Notule, 3/12/70 R10/11:70.
38. NDSA: Folio 41, pp. 22-28: Memorandum oor die Groote Schuurdieretuin, Kaapstad, 1971.
39. NDSA: Folio 34, p. 25: Brief van die sekretaris van die Tafelbergbewaringsraad, Kaapstad, 1970-04-05. Volgens 'n aantekening op die afskrif van bg. brief, in die handskrif van A.A. Groenewald, die assistent-direkteur van die Nasionale Dieretuin, was die hele idee rondom die oorname onder bespreking van die Kabinet afkomstig en het die Tafelbergbewaringsraad aanvanklik met die idee van die oorname saamgestem, maar dat hulle blykbaar van gedagte verander het. Daar bestaan ook 'n brief van die Tafelbergbewaringsraad waarin hulle hul besware teen 'n dieretuin motiveer - NDSA: Folio 36, p. 33: Brief van die Tafelbergbewaringsraad aan Raad, 1971-05-26.
40. NDSA: Folio 42, p. 15: Brief van die stadsingenieur van Kaapstad aan die Direkteur, 1972-01-06; NDSA: Folio 42, p. 18: Brief van die streekskomitee van die Stigting Simon van der Stel aan die burgemeester van Kaapstad, 1971-12-05.
41. NDSA: Folio 151, pp. 43-44: Brief van die Direkteur-generaal, Dept. van Gemeenskapsontwikkeling aan die Direkteur-generaal, Dept. van Nasionale Opvoeding, 1983-02-28; *The Cape Times,* 1979-01-19.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

42. NDSA: Folio 151, p. 42: Brief van die Direkteur-generaal van die Dept. van Nasionale Opvoeding aan die voorsitter van die Raad, 1983-03-18.
43. NDSA: Folio 154, p. 4: R11/3/83 verw. 23.
44. NDSA: Folio 151, p. 53: Brief van J.W.E. Wiley, Adjunkminister van Omgewingsake en Visserye aan S.J. Kotzé, Minister van Gemeenskapsontwikkeling, 1982-10-08; Die mees onlangse inligting oor die Groote Schuurdieretuin, soos verskaf deur die Departement van Openbare Werke en Grondsake, werp geen verdere lig op dié onderwerp ná 1979 nie. Daar kan wel afgelei word dat die besluit wat die stadsraad van Kaapstad in 1983 geneem het om die dieretuin oor te neem, nooit verwesenlik is nie - Oberholster-privaatversameling, Pretoria: Brief van die Departement van Openbare Werke en Grondsake aan J.M.M. Oberholster 1991-09-04; *Die Burger,* 1979-01-19; *The Cape Times*, 1979-01-19; *The Argus,* 1979-05-09.
45. D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa XI,* pp. 587-588.
46. NDSA: Folio 55, p. 7 Notule, 1973-04-12: R13/3/73.
47. NDSA: Folio 56, p. 14: Verslag 1973-05-16: R10/7/73.
48. NDSA: Folio 60, p. 5: Notule, 1973-09-06, R10/7/73.
49. NDSA: Folio 32: Brief van die Sekretaris van Nasionale Opvoeding aan die Direkteur, 1974-11-27 ('n afskrif).
50. NDSA: Lys van dieretuine waarmee die Nasionale Dieretuin kontak het, 1990.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## II. TOTSTANDKOMING VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA

"There is probably no zoological gardens anywhere in the world that came into existence in the same unorthodox manner as the National Zoological Gardens", aldus dr. R.C.H. Bigalke, Direkteur van dié dieretuin van 1927 tot 1962.[1]

In 1895 het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek die grond wat as Rus in Urbe bekend gestaan het (Transportakte 3076/1895) vir die bedrag van £8 500 uit die boedel van Johannes François Celliers (1839-1895), stigter van *De Volksstem*, gekoop. Die grond was 'n gedeelte van die plaas Daspoort No. 192 en dit is aangekoop vir die vestiging van 'n dieretuin. Volgens die transportakte is die gebied opgemeet deur A.B. Anderson, 19 morg en 258 vierkante roede (ongeveer 23 ha) groot, maar toe dit weer deur F.S. Watermeyer in Februarie 1896 opgemeet is, het dié gedeelte 19 morg en 481 vierkante roede (17,10 ha) beslaan.[2]

Na die Jamesoninval (Desember 1895 - Januarie 1896) is die plan om 'n dieretuin tot stand te bring voorlopig opsygesit. Die Superintendent van Onderwys, dr. N.J. Mansvelt, het opdrag gegee dat die huis van J.F. Celliers op Rus in Urbe as 'n tweede koshuis vir ongeveer twintig seuns van die Staatsgymnasium gebruik moet word, terwyl die res van die perseel aan 'n tuinier verhuur is.[3]

Dit sou nie die einde van die planne wees om 'n dieretuin tot stand te bring nie. Die vestiging van 'n museum het egter voorrang geniet en sonder dié museum sou daar waarskynlik nooit 'n dieretuin ontstaan het nie. Op inisiatief van die toenmalige Staatsekretaris van die ZAR, dr. W.J. Leyds (1859-1940), het die regering in 1892 besluit om 'n staatsmuseum in Pretoria op te rig en in dieselfde jaar is 'n komitee vir die Museum saamgestel. Die versameling was vir 'n kort tydperk langs die horlosiekamer op die boonste verdieping van die Goewermentsgebou gehuisves, maar omdat hierdie lokaal gou te klein geword het, is die versameling oorgeplaas na die klein marksaal, wat op die Markplein van Pretoria gestaan het.

Dr. J.W.B. Gunning is in 1897 van waarnemende direkteur tot Direkteur van die Staatsmuseum bevorder. Periodiek is lewendige diere aan die Museum geskenk en die gedagte het by hom opgekom dat die diere nie doodgemaak en opgestop moet word nie, maar as begin vir die vestiging van 'n dieretuin kon dien.[4]

In sy eie woorde beweer Gunning: "As the Committee of the Museum however, did not seem against the idea, I commenced privately to collect as many living animals as I could, and kept them at my own expence."[5]

Ten tyde van die vergadering van die Museumkomitee op 31 Januarie 1898 het dr. Gunning die volgende diere in sy agterplaas by sy private woning aangehou: een tierboskat, een meerkat, twee groot, grys waaierstertmuise, een duiker, een likkewaan, vyf bobbejane, een aap, een jakkals, een skilpad en ongeveer vyftig voëls. Die komitee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het tydens die vergadering besluit om die regering skriftelik te pols in verband met hulle planne om met 'n dieretuin te begin.[6] Tot op daardie tydstip het dr. Gunning en die taksidermis, P.A. Krantz, die diere steeds uit hul eie sak versorg. Mettertyd het die koste vir alle onderhoud te hoog geword en die Direkteur het die Kuratorium van die Museum gevolglik versoek om 'n bedrag vir die vestiging van 'n dieretuin opsy te sit. Dié versoek is nie toegestaan nie.[7] Hierna het dr. Gunning verlof gevra om 'n paar voëlhokke van negosiekiste te bou. Hy het beweer dat dit nodig was om die voëls, wat periodiek aan die Museum geskenk is, só te huisves totdat hulle vere gereed vir montering sou wees. Die Museum sou só ook 'n groot verskeidenheid eksemplare kon opbou. Tydens 'n vergadering, gehou op 11 Maart 1898, het die Kuratorium hiertoe ingestem, maar bepaal dat die koste verbonde aan die hokke nie meer as £10 sou wees nie.[8] Nodeloos om te sê, is daar altyd gesorg dat 'n kaal kolletjie of 'n paar gehawende vere sigbaar was, sodat die diere vir 'n onbepaalde tyd aan die lewe gehou kon word.[9]

Op 10 Junie 1898 het die Kuratorium toegestem dat die volgende diere teen 'n bedrag van £10 aangekoop kon word: een tierboskat, twee Afrikaanse wildekatte, twee waaierstertmeerkatte, twee stokstertmeerkatte, een muskeljaatkat, twee muishonde, een steenuil, een vleirot en een luislang. 'n Bedrag van £25 is toegestaan vir hokke vir die diere en die Direkteur het opdrag gekry dat nie meer as vier sjielings per dag aan die onderhoud van die diere bestee moes word nie. Die bedrag is kort daarna tot tien sjielings per dag verhoog.[10]

Die publiek het gou van die teenwoordigheid van die diere te hore gekom en toegang tot hulle verlang. Die aantal besoekers het toegeneem tot tussen veertig en vyftig persone daagliks.[11] Op 17 Februarie 1899 besluit die Museumkomitee om 'n toegangsfooi van ses pennies vir volwassenes en drie pennies vir kinders te vra. Sedert hierdie datum tot 14 April 1899 het 2 010 betalende besoekers die diere kom besigtig. Die geld is gebruik om te help met die onkoste verbonde aan die onderhoud van die diere.[12] Op 26 April 1899 het die Uitvoerende Raad van die ZAR op versoek van dr. Gunning 'n bedrag van £200 aan die Departement van Openbare Werke toegestaan vir die oprigting van hokke vir die diere.[13] Dié toestemming is verleen op voorwaarde "dat de hokken zullen worden opgesteld ter plaatse waar de dieretuin zal komen".[14] Dit was 'n jammerte om dié gesonde diere en voëls van kant te maak om in die behoeftes van die Museum se vertoonkaste te voorsien. Dit was na alle waarskynlikheid ook nooit dr. Gunning se bedoeling nie! 'n Beroep is op verskeie vooraanstaande persone gedoen om te help voorsien in dit wat die diere daagliks sou benodig. Die here A. Johnston en T.W. Beckett, beide vername sakemanne, en ook ander het dadelik gunstig gereageer. Die mynmagnaat Julius Jeppe (1859-1929) het 'n tjek ter waarde van £10 beloof, maar toe dit in ontvangs-geneem is, was die bedrag twee en 'n half keer groter. Gevolglik is beluit om die helfte van dié geld vir die aankoop van nuwe diere aan te wend.[15] Op daardie tydstip het die versameling bestaan uit twee uile, drie bobbejane, een aap, twee meerkatte, een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

steenbok, een likkewaan, een pofadder, sewe-en-twintig vinke en 'n lama, en 'n kangaroe wat deur 'n verbygaande sirkus agtergelaat is.[16]

'n Verdere beroep om geldelike steun van die inwoners van Pretoria is gedoen en dit het £45 opgelewer. In September 1899 het die besturende direkteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij, jonkheer J.A. van Kretschmar van Veen (1857-1931), besef dat 'n dieretuin tot groot voordeel vir Pretoria kon wees en hy het sy maatskappy oorreed om £500 te skenk vir die totstandkoming van so 'n inrigting.[17] Met hierdie geld het die Direkteur verskeie diere aangekoop en gou het die versameling te groot geword om langer in die klein agterplaas van die Museumgebou op die Markplein aangehou te word.[18] Uiteindelik sou die toeval dit meebring dat die diere verskuif kon word na die terrein wat oorspronklik vir 'n dieretuin opsygesit is. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 het die inwoners van die goewermentskoshuis Rus in Urbe òf by die Republikeinse magte aangesluit, òf huis toe gegaan. Aangesien 'n gedeelte van die grond van Rus in Urbe dus nié in gebruik was nie, is dit ook geen wonder nie dat dr. Gunning met "begerige oë"[19] in daardie rigting gekyk het en die moontlikheid om 'n dieretuin aldaar te vestig, oorweeg het - veral omdat die dorpsbewoners rondom die Markplein oor die geraas en die reuk van die diere sou gekla het. Oorlewering wil dit hê dat dié inwoners opgesteek is om met dié klagtes voor 'n dag te kom en dat dr. Gunning dus só 'n handjie bygesit het om sake te bespoedig.[20]

Die regering was nog nie daarvoor te vinde om fondse vir die oprigting van 'n dieretuin te bewillig nie - veral nie met 'n dreigende oorlog op hande nie. Gelukkig was dr. N.J. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, ook in beheer van die grond by Rus in Urbe en hy was terselfdertyd voorsitter van die Museumkomitee! Hy het aan dr. Gunning toestemming gegee om die diereversameling tydelik op Rus in Urbe te huisves. Die grootste gedeelte van die perseel was op daardie tydstip nog aan die tuinier verhuur, maar hy is vir die afstanddoening daarvan vergoed. Die verskuiwing van die hokke het waarskynlik tussen 18 en 21 Oktober teen 'n koste van £7:15:0 plaasgevind. Vandag nog word 21 Oktober 1899 as die stigtingsdatum van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika gereken.

Dr. Gunning het onvermoeid met sy diereversameling voortgegaan, maar 'n formele regeringsbesluit om 'n dieretuin in Pretoria tot stand te bring, is nooit geneem nie. Die Kuratorium van die Museum het wel die nodige gedoen om die hele terrein van Rus in Urbe te verkry en die dieretuin is as 'n afdeling van die Museum wat toe in Boomstraat in aanbou was, ingelyf. Dié inrigting het voorts as die Staatsmuseum en Dieretuin in Pretoria bekend gestaan.[21]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens of South Africa* (voortaan *The National Zoological Gardens),* p. 1.
2. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 1; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (voortaan TAB): S.S. 7024, R2002/98: Brief aan Dept. van Publieke Werken, 1899-06-17.
3. ATM: Government Correspondence File, 5 June 1900: Report on the starting and subsequent development of the Zoological Gardens, Pretoria.
4. NDSA: Dertigste jaarfees, soewenier van die Nasionale Dieretuin, 1929.
5. ATM: Government Correspondence File, 5 June 1900: Report on the starting and subsequent development of the Zoological Gardens, Pretoria.
6. *Ibid.*
7. ATM: Museum en Dieretuinnotules Jan. 1897 - Feb. 1905 (voortaan M en Dnotules): 1898-01-31.
8. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, p. 2. Dr. Bigalke en dr. Gunning se weergawes van wat gebeur het, stem nie altyd ooreen nie. Waar dr. Gunning beweer dat hy die diere in sy agterplaas aangehou het, maak dr. Bigalke nêrens hiervan melding nie - ATM: M en Dnotules: 1898-03-17.
9. NDSA: Transvaal Zoological Gardens, Pretoria (voortaan Tvl ZG) Report 1909-1910, p. 3.
10. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 2; NDSA: Annual Report for 1905; ATM: Government Correspondence File, 5 June 1900: Report on the starting and subsequent development of the Zoological Gardens, Pretoria; M en Dnotules: 1898-07-10, p. 191; 1898-07-15, p. 201; TAB: SS. 7024, OR 11/526: Brief van Direkteur - N.J. Mansvelt, 1898-08-02.
11. ATM: M en Dnotules: 1899-02-17, p. 265.
12. ATM: Government Correspondence File, 5 June 1900: Report on starting and subsequent development of the Zoological Gardens; M en Dnotules: 1899-04-18, p. 281.
13. ATM: M en Dnotules: 1899-05-19, p. 289 - URB No. 438, TAB: SS. 7024,OR 8575/99: Brief van Direkteur - N.J. Mansvelt 1899-05-29. In hierdie verband het Gunning verklaar: "De belangstelling in den Dierentuin neeme voortdurend toe; byna dagelyks komen aanbiedingen van kleinere en grootere dieren: aangezien er nu een zeer goed kern bestaat wensch ik U voor te stellen de zaak by den Uitvoerenden Raad aanhangig te maken en eene maandelyksche toelage van £100 te vragen - ATM: M en Dnotules: Maandverslag 14 Jul. tot 11 Aug. 1899, p. 313.
14. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, p. 3; ATM: Brieweboek: Brief van die Dept. van Onderwys aan Direkteur 1899-05-30.
15. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 3; NDSA: Annual Report 1905; Dertigste jaarfees, soewenier van die Nasionale Dieretuin, 1929; ATM: M en Dnotules: 1899-04-14, p. 281; 1899-05-19, p. 289. In 'n brief aan dr. N.J. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, het dr. Gunning in Julie 1899 'n versoek gerig om die terrein van Rus in Urbe te betrek - ATM: Brieweboek Jun. 1897 - Jul. 1899: Brief aan dr. N. Mansvelt, 1899-07-27.
16. NDSA: Annual Report, 1905.
17. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 3; NDSA: Annual Report 1905; ATM: Brieweboek 1 Sept. 1897 - 14 Okt. 1899: Brief van die Direksie N.Z.A.S.M. aan Direkteur, 1899-09-22.
18. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, p. 3; NDSA: Annual Report 1905.
19. NDSA: Tvl ZG Report 1909-1910; Dertigste jaarfees, soewenier van die Nasionale Dieretuin, 1929.
20. NDSA: Annual Report 1905. Volgens hierdie verslag sou die dorpsinwoners gekla het "not perhaps alltogether uninfluenced by consideration of what was best for the collection"; NDSA: 1909-1910; NDSA: Dertigste jaarfees soewenier van die Nasionale Dieretuin 1899-1969, 1929. NDSA: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Sewentigste jaarfees soewenier van die Nasionale Dieretuin 1899-1969, p. 2; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 21.
21. *Ibid.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## III. ONTWIKKELING IN DIE BESTUUR VAN DIE NASIONALE DIERETUIN

### Bestuur van die Nasionale Dieretuin

Met die totstandkoming van die Staatsmuseum der Zuid-Afrikaansche Republiek in 1892 is daar gou besef dat die werksaamhede van dié museum hoofsaaklik wetenskaplik, opvoedkundig en geskiedkundig van aard moet wees. Die Staatsmuseum is dus paslik onder die beheer van die Departement van Onderwys van die ZAR geplaas. 'n Kuratorium of museumkomitee van vyf is deur die betrokke departement aangestel om beheer oor die instansie uit te oefen en die Superintendent van Onderwys, dr. N. Mansvelt, het as voorsitter opgetree. Die ander lede van die Komitee was geneesheer dr. G.W.S. Lingbeek, dr. H.G. Breijer, 'n dosent aan die Staatsgymnasium, die Sekretaris van die Eerste Volksraad, dr. W.J. Fockens, en G. Leith, 'n Pretoriase prokureur. Toe dr. Gunning met sy diereversameling begin en die dieretuin tot stand kom, het dit ook onder die reedsgenoemde Komitee geressorteer.[1]

Op 5 Junie 1900 het die Britse magte Pretoria beset en die Kuratorium het opgehou om te funksioneer. Dr. Gunning het egter as Direkteur van sowel die Museum as die Dieretuin aangebly. Die militêre goewerneur, genl.-maj. sir J.G. Maxwell, het 'n bedrag van £375 aan die twee instansies gesamentlik toegeken.[2]

Op 11 April 1901 is die Museum en Dieretuin onder siviele beheer geplaas en nuwe regulasies vir die inrigting is opgestel.[3] Dit het beteken dat die Transvaalse Administrasie in beheer van die Staatsmuseum en Dieretuin in Pretoria (nou die Pretoria Museum and Zoological Gardens) geplaas is en die gesamentlike maandelikse toelaag is na £500 verhoog. Naas dr. Gunning, wat steeds as Direkteur aangebly het, is die volgende persone in die Bestuurskomitee van die inrigting benoem: G. Fiddes (die Provinsiale Sekretaris) as voorsitter, en kol. J. Spencer Ewart C.M.G., A. Karlson (die stadsingenieur), A. Johnston ('n Pretoriase handelaar) en J.G.C. Wagner (die siviele kommissaris).[4]

Die volgende is 'n uittreksel van die beginsels waarvolgens die Bestuurskomitee gefunksioneer het. Werknemers wat in diens geneem is teen meer as £100 per jaar, moes deur die Transvaalse Administrasie goedgekeur word. Geen werknemer kon sonder die toestemming van die Administrasie ontslaan word nie. Wat die finansies van die twee instansies betref, is bepaal dat geen kontrak wat meer as £50 sou beloop sonder die goedkeuring van die Administrasie aangegaan mog word nie. Alle inkomstes en uitgawes moes deur 'n rekening wat by 'n bank geopen is, gaan en alle tjeks uitgeskryf deur die Museum of Dieretuin moes deur die Direkteur en 'n lid van die komitee, wat spesiaal vir hierdie doel aangewys is, onderteken word. Behoorlike boekhouding was 'n vereiste en elke ses maande, op 30 Junie en 31 Desember het die ouditeur-generaal van die Transvaalkolonie dit nagegaan en alle ander dokumentasie rakende inkomstes en uitgawes moes te alle tye tot die beskikking van die Kontroleur van die Tesourie of enige ander gemagtig-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

de persoon gestel kon word. Die Bestuurskomitee sou so dikwels as nodig was, vergader met dien verstande dat dit ten minste op 'n maandelikse basis sou wees. Drie lede sou 'n kworum vorm en behoorlike notules moes tydens elke vergadering in 'n spesiale boek opgeteken word. Alle besluite geneem deur die Bestuurskomitee moes hierin vervat wees. 'n Jaarverslag, vergesel deur 'n geouditeerde balansstaat moes elke jaar so gou moontlik na 30 Junie die Sekretaris van die Transvaalse Administrasie ter insae bereik. Verlof is aan die Bestuurskomitee toegestaan om subskripsies teen die bedrae van £5:5:0 en £2:2:0 per jaar te werf.

In Maart 1903 het die regering 'n naamsverandering goedgekeur en die Pretoria Museum and Zoological Gardens het nou as die Transvaal Museum and Zoological Gardens bekend gestaan.[5]

In 1906 het die Museum, wat tot op daardie tydstip nog as 'n semi-private instelling beskou is, maar ten volle deur die staat gefinansier is, 'n statusverhoging ondergaan en 'n "Government Sub-Department" geword. Dié instansie sou voortaan direk onder beheer van die Departement van Landbou staan. Die Dieretuin het geen statusverandering ondergaan nie en het 'n semi-private instelling gebly wat 'n deel van sy inkomste gekry het van die jaarlikse toelaag wat deur die Kantoor van die Koloniale Sekretaris aan hom toegewys is.

In die jaarverslag vir 1906-1907 het Gunning voorgestel dat die bestaande Bestuurskomitee slegs vir die Dieretuin verantwoordelik moet wees en dat die beheer van die Transvaal Museum "be vested in three or more trustees on behalf of the Government and appointed by the Government", omdat dit duidelik was dat onreëlmatighede sou kon ontstaan waar die beherende Bestuurskomitee, ofskoon dit deur die Staat benoem is, magteloos was om regulasies af te dwing of besluite te neem of aanbevelings te doen wat dalk strydig met die reëls en regulasies van die staatsdiens sou kon wees.[6]

Met hierdie aanbeveling is daar reeds stadig maar seker in die rigting van 'n skeiding tussen die Diertuin en die Museum tot twee afsonderlike instansies beweeg.

Onder die bekwame leiding van dr. Gunning het die Dieretuin gedurende die betreklike kort tyd van veertien jaar sodanig uitgebrei dat dit noodsaaklik geword het om dié inrigting onder 'n afsonderlike bestuurskomitee en 'n afsonderlike direkteur te plaas. In April 1913 het die Unieregering dan ook besluit om die Dieretuin en Museum te skei en so het die wens wat die Direkteur sewe jaar vantevore reeds uitgespreek het, 'n werklikheid geword.[7] Die Bestuurskomitee van die Dieretuin het na hierdie skeiding uit die volgende lede bestaan: A. Johnston (voorsitter), T.W. Beckett, G. Heys, A. Holm, C. Jeppe, H.C. Jorissen, S. Marks, sir A. Theiler, T.N. de Villiers en J. Wagner. Verder is daar ook drie subkomitees ingestel, naamlik die Finansiële Komitee, die Komitee vir Tuine en Terreine en die Komitee vir Aankope en Verkope.[8]

Op 23 Junie 1913 is dr. Gunning na 'n lang en lydingsvolle siekbed oorlede. Van hom skryf dr. Bigalke: "If he had not persisted in his efforts and overcome all difficulties with



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

great astuteness, it is most unlikely that a modern zoo would have existed in Pretoria today".[9]

Die Bestuurskomitee het tydens die vergadering, gehou op 9 Desember 1913, besluit om A.K. Haagner, wat in 1909 in 'n nuwe pos, naamlik dié van superintendent van die Dieretuin, aangestel is, as opvolger vir dr. Gunning aan te wys. Die feit dat Haagner reeds agtien maande lank met onderbrekings as Direkteur waargeneem het en dat die Bestuurskomitee heeltemal tevrede met sy diens was, het hom 'n logiese keuse gemaak. Vanaf 1 Januarie 1914 het hy as die nuwe Direkteur van die Transvaalse Dieretuin opgetree.[10]

In hierdie tyd verskyn daar 'n dokument wat die magte en pligte van die Bestuur uiteengesit het. Dit het bepaal dat die Bestuurskomitee wat deur die regering aangestel word, uit twaalf lede sou bestaan en vir 'n periode van drie jaar diens sou doen. Indien 'n vakature ontstaan, sou die regering nog 'n lid vir die oorblywende tyd benoem. Die Bestuurskomitee sou oor alle fondse rakende die Dieretuin beheer uitoefen. Voorts moes dié Komitee een keer per maand byeenkom op 'n datum en tyd wat van tyd tot tyd bepaal sou word, en die agenda van elke vergadering moes aan elke lid vooraf oorhandig word. Vyf lede sou 'n kworum vorm en die Bestuurskomitee sou 'n sekretaris aanstel wat die notule sou hou en ander take verrig. Die Direkteur kon as sekretaris optree. Uit hierdie Komitee moes drie subkomitees aangestel word, naamlik: 'n Komitee vir Finansies, 'n Komitee vir Tuine en Werke en 'n Komitee vir Aankope en Verkope. Die voorsitter van die Bestuurskomitee sou ex officio lid van al die subkomitees wees. Elke komitee sou uit drie lede bestaan. Die Komitee van Finansies was verantwoordelik vir die opstel van 'n begroting aan die begin van elke jaar. Die besteding daarvan sou egter met die goedkeuring van die Bestuurskomitee moes geskied. Die Komitee vir Tuine en Werke sou die uitleg van die tuine en veranderinge wat aan die terrein aangebring moet word, behartig. Die beplanning van nuwe kampe, geboue en die reël van vermaaklikhede was ook hulle verantwoordelikheid. Alle besluite was egter onderhewig aan die goedkeuring van die Bestuurskomitee. Aanbevelings met betrekking tot die aankoop en verkoop van diere het by die Komitee vir Aankope en Verkope berus. In gevalle wat spoedeisend was en waar die bedrae tussen £10 en £50 was, kon die voorsitter van hierdie komitee self optree, maar eers nadat daar skriftelike goedkeuring van die Bestuurskomitee verkry is. Alle uitgawes moes in laaste instansie deur dié Komitee goedgekeur word.

Wat die magte en pligte van die Direkteur betref, is bepaal dat geen nuwe konstruksies of werke in die tuine aangepak kon word nie alvorens die projekte nie met die betrokke subkomitee uitgeklaar is en die uitgawes daaraan verbonde deur die Bestuurskomitee goedgekeur is. Die Direkteur was wel in beheer van die interne bestuur van die Dieretuin, maar onderhewig aan die kontrole van die Bestuurskomitee. Alle wysigings wat met betrekking tot die status van die personeel, nuwe aanstellings, die verhoging van salaris en dies meer gedoen sou word, was onderhewig aan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

goedkeuring van dié komitee. Die Direkteur moes ook maandeliks verslag doen van alle uitgawes wat nie hierbo genoem is nie vir goedkeuring van die Bestuurskomitee, behalwe in gevalle van uitgawes wat minder as £5 sou beloop. Alle rekeninge moes ook tydens die maandelikse vergadering voorgelê word. Die Bestuurskomitee sou oor alle tenders besluit en alle rekeninge wat die bedrag van £1 oorskry het, moes per tjek betaal word. Hierdie tjeks moes deur die voorsitter van die Bestuursvergadering onderteken word en deur die sekretaris mede-onderteken word. Ten laaste staan daar in dié skrywe dat die Bestuurskomitee die bevoegdheid gehad het om voorstelle rakende enige aspek van die Dieretuin aan die regering voor te lê.[11]

Nie lank na sy aanstelling as Direkteur nie, het Haagner by die Minister van Binnelandse Sake, Abraham Fischer, onder wie die Dieretuin sedert Uniewording geressorteer het, aansoek gedoen dat die naam van die Dieretuin verander moet word na die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Die Direkteur het tot hierdie stap oorgegaan nadat die regering £900 per maand as toelaag aan die Dieretuin gegee het om opgehoopte skuld te vereffen, maar het terselfdertyd ook 'n verslag geëis sodat die inkomstes en uitgawes van die afgelope drie jaar deeglik bestudeer kon word. Haagner was van mening dat dit 'n gepaste tyd was om 'n voorstel aangaande die benaming van die Dieretuin onder die aandag van die Departement van Binnelandse Sake te bring. Met dié voorstel kon die Dieretuin aanspraak maak op die naam National Zoological Gardens, want solank die instansie as die Transvaal Zoological Gardens bekend gestaan het, sou die gevaar bestaan dat die Dieretuin 'n provinsiale instansie kon word en dus die staatsubsidie kon verloor. Die Komiteelede het tydens hierdie bespreking die mening gehuldig dat daar in hierdie skrywe veral klem gelê moet word op die feit dat die Dieretuin in Pretoria die enigste wetenskaplike dieretuin in die Unie is.[12]

Haagner het die volgende redes vir so 'n naamsverandering genoem: 1) Die Dieretuin het tot stand gekom as die Staatsdieretuin van die ZAR en na die Britse besetting was dit dan ook die enigste instansie van sy soort wat 'n staatsubsidie ontvang het (dit was dus nie net wat die naam betref nie, maar ook wat die finansiële onderhoud betref, 'n nasionale dieretuin). Met die totstandkoming van die Unie het die Dieretuin steeds onder die Unie-administrasie gebly en solank die administrasie van die Dieretuin nie verander nie, moes die naam by die status van die inrigting pas. 2) Dit was die grootste en oudste dieretuin in Suid-Afrika en het gunstig met veel ouer dieretuine in ander dele van die wêreld vergelyk. Die ander dieretuine in Suid-Afrika was aansienlik kleiner en is gefinansier en beheer deur munisipaliteite en kon dus meer plaaslik, wat karakter en invloed betref, beskou word. 3) Dit was die enigste dieretuin in Suid-Afrika wat oor die fasiliteite vir wetenskaplike navorsing beskik het en daar was ook reeds werk op hierdie terrein verrig. Voorts was die Dieretuin nie ver van die Staat se veterinêre navorsingslaboratoriums geleë nie, en was 'n spesiaal-aangestelde patoloog, wat vir so 'n instansie onontbeerlik is, onnodig. Weens die groot verskeidenheid van Afrikadiersoorte wat die Dieretuin reeds



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gehuisves het, kon plaaslike dieresiektes en parasiete in dié inrigting bestudeer word. Die Direkteur van Veterinêre Navorsing het ook getuig van die waardevolle inligting wat reeds as gevolg van samewerking met die Dieretuin verkry is. Ook vir die landboukundige navorsing kon die bestudering van hierdie diere van nut wees. Laastens sou die Soölogie as wetenskap ook by die Dieretuin baat. Wat die beskerming van diere wat deur uitsterwing bedreig word betref, het die Dieretuin reeds 'n bydrae gelewer. 4) Pretoria was 'n sentrum met verskeie wetenskaplikes wat van die Dieretuin gebruik kon maak vir hul veeartsenykundige, entomologiese, botanies-patologiese en ander wetenskaplike navorsing.[13] Tydens die vergadering, gehou op 19 September 1916, het die voorsitter berig dat die ondersekretaris van Binnelandse Sake geen beswaar teen die voorgestelde naamsverandering gehad het nie.[14]

Tydens die Bestuurskomiteevergadering van 21 Augustus 1917 is besluit om 'n verteenwoordiger van die stadsraad, verkieslik die burgemeester, in die Bestuur van die Dieretuin benoem te kry. Die rede hiervoor was waarskynlik om op dié wyse groter finansiële steun van die stadsraad te verkry.[15] In die jaarverslag vir 1919-1920 word dan ook vermeld dat twee stadsraadslede in hierdie Komitee opgeneem is.

In November 1919 is A. Johnston, die voorsitter, oorlede nadat hy twintig jaar lank in die Bestuurskomitee gedien het. Hy is opgevolg deur die bankier H.C. Jorissen.[16] Alhoewel Haagner se ampstermyn in moeilike tye geval het, het swak administrasie en onvoldoende beheer deur sowel die Direkteur as van die kant van die Bestuur, die Dieretuin skade berokken. In die jaarverslag van 1913 word gerapporteer dat die aantal besoekers drasties afgeneem het. Dit was nie net te wyte aan die onrus aan die industriële front nie, maar ook aan die toename van ander vermaaklikhede soos rolprentteaters in Pretoria.[17] Teen die einde van 1915 het die Dieretuin 'n skuldlas van £700 getoon. Verder het die aantal diere as gevolg van vrektes verminder, en daar was nie geld beskikbaar om die versameling deur aankope aan te vul nie.[18] Verhoogde pryse en die gepaardgaande depressie as gevolg van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Dieretuin ook geraak.[19] Voorts het die onrus wat uit die Staking van 1922 voortgevloei het, ook sy tol geëis en geld wat normaalweg by die toegangshek geïn is, het drasties verminder, omdat mense skrikkerig was om hul huise te verlaat.[20]

Deur strenger beheer oor die finansies uit te oefen het dit gelyk asof daar uiteindelik lig aan die einde van die tonnel was toe die skuld teen die einde van 1925 aansienlik verminder is.[21] Die volgende gebeurtenis het die Bestuurskomitee egter voor nog 'n krisis te staan laat kom. Op 14 April 1924 skryf 'n dierehandelaar, ene Lundin van Livingstone, 'n brief aan die Departement van Binnelandse Sake wat op sy beurt dit aan die voorsitter van die Bestuurskomitee, H.C. Jorissen, deurgegee het. In hierdie brief is beskuldigings van oneerlikheid in transaksies voor die deur van die Direkteur gelê. Aangesien die Bestuur Haagner nog altyd as eerlik, betroubaar en entoesiasties ten opsigte van alle Dieretuinaangeleenthede die afgelope vyftien jaar beskou het, het dié Komitee besluit om



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by die Direkteur te staan en die Departement te laat weet dat 'n ondersoek in verband met die aangeleentheid verwelkom sou word en dat die Departement die finansiële state van die Dieretuin kon nagaan.[22] Blykbaar het die beskuldigings gegaan oor diere wat deur Lundin op sig (as deposito) aan die Dieretuin voorsien is. 'n Staatsdienskommissie van Ondersoek het gevolg en die boeke, korrespondensie en ander verslae van die Dieretuin is deeglik nagegaan; geen onreëlmatighede kon egter bespeur word nie. Die voorsitter van die Bestuurskomitee was van mening dat diere wat op sig na die instansie gestuur is, wel van waarde was, nie net omdat hulle aan die publiek vertoon kon word nie, maar omdat die Dieretuin só die geleentheid gekry het om diere wat self benodig word vir byvoorbeeld teeldoeleindes op hierdie wyse te kon verkry. Die Kommissie van Ondersoek het aanbeveel dat 'n boek aangeskaf moet word waarin alle besonderhede van diere wat op sig aangehou word, aangeteken moet word. Die Bestuur het op sy beurt besluit dat diere wat deur privaat persone of ander dieretuine op sig na die Nasionale Dieretuin gestuur word, kosteloos gehuisves moet word, maar dat dierehandelaars vir die onderhoud van groter diere moet betaal. Die verslag van die Kommissie van Ondersoek oor die aanklagte teen die Direkteur, asook die bevinding dat die aantygings van Lundin ongegrond was, is tydens 'n Bestuursvergadering voorgelees. 'n Brief van die aanklaer waarin hy sy aantygings teruggetrek het, is ook ontvang.[23]

Die skrif was egter vir Haagner aan die muur. Op 16 November 1926 het hy as Direkteur van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika bedank nadat die Bestuurskomitee eenparig besluit het om by die Minister van Binnelandse Sake aan te beveel dat hy van sy pos onthef moet word of dat hy gevra moet word om te bedank.[24] Hierdie versoek het gespruit uit die verslag van 15 Mei 1926 van 'n Kommissie van Ondersoek wat die optredes van Haagner (aan wie ondertussen 'n eredoktorsgraad toegeken is) opgevolg het na aanleiding van die dierehandelaar E.W.P. Grei se pleidooi dat die Sekretaris van Binnelandse Sake die boeke in verband met alle transaksies wat hy met die Dieretuin aangegaan het, moet kontroleer. Die Kommissie, onder voorsitterskap van L.R. van Zyl Ham, het bevind dat die Direkteur van sy posisie as hoof van die Dieretuin misbruik gemaak het om homself te bevoordeel. Dit het veral gegaan oor alle transaksies in verband met die aankoop, verkoop en ruil van diere namens die Dieretuin en ook die beleid om diere "in transit" vir oorsese instansies te huisves. Dit het ook geblyk dat Haagner 'n taamlik vrye hand in die aankoop en verkoop van diere gehad het, dat daar maar min regulasies was, dat hy min instruksies van die Bestuur ontvang het en dat daar maar min kontrole toegepas is. Ofskoon daar 'n Komitee van Finansies bestaan het, is daar nooit op die saak ingegaan of die Dieretuin daarby sou baat as diere van privaat persone tydelik kosteloos aangehou sou word nie. Buiten 'n paar aanbevelings ten opsigte van die verbetering van die administrasie van die Dieretuin het die Kommissie geen aanbevelings met betrekking tot die direkteurskap gedoen nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As reaksie op die uitslag van bogenoemde bevindings het dr. Haagner bedank en J. du T. Combrink, die voorman en stoorman, het van November 1926 tot 31 Maart 1927 as Direkteur waargeneem. Aansoeke om die vakante Direkteurspos is ingewag en dr. R.C.H. Bigalke, wat op 1 April 1927 diens aanvaar het, is aangestel.[25] Saam met die aanstelling van dr. Bigalke het 'n nuwe Bestuurskomitee tot stand gekom wat bestaan het uit dr. H.H. Green (voorsitter), N. Spencer (ondervoorsitter), prof. D.E. Malan, regter C. Jeppe, prof. J.C. Fourie, J.N. de Villiers, P.I. Hoogenhout, P. Eagle, T. Zieh, P.B. Haak en F.P. van Gass.

Dr. Bigalke het dit nodig geag om heelwat tyd te bestee aan die opstel van onontbeerlike regulasies aangaande gratis toegang vir skoliere, die aankoop van diere, die deponering van diere deur handelaars, die salarisse van die swart werknemers, verlof, die regte en voorregte van die blanke werknemers en die daarstel van 'n voorsieningsfonds vir die blanke werknemers van die Dieretuin. Só wou hy die bestuursleisels van die Dieretuin stewiger vasvat.[26]

Volgens 'n goewermentskennisgewing van 6 Oktober 1933 is die Nasionale Dieretuin onder die Wet op Staatsondersteunde Inrigtings (Wet No. 23 van 1931) ingelyf. Die Minister van Binnelandse Sake het ook die status van die bestuur van die Dieretuin verhoog; voortaan sou dit as die Raad van Kuratore (kortweg die Raad) bekend staan. Die wet het bepaal dat die Raad vir die kontrole, bestuur en beheer van die Dieretuin verantwoordelik is en dat dit soos in die geval van die Bestuurskomitee uit veertien lede moet bestaan, waarvan twaalf lede deur die Minister en twee deur die stadsraad van Pretoria benoem word. In die regulasies is voorsiening gemaak vir vier subkomitees, naamlik die Finansiële Komitee, die Komitee vir Tuine en Werke, die Komitee vir die Aankoop en Verkoop en 'n nuwe komitee, naamlik die Komitee vir Algemene doeleindes.[27]

Volgens klousule 1 van die Wet op die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria, gepubliseer onder Staatskennisgewing No. 1398, is as lede van die eerste nuwe Raad van Kuratore (met inwerkingtreding vanaf 1 November 1933) die volgende persone aangestel: dr. D.E. Malan (professor in Dierkunde aan die Universiteit van Pretoria) (voorsitter), J.M. Cuthbertson, J.N. de Villiers, dr. P.J. du Toit, kol. P.R. Edwardes, J.F. Fourie, P.B. Haak, J. Lockwood Hall, N.D. Spencer, F.P. van Gass, H. Voss en C. Wallach. Die here H.W. Dely en T. Lorentz het die stadsraad verteenwoordig.[28]

Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika het van 31 Mei 1910 tot 31 Maart 1948 as staatsondersteunde instansie onder die Departement van Binnelandse Sake en daarna onder die Departement van Onderwys (sedert 1954 bekend as die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) geressorteer. Die oorplasing na 'n ander staatsdepartement het gevolg op aanbevelings in die Sesde Verslag van die Staatsdienskommissie van Ondersoek van 8 April 1947. Die voorstel dat die staatsondersteunde instansies na die genoemde departement verskuif moet word, is reeds op 30 September 1943 deur dr. Bigalke en dr. Nel (lektorgids van die Nasionale Dieretuin)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by die Kommissie van Ondersoek Aangaande Onderwys vir Volwassenes ingedien. Die doel met dié voorstel was om genoegsame ondersteuning van die Staat te ontvang om die opvoedkundige, wetenskaplike en ontspanningsfasiliteite van die Dieretuin ten volle te ontwikkel.[29]

Prof. D. E. Malan het tot aan die einde van 1954 as voorsitter van die Raad van Kuratore gedien en is op 1 Januarie 1955 deur dr. P.J. du Toit (F.R.S.), wat aan Onderstepoort verbonde was en later president van die WNNR geword het, opgevolg.[30]


Op 30 September 1962 het dr. Bigalke na 35½ jaar diens as Direkteur van die Nasionale Dieretuin afgetree en hy is opgevolg deur dr. D.J. Brand (die Onderdirekteur) wat vanaf 2 Oktober die amp beklee het.[31] In daardie jaar is die aantal lede van die Kuratorium na vyftien verhoog en is 'n lid wat die Transvaalse Provinsiale Administrasie sou verteenwoordig, ook benoem.[32]

In 1968 het die staatsdepartement waaronder die Dieretuin geval het, weer 'n naamsverandering ondergaan en die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika moes voortaan aan die Departement van Nasionale Opvoeding (soos dit vandag nog bekend staan) verslag doen.[33] Kragtens nuwe regulasies van hierdie departement moes die voorsitter van die Raad en nie die Direkteur nie, voortaan 'n jaarverslag aan die Minister voorlê.[34] Dit wil voorkom asof daar met hierdie naamsverandering 'n nuwe ingesteldheid teenoor die staatsondersteunde instansies ingetree het. Die Raad moes volgens die Wet op Kulturele Inrigtings van 1969 nie net die beleid van die Dieretuin formuleer nie, maar ook die navorsingsprojekte van die beamptes/werknemers bepaal. Verder moes die Raad die Minister oor aangeleenthede met betrekking tot die inrigting adviseer en die nodige inligting verstrek wat deur die Sekretaris van Nasionale Opvoeding verlang word. Die Assistent-direkteur, A.A. Groenewald, het gevolglik 'n memorandum, gedateer 10 Junie 1970, opgestel waarin hy die funksies en pligte van die Raad soos volg uiteengesit het: "Die Raad skryf reëls voor vir die behoorlike beheer en bestuur van die inrigting met inbegrip van reëls aangaande: a) die prosedure by vergaderings van die Raad b) die ontvangs, veilige bewaring, verantwoording, bank, uitgawe en beheer oor die fondse van die inrigting en c) die prosedure in verband met die vra en aanneem van tenders vir die uitvoering van werk namens die inrigting en in verband met die verskaffing van goedere en materiaal aan die inrigting en d) die verantwoording van en beskikking oor voorrade, uitrustings, lewende hawe, biblioteekmateriaal en artikels wat vir vertoon-, navorsing- of studiedoeleindes gehou word en ander roerende goed van watter aard ook al wat aan die inrigting behoort of aan sy sorg toevertrou is. Enige reëls met betrekking tot b, c en d is egter onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van die Departement."[35] Die genoemde wet het ook voorsiening gemaak vir die groepering van die Raad in komitees van spesialiste om die Raad oor beleidsake te adviseer met betrekking tot die implementering van die verklaarde beleid en reëls of prosedures. Om hierdie oogmerke te kon verwesenlik was dit noodsaaklik dat sekere uitvoerende magte aan die onderskeie ko-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 6** Dr. J.W.B. Gunning, die eerste Direkteur (1899-1913).
(Uit: *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969* (Pretoria, 1969), p. 2).



**Figuur 7** Die bronsplaat ter nagedagtenis aan dr. Gunning in die hooflaan van die Dieretuin.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mitees verleen moes word. Vir hierdie doel kon die indiwiduele komitees oor sake wat spesifiek binne hul jurisdiksie geval het, direk aan die Raad verslag doen, maar in gevalle van oorvleueling in die aktiwiteite van die komitees kon 'n koördinerende liggaam soos wat reeds in die vorm van die Dagbestuur by die Nasionale Dieretuin bestaan het, tussen die komitees en Raad ingeskakel word.[36]

In 1972 is gekoöpteerde lede in die Raad aangestel wat toe nog steeds uit vyftien lede bestaan het. Twaalf lede is deur die Minister benoem: A.J. Koen (gewese Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement) het as voorsitter opgetree, terwyl dr. A.L. Kotzee die Transvaalse Provinsiale Administrasie verteenwoordig het en ds. G.J. Davidtsz en adv. P.H.J. Krijnauw die stadsraad van Pretoria. Die Komitee vir Finansies het uit vyf lede bestaan, die Werkekomitee uit vyf, die Opvoedkundige Komitee uit drie, die Faunakomitee (die voormalige Komitee vir Aankoop en Verkoop) uit vyf en die Dagbestuur uit vyf lede. Die gekoöpteerde lede was mej. I. Hitchcock en J.P. Degenaar van die Pretoriase Onderwyskollege, F.P. Viljoen van die Inspektoraat van die Transvaalse Onderwysdepartement en J.B. van Niekerk van die Skoolreisdiens van die TOD.[37]

Met die totstandkoming van die Dieretuin se wildteelstasie by Lichtenburg in 1973 het 'n stadsraadslid van dié dorp ook sitting in die Raad verkry. Die totale aantal kuratore was steeds vyftien, van wie net elf lede deur die Minister benoem is.[38] Dieselfde prosedure is gevolg met die totstandkoming van die Dieretuin se Natuurreservaat en Wildteelsentrum by Potgietersrus. Die verteenwoordigers van die stadsraad van Pretoria is egter met een verminder en die Minister het voortaan slegs tien lede benoem. Die totale aantal Raadslede het toe op veertien te staan gekom.[39]

In 1983 is die getal lede weer vermeerder tot vyftien, deurdat die stadsraad van Pretoria deur twee lede verteenwoordig is.[40] Met die aftrede van dr. Brand het dr. A.J. Koen (aan wie ondertussen 'n eredoktorsgraad toegeken is) as voorsitter van die Raad van Kuratore van die Nasionale Dieretuin opgetree onder F.W. de Klerk as Minister van Nasionale Opvoeding.[41]

## Ontwikkeling in die personeel van die Nasionale Dieretuin

### 1. Gunningtydperk (1800-1913)

Jan Willem Boudewijn Gunning (fig.6) is in Hilversum, Nederland op 3 September 1860 gebore. Alhoewel daar min van sy kinderjare bekend is, weet ons dat hy vroeg reeds groot belangstelling in die natuurstudie getoon het. In hierdie studierigting het hy opleiding in Nederland, Frankryk en Duitsland ontvang. In 1883 het Gunning as geneesheer in die distrik Stellenbosch gepraktiseer, maar hy het dieselfde jaar na Jena, Duitsland vertrek waar hy in 1884 die M.D.-graad behaal het. Met sy terugkeer na



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrika het hy eers in die distrik Venterstad (Kaapkolonie) en later op Bethulie, Smithfield en Edenburg in die Oranje-Vrystaat gepraktiseer. In 1896 verhuis hy na Pretoria om vanaf 1 April 1897 as waarnemende direkteur van die Staatsmuseum op te tree. Op 8 Desember 1897 is hy as Direkteur van dié museum aangestel. In hierdie hoedanigheid het hy ook onderrig in Dierkunde aan die Staatsgymnasium gegee. Hy het aanvanklik oor slegs twee assistente beskik wat hom by die Museum gehelp het, naamlik 'n portier en 'n taksidermis. Gou het hy die dienste van C.J. Swierstra, 'n deskundige van die Dresdense museum, verkry.[42]

Die ontstaan en uitbreiding van die Nasionale Dieretuin is in sy geheel aan die volgehoue ywer van Gunning toe te skryf. Selfs tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy onverpoos met sy werk voortgegaan en toe lord Roberts Pretoria op 5 Junie 1900 beset, was Gunning juis besig om bome langs die hooflaan van die Dieretuin te plant. Dit was hy wat die behoefte by die publiek om 'n uitstalling van lewendige diere te kon besigtig, raakgesien het.[43] Onder Gunning se leiding het die Dieretuinterrein vinnig ontwikkel deur die verkryging van addisionele grondgebied en voortdurende oprigting van nuwe hokke en kampe. Met die hulp van die hooftuinier , J.H. Korthals, is die tuinery in 'n lushof omskep en het die Dieretuin gereeld lof ontvang vir dit wat met die terrein vermag is.[44] Van allerlei metodes is gebruik gemaak om die diereversameling uit te brei en reise na onherbergsame bestemmings is onderneem om eksotiese diere te bekom. Die aanwins van Mary, die Indiese olifant, word as 'n hoogtepunt tydens die Gunningtydperk beskou.[45] Reeds in 1901 is die opvoedkundige waarde van die Dieretuin besef toe daar besluit is om skoolgroepe gratis toegang tot die instansie te verleen.[46] Onder die leiding van Gunning het die Dieretuin een van dié sosiale uithangplekke van Pretoria geword deurdat orkesuitvoerings, filmvertonings en selfs kermisse gereeld daar aangebied is.[47]

J.W.B. Gunning het ook op ander terreine bydraes gelewer. Hy het bygedra tot die verbetering van die boerdery in Transvaal en saam met ander was hy verantwoordelik vir die stigting van die Vereeniging van Transvaalsche Landbouwgenootschappen in 1897. Hy het ook 'n leidende rol in die Pretoria se Genootskap vir Landbou en Nywerheid gespeel. In 1905 is hy deur die Franse regering met die toekenning van die Chevalier du Mèrite Agricole vereer. Hy was medeverantwoordelik vir die stigting van die South African Ornithologists' Union en hy was ook 'n hele aantal jare president van die Transvaalse Biologiese Vereniging. In 1909 is hy met vakansie oorsee waartydens hy bekende museums en dieretuine besoek het. Met sy terugkeer het hy die werk *A check list of the birds of South Africa,* wat hy saam met A.K. Haagner aangepak het, voltooi.

Onvoldoende deskundige hulp, asook sy verantwoordelikheid vir die Museum het tot ooreising gelei en sodoende sy gesondheid geknou. Teen 1912 het sy gesondheid sodanig agteruitgegaan dat hy dit nodig geag het om die waterbronne in Baden-Baden en Nauheim in Duitsland te besoek. Tydens hierdie besoek aan Europa is die Ridderorde van Oranje-Nassau deur die koningin van die Nederlande aan hom toegeken. Hy keer spoedig



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

terug na Suid-Afrika en na 'n besoek aan die landbouskou in Pretoria op 22 Mei 1913 word hy weer siek. 'n Maand later is hy in sy slaap aan 'n nieraandoening waarvan hy jare lank las gehad het, oorlede. Hy is in die Ou Kerkhof in Pretoria begrawe.[48]

Op 23 November 1951 is 'n bronsplaat ter nagedagtenis aan Jan Willem Boudewijn Gunning deur J.H. Viljoen, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, in die hooflaan (fig.7) oorkant die pelikaandam, in die Dieretuin onthul.[49]

Wat die personeel van die Nasionale Dieretuin onder Gunning betref, is die eerste verslag in die Museum- en Dieretuinnotule van 6 Augustus 1901 opgespoor. Die personeel is soos volg aangeteken: dr. Gunning (Direkteur), C.J. Swierstra (entimologiese assistent en hoofbewaarder), J.J. Enschéde (plaashoof), F.O. Noome (assistent-taksidermis), Annie Solomon (klerk), O. van Zwam (hoefsmid en timmerman), J. Bakker (timmerman), Tilburg (messelaar), H. Reusink (hoofbewaarder), W. Campbell (tuinier van die Dieretuin), E. Adank (timmerman), A. Combrinck (bewaarder), Van Vuuren (assistent-bewaarder). Voorts was daar sestien werknemers in diens van die Museum en Dieretuin.[50] Met die aanstelling van A.K. Haagner in 1909 as superintendent was daar reeds vyftien blanke en 49 nie-blanke werkers in diens van die Dieretuin. Daar is van tyd tot tyd werkers op 'n tydelike basis in diens geneem om konstruksie- en ander gespesialiseerde werk te verrig.[51] Reeds in 1899 is reëlings getref dat die Museum van bandiete-arbeid gebruik kan maak en die Dieretuin maak van hierdie arbeid vandag nog gebruik.[52]

In die jaarverslag 1910/1911 het die Dieretuinpersoneel soos volg daar uitgesien: dr. Gunning, A.K. Haagner, L. Pentz (klerk), A. Combrinck (stoorman en opsigter), J.H. Korthals (hooftuinier), ses bewaarders, een hekwag, een timmerman, en een hoefsmid met vier nie-blanke helpers en een assistent-tuinier met 24 helpers - 'n totaal dus van vyftien blanke personeellede en 46 nie-blanke werkers.[53] In hierdie stadium moes die Dieretuin nog sonder 'n veearts op sy personeel klaarkom. In Mei 1912 het die superintendent, Haagner, sy versoek om die aanstelling van 'n veearts in 'n deeltydse hoedanigheid herhaal, met dié woorde: "... (as) this is even done in London, where they have a trained Pathologist as well as a Prosector". In reaksie op die kwessie of so 'n besoekende veearts (visiting surgeon) aangestel moet word, het raadslid dr. Arnold Theiler ('n bekende veearts) egter gemeen dat so 'n veearts nie van veel diens vir die Dieretuin sou wees nie "as he believed more in general management and prevention than cure."[54] Hy het opgemerk dat hy nie Haagner (wat in dr. Gunning se plek waargeneem het) vir die siektes wat voorgekom het, verantwoordelik gehou het nie, maar dat daar tog na die oorsaak van 'n siektetoestand, soos in die geval van die dood van die gemsbok, gekyk moet word en dat hy maar te gewillig sou wees om die nadoodse ondersoek waar te neem en waar moontlik hulp sou verleen.[55] Dit wil voorkom asof hy bedreig sou gevoel het deur die teenwoordigheid van 'n deeltydse veearts in die Dieretuin! In 1921 is daar wel 'n veearts in die persoon van kaptein F.C. Simpson "at a monthly retaining fee" van £5:5:0 aangestel.[56]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. Haagnertydperk (1914-1926)

Alwin Karl Haagner (fig.8) is op 1 Junie 1880 op Hankey in die Kaapkolonie gebore. Hy het geen formele onderwys ontvang nie en is slegs deur sy vader, wat hoofrekenmeester van die plofstoffabriek by Modderfontein was, onderrig. Hy het sy loopbaan as rekenmeester in dieselfde fabriek begin. Hy het egter meer in die studie van voëls belanggestel en is in 1906 as assistent by die Transvaal Museum aangestel. In 1909 is hy as superintendent en in 1911 as waarnemende direkteur by die Dieretuin aangestel.[57]

Vanaf 1 Januarie 1914 tree Haagner as nuwe Direkteur van die Dieretuin op. Alhoewel Gunning reeds in 1908 begin kla het oor die swak finansiële toestand waarin die instansie verkeer het, was dit onder Haagner dat die Dieretuin die stryd om oorlewing in al sy felheid moes trotseer. Onrus op industriële gebied, die depressie as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog, asook die gebeure rondom die Staking van 1922 het alles bygedra tot die Dieretuin se finansiële dilemma. Boonop het gissings oor Haagner se behartiging van sekere transaksies sake ook nie juis bevorder nie.[58] Die finansiële situasie het alle aspekte van die bestuur van die Nasionale Dieretuin geraak. Net die noodsaaklikste herstel- en instandhoudingswerk aan die tuine en die terrein kon gedoen word.[59] Die diereversameling kon nie uitgebrei word nie en selfs diere wat gevrek het, kon nie vervang word nie.[60] Nogtans het Haagner steeds gepoog om die publiek by die Dieretuin betrokke te hou en om só fondse vir die instansie te bekom. Liefdadigheidsfunksies en musiekuitvoerings is steeds voortgesit.[61]

Alhoewel Haagner miskien nie onthou sal word vir die bydrae wat hy tot die ontwikkeling van die Nasionale Dieretuin gelewer het nie, het hy op ander terreine aansien verwerf. Gedurende sy dienstermyn by die Museum as voëlkundige het hy belangrike werk oor die voëls van Afrika in die *Journal of the South African Ornithologists' Union* en die *Annals of the Transvaal Museum* gepubliseer en was hy bekend vir sy klassifikasie van die klein grassangvoëls. Saam met Gunning het hy hom beywer vir die totstandkoming van 'n voëlkundige vereniging en hy het ook as eresekretaris van dié vereniging opgetree. Hy het hom aktief beywer vir die totstandkoming van nasionale parke as middel om die vernaamste soogdiere van die Afrikaanse subkontinent te bewaar. Die totstandkoming van die Nasionale Krugerwildtuin in 1926 was 'n gevolg van aanvoorwerk deur hom en kol. J. Stevenson-Hamilton en as gevolg van sy aandeel in die totstandkoming van die Nasionale Parkewet van 1926 (Wet no. 56 van 1926). Hy was lid van die eerste Raad van Kuratore van Wildreservate wat op 17 September 1926 vir die eerste keer vergader het.[62]

Die lesings wat hy in 1920 tydens sy besoek aan die VSA gehou het, het geweldige belangstelling uitgelok en in 1922 is 'n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Pittsburgh aan hom toegeken vir sy werk op die gebied van wildbewaring en voëlkunde in Suid-Afrika.[63]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8** A.K. Haagner, tweede Direkteur (1914-1926).
(Uit: *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969* (Pretoria, 1969), p. 2).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nadat hy in 1926 uit sy pos as Direkteur van die Nasionale Dieretuin bedank het, het hy eers by Pienaarsrivier en daarna vir bykans twintig jaar naby Beira, Mosambiek gewoon. In die laat veertigerjare het hy na Suid-Afrika teruggekeer en hom in Pietermaritzburg gevestig waar hy tot sy dood in 1962 as rekenmeester werksaam was. Hy het egter nooit sy belangstelling in voëls en soogdiere verloor nie en het tot in 1948 sy waarnemings gepubliseer.[64]

Ook onder Haagner het die personeel lang ure gewerk. Die beamptes het om 6:30 soggens begin en om 18:30 die terrein verlaat. Hulle moes dikwels Sondae ook werk en is hiervoor maar swak vergoed. Die tuinier en sy helpers het baie minder verdien as ambagsmanne, wat net agt ure per dag gewerk het.[65] In 'n stadium het die blanke personeel hul ontevredenheid met hul salarisse uitgespreek en was daar sprake dat hulle by 'n vakbond wou aansluit. Dít kon die Direkteur verhoed, maar die finansiële skuld waarin die Dieretuin gedompel was, het salarisverhogings onmoontlik gemaak. Bonusse sou egter vanaf 1 Januarie 1921 by salarisse gevoeg word.[66]

In ooreenstemming met die opvattings van daardie tyd, het ook die Nasionale Dieretuin teen vroulike personeel gediskrimineer, soos in die geval van mej. Edwardes wat die Direkteur in kennis gestel het van haar voorgenome huwelik in November en verneem het of sy haar betrekking by die Dieretuin na haar troue kon behou. Die Bestuurskomitee het egter eenparig besluit dat hulle nie aan haar versoek kon voldoen nie, "as it was against the service regulations, and as the outcry against the employment of married women was vehement enough"[67] Toe die huwelik later tot April uitgestel word, het mej. Edwardes gevra of sy haar bedanking kon terugtrek en tot die einde van die jaar kon aanbly. Haar versoek is egter geweier en veral die voorsitter, H.C. Jorissen, het hom skerp uitgelaat oor "such fast and loose proceedings" en het geëis dat die bedanking van mej. Edwardes gehandhaaf moet word. Daarop is die pos van tikster-klerk geadverteer en wanneer dit gevul word, sou mej. Edwardes die pos moet ontruim.[68]

Dat die Bestuurskomitee reëls en regulasies aangaande die personeel in diens van die Dieretuin meer effektief en vaartbelyn wou maak, kom duidelik na vore toe daar besluit is om dieselfde bepalings aangaande verlof as dié van die staatsdiens, naamlik twee weke betaalde verlof per jaar, in te stel. Voorheen het geen vaste bepalings aangaande die verlof van die personeel bestaan nie[69] en omdat die Bestuur al drie keer vantevore die ondervinding gehad het van 'n klerk wat met lang siekteverlof moes gaan kort nadat hy aangestel was, is besluit dat alle aanstellings voortaan onderhewig aan 'n bevredigende mediese sertifikaat sou wees.[70]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

3. Bigalketydperk (1927-1962)

Rudolph Carl Heinrich Bigalke (fig.9) is op 2 Oktober 1896 in Kimberley gebore. Hy het daar sy skoolopleiding ontvang en in 1914 aan die Boys' High School met 'n eersteklas gematrikuleer en 'n goue medalje vir sy akademiese prestasies ontvang. In 1917 behaal hy 'n B.A.-graad in Kaapstad (Cape of Good Hope College). Nadat hy 'n jaar as chemiese assistent by die landbouskool te Potchefstroom opgetree het, is hy terug na Kaapstad waar hy in 1918 sy M.A.-graad in Dierkunde verwerf het.

Van daar is hy na Lourenço Marques om onder professor J.D.F. Gilchrist aan die Portugese Marinebiologie-opname te werk. In Maart 1920 aanvaar hy 'n dosentepos in Dierkunde en Entomologie aan die Landboukollege Glen buite Bloemfontein. Drie jaar later vertrek hy na Berlyn, Duitsland om verder te studeer en in 1926 behaal hy sy doktorsgraad (*cum laude*) aan die Friedrich-Wilhelms-Universität.[71]

Onder sy leiding is die finansies van die Dieretuin, wat steeds onder die juk van die depressie gebuk gegaan het, streng beheer.[72] Bigalke het selfs daarin geslaag om ten tyde van hierdie beproewingsvolle jare die Dieretuinterrein verder te laat ontwikkel en die totstandkoming van die Noordelike Uitbreiding, waar roofdier- en anteloopkampe op die mees natuurlike wyse aangelê is, word vandag nog as een van sy grootste nalatenskappe vir dié instansie gereken.[73] Wat die diereversameling betref, was die volgende besondere aanwinste deur Bigalke se volgehoue ywer moontlik gemaak: Grietjie en Tertius, die twee seekoeie, die twee witrenosters, die Père Davidherte, die dibatags en die gerenuks (twee uiters seldsame gaselsoorte uit Somalië). Nie alleen het hy sy personeel aangemoedig om navorsingswerk oor die diere te doen nie, maar hy het talle wetenskaplike publikasies die lig laat sien.[74] Dit was ook op sy aandrang dat daar daadwerklik met 'n opvoedkundige diens vir die publiek begin is toe dr. T.G. Nel as eerste lektorgids by die Dieretuin aangestel is. Omdat hy geglo het dat die Dieretuin in diens van die publiek staan en besef het dat die instansie se voortbestaan van publieke ondersteuning afhang, het hy onverpoosd van koerantberigte, tydskrifartikels en selfs radiopraatjies gebruik gemaak om die Dieretuinaktiwiteite bekend te stel.[75]

Bigalke het aan talle organisasies behoort, maar die volgende prestasies wat hy op hierdie terrein bereik het, verdien vermelding. Sedert 1930 was hy lid van die Suid-Afrikaanse Ornitologiese Vereniging, later president, en ook redakteur van *Die Volstruis,* die Vereniging se tydskrif. Hy was vise-president van die Timbavatinatuurreservaat en 'n ere-lewenslange lid van die Suid-Afrikaanse Natuurleweverenigíng.

In 1961 is hy tot Fellow of the Royal Society of South Africa verkies en as lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ontvang hy in 1967 'n goue medalje. In 1969 het die Landboukollege Glen 'n erediploma aan hom toegeken. Die grootste eer wat Bigalke te beurt geval het, was waarskynlik om in Oktober 1969 as erelid van die In-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9** Dr. R.C.H. Bigalke, derde Direkteur
(1927-1962)
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



**Figuur 10** Dr. D.J. Brand, vierde Direkteur
(1962-1984).
(Uit: *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969* (Pretoria, 1969), p. 2).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ternasionale Unie van Dieretuindirekteure (IUD) verkies te word - die eerste persoon in Afrika wat op hierdie wyse vereer is.

Op 2 Oktober 1962, na presies 35½ jaar in diens van die Nasionale Dieretuin, tree hy af en op 4 November 1971 onthul sy vrou Margaret 'n bronsbeeld van hom deur Danie de Jager in die nuwe kompleks, die Rudolph Bigalke-Instituut. In 1989, op 93-jarige leeftyd, is Rudolph Bigalke in Pretoria oorlede.[76]

Met die aanstelling van dr. Bigalke as Direkteur in 1927, wil dit voorkom asof die pos van superintendent verval het. Slegs die name van die Direkteur, die tikster-klerk (mej. M. van Rooyen) en dié van die hooftuinier, J.H. Korthals, is genoem. Die getal personeellede het maar dieselfde gebly, naamlik vyftien blankes en ongeveer veertig nie-blankes. Daar was ook tien bandiete wat op 'n gereelde basis werk in die Dieretuin verrig het en kaptein Simpson het steeds die siek diere behandel.[77]

Deur die toedoen van die Direkteur kon die blanke personeel van die Dieretuin voortaan ook, volgens die bepalings in Afdeling 8 van die Wet op Staatsondersteunde Instansies (Wet No. 23, 1931), voordeel trek uit die Pensioen- en Voorsieningsfonds.[78]

Dr. Bigalke het ook daarin geslaag om vanaf 1 Augustus 1932 'n aantal werkloses onder die Werkloosheidsverligtingskema van die Staat te verkry om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van die noordelike terrasse van die Dieretuin. Aanvanklik is vyftig mans aan die instansie toegewys, maar in Desember van dieselfde jaar is die getal tot 57 verhoog[79] en in 1933 tot twee honderd. Die werkers is teen vyf sjielings per dag vir 'n vyfdag werksweek deur die Departement van Arbeid betaal.[80] Tot in September 1933 het die Dieretuin van bandiete-arbeid gebruik gemaak. Op 4 Oktober is dertig semi-geskikte blanke arbeiders deur die distriksingenieur aan die Dieretuin toegewys en hulle is elk vier sjielings per dag deur die Departement van Arbeid betaal. Die Dieretuin het self 'n bykomstige twee sielings en 'n sikspens vir 'n voorman en een sjieling en 'n sikspens per dag vir 'n tydhouer, wat uit die geledere van die dertig man gekom het, betaal.[81]

As gevolg van verbeterde arbeidstoestande het die Departement van Arbeid aan die begin van 1934 die aantal werkloses van twee honderd na tagtig verminder. Die pleidooie van die Direkteur het egter daartoe gelei dat die aanvanklike getal van tagtig man nie ook onttrek is nie en die Dieretuin het onderneem om die helfte van hul salaris uit eie fondse te betaal. In Junie 1935 is die werkers deur middel van 'n mondelinge ooreenkoms weer tot honderdentwintig vermeerder. Hulle sou egter ses dae per week werk en hul salaris is na ses sielings per dag verhoog. Die Dieretuin sou steeds die helfte van hul salarisse betaal.[82]

Op 30 Julie 1940 het die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika 'n deurbraak gemaak met die aanstelling van dr. T.G. Nel as die eerste lektorgids. Hy is deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangestel en sou vir administratiewe doeleindes aan die Eendrachtskool verbonde bly, maar by die Dieretuin werksaam wees. Met hierdie stap het die Dieretuin sy erns om 'n voortreflike en doelgerigte opvoedkundige diens vir die publiek daar te stel, beklemtoon. Hierdie aanstelling word as een van die belangrikste bydraes tot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die opvoedkundige diens van die Dieretuin sedert sy stigting gereken. Dit was ook die eerste aanstelling van sy soort in enige dieretuin in Suid-Afrika. In die res van die wêreld was daar maar weinig inrigtings wat oor hierdie luukse beskik het. Die aanvraag vir dr. Nel se dienste was so groot dat die tegniese assistent hom van tyd tot tyd moes bystaan. Die totale aantal lesings wat dr. Nel in die eerste jaar aangebied het, het op 86 te staan gekom en 'n leerlingtal van 3 540 het daarna kom luister.[83]

In die voorwoord van die jaarverslag van 1943 kon dr. Bigalke as een van die hoogtepunte aankondig dat 'n nie-blanke lektorgids aangestel is.[84] Dit is gevolg deur 'n aankondiging in 1955 dat twee nie-blanke lektorgidse, naamlik J.P. Mhahlele en S.B. Napo, in diens geneem is.[85]

Die personeel van die Dieretuin het ook verder uitgebrei en in 1960 het die instansie reeds van die dienste van twee deeltydse veeartse gebruik gemaak en in dieselfde jaar het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap goedkeuring gegee dat D.J. Brand in 'n nuwe pos, naamlik dié van Assistent-direkteur, aangestel word.[86] Met die verstryking van 'n proeftydperk is hy vanaf 16 Januarie 1961 in die vaste personeel van die Nasionale Dieretuin aangestel.[87] Op 2 Oktober 1962 het Brand by die aftrede van dr. Bigalke as Direkteur oorgeneem.

## 4. Brandtydperk (1962-1984)

David Josephus (Frank) Brand (fig.10) is op 11 Julie 1927 te Vredendal, Kaapprovinsie gebore en matrikuleer in 1945 aan die plaaslike hoërskool. Hy studeer van 1946 tot 1950 aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy die grade B.Sc. en M.Sc. (Dierkunde) verwerf het.

In 1951 aanvaar hy diens as navorsingsbeampte by die Departement Binnelandse Visserye van die Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop. In 1955 word hierdie departement omskep in die Departement Natuurbewaring en Brand word Beampte in Bevel van die Afdeling Fauna en Flora.

In 1960 word hy as Assistent-direkteur van die Nasionale Dieretuin aangestel en hierdie pos beklee hy tot 1962 toe hy bevorder is tot Direkteur van dieselfde inrigting. Na 'n uitgebreide studie oor die ekologie van sekere soorte wilde eende behaal hy in dieselfde jaar die Ph.D.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika.

In die vyftigerjare het baie van die lede van die IUD 'n daadwerklike poging aangewend om die kampe en hokke in hulle dieretuine so na moontlik aan die natuurlike habitat van die diere wat daarin bly, te omskep. Dr. Brand het dadelik hierdie idee tot die Nasionale Dieretuin deurgetrek en heinings en tralies is sover moontlik verwyder en met mote vervang om mens en dier te skei.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van die staanspoor het hy hom beywer vir die daarstelling van 'n volwaardige opvoedkundige afdeling met sy eie opvoedkundige beamptes, kunstenaars en tegnici. Die klem moes veral op bewaringsonderrig val. Hierdie afdeling was só suksesvol dat die personeel spoedig uitgebrei moes word omdat daar nie in die vraag na dié diens voorsien kon word nie. Natuurbewaringsonderrig soos dit by die Dieretuin aangebied is, het mettertyd soveel belangstelling in die buiteland geniet dat dr. Brand by etlike geleenthede tydens oorsese besoeke referate daaroor gelewer het en dat van die mees vooraanstaande dieretuine in die wêreld die onderrigmetode van die Nasionale Dieretuin oorgeneem en met groot sukses toegepas het.

Sedert 1962 het dr. Brand hom beywer vir die oprigting van 'n akwarium en reptielpark as integrale deel van die Dieretuin. Op 19 Junie 1974 is hierdie nuwe toevoeging tot die inrigting geopen.

Nog 'n aspek van wildbewaring wat hom na aan die hart gelê het, was die bewaring van diersoorte wat op die punt van uitsterwing staan. Die verkryging van 'n terrein wat as teelplaas en navorsingsentrum vir die jagluiperd kon dien en die sukses wat met die teling van hierdie skaars diersoort behaal is, is nog 'n hoofstuk in dr. Brand se suksesverhaal as Direkteur van die Nasionale Dieretuin.

Die totstandkoming van die wildteelplase en natuurreservate te Lichtenburg (1974) en Potgietersrus (1981) is nie net ter wille van die publiek geopen nie, maar het die teel van en navorsing aangaande skaars diersoorte ten doel gehad.

Op inisiatief van Frank Brand is daar in 1979 begin met die aanbou van 'n nuwe hoofingangskompleks met die kantore en voorligtingsaal van die Opvoedkundige Afdeling as deel daarvan. Op 18 November 1982 het die amptelike opening van die Frank Brandgebou plaasgevind.

Die rade en komitees waarin dr. Brand gedien het en die verenigings waaraan hy behoort het, word in hoofstuk X bespreek. Die volgende prestasies in hierdie verband verdien egter besondere vermelding: van 1968 tot 1972 het hy van sekretaris/tesourier van die IUD tot vise-president gevorder. Tydens die 29ste Jaarlikse Konferensie van die IUD te Basel, Switserland is hy tot president verkies en hierdie amp het hy van Oktober 1974 tot Oktober 1977 beklee.

Die reise oorsee om wetenskaplike kongresse en konferensies by te woon en toe te spreek, is te veel om op te noem en in hoofstuk X word daar van enkeles melding gemaak. Hy was nie minder nie as drie keer agter die Ystergordyn en telkens moes hy tydens sy besoeke advies op verskeie terreine van sy vakgebied gee. Dit het daartoe gelei dat hy in die buiteland as een van die grootste gesaghebbers op sy vakgebied beskou is.

Ook plaaslik het hy erkenning geniet vir wat hy op die gebied van natuurbewaring bereik het. Buiten die talle briewe van gelukwensing met al sy prestasies is hy die ereburgerskap van Lichtenburg in 1984 aangebied en in dieselfde jaar ontvang hy die Vocation Service Award van die Pretoriase Rotariër Klub.[88]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder Brand het die personeel aansienlik vergroot en volgens die verslag vir die jaar eindigende 31 Desember 1962 het die personeel in daardie stadium uit 24 blankes bestaan, met 'n deeltydse veearts en 68 nie-blanke werkers. Vyftien bandiete het gehelp met die instandhouding van die terrein. In dié verslag word daar egter na een swart lektorgids verwys wat deur die Departement van Bantoe Onderwys aan die Dieretuin beskikbaar gestel is.[89]

Onder die Direkteurskap van dr. Brand het die personeel met rasse skrede gegroei en teen 1974 het die totale blanke personeel uit sestig en die nie-blanke personeel uit 123 bestaan.[90]

'n Volledige uiteensetting van al die poste in die Dieretuin is in die jaarverslag vir 1979/1980 soos volg aangegee:

- **Direkteur en Assistent-direkteur**
- **Administratiewe Afdeling**: sestien personeellede waarvan vier in 'n tydelike hoedanigheid werksaam is
- **Afdeling Opvoedkundige Dienste**: vyf, naamlik
  een hoofvakkundige beampte;
  twee vakkundige beamptes en
  twee tegniese beamptes.
- **Veeartsenykundige Dienste en Kwarantynafdeling**: twee, naamlik
  een veearts en
  een hoofvakkundige beampte.
- **Akwarium en Reptielpark** (laergewerweldes): nege, naamlik
  een hoofvakkundige beampte;
  twee hoofwildbewaringsbeamptes;
  een senior wildbewaringsbeampte en
  vyf wildbewaringsbeamptes.
- **Diere-afdeling** (hoërgewerweldes): vyftien, naamlik
  twee hoofwildbewaringsbeamptes (Lichteburg, een);
  vyf senior wildbewaringsbeamptes (Lichtenburg, een) en
  agt wildbewaringsbeamptes.
- **Afdeling Kleinwerke en Instandhouding**: 23 (waarvan drie in 'n tydelike hoedanigheid was), naamlik
  een hoofinspekteur van werke;
  drie senior spesiale vaklui;
  een tegniese beampte en
  agtien vakmanne (Lichtenburg, twee).
  (Potgietersrus, twee).
- **Afdeling Tuine**: vier, naamlik
  een senior superintendent van tuine;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

twee superintendente van tuine en

een terreinopstigter.

**Totale blanke personeel: 76.**

**Totale nie-blanke personeel: 86 (sestien te Lichtenburg en twintig te Potgietersrus).**[91]

Aan die einde van 1980 is daar besluit om die hoofvakkundige pos by die Afdeling Veeartsenydienste en Kwarantyn te omskep in 'n veeartspos, omdat die pligte van die veearts oor die voorafgaande tien jaar só toegeneem het dat die werksaamhede nie deur een persoon behartig kon word nie; dit sou ook die voortdurende gebruik van privaatveeartse uitskakel.[92]

Die Raad het nietemin in daardie tyd voor 'n dringende personeeltekort te staan gekom. In 1981 was daar nie minder nie as tien vakante wildbewaringsposte. Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar geen verbetering in die salarisskale in die betrokke poste ingetree het nie.[93]

Op 9 Oktober 1981 het die Raad die indiensneming van vroulike wildbewaringsbeamptes goedgekeur. "Die rede hiervoor was hoofsaaklik die kritieke personeeltekort en die mislukte pogings om mans vir daardie poste te werf. Hierdie dames sou nie gevaarlike diere hanteer of versorg nie en nie arbeid wat in die Dieretuin sowel as die Akwarium en Reptielpark wat fisies veeleisend is, verrig nie."[94] Dit was dus die eerste keer in die geskiedenis van die Nasionale Dieretuin dat vroue as bewaarders aangestel is - en waarskynlik was dié dieretuin die eerste van alle dieretuine in Suid-Afrika. Dr. Brand se besoek aan die VSA het ook tot die aanstelling van vroue in die Nasionale Dieretuin bygedra. In sy eie woorde: "Nearly all the zoos in the world use women as keepers. I could not find anything wrong with the idea."[95] Die salaris van vroue sou dieselfde as dié van hul manlike kollegas wees, ofskoon daar vroue was wat vir die poste aansoek gedoen het wat selfs bereid was om teen geen vergoeding te werk nie![96]

Wat opgeval het tydens die navorsing oor die Dieretuinpersoneel is hulle lojaliteit teenoor hulle werk. Soos die Direkteur was daar baie van hulle wat feitlik hulle hele loopbaan in diens van dié instansie deurgebring het.

1. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,*, p. 9.
2. R. Bigalke, History of the Nasional Zoological Gardens (*Pretoriana 28,* Des. 1958, pp. 21-23); NDSA: Transvaal Administration report 1905; Tvl Z G Report 1909/1910, p. 3.
3. ATM: Brieweboek Jan. - Okt. 1901: Brief van die militêre goewerneur, 1901-04-11.
4. R. Bigalke, History of the National Zoological Gardens (*Pretoriana 28,* Des. 1958, pp. 21-23).
5. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, p. 5; ATM: Brieweboek Jan. - Sept. 1903: Brief van die Koloniale Sekretaris, 1903-02-28; Brieweboek: Brief aan die Koloniale Sekretaris, 1903-02-19; M en D notules, 1903-02-03, p. 519.
6. NDSA: Museum and Zoological Gardens: annual report for the year 1906-1907, p. 3; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 9-10.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

7. R. Bigalke, *Official guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1933), pp. 7-8; (1935), pp. 5-6.
8. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 6.
9. R. Bigalke, History of the National Zoological Gardens *(Pretoriana 28,* Des. 1958, p. 19).
10. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 6; D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 215; NDSA: Maandverslae en notules 1913: Notule, 1913-12-09.
11. NDSA: Historical records I. Bg. teks is tussen Haagner se persoonlike korrespondensie gevind. Dit is egter ongedateer. Omdat daar in 1913 vir die eerste keer melding van drie subkomitees gemaak is, maar niks van stadsraadslede wat benoem kon word nie, kan aanvaar word dat hierdie dokument tussen 1913 en 1917 opgestel is.
12. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, Mei 1916.
13. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, 1916-08-05.
14. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, Sept. 1916.
15. NDSA: Maandverslae en notules 1917: Notule, 1917. In 'n skrywe van die stadsklerk van Pretoria, d.d. 20 Mei 1904 het hy die Direkteur meegedeel dat die stadsraad besluit het om 'n hulptoelaag aan die Museum en Dieretuin van £150 per jaar vanaf 1 Junie 1904 toe te ken - ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904.
16. NDSA: N Z G Report 1919/1920, p. 1.
17. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 4.
18. NDSA: Tvl. Z G Report 1915, p. 3.
19. NDSA: N Z G Report 1919/1920, p. 1.
20. NDSA: N Z G Report 1922, p. 4; Kyk hoofstuk IV, pp. 43-45.
21. NDSA: N Z G Report 1925, p. 1.
22. NDSA: Maandverslae en notules 1924: Notule, 1924-09-26.
23. NDSA: Maandverslae en notules 1924: Notules, 1924-10-17; 1924-11-21.
24. NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-11-26.
25. NDSA: N Z G Report 1928, p. 1; *The Pretoria News,* 1926-09-28; 1926-09-29; 1929-09-30; 1929-09-06. *The Star,* 1926-09-29; 1926-09-30; 1926-10-26; 1926-10-08; *The Natal Mercury*, 1926-09-29; 1926-09-30; 1926-10-06.

    Nadat Haagner 'n oortrekking by die bank aangegaan het (ofskoon die Komitee dit bekragtig het) is die mening uitgespreek dat as so 'n optrede werklik noodsaaklik sou wees, die voorsitter eers geraadpleeg moet word - NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-06-24.

    Dit wil ook voorkom of Komiteelid Heys nie veel vertroue in Haagner gehad het nie, of nie te goed met hom oor die weg gekom het nie. Hy het dikwels besluite van die Direkteur gekritiseer en teengestaan en hy het in 1917 dikwels nie vir vergaderings opgedaag nie. Tydens 'n vergadering in Mei 1916 byvoorbeeld, het Heys vir Haagner bygekom omdat laasgenoemde iemand sou gestuur het om 'n gemsbok in Vryburg te gaan haal, ten spyte van die feit dat 'n vorige besluit bepaal het dat **alle** diere in Pretoria afgelaai moet word. Die voorsitter, Johnston, het egter vir die Direkteur in die bresse getree.

    Tydens dieselfde vergadering het Heys vir Haagner geopponeer toe hy 'n tweedehandse klavier vir orkesoptredes in die Dieretuin wou koop - NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, Mei 1916.

    Die aangeleentheid rondom Haagner se bedanking is nie baie goed aangeteken nie. Jaarverslae vir 1926 en 1927 bestaan nie, omdat hulle nooit geskryf is nie en ander verslae soos maandverslae en notules van hierdie tydperk kon nêrens opgespoor word nie.
26. NDSA: N Z G Report 1928, p. 1.

    Geen vorige Raad het aandag aan so 'n fonds, wat glad nie bestaan het nie, gegee. Die direkteur van Sensus en Statistiek, dr. J.E. Holloway, het 'n gepaste skema uitgewerk wat vanaf 1 Januarie 1930 in werking getree het. Hierdie pensioenfonds het dit ten doel gehad om vir persone wat jare lank diens in die Dieretuin gedoen het, by aftrede te sorg. Omdat die Staat nie oorreed kon word om tot die fonds by te dra nie, het die Dieretuinkomitee net die helfte van die moontlike bedrag, wat 4% van die werknemer se salaris sou wees, afgetrek en self die gelykstaande bedrag bygedra en belê - NDSA: N Z G Report 1930, pp. 4-5.
27. R. Bigalke, *Official guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1935), p. 8; R. Bigalke, *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika* (1955), p. 5; (1958), p. 5; (1959), p. 5; (1961), p. 6; *Die Volkstem,* 1933-10-06; *The Pretoria News,* 1933-10-07; *Rand Daily Mail,* 1933-01-07; R. Bigalke, History of the National Zoological Gardens (*Pretoriana,* Des. 1958, pp. 21-23) - Wet No. 1399 van 6 Okt. 1933.
28. NDSA: N Z G Report 1935, p. 2; TAB: K.47 Commissioners Papers Report - 6th Report: Interior, 1947-02-17.
29. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens of South Africa* (guide) (1955), p. 5; R. Bigalke, *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika* (1958), p. 5; (1959), p. 5; (1961), pp. 6-7.
30. NDSA: N Z G Report 1955, p. 1.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

31. *The Pretoria News,* 1962-07-27; 1962-07-28; *Die Transvaler,* 1962-07-30; *Die Vaderland,* 1962-10-02; NDSA: Jaarverslag 1962, p. 1.
32. NDSA: Jaarverslag 1962, p. 1.
33. NDSA: Jaarverslag 1968/69, p. 1.
34. NDSA: Folio 24, p. 6: Notule, 1970-05-13, R 11/4:70.
35. NDSA: Folio 26, pp. 64-70: Memorandum van die assistent-direkteur, 1970-06-10; Folio 29, p. 29: Funksies en pligte van die Raad.
36. NDSA: Folio 26, p. 55: Memorandum van die assistent-direkteur 1970-06-10.
    Wat genoemde dagbestuur betref, het die Raad tydens 'n vergadering op 4 Junie 1970 goedgekeur dat die dagbestuur uit die voorsitter van die Raad van Kuratore en die voorsitters van die onderskeie subkomitees sou bestaan - NDSA: Folio 25, p. 5: Notule, 1970-06-04, R615-70.
37. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 2.
38. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 2.
39. NDSA: Folio 147, p. 1: Jaarverslag 1981/82.
40. NDSA: Jaarverslag 1983/84, pp. 1-2. Volgens hierdie jaarverslag is daar selfs 'n Raadsvergadering te Potgietersrus gehou.
41. *Ibid.*
42. G. de Graaff, Gunning, Jan Willem Boudewijn, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, pp. 371-372; J. Ploeger, Gunning, Jan Willem Boudewijn, in D.J. Potgieter (hoofred.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* V, p. 395.
43. Kyk hoofstuk II.
44. Kyk hoofstuk V.
45. Kyk hoofstuk VI.
46. Kyk hoofstuk VIII.
47. Kyk hoofstukke IX en X.
48. G. de Graaff, Gunning, Jan Willem Boudewijn in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, pp. 371-372; J. Ploeger, Gunning, Jan Willem Boudewijn in D.J. Potgieter (hoofred.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* V, p. 395.
49. NDSA: N Z G Report 1951, p. 7.
50. ATM: M en D notules: 1901-08-06.
    In 'n notule van 13 September 1904 is daar aangevoer dat die bewaarders nie die versorging van al die diere kon behartig nie.
51. NDSA: Tvl. Z G Report 1909/1910, p. 4; Maandverslag, Junie 1909.
52. ATM: Brieweboek Jan - Julie 1899. Brief van die hoof van Gevangeniswezen, 1899-07-17.
53. NDSA: Tvl. Z G Report 1910/1911, p. 1; Report 1914, p. 1.
54. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Notule, 1912-06-11.
55. *Ibid.*
56. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-03-15.
57. P.A. Clancey, Haagner, Alwin Karl in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV, p. 215; J. Ploeger, Haagner, Alwin Karl in D.J. Potgieter (hoofred.), *Encyclopaedia of Southern Africa* V, p. 410.
58. Kyk hoofstukke III en IV.
59. Kyk hoofstuk V.
60. Kyk hoofstuk VI.
61. Kyk hoofstuk X.
62. P.A. Clancey, Haagner, Alwin Karl in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV, p. 215; J. Ploeger, Haagner, Alwin Karl in D.J. Potgieter (hoofred.), *Encyclopaedia of Southern Africa* V, p. 410.
63. NDSA: Newspaper cuttings, p. 76: *The Star* (s.j.); Historical Records I: Brief van dr. W.T. Hornaday, 1922-01-12; Brief van Haagner - W.T. Hornaday 1922-02-28; Brief van Haagner - Registrateur, Pittsburgh Universiteit, VSA, 1922-02-28.
64. P.A. Clancey, Haagner, Alwin Karl in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV, p. 215; J. Ploeger, Haagner, Alwin Karl in D.J. Potgieter (hoofred.), *Encyclopaedia of Southern Africa* V, p. 410.
65. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Maandverslag, Des. 1912.
66. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-01-18.
67. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-06-20.
68. NDSA: Maandverslae en notules 1923: Notule, 1923-04-16.
69. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-06-20.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

70. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-07-19.
71. Bigalkeversameling, Pretoria: Curriculum vitae of Rudolph Carl Heinrich Bigalke, pp. 1-4.
72. Kyk hoofstuk IV.
73. Kyk hoofstuk V.
74. Kyk hoofstuk VI.
75. Kyk hoofstuk VIII.
76. Bigalkeversameling, Pretoria: Curriculum vitae of Rudolph Heinrich Bigalke, pp. 1-4.
77. NDSA: N Z G Report 1931, p. 2.
78. NDSA: N Z G Report 1933, p. 1 en 3.
79. NDSA: N Z G Report 1932, p. 1 en 6.
80. NDSA: N Z G Report 1933, p. 1 en 3.
81. *Ibid.*,p. 1 en 9.
82. NDSA: N Z G Report 1934, p. 7.
83. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 64; NDSA: N Z G Report 1940, p. 6 en 16; Sien hoofstuk VIII.
84. NDSA: N Z G Report 1943, p. 2; Sien hoofstuk VIII.
85. NDSA: N Z G Report 1955, p. 2; Sien hoofstuk VIII.
86. NDSA: N Z G Report 1960, p. 2; Komitee vir Algemene Sake: Notule, Jan. 1960.
87. NDSA: Komitee vir Algemene Sake: Notule, 1961-01-16.
88. NDSA: Vol 4, lêer 12: Brand, D.J.: Brief van die voorsitter, dr. A.J. Koen, aan die dir.-genl. Dept. van Nas. Opvoeding, 1984-10-24; brief aan die stadsekretaris van Lichtenburg, 1984-12-27; brief aan die president van die Rotariër Klub van Pretoria, 1984-07-18; Curriculum vitae en ander besonderhede t.o.v. D.J. Brand.
89. NDSA: Jaarverslag 1962, p. 1.
In die jaarverslag vir 1964 is 'n aansienlike groei bemerk: 27 blankes, agt nie-blankes (onder andere 'n hoofkelner, drie kelners en 'n roomysverkoper) en 78 swart arbeiders. In 1967/68 word die poste soos volg uiteengesit: Administratiewe afdeling: Direkteur en assistent-direkteur en nege personeellede.
Opvoedkundige en skakeldienste: drie personeellede.
Veeartsenykundige en Kwarantynafdeling: vier.
Diere-afdeling: twaalf.
Kleinwerke en instandhouding: tien.
Tuinafdeling: drie.
Die totale blanke personeel het dus op 43 te staan gekom en is bygestaan deur 'n nie-blanke personeel van 87. Daar is ook van bandiete gebruik gemaak, maar geen getalle word vermeld nie - NDSA: Jaarverslag 1967/68, pp. 3-4.
In die Jaarverslag 1972/73 word daar van 'n personeel van ses melding gemaak wat by die Akwarium en Reptielpark diens gedoen het - NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 4.
90. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 3.
Met die totstandkoming van die wildteelstasie te Lichtenburg het agt nie-blankes daar diens gedoen - NDSA: Jaarverslag 1975/76, p. 3.
91. NDSA: Jaarverslag 1979/80, pp. 1-3.
92. NDSA: Folio 128: Maandverslae en notules: Notule, 1980-10-02; Folio 130: Maandverslae en notules: Notule, 1981-05-07.
Volgens Jaarverslag 1982/83 wil dit voorkom asof die besluit eers twee jaar later tot uitvoering gebring is en dat twee tegniese assistente in hierdie afdeling bygekom het - NDSA: Jaarverslag 1982/83, pp. 2-3; Folio 133: Maandverslae en notules: Notule, 1981-05-07; Folio 134: Maandverslae en Notules: Notule, 1981-06-04.
93. NDSA: Folio 139: Maandverslae en notules: Notule, 1981-10-09.
94. *Ibid.*
95. *The Star,* 1981-10-19; *The Pretoria News,* 1981-10-15, *The Natal Daily News,* 1981-11-18.
96. *Ibid.*
Daar was 'n uitstekende reaksie op die geadverteerde poste. Die meeste aansoeke was afkomstig van pas gematrikuleerdes, maar daar was selfs ook 'n 36-jarige onderwyseres wat aansoek gedoen het. Vir dr. Brand was toegewydheid egter die grootste vereiste vir 'n suksesvolle kandidaat - *The Pretoria News,* 1981-11-17; *Rand Daily Mail,* 1981-11-18. Die heel eerste vroulike bewaarder wat aangestel is, was die 21-jarige Wilma Pieterse. Sy en nog 'n vroulike bewaarder, Tosca Botbijl, sou vroeg in 1982 verantwoordelik word vir die splinternuwe plaasdieretuin wat op 'n groot stuk grond langs die Apiesrivier ontwikkel sou word - *Die Transvaler,* 1981-12-10; *Oggendblad,* 1981-12-11.
Die Dieretuin het ook sy heel eerste veeartsenykundige verpleegster in hierdie tyd aangestel - *The Pretoria News,* 1981-11-21.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# IV. FINANSIES

## Aanvangsjare

Sedert die ontstaansjare van die Nasionale Dieretuin het die instansie gedurig gebuk gegaan onder 'n swaar finansiële las. Vertoë tot die Staat en die stadsraad van Pretoria om die verhoging van hul toelae aan die Dieretuin het in feitlik elke jaarverslag voorgekom.

Met die totstandkoming van die Dieretuin in 1899 het die regering van die ZAR 'n bedrag van £6 000 per jaar aan die Museum en Dieretuin gesamentlik toegeken.[1] Na die Britse besetting van Pretoria in 1900 het die Bestuurskomitee 'n brief van die Kantoor van die Militêre Goewerneur ontvang waarin genl.-maj. J.G. Maxwell onderneem het om albei instansies finansieel steeds by te staan, sekere salarisse goed te keur en £75 vir voer vir die diere beskikbaar te stel.[2] 'n Bedrag van £375 sou as toelaag aan sowel die Museum as die Dieretuin toegestaan word.[3] In 'n voorlopige verslag oor die Transvaal Museum en Dieretuin het die voorsitter van die Bestuurskomitee, G. Leith, aan Maxwell die versoek gerig om die maandelikse toelaag tot £400 te verhoog, aangesien die twee instansies nie met minder as die voorgestelde bedrag kop bo water sou kon hou nie.[4] 'n Paar maande later het dr. Gunning 'n brief ontvang wat glad nie die aanvanklike gesindheid teenoor die Dieretuin weerspieël het nie. In hierdie brief het die Direkteur opdrag gekry om nie nog diere aan te koop nie aangesien "all our efforts should be directed for the Museum which is much more important at the present than the Zoo!" Maxwell, wat dié skrywe persoonlik onderteken het, het voorts beweer dat die Dieretuin **nie** 'n staatsinstansie was nie en Gunning is ook gevra om 'n lys van die intekenaars (subskripsielede) aan hom beskikbaar te stel. Maxwell was ook van mening dat die kanse nie juis goed was dat die regering verder geld aan die Dieretuin sou bestee nie en dat dié instansie selfonderhoudend sou moes word.[5]

Die oorname van die Museum en Dieretuin deur die Transvaalse Administrasie in 1901 sou tot voordeel vir albei instansies strek. Die maandelikse toelaag is tot £500 verhoog en subskripsielede kon teen £5:5:0 en £2:2:0 per jaar gewerf word.[6]

Die vroegste gesamentlike balansstaat vir die Museum en Dieretuin wat opgespoor kon word, sien soos volg daar uit:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**Balansstaat vir Juliemaand 1901:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Kontant in voorraad | £28 | 14 | 11 |
| Staatstoelaag | 375 | | |
| Toegangsgeld | 80 | 0 | 9 |
| Diereverkope | 5 | 18 | 0 |
| Addisionele inkomste | 5 | 16 | 0 |
| Inkomste van plaas | 13 | 16 | 6 |
| Donasies | 10 | 0 | |
| Voorskot | 143 | 1 | 8 |
| | £652 | 17 | 10 |
| **Uitgawes** | | | |
| Uitgawes aan salarisse | 334 | 10 | 0 |
| Voëlsaad | 27 | 8 | 3 |
| Aankoop van diere | 1 | 6 | 6 |
| Onvoorsiene uitgawes | 13 | 3 | 4 |
| Hokke | 92 | 12 | 9 |
| Afbetaling van lening | 10 | 0 | 0 |
| Onderhoud van eiendom | 11 | 11 | 10 |
| Onderhoud van terrein | 28 | 9 | 8 |
| Museumkoste | 12 | | |
| Biblioteek van Museum | 10 | | |
| | £190 | | 44 |
| Plaaswerkersalarisse | 78 | 8 | |
| Plaasuitgawe | 4 | | |
| Terugbetaling van voorskot | 85 | 19 | |
| Kontant en bedrag in bank | 23 | 12 | 3 |
| | £652 | 17 | 10 [7] |

Uit die brieweboeke blyk dit dat dr. Gunning nie baie noukeurig met die vereffening van rekenings of die beantwoording van briewe was nie, miskien juis as gevolg van die stryd om oorlewing wat die Dieretuin moes voer. Hy is in die volgende skrywe van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris hieroor oor die vingers gerap: "You are in the habit of overdrawing your official account"[8] Hy het selfs 'n aanskrywing van 'n prokureursfirma oor die versuim om uitstaande rekeninge te betaal, ontvang. Die ouditeurinspekteur, W.S. Saunders, het dan ook in sy verslag vir 1 Julie 1903 - 30 Junie 1904 gevind dat die sisteem van die Dieretuin met betrekking tot die finansiële verslae nie bevredigend was nie. Eerstens is geen kwitansieboeke en bewysstrokies gehou vir subskripsiegeld, die verkoop van diere, plante en blomme nie en tweedens is daar ook nie verslag gehou van die boekies met toegangskaartjies wat aangekoop is en aan die hekwag uitgereik is nie. Daar was ook geen handtekening wat as bewys moes dien dat die kaartjies wel in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ontvangs geneem is nie. Saunders het dan ook besluit "no efficient check on the revenue of the Institution is possible."[9] Die bestuur van die orkes wat uitvoerings in die Dieretuin gehou het, moes die Bestuur telkemale daaraan herinner dat hulle nog nie vir hulle optredes vergoed is nie. Die skerpste teregwysing ten opsigte van uitstaande betalings kom voor in 'n brief van die Yokohoma Nursery Co-Limited, Japan van 7 Oktober 1905 wat met dié woorde afgesluit is: "if we do not hear from you by return mail we shall be obliged to bring the matter to the notice of sir John Rose-Innes, K.C. Chief Justice, Supreme Court, Pretoria. We fail to see wht *(sic)* an authority like yours leave debts unpaid and unattended so long. It is a disgraceful act on the part of man in charge *(sic)*."[10] Die brief het gehandel oor 'n bestelling blombolle vir £6:9:10 wat reeds op 26 Januarie 1903 uitgevoer is.[11]

Wat die uitgawes van die Dieretuin betref, is alles volgens voorskrif aangeteken en die tjeks is deur die voorsitter van die Bestuurskomitee onderteken wat ook alle uitgawes goedgekeur het alvorens dit aangegaan is. Daar is egter nie duidelik aangeteken wat met die geld aangekoop is nie en tot in daardie stadium is die boekhouding van die Museum en Dieretuin nie afsonderlik aangedui nie. Geen inhoudsopgawes van die stoorkamers of voorradelyste van meubels en ander toerusting het bestaan nie en geen versekering van watter aard ookal is uitgeneem nie.

Waar die staatstoelaag vir Julie 1903 tot Junie 1904 £8 000 beloop het, waarvan £3 000 aan die Museum en £5 000 aan die Dieretuin toegewys is, was daar nog nie sprake van 'n bydrae van die plaaslike stadsraad nie. In 'n skrywe van die stadsklerk van Pretoria, is die Direkteur in Mei 1904 meegedeel dat die stadsraad besluit het om jaarliks £150 aan die twee instansies gesamentlik toe te staan.[12]

In die Maandverslag vir Desember 1908 het die Direkteur hom baie sterk uitgespreek oor die maandelikse staatstoelaag van £500 wat heeltemal onvoldoende was om in al die behoeftes van die Dieretuin te voorsien. Hy het aangevoer dat "If the Transvaal Zoological Garden shall not have to be looked upon merely as a pleasure and recreation Garden for Pretoria, but if a scientific and faunistic collection has to be made and maintained and properly housed, an extra yearly grant of £2 000 or £3 000 is urgently required. These Gardens are the only recognised collection in this subcontinent, the climate is the most suitable, and with work already accomplished and an increased grant they ought easily to remain the only scientific zoological collection in South Africa, whether united or otherwise." Sake wat die dringendste aandag vereis het, was 'n geskikte bergplek vir dierevoedsel, stalle vir muile en koeie, geskikte behuising vir die kleiner karnivore, 'n klein kantoortjie vir die superintendent en die opsigter, verbeterings aan alle anteloopkampe en die aankoop van noodsaaklike gereedskap.[13]

In daardie tyd het die Dieretuin sterk op die inkomste wat van toegangsgeld verkry is, gesteun - 'n sikspens vir volwassenes en 'n trippens vir kinders en soldate in uniform. Gedurende die somermaande is promenade-konserte gehou en dan was die toegangsgeld



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n pond. Groepe skoolkinders begelei deur hul onderwysers is gratis tot die Dieretuin toegelaat.[14]

Die eerste volledige finansiële verslag van die Dieretuin wat opgespoor kon word, is die een wat in die jaarverslag van 1910-1911 verskyn het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Inkomste | £11 040 | 13 | 2 |
| Staatstoelaag | 6 000 | 0 | 0 |
| Stadsraad | 300 | 0 | 0 |
| Balans 1 Julie 1910 | £217 | 3 | 11 |
| Staatstoelaag | 6 000 | 0 | 0 |
| Stadsraad | 300 | 0 | 0 |
| Subskripsies | 172 | 18 | 6 |
| Toegang | 3 350 | 4 | 9 |
| Olifantritte | 47 | 5 | 0 |
| Diereverkope | 543 | 1 | 6 |
| Poskaarte | 13 | 11 | 6 |
| Diverse verkope | 76 | 8 | 0 |
| Verhuur van Kafeteria | 320 | 0 | 0 |
| Uitgawes: | | | |
| Salarisse | 3 166 | 4 | 0 |
| Nie-blanke arbeid | 1 910 | 2 | 1 |
| Uniforms | 71 | 0 | 0 |
| Nuwe hokke en kampe | 508 | 11 | 7 |
| Herstel van hokke en kampe | 244 | 4 | 1 |
| Tuine | 160 | 16 | 6 |
| Dierevoer | 2 249 | 18 | 8 |
| Veeartsbesoeke en medisyne | 24 | 12 | 9 |
| Orkes en konserte | 451 | 17 | 6 |
| Elektrisiteit en herstelwerk | 157 | 17 | 6 |
| Waterheffing | 134 | 19 | 7 |
| Riolering (sanitêre heffing) | 47 | 5 | 0 |
| Brandstof | 24 | 10 | 0 |
| Instandhouding | 86 | 12 | 6 |
| Assuransie | 29 | 5 | 6 |
| Vrag en vervoer | 29 | 9 | 1 |
| Advertensies | 64 | 15 | 0 |
| Drukkoste en skryfbehoeftes | 67 | 1 | 5 |
| Ongeluksuitgawes | 27 | 6 | 8 |
| Herstel en twee verbeterings aan geboue | 118 | 6 | 4 |
| Aankoop van diere | 1 021 | 15 | 3 |
| Aankoop van poskaarte | 5 | 3 | 6 |
| Gereedskap en toerusting | 170 | 11 | 10 |
| Kantoormeublement | 13 | 9 | 11 |
| | £10 782 | 8 | 8 |
| Spesiale Leningsafbetaling | 228 | 0 | 0 |
| Rente | 5 | 5 | 0 |
| | £233 | 5 | 0 |
| Balans 30/6/1911 | 24 | 19 | 6 |
| | £11 040 | 13 | 2[15] |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Stryd om oorlewing

Dit het maar broekskeur gegaan met die finansies; gevolglik was daar in 1912 nie geld beskikbaar vir salarisaanpassings nie en die waarnemende direkteur, Haagner, het ook by die Bestuurskomitee aanbeveel dat ter wille van besparing kleiner, maar doeltreffende kampe opgerig en dat so min moontlik diere uit Europa aangekoop moet word.[16]

Uit die jaarverslag vir 1915 is dit duidelik dat die swak ekonomiese toestand waarin die land verkeer het, ook die Dieretuin wel deeglik geraak het. Die Staat se jaarlikse toelaag is vanaf 1 April 1915 met £1 500 per jaar verlaag en swak besoekersgetalle het sake verder vererger. In teenstelling met parke en museums moes die diere in die Dieretuin steeds gevoer word en kon die instansie die besnoeiing allermins bekostig. Ook wat die personeel betref, moes daar bespaar word: 'n klerk is na 'n ander afdeling oorgeplaas en 'n tikster is teen 'n baie lae besoldiging in diens geneem. Die Dieretuin was een bewaarder kort as gevolg van die oorlog en heelparty nie-blanke werkers is afbetaal. Gevolglik het die voorkoms van die inrigting daaronder gely. Ook die dieet van die diere het in gedrang gekom. Hulle moes met minder luukse (maar nie minder nie) en goedkoper voer klaarkom. As gevolg van vrektes het die aantal diere verminder, maar daar was nie geld beskikbaar om hulle deur aankope aan te vul nie. Aan die einde van daardie jaar het die Dieretuin 'n skuldelas van £700 gehad. In die jaarverslag het die Direkteur 'n pleidooi tot die regering gerig om nie die staatstoelaag te verminder nie, aangesien so 'n stap die Dieretuin net nog dieper in die skuld sou dompel.[17]

Tydens 'n Bestuurskomiteevergadering, gehou op 16 Maart 1915, is besluit om die volgende maatreëls te tref om kop bo water te hou: daar sou nie 'n vermindering in salarisse wees nie, maar die klerk, C.S. Botha, sou na sy ontslag uit die Leër nie weer in diens geneem word nie en ook sewe nie-blanke werkers sou ontslaan word. Dié maatreëls sou 'n besparing van £200 aan salarisse en £30 aan voedseluitgawes meebring. Die volgende jaar is die aantal nie-blanke werknemers tot 39 verminder.[18] Nuwe konstruksiewerk sou beperk word en aankope sou net ten opsigte van uiters eksotiese diere geskied. Die Bestuur het besluit om alles in sy vermoë te doen om die aantal subskripsielede te verhoog en toegangsfooie vir alle Sondagmiddagkonserte sou na een pond verhoog word. Hierdie maatreël sou eers net op 'n proefbasis toegepas word. Voorts sou by die stadsraad aansoek om 'n verhoging van sy subsidie gedoen word en om 'n verlaging in die tariewe wat dié instansie aan die stadsraad verskuldig was. Die Bestuurskomitee sou die Departement van Binnelandse Sake in kennis stel dat die finansiële verknorsing waarin die Dieretuin verkeer het, in gevaar verkeer het om te vererger, ondanks die besparingsmaatreëls wat getref is.[19] Die stadsraad het gunstig gereageer en die jaarlikse toelaag met £100 verhoog. 'n Verdere toegewing is ook gemaak deurdat die Dieretuin net 3 pennies per 1 000 gallon water sou moes betaal. As gevolg van hierdie toegewings van die stadsraad het die Bestuur besluit om nie 'n verdere



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verhoging van sy toelaag aan te vra nie, maar om net daarop te wys dat stadstoelae aan die Johannesburgse en Durbanse dieretuine steeds groter as dié van Pretoria was.[20]

Teen April 1916 het dit so beroerd met die Dieretuin se finansies gegaan dat die Bestuurskomitee 'n telegram aan die Eerste Minister, genl. Louis Botha, gestuur het waarin dringend versoek is dat die staatstoelaag van 1914 heringestel moet word.[21] Alhoewel die staatstoelaag nie op dié noodkreet verhoog is nie, het die regering 'n addisionele bedrag (as eenmalige skenking) van £900 aan die Dieretuin bewillig om sy skuld te delg, maar ook versoek dat die Bestuur 'n verslag moet opstel van die inkomste en uitgawes van die afgelope 3 jaar, met die nodige opskrifte.[22]

Die verhoging van die jaarlikse staatsubsidie in 1917 na £5 500, met dien verstande dat die skuld teen 31 Maart 1918 vereffen sou wees, was van groot hulp en teen die einde van 1917 was alle skuld feitlik gedelg. Weens die oorlog kon eksotiese diere nog steeds nie op groot skaal aangekoop word nie.[23] Die Bestuurskomitee het egter wel eenparig besluit dat Haagner se salaris jaarliks met £100 verhoog sou word uit erkentlikheid vir die wyse waarop hy sy taak as Direkteur verrig het.[24] Hierdie verligting in die finansiële toestand was egter van korte duur. Teen 1918 het die Dieretuin weer 'n skuldlas van £700 gehad en met pryse wat verder die hoogte ingeskiet het, wou dit voorkom of dié bedrag sou vermeerder.[25] Hierdie vrees is bewaarheid en teen Junie 1919 is bogenoemde skuld verdubbel. Die regering sou sy toelaag na £6 000 moes verhoog en die stadsraad sou ook 'n handjie moes bysit om die Dieretuin uit sy dilemma te help. 'n Dringende aansoek in dié verband is dan ook aan die burgemeester gestuur.

Om verdere besparing mee te bring, het die Direkteur voorgestel dat alle karnivore perdevleis moes kry. Ten spyte van teenkanting van Heys is besluit dat die Direkteur van die Veeartsenynavorsingslaboratorium die praktiese uitvoering van hierdie voorstel moet ondersoek.[26] 'n Maand later het Haagner opdrag van die Bestuurskomitee ontvang om vergelykende state met betrekking tot die inkomstes en uitgawes van die Dieretuin in gereedheid te bring met die oog op 'n onderhoud met òf die Minister van Binnelandse Sake, sir Thomas Watt, òf die Minister van Finansies, Thomas Orr. Komiteelid Kirkness het voorgestel dat aangesien hierdie Komitee alles in sy vermoë gedoen het om die Dieretuin goed te bestuur, maar nie op die finansiële steun van die regering kon reken nie, die volgende ultimatum gestel moet word. Indien die regering nie tot die oorspronklike staatstoelaag van £6 000 per jaar inwillig nie, sou die hele Dieretuinkomitee bedank en sou die regering maar self met die bestuur van die Dieretuin moet voortgaan.[27] 'n Onderhoud met die Minister van Binnelandse Sake het op 19 Augustus 1919 gevolg. Alle griewe, asook bogenoemde ultimatum is aan hom gestel. Hierop wou die Minister, tot verontwaardiging van die Bestuur oor sy gebrek aan kennis, weet "of die Nasionale Dieretuin ook as 'n nasionale instansie soos die Botaniese Tuin in Kirstenbosch gereken kon word!!!"[28] (*sic*). Die Minister het vervolgens onderneem om die herinstelling van die £6 000 teen April 1920 te bewerkstellig. Die Bestuurskomitee het die Minister daarop



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewys dat dit juis die stelsel van oorlogsbonusse was wat deur sy Departement ingestel is, wat bygedra het tot die skuldelas. Sir Thomas het hierop onderneem om genls. Smuts en Botha te spreek. Hy was egter ten sterkste teen die idee gekant dat enige Komiteelid hierdie aangeleentheid met 'n ander minister sou bespreek.[29] Tydens die volgende Bestuursvergadering het Jorissen (gesekondeer deur Jeppe) voorgestel dat 'n sterk bewoorde brief, wat die sake wat tydens die samesprekings met die Minister uitgewys is, weer in 'n brief aan die regering beklemtoon moet word. Die Bestuurskomitee sou ook in hierdie skrywe verklaar dat hy nie verantwoordelik vir die finansiële krisis gehou kon word nie en dat hy nie geneë voel om met sy taak voort te gaan nie.[30]

Al hierdie klagtes het darem nie op dowe ore geval nie: die stadsraad het 'n jaarlikse verhoging van £150 per jaar aan die Dieretuin toegestaan en ook twee raadslede benoem om in die Bestuur te dien. Die regering was wel bereid om die staatstoelaag met ingang 1 April 1920 na £6 000 te verhoog en 'n addisionele £200 is vir 1919 bygevoeg.[31]

Na hierdie gesprekvoering met die owerhede het die Bestuur 'n voorstel van die Departement van Binnelandse Sake ontvang dat laasgenoemde die rekeninge van die Dieretuin teen 'n vergoeding sou nagaan. Die Bestuurskomitee was egter van mening dat aangesien die Dieretuin 'n staatsinstelling was, so 'n kontrole gratis gedoen moet word. Die Departement is ook daarop gewys dat die boeke twee jaar gelede laaste geouditeer was.[32] Dat die Bestuur moeg gesukkel was en lus gehad het om met die regering swaarde te kruis, was duidelik. Die Direkteur het die Minister van Binnelandse Sake in kennis gestel dat £6 000 en selfs die addisionele toelaag van £200 vir 1919 heeltemal onvoldoende was om die Dieretuin aan die gang te hou. Die voorsitter van die Bestuurskomitee het gevolglik kennis gegee dat hy tydens die volgende vergadering sou voorstel dat al die Komiteelede hul bedanking moet indien. Haagner het ook opdrag ontvang om aan elke Komiteelid 'n spesiale kennisgewing in verband met die volgende vergadering te stuur en om te versoek dat diegene wat nie die verrigtinge sou kon bywoon nie, hul mening oor die finansiële verknorsing van die Dieretuin op skrif moet stel.[33] Steeds het die Dieretuin nie op sy louere gerus nie, maar alles in sy vermoë gedoen om te bespaar. Die Direkteur het onderneem om soveel moontlik van die voedselprodukte direk van die leweransiers te bekom en ook om van die plaaslike mark gebruik te maak.[34]

Vanaf 1 Februarie 1921 is die toegangsfooi vir volwassenes tot 9 pennies verhoog. Dié vir kinders het 3 pennies gebly.[35] In die maandverslae vir Januarie 1922 het die Direkteur verklaar: "Finances are in a bad way again; our outstandings at 31st Dec. last being over £1 960." Tydens die Bestuursvergadering van 21 Julie 1922 het Haagner wéér opdrag gekry om die Departement te nader oor 'n verhoogde toelaag "or at any rate a special grant to wipe off the outstandings, which after all was a legacy of the war".[36] Die stadsraad het ondertussen ingewillig om sy subsidie met £250 te verhoog wat die totale toelaag op £1 250 per jaar te staan gebring het. Hierdie toegewing was hoofsaaklik te danke aan die voorspraak wat raadslid Solomon, wat in die Bestuurskomitee gedien het,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir die Dieretuin gedoen het. Die Departement van Binnelandse Sake se reaksie was egter nie so gunstig nie. Weens die heersende ekonomiese toestande kon die subsidie nie verhoog word nie.[37] Die voorsitter van die Dieretuinkomitee, H.C. Jorissen, het hierop die Bestuur meegedeel dat hy 'n "stiff letter" aan die betrokke Departement gestuur het "telling them that he considered that the indebtedness of the Zoo was a direct liability of the Government and that in consequence they did not consider it right to go round with the hat, or to expect the Municipality to pay our debt".[38]

Hierdie skrywe was in reaksie op 'n brief van die Departement dat die Dieretuin die stadsraad van Pretoria om 'n groter subsidie moet nader en dat die Bestuur self 'n meer energieke poging moet aanwend om subskripsies van die publiek en finansiële steun van die sakesektor te verkry.[39]

Teen 1925 was die Dieretuin se skuld met ongeveer £300 verminder deurdat die leisels baie styf vasgehou is. Feitlik geen verbeterings aan kampe en aankope van nuwe diere is gedoen nie. Alhoewel geen toelae in hierdie tydperk verhoog is nie, het donasies en intekengelde darem toegeneem.[40] Hoe die presiese finansiële situasie in 1926 daar uitgesien het, is nie duidelik nie vanweë die bedanking van Haagner en die feit dat daar gedurende twee jaar geen jaarverslae saamgestel is nie. Dat dit nie baie rooskleurig was nie, blyk uit die verslag van dr. Bigalke oor hoe hy die toestand met sy aanstelling as nuwe Direkteur van die Nasionale Dieretuin aangetref het. Aan die begin van 1927 was daar 'n tekort van £2 300 aangeteken. Die grootste gedeelte van hierdie bedrag kon toegeskryf word aan die invloed van die Eerste Wêreldoorlog. In hierdie tyd moes die Bestuurskomitee 'n verlaagde staatsubsidie, verminderde inkomste by die hek en prysverhogings op alle terreine in die gesig staar.

Na 'n ernstige beroep op die regering is 'n lening van £2 500, betaalbaar in vyf jaarlikse paaiemente van £500, in Julie 1927 aan die Dieretuin toegestaan. Omdat die bedrag 'n lening en nie 'n skenking was nie, is die geldelike las slegs verskuif. Ofskoon die lening verligting gebring het in die sin dat opgehoopte skuld gedelg kon word, het dit steeds nie gehelp met die daaglikse uitgawes wat met die instandhouding en vervanging van ou vervalle geboue en kampe gepaard gegaan het nie. Die toelaag van £6 000 is ook deur dr. Bigalke as heeltemal ontoereikend beskou en hy was van mening dat die instansie steeds benadeel is deur die feit dat daar gedurende die afgelope 29 jaar nooit genoegsame fondse bewillig was om die Dieretuin met redelike gemak te bestuur nie. Die stadsraad was steeds meer genaakbaar in sy houding jeens die lot van die Dieretuin en het die toelaag van £1 250 na £1 500 per jaar verhoog en in Augustus 1927 is die bedrag van £1 000 aan dié instansie geskenk om nuwe geboue op te rig.[41]

In sy hoofartikel "Future of the Zoo" het die redaksie van *The Pretoria News* sterk te velde getrek teen die toestand waarin die Dieretuin verkeer het en ook die mening uitgespreek dat die Staat 'n groter bydrae moet lewer, omdat dié instansie deels onder die Staat geressorteer het. Die koerant het aan die hand gedoen dat die instansie meer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

publisiteit aan gebeure in en om die Dieretuin moet gee ten einde belangstelling by die publiek te wek.[42] Dr. Bigalke het hierdie raad gevolg en voortaan van elke moontlike geleentheid gebruik gemaak om die Dieretuin te adverteer. Uit die plakboeke met koerant- en tydskrifartikels, saamgestel deur die Dieretuin, blyk dit duidelik hoe daar aan feitlik elke koerant in Pretoria en in Johannesburg berigte deurgegee is om die publiek op hoogte te hou met die wel en weë van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Die Direkteur het voortdurend deur middel van die pers daarop gewys dat die gebrek aan fondse die uitbreiding van die Dieretuin en sy funksies gekortwiek het.[43]

In hierdie tyd was daar selfs sprake dat die stadsraad moontlik die Dieretuin sou oorneem, asook die verskuiwing van die instansie na die Fonteinedal, waar die omgewing baie geskik was en die kiosk druk besoek is. Die vraag het egter ontstaan of die stadsraad in staat sou wees om jaarliks £10 000 vir die Dieretuin beskikbaar te stel, aangesien die Staat moontlik sy subsidie dan drasties sou verlaag.[44] *Die Volkstem* het die volgende gegewens vir 1928 aangaande die Dieretuin gepubliseer:

| | | |
|---|---|---|
| **Aantal diere op 31 Desember 1928:** | | 375 spesies<br>± 1 500 diere in totaal |
| **Finansies:** | Inkomste | £14 109 |
| | Uitgawes | £13 019 |
| **Voorbeelde van bronne van inkomste:** | | |
| | Staatstoelaag | £6 000 |
| | Toegangskaartjies | £3 075 |
| | Stadsraadstoelae | £1 500 |
| | Verkoop van diere | £ 762 |
| | Huur van teekamer | £ 387 |
| | Verkoop van diere-voer | £ 257 |
| **Vernaamste Uitgawes:** | | |
| | Salarisse | £4 213 |
| | Dierevoer | £2 490 |
| | Nuwe geboue | £1 691 |
| | Lone vir nie-blanke arbeiders | £1 343 |
| | Onderhoud van tuine | £ 365 |
| | Aankoop van diere | £ 442 |
| | Terugbetaling van staatslening | £ 375 |
| | Water | £ 431 |
| | Ander onderhouds-koste | £ 610 |

In daardie stadium het die personeel uit veertien blanke en veertig nie-blanke arbeiders bestaan. Bandiete is ook af en toe gebruik.[45]

Ook die lesers het in die briewekolomme by die Dieretuin betrokke geraak. In 'n brief aan *The Pretoria News* het ene John Byng voorgestel dat daar meer as net een keer per



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maand musiek verskaf moet word en dat die Dieretuin 'n dranklisensie moet verkry. Met die opskrif "Zoo Finance - Why not a Beer Garden?" het hy onder meer die volgende geskryf: "even the ladies of our present times, emancipated as they are, and no longer subject to the Victorian ideas of Mrs. Grundy, would often prefer a delicious cocktail to the eternal weak tea that usually is distributed on all occasions..."[46]

In September 1929 het 'n deputasie, bestaande uit Norman Spencer (Voorsitter), P.I Hoogenhout, T. de Villiers en dr. Bigalke die Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, gaan spreek oor 'n verhoging van die staatstoelaag tot £14 000, versprei oor drie jaar, om so in die behoeftes van die Dieretuin te voorsien.[47] Alhoewel hierdie vertoë nie geslaagd was nie, het die regering tog erken dat die Dieretuin se kapitaaluitgawe en ook die instandhouding van die geboue die Staat se verantwoordelikheid was. Die gevolg was dat die Departement van Openbare Werke 'n nuwe slanghok teen £256:9:6 opgerig het en verbeterings ter waarde van £494 aan die woning van die hooftuinier aangebring het.[48] Verder het dr. Malan opdrag gegee dat die terugbetaling van die £500 vir die finansiële jaar 1931-1932 afgeskryf moet word.[49]


Die depressietoestande het sake ook nie makliker vir die Dieretuin gemaak nie en die besoekersgetal het in 1930 drasties gedaal tot 112 763 teenoor die 114 895 van 1929 wat beteken het dat daar 'n verlies van £112:14:1 aan inkomste was.[50] Die finansies van die Dieretuin is uiters streng beheer en selfs die dringendste herstel- en vervangingswerk is uitgestel. Hierdie besparingsmaatreëls, die aankoop van die goedkoopste voorrade moontlik, tesame met onverwagse goeie pryse wat met diereverkope verkry is, asook die verhoogde jaarlikse munisipale bydrae van £2 250 het dit vir die Bestuurskomitee moontlik gemaak om weg te doen met die toegangsgeld van 'n trippens vir blanke kinders onder veertien jaar en hulle gratis tot die Dieretuin toe te laat. Laasgenoemde het meegebring dat die aantal kinders wat die laaste vyf maande van 1932 (sedert die toegewing gemaak is) tot 21 855 gestyg het teenoor die 8 003 gedurende dieselfde tydperk die vorige jaar.[51] Vanaf 1933 het die aantal besoekers elke jaar toegeneem en gevolglik ook die inkomste wat die Dieretuin van hekgeld ingevorder het. In 1934 het die regering £8 000 beskikbaar gestel vir die uitbreiding van die noordelike hange van die Dieretuin waar enorme hokke vir die katsoorte beplan is. Die staatstoelaag is weer na £6 000 verhoog op voorwaarde dat die £1 000 wat nog uitstaande op die lening was, in vierjaarlikse paaiemente van £156 deur middel van aftrekkings van die £6 000 betaal sou word. Die Tesourie het egter bepaal dat die Departement van Openbare Werke nie die instandhouding van geboue, soos in 1930 onderneem is, kon dra nie en dienste sou slegs gelewer word indien die Nasionale Dieretuin self die onkoste daaraan verbonde sou dra.[52] Die Sekretaris van Binnelandse Sake het na aanleiding hiervan besluit dat versoeke met betrekking tot dienste wat benodig word slegs een keer per jaar ingedien moet word en dat dit vir goedkeuring aan die Departement van Openbare Werke voorgelê sou word.[53]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

***WILL IT COME TO THIS?*** **By Bob Connolly**




**Pretoria Zoo in financial straits.—News item.**

**Figuur 11** 'n Spotprent wat in die *Rand Daily Mail* verskyn het om die finansiële krisis waarin die Dieretuin hom in 1948 bevind het, uit te beeld. (Uit: *Rand Daily Mail,* 1948-04-26).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die einde van 1938 het die Direkteur in sy jaarverslag gerapporteer dat die staatslening, waaronder die Dieretuin die afgelope tien jaar so swaar gebuk gegaan het, afgelos was. Die jaarlikse toelae van die regering en die stadsraad is onderskeidelik na £3 000 en £6 500 verhoog.[54] Weens die finansiële dilemma wat die vorige wêreldoorlog meegebring het, het die Raad besluit om alle bouprogramme ten tyde van die Tweede Wêreldoorlog te staak en dat die rieme weens prysstyging op alle terreine dun gesny moet word. Die prys van byvoorbeeld vleis het met 39% en dié van groente met 'n persentasie van 'n paar honderd gestyg.[55] Hierdie knellende tydperk het tot in 1952 geduur. In 1944 het die uitgawes van die Dieretuin die inkomste met £275:17:8 oorskry. Boonop het die regering aanvanklik ook geen bydrae toegestaan tot die verpligte lewenskostetoelae wat die Dieretuin volgens Oorlogsmaatreël No. 71 van 1944 aan sy werknemers moes betaal nie. Alhoewel die Departement van Binnelandse Sake in 1945 'n bedrag van £1 250 hiervoor opsy gesit het, moes die Raad in 1944 'n bedrag van £1 787:7:6 vir hierdie fonds opdok. Om op vleis te bespaar, is van afgekeurde diere gebruik gemaak wat van die Departemente van Landbou en Verdediging verkry is. So is £700 op vleis in 1944 bespaar.[56]

Na die oorlog het dit nie veel beter gegaan nie (fig.11): die Raad was van mening dat die Dieretuin deur die oorlogsjare met baie min regeringsbystand gedra is en is die skuld vir die opdraende stryd wat gevoer moes word voor die deur van die regering gelê. Die rede hiervoor was juis omdat dit wetgewing ten opsigte van werkloosheidsversekering en die groter bydrae tot die werknemersvergoeding was wat geldelik swaar vereistes gestel het. Verder is die toegewing dat Dieretuindiere gratis deur die spoorweë vervoer kon word, teruggetrek, die nie-blanke werkers moes busgeld betaal en die pasgeld van die nie-blankes is verdubbel. Dit alles het dit vir die Dieretuin al hoe moeiliker gemaak om finansieel kop bo water te hou. Die Raad het ook van die Staat verwag dat die personeel van die Dieretuin dieselfde voordele as die ander staatsdiensamptenare moet geniet en dat hulle dus ook op die verhoogde salarisse en lone soos in die omsendbrief van die Tesourie No. 11 van 1946 (terugwerkend van 1 Januarie 1949 af) vervat, kon aanspraak maak. Hulle moet ook voordeel uit die vasgestelde lewenskostetoelae kon trek. Dat die regering en die stadsraad van Pretoria baat kon vind by die volledige wetenskaplike diens wat deur die Dieretuin verskaf word teen minder as die helfte van die toelae wat die Johannesburgse stadsraad aan sy dieretuin gegee het, was volgens die Direkteur 'n skande. Met hierdie argument het hy sy aansoek om 'n verdere verhoging in die staats- en stadsraadstoelae probeer regverdig.[57] Die situasie het so kritiek geword dat 'n afvaardiging wat die blanke werknemers van die Dieretuin verteenwoordig het, 'n onderhoud met die Raad aangevra het. Tydens die samesprekings het hulle gekla oor die bykans onuithoudbare las waaronder hulle gebuk moes gaan as gevolg van die ontoereikende salarisse. Van die senior personeel het aangedui dat hulle 'n ander heenkome sou moet soek indien die Raad nie 'n oplossing vir hul probleem kon vind nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aangesien die werkslui gespesialiseerde, indiensopgeleide persone was, kon die Dieretuin nie sonder hulle dienste klaarkom nie en is sekere verhogings as 'n noodmaatreël toegestaan. Nogtans was hul salarisse steeds veel kleiner as dié van ander staatsdiensamptenare. In die jaarverslag vir 1948 het dr. Bigalke dit baie sterk gestel dat 'n staatsondersteunde instansie daarop geregtig was om bystand van die regering vir sy voortbestaan te verwag.[58] In 1949 het die stadsraad van Pretoria, wat sedert 1941 nie sy weg oopgesien het om sy jaarlikse toelaag te verhoog nie, ook sterk onder skoot gekom. Die Direkteur het daarop gewys dat ofskoon die meeste besoekers aan die Dieretuin Pretorianers was, die jaarlikse subsidie van die stadsraad slegs £3 700 was - £1 300 minder as wat die dieretuin van Johannesburg maandeliks van sy stadsraad ontvang het![59] Alhoewel die Kommissie van Ondersoek ten opsigte van Staatsondersteunde Instansies op 20 Junie 1950 sy bevindings in die parlement ter tafel gelê en aanbeveel het dat die regeringstoelaag vir die Nasionale Dieretuin jaarliks met ongeveer £5 000 verhoog moet word, dat die ou Transvaal Museum so gou moontlik in 'n varswaterakwarium omskep moet word en dat die aaphokke teen die hange van die Magaliesberg voltooi moet word, was dit nie duidelik of die regering op hierdie voorstelle sou ag slaan nie.[60] In die lig van hierdie onsekerheid is toegangsgeld op 1 Julie 1950 tot een sjieling vir volwassenes verhoog. Sedert 1921 is daar geen aanpassing ten opsigte hiervan gemaak nie en die feit dat 237 942 soldate vir die tydperk 1940-1949 gratis of teen 'n verlaagde tarief tot die Dieretuin toegelaat is, het beteken dat 'n moontlike inkomste van £5 647 verbeur is.[61]

## Ekonomiese oplewing

In die jaarverslag vir 1952 kon die Direkteur uiteindelik aankondig dat daar 'n verbetering in die geldelike toestand was. Daar is van staatsweë besef dat die subsidies aan die staatsondersteunde instansies verhoog moet word en ook die stadsraad het sy bydrae van £3 700 tot £4 000 vir die jaar wat op 30 Junie sou eindig, verhoog.[62] Vroeg in 1954 het die Sekretaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ingewillig om die salarisse van die personeel op dieselfde basis as dié van die staatsdiens te konsolideer en 'n addisionele subsidie van £1 250 is vir dié doel toegestaan.[63]

Op 1 Januarie 1958 is die toegangsgeld tot een sjieling en ses pennies opgestoot - hierdie bedrag was egter steeds heelwat laer as dié van die bekendste oorsese dieretuine.[64]

In Oktober 1962 is dr. Bigalke deur dr. Brand as Direkteur opgevolg. Die toegangsgeld is op 1 Oktober 1962 van 15c vir volwassenes na 20c opgestoot en kinders tussen ses en veertien jaar moes 5c opdok. Blanke kinders kon op Sondae en nie-blanke kinders op Vrydae die Dieretuin gratis besoek. Ofskoon die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sy toelaag met bykans twintig persent besnoei het, het die Raad tog daarin geslaag om die finansiële jaar met 'n oorskot van R485,30 af te sluit. Dit sou egter



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie moontlik gewees het sonder die verhoogde hekgeld en die besnoeiing ten opsigte van instandhouding, verbeterings en uitbreiding nie.[65]

Ná dr. Brand se terugkeer van sy besoek aan die Twintigste Konferensie van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure in Wes-Berlyn in 1965, het hy aan *Die Transvaler* meegedeel dat dieretuine in Europa as die belangrikste bate van 'n stad beskou is. Die regerings en die stadsrade het ongelooflike bedrae aan die instandhouding van hul dieretuine bestee. Die grootste tekortkoming in Suid-Afrika was volgens hom die feit dat dieretuine op genade aan die gang gehou moes word.[66]

Volgens die jaarverslag vir 1967/1968 het die finansiële toestand van die Dieretuin soos volg daar uitgesien. Uitgawes: R248 242,41; Inkomste: R247 396,81. Uitgawes oorskry Inkomste R845,60. Buiten die jaarlikse toelae het die Dieretuin sy inkomste ook nog uit die volgende bronne aangevul: donasies van die Dierkundige Vereniging: R543,00; verkope van die kwartaalblad: R720,30; seisoenkaarte: R54,00; die hospitaalfonds: R227,89; trekkertreinritte: R1 957,95 en diereritte: R1 210,20 - 'n totale bedrag van R4 713,34. Die staat- en stadsraadsubsidie was onderskeidelik R140 200,00 en R12 000,00.[67]

In Desember 1967 het die Minister van Nasionale Opvoeding 'n Komitee van Ondersoek na die Behoeftes van Staatsondersteunde Inrigtings onder voorsitterskap van dr. François de Villiers aangestel om verslag te doen oor: (i) die personeel- en finansiële behoeftes van Staatsondersteunde Inrigtings ingevolge Wet 23 van 1931, met die oog op die doeltreffende vervulling van hulle onderskeie funksies; en (ii) hoe in die behoeftes soos onder (i) bevind, voorsien moet word. Na aanleiding van bogenoemde het die Dieretuin 'n brief, gedateer 3 Maart 1969, van die Sekretaris van Kultuursake ontvang waarin die Dieretuin meegedeel is dat sy staatstoelaag vir die volgende vyf jaar vanaf 1969/70 deur middel van 'n subsidie-formule bepaal sou word. Hierdie formule het onder meer voorsiening gemaak vir die betaling deur die Staat van alle uitgawes ten opsigte van salarisse, lone en toelaes vir die vorige boekjaar, naamlik 1967/68. Hierdie toegewing van staatsweë was vir die Dieretuin van die grootste belang, aangesien hy gedurende die afgelope boekjaar in hierdie verband gereeld vertoë tot die Departement moes rig om addisionele fondse. Die Komitee van Ondersoek het ook die volgende vyfjaarbouprogram vir die Dieretuin aanbeveel:

| | | |
|---|---|---|
| <u>1969/70: Dierehospitaal</u><br>Kamer vir nadoodse ondersoeke, ensovoorts | : | R20 000,00 |
| <u>1970/71: Diereversameling</u><br>Olifantkamp - R25 000,00<br>Nagdierhuis - R20 000,00 | : | R45 000,00 |
| <u>1971/72 Voorlesingsaal</u> | : | R50 000,00 |
| <u>1972/73 Kinderdieretuin</u> | : | R20 000,00 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar is egter besluit om die dienste wat deur die Komitee aanbeveel is as een projek tot die Departement van Kultuursake se lys van grootwerkedienste te voeg, maar dit was moelik om te voorspel wanneer hierdie projek aan die beurt sou kom. In die geheel gesien, was die berekening van die Dieretuin se staatstoelaag 'n groot verbetering.[68]

In 1969 het die Raad vertoë tot die stadsraad om 'n verhoogde toelaag gerig. Om die noodsaaklikheid van só 'n verhoging te beklemtoon, het die Direkteur aanhalings uit opmerkings van die konferensiegangers van die Drieentwintigste Jaarlikse Konferensie van die Internasionale Dieretuindirekteure wat in Oktober 1968 in Pretoria aangebied is, aangeheg. Uit hierdie aanhalings was dit duidelik dat die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika wêreldwye aansien geniet het en dat die kongresgangers van mening was dat die werk alhier gedoen van besonder hoogstaande gehalte was. Dit was dus noodsaaklik dat die Dieretuin nie die status wat hy onder die wêreld se beste dieretuine geniet het weens ontoereikende finansiële hulp moes inboet nie.

Die president van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure, dr. W. Windecker, het hom soos volg teenoor die pers uitgelaat oor die Nasionale Dieretuin: "Nie een van die afgevaardigdes na die konferensie kon hier met natuurbewaring fout vind nie. Die konferensie wat by die Nasionale Dieretuin gehou is, is die mees geslaagde een wat nog gehou is." Om sy pleidooi verder te versterk, het die Raad klem gelê op die behoefte aan beter opvoedkundige dienste en gepaardgaande fasiliteite. Daar is ook melding gemaak van die beoogde kinderdieretuin waarmee nog nie begin kon word nie.[69] Die stadsraad asook die Departement van Nasionale Opvoeding het albei gunstig op hierdie pleidooi gereageer en die daaropvolgende jaar is die subsidies aansienlik verhoog.[70]

Dit het egter geblyk dat hierdie toegewings te goed was om waar te wees; die staatsubsidie vir 1972/73 en 1973/74 is aansienlik besnoei, ten spyte van die feit dat die bedryfskoste van die Dieretuin heelwat toegeneem het. Daar is ook voorsien dat die instansie se reserwefonds teen die einde van 1974 feitlik geheel en al uitgeput sou wees. Na nog 'n betoog het die Staat R519 000,00 beskikbaar gestel waarvan R7 906,00 'n addisionele toekenning was waardeur salarisse vanaf 1 Julie 1974 aangepas kon word.[71] In 1977 was die Dieretuin weer in finansiële moeilikheid. Die boekjaar vir 1976 is afgesluit met 'n tekort van R38 000,00 en die instansie kon gevolglik nie die oprigtingskoste van R34 000 vir die Akwarium en Reptielpark wat op 19 Julie 1974 geopen is, afbetaal nie. Die Direkteur het wel verduidelik dat die uitgawes aan vleis baie hoër was as waarvoor bereken is, maar dat dié uitgawe drasties sou afneem sodra die koelkamers wat vir dié doel opgerig is, voltooi sou wees. Dr. Brand se optimisme was ook te danke aan die feit dat die staatsubsidie vir 1977/78 hoër as dié van die vorige jaar was.[72] Kort hierna ontvang die Direkteur egter 'n skrywe van die Sekretaris van Nasionale Opvoeding waarin die Dieretuin in kennis gestel is dat die staatsubsidie met R29 040,00 besnoei sou word. In antwoord op hierdie terugslag skryf dr. Brand 'n brief wat baie aan die pleidooie herinner wat dr. Bigalke in sy jare van stryd aan die Staat gerig het. Brand het dieselfde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

argumente gebruik en dit beklemtoon dat die Dieretuin nie met ander staatsondersteunde kulturele inrigtings vergelyk kon word nie; dat die versameling in die Dieretuin uit lewende plante en diere bestaan wat met uitwissing bedreig word, en waarvan die waarde nie in terme van Rand en sent bereken kon word nie. Hy het daarop gewys dat ofskoon daar nie noemenswaardig op voedsel en huisvesting bespaar kon word nie, vleiseters selfs vleislose dae op hul spyskaart het. Hy het ook op die terugslag gewys wat die wildteelplaas by Lichtenburg getref het met die kommandowurms wat die winterweiding gedeeltelik uitgewis het. Ten laaste het hy versoek dat die terugbetaling van die oprigtingskoste van die Akwarium en Reptielpark uitgestel word totdat die finansiële posisie van die Dieretuin verbeter het.[73] Tydens die Raadsvergadering, gehou op 2 Junie 1977, is 'n memorandum ter besparing voorgelê. Daar is ook besluit dat die veearts weer die diëte van al die diere moet nagaan. Verder sou vakatures nie gevul word nie en die glashuis vir tropiese plante wat met twee dieseleenhede verwarm is, sou gesluit word.[74]

Met ingang 10 April 1979 is toegangsgeld tot die Dieretuin na R1,00 vir volwassenes en 50c vir kinders tussen vyf en vyftien jaar oud verhoog. Die totale bedrag wat die hekgelde opgelewer het vir 1979/80 was R335 374,30. Vir die Akwarium en Reptielpark was die toegangsgeld 50c vir volwassenes en 20c vir kinders. Skoliere en studente in georganiseerde groepe het 10c betaal. 'n Totaal van R61 759,00 is gevolglik geïn. Wat die natuurreservaat en wildteelsentrum te Lichtenburg betref, is R1,00 per voertuig met 'n maksimum van vyf insittendes en 20c vir elke addisionele insittende gevorder. Die totale inkomste vir 1979/80 wat Lichtenburg betref, het op R323,60 te staan gekom.[75] Die uitgawes en inkomste van die Nasionale Dieretuin het vir die eerste keer sedert 1971/1972 vir die boekjaar 1982/83 geklop, naamlik met 'n bedrag van R237 969,00.[76]

Met dr. Brand se aftrede in 1984 het die finansiële toestand van die Dieretuin baie beter daar uitgesien, met 'n inkomste van R15 864,00 bo die uitgawes. Prof. E.F. Potgieter het dan ook tydens 'n Raadsvergadering 'n spesiale woord van gelukwensing aan die Direkteur en sy personeel gerig dat hulle dit moontlik gevind het om onder die omstandighede nog so 'n gunstige verslag te kon indien.[77]

1. ATM: Preliminary report on the Tvl. Museum and Zoological Gardens - Military Governor, Pretoria, 1900-08-01.
2. ATM: Government correspondence file, 5 June 1900: Brief van tesourie-komitee, 1900-07-17.
3. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 4
4. ATM: Government correspondence file, 5 June 1900: Brief van militêre goewerneur - Komitee, 1900-07-18.
5. ATM: Letters received, May 1902 - Aug. 1902: Brief van Koloniale Sekretaris, 1902-08-13.
6. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 4.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

7. ATM: M en D notules: 1901-08-06.
8. ATM: Letters received, May 1902 - Aug. 1902: Brief van Koloniale Sekretaris, 1902-08-13.
9. ATM: Brieweboek Jan. - Apr. 1905: Ouditeursverslag, 1904-10-17.
10. ATM: Brieweboek Jul. - Des. 1905: Brief van kapt. R.E. Berkeley, 1905-08-29.
Verdere voorbeelde van aanmanings om rekeninge te vereffen: 'n Brief van Mutual Life Insurance Co, Kaapstad - ATM: Brieweboek Jul. - Des. 1905: Brief van direkteur van maatskappy - Direkteur, 1905-09-16; 'n rekening van die African Banking Corporation Limited, Durban is sedert Julie 1904 nie vereffen - ATM: Brieweboek Jul. - Des. 1905: Brief van bestuurder van bank - Direkteur, 1905-10-26; die firma Mitchell Cotts het as laaste uitweg 'n skrywe aan die Koloniale Sekretaris gerig: "We enclose herewith a copy of account against the Government Museum ammounting to £1:3:6 and we should be pleased if you will take the matter up as we have repeatedly applied for payment without eliciting any reply" - ATM: Brieweboek Jan. - Jun. 1907: Brief van Mitchell Cotts Co. - Koloniale Sekretaris, 1907-01-27.
Ook het Gunning dikwels nagelaat om briewe te beantwoord. So het Alexander Gromer sy verbasing uitgespreek dat hy geen antwoord op sy skrywe van 23 November 1906 ontvang het nie - ATM: Brieweboek Jan. - Jun. 1907. Nog voorbeelde: ATM: Brieweboek Jan. - Jun. 1907: Brief van die Rotterdamse Diergaarde, 1907-02-11; Brief van die ouditeur-generaal, 1907-03-14.
11. ATM: Brieweboek Jul. - Des. 1905: Brief van Yokohomo Nursery Co. Limited, Japan, 1905-10-07.
12. ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904: Brief van stadsklerk - Direkteur, 1904-05-20.
13. ATM: Maandverslae 1908-1909: Des. 1908.
14. NDSA: Tvl. Z G Report 1909-1910, p. 4.
15. NDSA: Tvl. Z G Report 1910-1911, p. 14.
16. NDSA: Maandverslae en notules 1912-1914: Notule, 1912-07-19.
17. NDSA: Tvl. Z G Report 1915, p. 3.
18. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, Mei 1916.
19. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Maandverslag, Mrt. 1915.
20. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Notule, 1915-03-16.
21. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, 1916-04-18.
22. NDSA: Tvl. Z G Report 1916, p. 1; Maandverslae en notules 1916: Notule, Jun. 1916.
23. NDSA: Tvl. Z G Report 1917, p. 3; Maandverslae en notules 1917: Notule, 1917-07-24.
24. NDSA: Maandverslae en notules 1917: Notule, 1917-11-20.
25. NDSA: Tvl. Z G Report 1918, p. 3.
26. NDSA: Maandverslae en Notules 1919. Notules 1919-05-20 en Jun. 1919.
Mnr. Solomon het voorgestel dat die Dieretuin self die vleisbeeste vir die karnivore moet aankoop en dit een maal per week by die abattoirs laat slag. Die koste om dit te laat verkoel in die koelkamers sou nie te hoog wees nie en op hierdie wyse sou daar ten opsigte van die uitgawe van vleis bespaar kon word in plaas daarvan dat kontrakteurs vleis aan die Dieretuin sou lewer. Die voorsitter, H.C. Jorissen, het weer eens daarop gewys dat perdevleis gebruik moet word, maar a.g.v. die hitte kon perde nie in die somer geslag word nie, omdat die Dieretuin se koelkamers nie groot genoeg was nie. Uit hierdie bespreking kan afgelei word dat die koste wat aangegaan moes word om diere van vleis te voorsien, bygedra het om uitgawes te verhoog - NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule 1922-01-17.
27. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Notule, 1919-07-22.
28. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Onderhoud met Minister van Binnelandse Sake, sir Thomas Watt, notule, 1919-08-19.
29. *Ibid.*
30. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Notule, 1919-09-17.
31. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Maandverslag, Nov. 1919.
32. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Notule, 1919-12-15.
33. NDSA: Maandverslae en notules 1920: Notule, 1920-01-20; N Z G Report 1919-1920, p. 2.
34. NDSA: Maandverslae en notules 1920: Notule, 1920-04-23.
35. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-01-18; Maandverslag, Jan. 1922.
36. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-07-21.
In die jaarverslag van 1922 is berig dat die bedrag wat gewoonlik met hekgeld geïn is, met £600 afgeneem het. Die rede daarvoor was waarskynlik die onrussituasie op die Rand as gevolg van die 1922-Staking. Dit was duidelik dat die publiek nie hulle huise wou verlaat nie. Die interne bestuur het sy uiterste bes gedoen om te bespaar; nie-blanke personeel is afgedank en die diere het selfs minder gekry om te vreet. Die waterrekening was so hoog dat besluit is om 'n boorgat te sink. Dit is gedoen, maar daar was nie fondse om dit met 'n pomp toe te rus nie. Die Komitee het in hierdie verslag daarop gewys dat alhoewel die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toelaag dieselfde as in 1906 was, die Diertuin die afgelope sewentien jaar drie keer so groot was. - NDSA: N Z G Report 1922, p. 4.

Om meer besoekers te lok, is besluit om die toegangsfooi vanaf 1 Desember 1925 van 9 tot 6 pennies te verlaag. Dit sou op 'n proefbasis van drie maande toegepas word. - NDSA: Maandverslae en notules 1925: Notule, 1925-11-26.

Reeds in Januarie van die volgende jaar is daar teruggerapporteer dat hierdie verlaging op 'n verlies vir die Dieretuin uitgeloop het. - NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-10-23.

In Maart is daar besluit om na die ou bedrag van 6 pennies vir elke dag van die week en 1 pond vir Sondae terug te keer. - NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-04-26

37. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-08-18.
38. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-11-17.
39. NDSA: Maandverslae en notules 1923: Notule, 1923-09-31.
40. NDSA: N Z G Report 1925, p. 1.
41. NDSA: N Z G Report 1928, p. 2; *The Pretoria News,* 1927-06-24 (hoofartikel); 1928-07-12.
42. *The Pretoria News.* 1927-06-24 (hoofartikel).
43. *The Pretoria News,* 1929-03-04 (hoofartikel); 1929-03-09; 1929-03-31; 1932-03-04; *Rand Daily Mail,* 1930-03-31; 1932-03-05; *Die Volkstem,* 1930-03-31 (twee artikels); *The Star,* 1930-04-01.
44. *The Pretoria News,* 1928-07-12 (twee artikels); *Die Volkstem,* 1928-07-11.
45. *Die Volkstem,* 1929-03-12.
46. *The Pretoria News,* 1933-03-12.
47. *The Pretoria News,* 1929-09-23.
48. NDSA: N Z G Report 1930, p. 1; *Die Volkstem,* 1931-03-18; *The Star,* 1931-03-19.
49. NDSA: N Z G Report 1930, pp. 2-3.
50. *Ibid; The Pretoria News,* 1931-07-13.
51. NDSA: N Z G Report 1921, p. 1 en 5; *The Pretoria News,* 1933-04-03; *Rand Daily Mail,* 1933-04-04; *Die Volkstem,* 1933-04-03.
52. NDSA: N Z G Report 1932, pp. 1-2.
53. *Ibid.*
54. NDSA: N Z G Report 1938, p. 2; *The Pretoria News,* 1938-03-17; *Die Volkstem,* 1938-03-17.
55. NDSA: N Z G Report 1941, pp. 4-5; *The Pretoria News,* 1941-06-15.
56. NDSA: N Z G Report 1944, p. 2; *The Pretoria News,* 1942-04-11; 1942-06-03.
57. NDSA: N Z G Report 1947, pp. 2-3; Report 1948, p. 1; *The Pretoria News,* 1949-04-29; *The Star,* 1944-04-30; *Die Transvaler,* 1949-05-02.

Voorbeelde van die verbruik van dierevoedsel:
8 600 lb. (3 909 kg) vleis
17 000 lb. (7 207 kg) lusern
18 000 lb. (8181 kg) brood
170 lb. (77 kg) vis
4 500 lb. (2 045 kg) gebreekte mielies
1 400 piesangs
2 300 pampoene
960 pte. (545 l) vars melk en nog baie ander voedselsoorte. Molasse, suiker, grondboontjies, gekristaliseerde vrugte, vistraanolie en eiers is ook in groot maat aangekoop. Elke dag moes pap vir die diere gemaak word en elke voël- en diersoort is van die juiste hoeveelheid voorsien. Inseketende voëls en diere is geleer om ander kos te vreet. So byvoorbeeld is die erdvark, wat nie van miere voorsien kon word nie, op 'n dieet van maalvleis, beskuitjies, melk, gekookte eiers en af en toe lewertraanolie, suurdeeg en beenmeel geplaas. Die katsoorte was op Vrydae herbivore, wat nie vleis nie, maar groen gras gekry het om te vreet - *The Pretoria News,* 1948-10-09.

Die Dieretuin is dikwels gekortwiek in sy volgehoue pogings om waar moontlik te spaar. Die Minister van Finansies het byvoorbeeld die versoek van die Departement van Openbare Werke dat geld toegestaan moet word om 30 akker (±12 ha) van die Dieretuin te omhein, sodat die afgekeurde diere wat as vleis gebruik word, gehuisves kon word, eenvoudig van die sakelys weggelaat - N Z G Report 1948, pp. 2-5.

58. NDSA: N Z G Report 1948, pp. 2-5; *The Pretoria News,* 1949-04-29; *The Star,* 1949-04-30; *Die Transvaler,* 1949-05-02.
59. NDSA: N Z G Report 1949, p. 21; *Die Volkstem,* 1948-04-23; *Rand Daily Mail,* 1948-04-24; 1950-05-01; *Die Transvaler,* 1950-04-29; *The Star,* 1950-04-20; *Die Vaderland,* 1950-05-01; *Die Transvaler.,* 1950-04-29; *The Star,* 1950-04-29; *Die Vaderland,* 1950-04-29; *The Pretoria News,* 1950-04-09; 1950-05-01.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 'n brief aan die stadsraad het die Raad dit beklemtoon dat daar die afgelope vyf jaar feitlik geen toename in die munisipale hulptoelae was nie, ten spyte van die aansienlike prysstygings sedert die uitbreek an die oorlog. Volgens die Direkteur het die Dieretuin in dieselfde verhouding tot die Staat as die Staatsbiblioteek gestaan; nogtans het die stadsraad in 1944/45 voorsiening gemaak vir die skenking van 'n bedrag wat twee tot drie keer groter was as wat aan die Nasionale Dieretuin toegeken is. Dit blyk toe dat die hulptoelae van die stadsraad op die aantal persone wat van die biblioteek gebruik gemaak het, gebaseer was en die toekenning is verhoog in verhouding tot die toename in die gelewerde dienste. Sou die stadsraad instem om 'n soortgelyke ooreenkoms met die Dieretuin aan te gaan en dus 'n subsidie van 6 pennies per persoon betaal vir elkeen wat die Dieretuin besoek, sou die Raad in 1944 'n hulptoelae van £7 420 kon ontvang het. Dit was onbegryplik waarom 'n outomatiese verhoging van die munisipale hulptoelae in die een geval gemaak is, terwyl in 'n ander instansie nie dieselfde voordeel uit so 'n reëling kon trek nie. Die Direkteur het ook daarop gewys dat daar sedert 1940 heelwat opvoedkundige dienste by die Dieretuin gelewer is en dat plaaslike asook skole van ander dele van die provinsie hierby baat gevind het - *Die Volkstem,* 1945-11-15.

60. *The Pretoria News,* 1950-07-29; 1945-04-16; 1945-04-20; 1943-09-14; 1943-09-22; *Die Transvaler,* 1943-09-18; 1945-04-17; *Rand Daily Mail,*1943-09-23; *Die Volkstem,* 1943-09-23; NDSA: N Z G Report 1943, p. 6; Report 1944, p. 6.
61. NDSA: N Z G Report 1950, p. 2.
62. NDSA: N Z G Report 1952, p. 1.
    Wat die varswaterakwarium betref, het die Transvaalse Provinsiale Administrasie besluit om nie so 'n akwarium in Pretoria op te rig nie weens die streng ekonomiese maatreëls wat die stadsraad van Pretoria moes toepas. Die bedrag vir die oprigting van 'n akwarium sou op £20 000 te staan kom - *The Pretoria News,* 1952-01-12.
63. NDSA: N Z G Report 1954, p. 1. Kyk hoofstuk 3, p. 23.
    So het dr. Bigalke met sy voorstel dat die Dieretuin onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap moet val om genoegsame steun van die staat te ontvang, geslaag.
64. NDSA: N Z G Report 1958, pp. 1 en 8.
65. NDSA: Jaarverslag 1962, pp. 24 en 27.
66. *Die Transvaler.,* 1965-09-11.
67. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 35.
68. NDSA: Jaarverslag 1968/69, pp. 10-11.
69. NDSA: Folio 11: Notule, 1969-05-12; Jaarverslag 1968/69, p. 10.
70. NDSA: Jaarverslag 1969/70 (Bylaag).
71. NDSA: Folio **74**, p. 28; Brief van Dept. van Nas. Opv., 1975-02-19.
72. NDSA: Folio **96**: Notule, 1977-05-05.
73. NDSA: Folio **96**: Notule, 1977-05-20.
74. NDSA: Folio 97: Memorandum voorgelê op Raadsvergadering, 1977-06-02.
75. NDSA: Jaarverslag 1979/80, pp. 9-12.
    Die natuurreservaat te Potgietersrus is op 23 Oktober 1981 amptelik geopen. Die toegang was R1,50 per voertuig met 'n maksimum van vyf insittendes en 25c vir elke addisionele passasier - NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 8.
76. NDSA: Jaarverslag 1982/83 (Bylaag).
77. NDSA: Folio 162, p. 10: Notule, R4/4/84, verw. 42/1.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## V. UITBREIDING EN ONTWIKKELING VAN DIE DIERETUINTERREIN

### Verkryging van grond

Op 27 September 1860 het Stephanus Schoeman (1810-1890), omstrede kommandant-generaal van die ZAR, 'n gedeelte van die plaas Daspoort aan die noordelike kant van Pretoria gekoop. Hierdie plaas het onder meer uit Rus in Urbe, wat die Apiesrivier as noordelike, Boomstraat as suidelike, Rosedale as oostelike en Sans-Souci as westelike grense gehad het, bestaan. Hy het hierdie grond vir £25 van M.W. Pretorius (1819-1901), president van die ZAR en stigter van Pretoria, verkry. 'n Dag later, op 28 September, het hy ook 'n aangrensende gedeelte vir £5 by Pretorius gekoop. Schoeman het hierdie plaas, waarop die Nasionale Dieretuin van Pretoria vandag staan, Klein Schoemansdal genoem. Johannes François Celliers het dit op sy beurt op 6 November 1878 van Schoeman gekoop. Op 21 Oktober 1899 is die Dieretuin in Pretoria op Rus in Urbe, wat toe aan die regering behoort het, gestig.[1]


Aangesien die diereversameling onder die energieke leiding van dr. Gunning met rasse skrede uitgebrei is, het die Museum- en Dieretuinkomitee gou tot die besef gekom dat meer ruimte van die uiterste belang was om toekomstige uitbreidings moontlik te maak en om 'n behoorlike dieretuin op die been te bring. Dit was dus noodsaaklik om die uiters geskikte en beskikbare grond noord van die Apiesrivier in die hande te probeer kry.[2] Op 11 Julie 1902 skryf die Direkteur in opdrag van die Bestuurskomitee 'n brief aan die Koloniale Sekretaris waarin die regering versoek word om die genoemde stuk grond vir die Dieretuin te reserveer sodat teelkampe vir verskeie boksoorte opgerig kon word.[3] Op hierdie versoek is daar gunstig gereageer en met die Uitvoerende Raadsbesluit No. 417 van 29 Augustus 1902 is 'n gebied van ongeveer 19 morg en 350 vierkante roede (16,769 ha) noord van die Apiesrivier en aangrensend aan Markstraat (vandag Paul Krugerstraat) is vir die Bestuurskomitee van die Museum en Dieretuin uitgehou.[4] Hierdie planne om uitbreiding is egter nie sonder teenkanting begroet nie; in 'n brief van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris, gedateer 22 September 1902, is die Bestuur daaraan herinner dat die versoek om die terrein te ontwikkel, toegestaan is "with the condition, however, that it will be competent for the Government to withdraw the grant at any time of being satisfied that the land or any part of it is not being utilised for the purpose indicated."[5] 'n Latere brief het verklaar dat "considerable opposition is manifested in the town of Pretoria against the proposed extension of the Zoological Gardens northward across the Spruit."[6]

In Mei 1904 het die Assistent-koloniale Sekretaris 'n brief van die Bestuurskomitee ontvang waarin versoek is om bykomende grond noord van die gebied wat in 1902 aan die Dieretuin toegestaan is, aan die instansie toe te wys[7]. Op 17 Mei 1904 is daar ingestem tot die versoek, maar omdat hierdie gebied volgens die landmeter-generaal nog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 12** Die opmetings van Rus in Urbe deur A.B. Anderson. (Uit: Die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SS7024 R2002/98).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie opgemeet was nie, kon die terrein nie betrek word nie. Van Desember 1905 tot April 1906 is die opmetings deur H.M. Anderson (fig.12) uitgevoer en sy bevinding was dat die stuk grond 13 morg en 274 vierkante roede (11,561 ha) groot was. Volgens Uitvoerende Raadsnotule no. 1817 van 4 Maart 1909 is besluit dat hierdie opgemete terrein, voortaan bekend as die Noordelike Uitbreiding, gereserveer sou word as 'n "Museum and Zoo Extension". Hiermee is Besluit No. 417 van die Uitvoerende Raad van 29 Augustus 1902 gekanselleer.[8]

In 1935 het die stadsraad van Pretoria 'n driehoekige stuk grond van 26,817 vierkante voet (2,491 vk m) [gedeelte 52 van Pretoria Town and Towlands No. 599, wat naby die Eloffdeurgrawings (Eloff's Cutting)(A. 3202/35) geleë was], aan die Nasionale Dieretuin oorgedra (Oordragakte No. 16213/1935: 11 November 1935).[9] In dieselfde jaar is die Nasionale Dieretuin verder met 163,493 morg (1,366 ha) vergroot (Notule van die Uitvoerende Raad No. 2779 van 15 November 1935). Dié gebied het aan die Noordelike Uitbreiding gegrens en was 'n deel van die plaas Prinshof No. 628 (diagram S.G. No. A. 1567/36). Dit het die totale oppervlakte van die Dieretuin op 48 morg en 254 vierkante roede (40,77 ha) te staan gebring.[10]

Tydens 'n Raadsvergadering op 5 Augustus 1968 het dr. Brand daarop gewys dat die aankoop van grond ten noorde van die Dieretuin absoluut noodsaaklik was (fig.14), aangesien dit al grond was wat nog oorgebly het vir sinvolle uitbreiding. Die terrein het ook oor pragtige inheemse bome en struike beskik wat die uitleg aansienlik sou verfraai en vergemaklik. Die stuk grond het ongeveer 4,562 morg (3,813 ha) beslaan en het bekend gestaan as die "restante van Lotte 1443 tot 1457 en 1470 tot 1473".[11]


'n Jaar later ontvang die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit 'n skrywe van die Sekretaris van Kultuursake in verband met 'n gedeelte van Perkstraat (Capitalpark) wat die noordelikste grens van die Dieretuin vorm. In hierdie brief is die betrokke departement versoek om onderhandelings aan te knoop sodat erwe 1420 tot 1432 aan die Dieretuin oorgedra kon word en dié terrein as buffer kon dien tussen die Dieretuin en die private eiendom in dié spesifieke gebied.[12] Die Raad het ook aansoek gedoen om 'n gedeelte van die plaas Prinshof 349 JR te bekom.[13] Die Departement van Landboukrediet en Grondbesit het in reaksie op hierdie versoek toestemming verleen om 'n gedeelte van die plaas (ongeveer 12,5 morg) vir weidoeleindes te gebruik. Hierdie reëling was egter slegs 'n vergunning aan die Dieretuin en moes nie as 'n permanente byvoeging tot die instansie se grondgebied gesien word nie.[14] Volgens die jaarverslag 1969/70 het die Dieretuin in hierdie tyd grond in De Waalstraat, wat die oostelike grens van die Dieretuin vorm, met die oog op verdere uitbreiding verkry.[15] Tydens 'n bestuurskomiteevergadering van die stadsraad van Pretoria op 9 Augustus 1977 is besluit dat 'n stuk grond van 10 hektaar, aangrensend aan die Dieretuin, wat op daardie tydstip nog aan die Oudstudente-Sportunie verhuur is, aan die instansie teen R5,00 per jaar vir die volgende 99 jaar verhuur kon word. Met hierdie toevoeging kon die Dieretuin "die beste in die wêreld word" - aldus een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






LIST OF NAMES

1. Entrance.
2. Parrots.
3. Cat House.
4. Pelican Pond.
5. Crocodile Enclosure.
6. Large Duck Pond.
7. Marks' Fountain.
8. Circular Enclosure.
9. Snake House.
10. Marmoset Cage.
11. Orang-Utan House.
12. Aviary.
13. Porcupine Enclosure.
14. Parrot Aviary.
15. Rodent Enclosure.
16. Nutria Cage.
17, 18, 19. Antelopes' Paddocks.
20. Palm Court Tea-Room.
21. Crane Paddocks.
22. Wildebeest Paddocks.
23. Bandstand.
24. Childrens' Playground.
25, 26, 27. Lavatories.
28. Bird Enclosures.
29, 30. Jackal Paddocks.
31. Non-European Playground.
32. Zebra and Buffalo Paddocks.
33. Birds of Prey Aviaries.
34. Small Birds' Aviary.
35. Elephant and Camel Stand.
36. Bear Pits.
37. Baboon Enclosure.
38. Cheetah Enclosure.
39. Lion Enclosure.
40. Barbary Sheep Enclosure.
41. Thar Enclosure.
42. Mouflon Enclosure.
43. Lowveld Enclosure.
44. Observation Platform and Lavatories.
45. Budgerigar Aviary.
46, 47. Northern Antelopes' Paddocks.
48. Conservatory.
49. Pachyderm House.
50. Swine Paddocks.
51, 52. Picnic Spots.
53. White Rhino.
54. Crane Paddocks.
55. Giraffes.
56. Small Mammals' House.
57. Monkey House.
58. Lion House.
59. Bear House.
60. Tiger House.
61. Municipal Carnivora House.
62. Sheep and Goat Paddocks.
63. Eastern Antelopes' Paddocks.
64, 65. Deer Paddocks.
66. Small Duck Ponds.
67. Small Monkeys' House.
68. Southern Antelopes' Paddocks.
69. Large Flight Aviary.
70. Reserve Paddocks.
71. Pheasantry.
72. Dassie Hill.

**Figuur 13** Grondplan van die Dieretuin 1954.
(Uit: R. Bigalke, *The National Zoological Gardens of South Africa, Pretoria* (Pretoria, 1954)).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1. Hoofingang
2. Marksfontein
3. Reptiele
4. Lemurs
5. Watervoëls
6. Slange
7. Vlermuise
8. Grootape
9. Kleinkatte
10. Ystervarke
11. Krimpvarkies
12. Opvoedkundige uitstalling
13. Robbe
14. Dassies
15. Voëls
16. Roofvoëls
17. Grootape
18. Allerlei diere
19. Kamele
20. Flaminke
21. Wildsbokke
22. Lemurs
23. Prêriehonde
24. Kabelspoor (Hoofstasie)
25. Restaurant
26. Indiese diere
27. Kleinvoëls
28. Voëls
29. Voëls
30. Soogdiere
31. nie-blanke toilette
32. Buffels
33. Suid-Amerikaanse diere
34. Ape
35. Wildsbokke
37. Wildsbokke
38. Roofdiere
39. Opvoedkundige uitstalling
40. Roofdiere
41. Roofdiere
42. Jakkalse, Wildehonde en jagluiperds
43. Ape en bobbejane
44. Uile
45. Olifante
46. Kleinsoogdiere
47. Kameelperde
48. Witrenosters
49. Swartwildebeeste
50. Seekoeie
51. Sebras en blouwildebeeste
52. Gemsbokke
53. Voëls
54. Wildsbokke
55. Swartrenosters
56. Wildsbokke
57. Bere
58. Bergbokke
59. Tiere
60. Leeus
61. Bergskape
62. Bergbokke
63. Bergsebras
64. Afrikaanse wildsbokke
65. Wildsbokke
66. Wildsbokke
67. Reptiele
68. Kleinsoogdiere
69. Dwergseekoeie
70. Varke
71. Meerkatte
72. Beoogde kinderdieretuin
73. Plantehuis
74. Hoofgebou

**Figuur 14** Grondplan van die Dieretuin 1969.
(Uit: *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969* (Pretoria, 1969).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die stadsraadslede. 'n Rugbyveld op die terrein sou aan die Prinshofskool verkoop word en die Sportunie sou na nuwe fasiliteite in Groenkloof skuif.[16]

In 1980 moes die Raad kennis neem dat die gedeelte van die plaas Prinshof wat vir weidoeleindes aangewend kon word, vanaf Junie deur die stadsraad gebruik sou word met die oog op padboudoeleindes. Die Dieretuin sou dus moes poog om van nuuts af 'n terrein te bekom vir die kweek van groenvoer.[17]

## Fisiese behuising van diere

### 1. Algemeen

Wat die oprigting van geboue en kampe soos naghokke en voëlhokke betref, is daar jaar na jaar, in die mate wat finansies dit toegelaat het, toevoegings en verbeterings tot die dierebehuising aangebring. Meestal het die Dieretuin se eie vakmanne ingespring en hulle kundigheid bewys.[18] Groter projekte is gewoonlik met die hulp van die Departement van Openbare Werke aangepak. Die veiligheid en gerief van sowel diere as die personeel was altyd 'n hoë prioriteit by hierdie projekte. Dit wat deur die jaarverslae en koerante as mylpale in die ontwikkeling van die terrein van die Nasionale Dieretuin beskou is, sal vervolgens bespreek word.

Die aanbou van die vleuels aan die olifant- en renosterhuis in 1910 was 'n hoogtepunt (fig.17). Hierdie gebou in Kaaps-Hollandse boustyl, was op daardie tydstip die indrukwekkendste stuk argitektuur in die Dieretuin.[19] Die eendedamme, met hulle Switserse chalet-tipe huisies in die broeikampe, is teen 1911 in gebruik geneem.[20] Die voltooiing van die seeleeudam (fig.18) in Desember 1913 het met net soveel opwinding gepaard gegaan. Twee derdes van hierdie dam, wat £365 10s gekos het, is deur subskripsielede, die Pretoria Cement Factory, die Pretoriase sakeman E.J. Bourke en die stadsraad van Pretoria betaal. Planne vir dié projek is deur die argitek Van Rees Poole, in oorleg met die Direkteur, opgetrek. Die grootte van die dam was 120 by 60 vt. (36,57m x 18,28m). Aan die suidelike kant was daar 'n eiland en die dam was daar ongeveer 2'6" (0,762m) diep. Aan die noordelike punt was die diepte 4'6" (1,371m) en die dam is met die oorvloeiwater van die Sammy Marksfontein gevul (Hieruit kan afgelei word dat die dam nie te ver van die hoofingang geleë was nie). Die seeleeus is op Kersdag in hulle nuwe tuiste geplaas en het as 'n groot aantrekkingskrag gedien.[21]

In 1932 is daar as gevolg van 'n skenking van £75 deur J.W. Jonke 'n spesiale klipkoppie vir dassies regs van die hoofingang opgerig. Die heuwel, wat as Dassie Hill, (fig.15) bekend gestaan het, is met nisse en rotslyste toegerus wat vir die dassies 'n paradys was. Dié koppie is deur 'n dam met goudvissies en waterlelies omring. Met klippe wat tydens werk aan die Noordelike Uitbreiding uitgehaal is, is die projek deur werkers van die Dieretuin voltooi.[22] Dié tipe uitstalling in die Nasionale Dieretuin was sy tyd eintlik



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 15** Dassiekoppie, wat in 1932 opgerig is deur gebruik te maak van klippe wat tydens werk aan die Noordelike Uitbreiding uitgehaal is.
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 16** Die ou leeuhok wat vandag gebruik word vir opvoedkundige uitstallings. (Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling).



**Figuur 17** Die olifanthuis met sy Kaaps-Hollandse boustyl - op dáárdie tydstip die indrukwekkendste stuk argitektuur in die Dieretuin. (Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 18** Die seeleeudam wat in Desember 1913 in gebruik geneem is. (Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 19** Die beerhok soos dit in 1911 daar uitgesien het.
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



**Figuur 20** Vandag word dié ou beerhok vir opvoedkundige uitstallings gebruik.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ver vooruit, want dit was eers in dr. Brand se tyd dat daar gepoog is om waar moontlik, diere onder toestande so na aan die natuur moontlik aan te hou. In plaas van ystertralies moes diep mote en waterslote die diere van die toeskouers skei.[23]

2. Noordelike Uitbreiding


Die depressiejare het die Dieretuin nou wel finansieel in 'n knelgreep gehad, maar die fondse wat die Departement van Arbeid beskikbaar gestel het vir die indiensneming van werklose mans het, wat terreinontwikkeling betref, goed te pas gekom. Die Raad het die geleentheid aangegryp om van hierdie arbeiders gebruik te maak om die noordelike hange in hokke en kampe te omskep. 'n Uitlegplan van ongeveer dertig akker (±12 ha) vir bouwerk is deur die Departement van Openbare Werke (fig.21), in samewerking met die Direkteur opgetrek. Toerusting wat benodig was, is op bruikleen van eersgenoemde departement, die Departement van Besproeiing, die Superintendent van Paaie en die stadsraad van Pretoria verkry. The African Explosives and Industries het ook waardevolle hulp verleen deur twintig kiste geligniet vir dié projek te skenk. Die Union Carage Company het 'n paar duisend vragte grond beskikbaar gestel waarvan die meeste vir die Noordelike Uitbreiding gebruik is. Om hierdie projek uiteindelik aan die gang te kry, was vir die Raad 'n groot deurbraak.[24]

Die feit dat die gedeelte van die Daspoortrante wat binne die Dieretuin geval het op sommige plekke tot ongeveer 300 vt. (91,44m) bo die Apiesrivier was, het die oogmerk versterk om diere soos leeus, tiers, ape en maanhaarskape in meer natuurlike toestande te huisves. Die plan was om die suidelike helling in groot afskortings vir hierdie diere te verdeel en om terselfdertyd die natuurlike omgewing so ongestoord moontlik te laat. Dit sou dus nie nodig wees om nagemaakte koppies op te rig nie. Die kampe vir die katsoorte sou met 20 vt. (6,096m) hoë versonke mure met slote sowat 20 vt. breed reg langs die mure, omring word. Voorts sou voorsiening gemaak word vir die oprigting van hokke onder die pad (fig.22) waarop die toeskouers sou staan om die roofdiere teen die helling van die berg te besigtig. In hierdie byna onsigbare hokke sou die diere, wanneer nodig, afgesonder word. Vir die meer energieke besoekers is 'n spesiale voetpad tot bo-op die rant beplan, van waar die diere vanuit torings (fig.23), wat vir dié doel opgerig sou word, besigtig kon word. Aan die ander kant van die pad, aan die voet van die berg, sou ongeveer 4 morg (3,34ha) vir 'n kamp vir kwaggas en wildsbokke gereserveer word, sodat dié diere in feitlik soortgelyke omgewingstoestande as dié in die Nasionale Krugerwildtuin kon verkeer. Ook springbokke, blesbokke, Himalajabokke, Sardiniese wildskape, kleiner wildsbokkies, klipspringers, kamele en lamas, klein soogdiere soos otters, hase, varke, jakkalse en wildehonde en voëls soos volstruise, emoes, kraanvoëls en flaminke sou ook hier 'n tuiste vind. Die plan was ook om 'n ou klipgroef in 'n dam vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




1. Beerhokke
2. Bobbejane
3. Tiers
4. Leeus
5. Bergbokke
6. Reebokke
7. Klipspringers
8. Antelope (ens.) -kamp
9. Toekomstige krokodilkamp
10. Toekomstige watervoëlkamp
11. Toekomstige brug oor Apiesrivier


A Uitkyktorings
B Opsigterswoning
C Toilette
D Anteloophuise
E Hok vir groot voëls
F Hok vir klein voëls
G Addisionele ingang en parkeerplek

Figuur 21 Die terreinplan van die Noordelike Uitbreiding soos voorgelê deur W.A. Macdonald van die Departement van Openbare Werke in Maart 1939. *(Uit: W.A. Macdonald, Our National Zoological Gardens (Public Works of South Africa,* March 1939, p. 25).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 22** Die Noordelike Uitbreiding: 'n blik vanaf een van die roofdierkampe op die pad en die byna onsigbare hokke onder die pad.
(Uit: W.A. MacDonald, Our National Zoological Gardens (*Public Works of South Africa,* March 1939, p. 26).



**Figuur 23** Die Noordelike Uitbreiding: 'n Uitkyktoring bo-op die rant van waar die roofdiere in hulle natuurlike kampe asook die hele Dieretuin besigtig kan word.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



**Figuur 24** Die ruim ronde voëlhok wat in 1939 opgerig is met die geld geskenk deur mev. Eileen Orpen.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).




**Figuur 25** Die bronsplaat by die voëlhok.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

krokodille en waterlikkewane in te rig. Met 'n lang sandbank by die water sou die diere in die son kon bak soos in hul natuurlike staat.

Aan die eindpunt van die hooflaan sou die Apiesrivier afgelei word in 'n halfsirkelvormige kanaal, waarlangs die rivier vroeër geloop het. Só sou 'n groot eiland gevorm word - 'n ideale verblyf vir verskillende watervoëls. Die eiland sou met geskikte plante beplant word en besoekers sou deur middel van verskillende brûe die voëls vanaf die middel van die eiland, asook van die aangrensende heining af kon besigtig.

Met die opstel van hierdie groot projek het veral die volgende twee aspekte voorrang geniet, naamlik dat die natuurlike skoonheid van die omgewing sover moontlik bewaar moet word, sodat die diere onder toestande so natuurlik moontlik aangehou kon word en dat die kampe so groot moontlik moes wees. Daar is beplan om die skema binne tien jaar te voltooi, mits 'n jaarlikse bedrag van £3 000 - £4 000 hiervoor opsygesit kon word.[25]

Die uitbreiding van die Nasionale Dieretuin het nie net die belangstelling van die breë publiek geniet nie, maar ook in regerings- en munisipale kringe. Genl. J.C. Smuts, die Minister van Justisie, P.G.W. Grobler, Minister van Naturelle Sake, Jan Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake, C.F. Clarkson, Minister van Pos- en Telegraafwese en van Openbare Werke, en A.P.J. Fourie, Minister van Arbeid en van Handel en Nywerheid, het die nuwe deel van die Dieretuin besoek, en hulle tevredenheid met die vordering wat gemaak is, uitgespreek. Só beïndruk was die Minister van Arbeid, dat hy dadelik nog 'n hondertal werksmense aan die Dieretuin toegewys het, sodat die projek gouer voltooi kon word.[26]

Teen die einde van 1933 was die meeste van die uitgrawings vir die tier- en leeuhokke voltooi. Die feit dat die president van die Kamer van Mynwese deur bemiddeling van Carl Jeppe tien koekepanne en 100 vt. (30,48m) spoorlyn aan die Dieretuin beskikbaar gestel het, het hierdie goeie vordering moontlik gemaak.[27]


Op 6 Desember 1938 is vyf leeus en vyf tiers in hierdie kampe losgelaat.[28] Ongeveer £7 500 was egter nodig om die beer- en aaptuistes te voltooi en om 'n brug oor die Apiesrivier te bou.[29] Die insinking op ekonomiese gebied tydens die Tweede Wêreldoorlog het die vordering van die projek op die Noordelike Uitbreiding ook geraak. Op 13 Maart 1940 is werk as gevolg van 'n gebrek aan fondse gevolglik gestaak. Alhoewel die brug oor die rivier teen 'n koste van £1 632:17:6 voltooi is, was die pad weerskante van die brug nog nie klaar nie. Ses kampe en een beerhok is wel voltooi en gevolglik kon bere, Barbaryse skape, reebokke en bergskape (moefloens) hulle nuwe tuistes betrek. Die bobbejaanhok en een van die oorblywende twee beerhokke het halfklaar gestaan. Laasgenoemde is binne die daaropvolgende drie jaar voltooi. Die opvul van die klipgroef en die verwydering van rommel was egter nog nie afgehandel nie en die lendelam heining ook nie vervang nie. Die gevolg was dat rondloper honde 'n paar bokke doodgebyt het. Verblydende nuus was egter dat mev. Eileen Orpen van Bethlehem £513 vir die oprigting van 'n moderne voëlhok aan die Dieretuin geskenk het. 'n Ruim ronde hok, met 'n sement-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






*1. Foyer*
*2. Exhibits*
*3. Public space*
*4. Viewing platform*
*5. Fish tanks*
*6. Diorama tanks*
*7. Reserve tanks*
*8. Water moats*
*9. Fountain*
*10. Small reptiles*
*11. Snakes*
*12. Pythons*
*13. Alligators*
*14. Crocodiles*
*15. Monitors*
*16. Tortoises and turtles*
*17. Office*
*18. Waiting room*
*19. Toilets*
*20. Service passages*
*21. Laboratory*
*22. Staff room*
*23. Service room.*
*Architect: JOHN CLAASSENS*

**Figuur 26** Plan van die Akwarium en Reptielpark.
(Uit: *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: Sewentigste jaarfees 1899-1969* (Pretoria, 1969), p. 21)).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blad, ontwerp deur die Departement van Openbare Werke, is in die Noordelike Uitbreiding opgerig en 'n versameling helderkleurige grasparkiete *(budjies)* is daarheen verskuif. Die Raad het die hoop uitgespreek dat soortgelyke skenkings die oprigting van 'n hok vir fisante en ander inheemse en eksotiese voëls, wat ongeveer £2 500 sou kos, moontlik sou maak.[30]

In 1933 is regter Carl Jeppe oorlede en uit erkentlikheid vir die diens wat hy aan die Raad gelewer het, is besluit om die kampe teen die noordelike hange na hom te noem. Hierdie besluit het tot uitvoering gekom in Mei 1941 met die onthulling van 'n bronsplaat aan die voet van die skeidingsmuur tussen die tier- en leeuterasse. Hierdie noordelike hange staan dan ook sedertdien bekend as die Jeppeterasse.[31]

Ten spyte van die £2 500 wat deur die Departement van Openbare Werke bewillig is om die bobbejaanhokke te voltooi, is werk weer eens op 31 Augustus 1945 as gevolg van 'n tekort aan fondse tot stilstand gedwing. Net die nodigste herstel- en instandhoudingswerk kon aan geboue en kampe tydens hierdie jare van depressie gedoen word.[32]

In 1956 is 'n bedrag van £6 200 aan die Raad beskikbaar gestel vir die voltooiing van die Jeppeterasse, maar in 1958 het die Dieretuin die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap meegedeel dat hierdie bedrag nie voldoende was om die terrein te voltooi nie.[33] Hierop het die regering besluit om 'n bedrag van £10 000 te bewillig om die aapkampe te voltooi.[34] Na 'n vertraging van vyftien jaar was die grootaapkamp uiteindelik klaar gebou en was die Jeppeterasse voltooi.[35] Teen die einde van 1959 het die kamp vir watervoëls aan die oewer van die Apiesrivier, wat lankal reeds beplan was, 'n werklikheid geword en is die finale afrondingswerk aan die reuse projek wat in 1932 aangepak is, verrig.[36]

3. <u>Akwarium en Reptielpark</u>

Alhoewel daar niks van die Kommissie van Ondersoek ten opsigte van Staatsondersteunde Instansies se aanbevelings aangaande 'n varswaterakwarium gekom het nie,[37] is die idee om 'n akwarium as deel van die Nasionale Dieretuin in te rig, nooit laat vaar nie en tydens 'n internasionale kongres in 1960 te Monte Carlo wat oor hierdie onderwerp gehandel het en deur Suid-Afrikaanse afgevaardigdes bygewoon is, is weer aandag aan dié projek gegee.[38]

'n Akwarium wat seevisse en varswatervisse sou huisves en ook 'n reptielpark, sou deel uitmaak van dr. Brand se beoogde vyfjaarplan wat hy aan die einde van 1968 voorgelê het.[39] Hierdie projek het beloof om nog meer opwindend en rewolusionêr te wees as die pas voltooide aaphokke wat as een van die wêreld se grootstes en modernstes beskou kon word en wat deel uitgemaak het van die Direkteur se beleid dat "'n dieretuin nie 'n versameling posseëls is nie", maar dat dit verteenwoordigend moet wees van diere in hulle natuurlike omgewing. Apies en bobbejane wat voorheen aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kettings op pale langs die hooflaan vertoon is, kon nou in hulle eie hokke vryelik hulle aapstreke uithaal. Die groter diere was nie meer in gevangenskap agter tralies nie, maar slegs 'n breë watersloot het verhinder dat die gorillas en sjimpansees kon uitkom en deur die publiek gevoer word. Die aaphok het 12 000 vk. vt. (1114,8m²) beslaan en is in drie seksies verdeel, een vir elke aapsoort. Omdat die diere as uiters waardevol beskou is, is spesiale voorsorg getref deur hulle van beddens en lugreëling te voorsien, met 'n woonstel by die hokke vir hul bewaarder.[40]

Die beoogde Akwarium en Reptielpark sou op die terrein waar die Direkteurswoning gestaan het, opgerig word. Dit sou beteken dat dié woning gesloop en elders van nuuts af opgerig moet word. Die redes wat die argitek, John Claassens (fig.26), aangevoer het waarom die Akwarium en Reptielpark juis op dié bepaalde plek moet staan, was die volgende: die ingang met sy wye uitsig oor die tuin vanaf Boomstraat sou behoue bly en nie ingeperk word nie en sou die Direkteurswoning in elk geval later gesloop word, sou verdere ontwikkeling in 'n ongemaklike hoek moet plaasvind indien die Akwarium en Reptielpark elders opgerig word. Hierdie plasing aan die westekant sou dit moontlik maak om die pragtige groot bos bome naaste aan die bestaande slanghuis, te behou en die groot eik voor die Direkteurswoning, asook al die ander bome sou behoue bly. Die plan soos deur Claassens voorgestel, sou dit moontlik maak om die gebou verder terug van Boomstraat af te plaas, met die voordeel dat die tuinery en parkeerplek van 'n voorhof voorsien kon word en verkeersgeraas uit Paul Krugerstraat sou geen probleme oplewer nie, aangesien die westelike muur solied sou wees, behalwe vir klein ventelasie-openinge.[41]

Op 21 Januarie 1970 is daar met die bou van die Akwarium en Reptielpark begin. Volgens kontrak moes die projek binne agtien maande voltooi word en sou dit "éen van die modernste van sy soort ter wêreld wees".[42] Die geboue en terrein is in September 1972 aan die Raad oorhandig[43] en is op 19 Julie 1974 amptelik deur die Eerste Minister, B.J. Vorster, geopen. Die Akwarium het toe reeds uit 150 vistenks bestaan, met ongeveer 230 verskillende see- en varswatervisse, asook tropiese visse daarin. Die meeste hiervan was seewatervisse wat in sestig dioramatenks besigtig kon word wat netjies rondom 'n groot silindriese watertenk in die middel van die gebou gerangskik is. Die vertoontenks is so gegroepeer dat besoekers ordelik in ruim wandelgange verby kon beweeg. Die slingerende wandelgange sorg vir opwinding en verrassings en sketse en kort notas bokant die tenks verskaf die nodige inligting oor die visse en reptiele. Die seewater wat gebruik is, is by die Dieretuin self voorberei en die nodige chemikalieë is van Europa en Amerika af ingevoer. Die houers is twee maal per jaar van vars seewater voorsien. Die Akwarium het uit 351 000 liter water bestaan waarvan 200 000 liter water vir seevisse gebruik is. Die dikte van die glas van die houers het tussen 25 mm en 30 mm gewissel en met die hulp van die Departement van Openbare Werke en die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) is 'n voering van veselglasepoksie, wat waterdig is,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontwerp en gebruik. In die Reptielpark het die klem op voorbeelde van elkeen van die vier reptielsoorte wat in die natuur aangetref word, naamlik slange, krokodille, akkedisse en skilpaaie geval. Dié reptiele is in geslote glaskaste en in oop putte gehou. Vanweë hul koudbloedigheid is daar by al die vertoonruimtes sentrale verhitting aangebring wat termostaties beheer is. Ook wat die omgewing en voedsel betref, is getrag om dit so ná aan die natuurlike habitat van die reptiele te hou. Behalwe die lewende diere wat vertoon is, is daar ook interessante uitstallings van byvoorbeeld skulpe, seesterre en seekastaiings aangebring.

Dr. H.J. Göldner, wat aan die hoof van die Akwarium en Reptielpark gestaan het, was van mening dat dié nuwe projek goed met soortgelykes in ander dele van die wêreld vergelyk en "al is die akwarium kleiner as sommige van die van oorsee, is die ontwerp van die gebou van so 'n hoogstaande gehalte dat mense gewoonlik daardeur geïmponeer word."[44] Veral die piranhatenk was indrukwekkend, want die ontwerp daarvan was só dat die besoeker 'n landskaptoneel bó die water sowel as 'n riviertoneel onder die water kon sien. Behalwe die 78 piranhas het die Akwarium ook 'n elektriese paling en seeanemone wat in Kaappunt voorkom, vertoon.[45]

Op 10 Arpil 1972 is 'n kombuis en kantoorblok vir die Akwarium en Reptielpark voltooi en in gebruik geneem. Dié kombuis is só ingerig dat afsonderlike geriewe vir die voorbereiding van die dierevoedsel verskaf is. Vlekvrye staal opwasbakke is aangebring en muurproppe vir vries- en koelkaste, 'n elektriese stoof en 'n warmwatersisteem is geïnstalleer. Die mure is tot 'n hoogte van 1,83m met nuwe geglasuurde teëls uitgevoer en dié van die kombuis en die insektekamer is gepleister en geverf. Asbesplafonne met 'n isolerende laag tussen die plafonne en die dak, is in alle vertrekke aangebring. Om besmetting tot 'n minimum te beperk, is alle opwas- en skropwater deur opvangputte en rioolpype na die munisipale riool afgevoer.[46]

Teen 1975 was die Akwarium en Reptielpark (fig.27) reeds agtien maande lank vir die publiek oopgestel. Alle masjinerie en elektroniese toerusting het doeltreffend gefunksioneer.[47] Die gevolg was dat talle belanghebbende instansies - soos die WNNR, die Oseanarium van Port Elizabeth, die Akwarium van Oos-Londen en Natuurbewaring van Transvaal kom kers opsteek het om inligting aangaande waterfiltrasie, bekamping van siektes en die uitstallingstegnieke in 'n akwarium te verkry. Die gewildheid van die nuwe kompleks het ook tot gevolg gehad dat verskeie koerante waardevolle inligting verstrek het en dat die Nasionale Filmraad en die SAUK-TV-diens dit op film kon dokumenteer en aan baie kykers en lesers kon bekend stel.[48] Waardering van die publiek vir hierdie toevoeging tot die Nasionale Dieretuin het ook nie uitgebly nie. Mev. P. Grey wat die Akwarium en Reptielpark drie keer besoek het, het die Direkteur in haar brief só gekomplimenteer: "It is a wonderful piece of work ... It gives our family a tremendous amount of pleasure - we would like you to know it, and we would like to thank you and your staff for devising it and for maintaining it so perfectly ... At the same time I also like



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 27** Die ingang tot die Akwarium en Reptielpark wat op 19 Julie 1974 amptelik geopen is.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

to mention that we think our Zoo must be the best in the world - clean shady and beautiful."[49]

4. Nuwe pappegaaihokke

Een van die grootste projekte wat deur die tegnici van die Dieretuin self aangepak en voltooi is, was die oprigting van die nuwe pappegaaihokke in 1975. Die totale lengte van hierdie hokke het op 146m te staan gekom met 'n oppervlakte van 1787m² waarvan 450m² onderdak was en as nagkamers gedien het. Die dertien hokke is op dertien verskillende vlakke gebou en die agterste muur van die nagkamers het die suidelike grens tussen die Akwarium en Reptielpark gevorm, en aan die westekant het die muur beskerming teen die lawaai van die verkeer van Paul Krugerstraat gebied. Die vlieghokke is van 'n pypkonstruksie gemaak en met maasdraad toegespan. Elke hok is van 'n afsonderlike watertoevoer voorsien en twee kamers is vir siek voëls ingerig. Voorts is 'n magasyn vir die berging van gereedskap en een week se droë voedsel opgerig. Daar is weggedoen met die konvensionele reguitlynhokuitstalling en die gekromde lyn tesame met die verskillende hoogtes van die hokke het 'n moderne en interessante effek te weeg gebring.[50]

5. Plaasdieretuin

Teen April 1980 het Lions International nagenoeg R30 000 ingesamel om met die oprigting van 'n plaasdieretuin op die terrein van die Nasionale Dieretuin te begin. Hierdie projek is reeds so vroeg as 31 Desember 1969 goedgekeur. Die idee was dat dit veral vir gestremdes goed ingerig moes word.

Die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding het die Direkteur verwittig dat die Departement van Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidshulpdienste geen beswaar teen die planne aangaande die voorgenome dieretuin gehad het nie en dat dit die Lions International vrygestaan het om met die bouwerk te begin.[51] Die amptelike openingsfunksie van die plaas- of kinderdieretuin het op 5 Oktober 1982 plaasgevind en is deur die Lions Club gereël. Verskeie oorsese gaste, asook die president van dié organisasie wat tydens die openingsaand opgetree het, was teenwoordig. Die organisasie het ook tot die geboue wat die nukleus van die projek gevorm het, bygedra. Hierdie dieretuin is so ingerig dat dit aan die gewone sowel as die gestremde kind die geleentheid gegee het om met plaasdiere kennis te maak. Die projek kon dus 'n bydrae lewer om beter begrip en groter waardering by die kleingoed vir diere te laat ontstaan en so 'n integrale deel van hul algemene ontwikkeling te vorm.[52]

Nadat al hierdie groot projekte om die huisvesting van die inwoners van die dieretuin so modern en natuurlik moontlik in te rig met groot welslae afgehandel is, het die Raad nie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

agteroor gaan sit nie en was die opmetings en planne vir 'n nuwe olifantkamp en -huis teen 1984 reeds voltooi en sou bouwerk hieraan spoedig begin.[53]

6. Ander projekte ter verbetering en verfraaiing van die Dieretuinterrein

'n Historiese besienswaardigheid wat vandag nog in die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika te sien is, is die Sammy Marksfontein (fig.28). Hierdie ronde, ornamentele fontein van gegote yster is ongeveer 12,5m in deursnee en 9m hoog. Dit is in 1905 deur die Glasgow Foundry of Walter Macfairlane and Co. Achitectural Sanitory and Artistic Iron Founders in Glasgow, Skotland gemaak.

Tydens die Glasgow-tentoonstelling in 1905 het dit Sammy Marks se oog gevang - hy het dit gekoop en aan die stadsraad van Pretoria geskenk wat dit in die middel van Kerkplein geplaas het. Op 19 April 1906 is die spuitfontein vir die eerste maal aangeskakel. Tydens die opknappingswerk aan die plein in 1910 is die fontein na die Dieretuin verskuif waar dit vyftig meter van die hoofingang geplaas is.[54]

Een van die eerste groot projekte wat aangepak is, was die sloping van die Direkteurswoning. Reeds in 1902 het die Departement van Openbare Werke 'n skrywe van die Bestuurskomitee ontvang waarin vermeld is dat die binnekant van die woning aandag verdien. Dié huis was eers 'n koshuis vir staatskole en is later tydens die Tweede Vryheidsoorlog as hospitaal gebruik.[55] In 1907 het die Departement van Openbare Werke die Direkteurswoning as "beyond repairs" bestempel en as ongeskik vir menslike gebruik verklaar. Nadat toestemming verkry is om die gebou te sloop, is 'n groot dubbelverdiepinghuis van klip en baksteen, waar die Akwarium en Reptielpark vandag staan, opgerig.[56]

Op 21 April 1928 is 'n nuwe orkesverhoog vir die maandelikse orkesoptredes wat Sondagmiddae in die Dieretuin gehou is, voltooi. Later in dieselfde jaar is die Palm Court-teekamer teen 'n koste van £479:7:6 opgerig en die ou teekamer afgeslaan en deur die spyseniers van die perseel verwyder.[57]

Die slagpale wat in 1932 deur die Departement van Openbare Werke teen 'n koste van £45 opgerig is vir die muile, perde, koeie en donkies wat deur die Dieretuin aangekoop of as geskenke ontvang is as vleis vir die karnivore, was van onskatbare waarde, veral gesien in die lig van die depressiejare.[58]

Jare lank het die gevoel reeds bestaan dat die Nasionale Dieretuin 'n nuwe ingang moet kry, veral omdat die besoekersgetalle die voorafgaande vyftien jaar verdubbel het. In Mei 1942 is daar aan hierdie behoefte voldoen toe die ingang verander is en twee netjiese kantore daar teen 'n koste van £1 097 opgerig is.[59]

'n Paar jaar later het die Departement van Openbare Werke, ten spyte van die uitgawes wat met die Noordelike Uitbreiding gepaard gegaan het, sy weg oopgesien om die instansie van 'n nuwe gebou vir die kwekery, bestaande uit 'n saadstoor, 'n kantoor en 'n gereedskapskamer te voorsien.[60]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 28** Die Sammy Marksfontein nadat dit in 1979 na sy nuwe staanplek verskuif is. Op die agtergrond kan die moderne papegaaihokke wat in 1975 opgerig is en op dertien verskillende vlakke gebou is, gesien word.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie vertoë gerig deur dr. Bigalke ten spyt, het die Direkteur en sy administratiewe personeel in 1955 na 42 jaar steeds nie hulle eie kantore gehad nie en is daar van twee kamers van die Ou Museum, wat op die terrein van die Dieretuin gestaan het, gebruik gemaak. Die kamers het gedien as kantore vir vyf amptenare, 'n Raadskamer, 'n biblioteek en 'n stoorplek vir 'n bromponie.[61] In daardie stadium was die Raad se pogings om 'n dierehospitaal op die been te bring ook vrugteloos, al het die Dieretuin self teen 1956 £7601:18:7 vir hierdie doel ingesamel. Geen geld is egter deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beskikbaar gestel vir kantore vir die Direkteur en administratiewe personeel, 'n hospitaal vir die behandeling van diere, 'n kwarantynafdeling of laboratoriums vir navorsing nie. In sy verslag het dr. Bigalke die volgende aangeteken: "There is probably no parallel for this state of affairs any where else in the Union."[62]

Op 1 April 1962, die jaar waarin Bigalke sou aftree, is met die werk aan 'n gebou begin wat by voltooiing op 5 Augustus 1963 aan al die vereistes voldoen het waarna so lank gesmag is. Die fonds wat die Raad self opgebou het vir 'n hospitaal het met die aanvang van die bouwerk in 1962 reeds op R20 671,66 gestaan.[63] Die gebou het onder meer uit 'n ten volle toegeruste operasieteater, 'n post mortemkamer en 'n moderne X-straalafdeling bestaan. 'n Spesiale fotografiese kamer vir die fotogravering van klein diertjies, insekte en voëls is só ingerig dat die temperatuur na willekeur verander kon word of konstant gehou kon word - ideaal vir mikroskoopsnitte. Die hospitaal is met mediese toerusting teen 'n bedrag van meer as R20 000 uitgerus. Verder het dit ook oor 'n apteek en laboratoriums vir biologiese navorsingswerk beskik. 'n Unieke stukkie apparaat in die hospitaal was die "drukhok" waarin groot en gevaarlike diere geplaas kon word. Die een muur van hierdie hok was hidrolies verskuifbaar om só die dier stewig teen die tralies vas te druk sonder om hom te beseer. Die veeartsenykundige personeel is hierdeur in staat gestel om behandeling veilig toe te pas. Wat betref groot diere waarop 'n nadoodse ondersoek uitgevoer moes word, is daar van 'n elektriese windas gebruik gemaak om diere van buite die gebou af op te tel en tot op die post mortemtafel te besorg. Die kwarantynafdeling is met sy eie wassery toegerus om die klere van die personeel daar werksaam, te was en te steriliseer sodat geen siektes oorgedra sou word nie. Die koste aan die hele projek het op meer as R60 000 te staan gekom.[64] Dié gebouekompleks sou later as die Rudolph Bigalke-Instituut bekend staan en 'n ad hoc-komitee is aangestel om 'n mosaiëkpaneel bokant die hoofingang te beplan.[65] In Desember 1970 het Ronald Mylchreest dié opdrag teen 'n koste van ongeveer R2 000 voltooi en aangesien 'n bedrag van R5 500 vir hierdie doel bewillig is, is besluit dat die beeldhouer Danie de Jager 'n borsbeeld van dr. Bigalke vir die oorblywende bedrag moet maak. By voltooiing van die borsbeeld het mev. Bigalke in die teenwoordigheid van haar eggenoot, Raadslede, dr. Brand, die personeel en 'n paar gaste dit op paslike wyse onthul (fig.29).[66]

Omdat die beoogde Akwarium en Reptielpark op die terrein van die destydse Direkteurswoning opgerig sou word, is 'n nuwe perseel aan die noord-oostelike hoek van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 29** Die ingang tot die Rudolph Bigalke-Instituut met sy mosaiëkpaneel bo-aan.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).




**Figuur 30** Die bronsplaat by die ingang van die Rudolph Bigalke-Instituut.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Dieretuin uitgesoek vir die bou van 'n nuwe woning. Boubedrywighede aan hierdie huis het in Oktober 1968 begin.[67] Die Raad se versoek dat daar gedurende die 1969/70-boekjaar fondse beskikbaar gestel moet word vir die oprigting van die volgende noodsaaklike geriewe is ook goedgekeur: 'n gebouekompleks bestaande uit vier kantore, 'n voorraadmagasyn, 'n pakkamer vir gereedskap, 'n skuur vir dierevoedsel, stalgeriewe vir voertuie en masjinerie, kwarantyn- en dierehospitaal en woonakkommodasie wat uit 'n woning en 'n woonstel sou bestaan.[68]

Die nuwe Akwarium en Reptielpark het ook ander veranderings aan die terrein genoodsaak. So is die argitekte Burg, Lodge en Doherty aangestel om planne vir 'n nuwe hoofingangkompleks op te trek. 'n Groot deel van die bestaande Reptielpark sou met die verbouings in die slag bly. Daar is ook besluit om die kwekery so gou moontlik na De Waalstraat, aan die oostekant van die Dieretuin, te verskuif. De Waalstraat 41 sou as kantoor van die tuinier en as bergingsruimte dien, terwyl nommers 43, 45 en 49 vir kwekerydoeleindes gebruik sou word. Hendrik Pierneef se huis (De Waalstraat 25) wat in 1974 as kantore en ateljees vir die Opvoedkundige Afdeling ingerig is, sou behoue bly en as kantore en magasyne gebruik word. Huise wat nie meer bewoon is nie, sou gesloop word en vir voedselstore, 'n koelkamer en stallingsgeriewe gebruik word.[69]

Alhoewel die Raad in die begin van die sewentiger jare met die oprigting van 'n nuwe ingang wou begin, was dit as gevolg van 'n gebrek aan fondse nie moontlik nie. Teen 1975 was die beoogde verandering aan die terrein 'n noodsaaklikheid. Besoekersgetalle en veral die toenemende aanvraag vir die Dieretuin se opvoedkundige dienste het meegebring dat die bestaande fasiliteite nie die samedromming van onder meer die skoolgroepe kon akkommodeer nie. Ander besoekers kon skaars by die kaartjieskantoor uitkom en die verafgeleë toiletgeriewe het net nie meer gedeug nie. Naweke is daar selfs van die swart lektorgids gebruik gemaak om toegangskaartjies te verkoop. Die wydte van die ingang was minder as 5 vt. (1,52m) breed en boonop het roomysverkopers, vrugtesmouse en ander handelaars op die sypaadjie voor die Dieretuin die situasie vererger. Na raming sou die miljoen kerf vir betalende besoekers binne die volgende vyf jaar bereik word. Voorts was die samedromming van swart besoekers op die eerste Sondag van elke maand, verskriklik. Sewe beamptes het op hierdie dae hekdiens gedoen. Sou iemand ongesteld raak, het die Dieretuin nie oor noodhulpgeriewe beskik nie. "Dat die hoofingang verder weg van die straatfront geskuif moet word, is ongetwyfeld in landsbelang" - aldus die jaarverslag vir 1974/75. Ook 'n voorlesingsaal is as 'n vereiste beskou. Soos reeds genoem, was die aanvraag vir die opvoedkundige dienste fenomenaal - skole, universiteite en kolleges het die instansie so druk besoek dat daar in 1972 'n tweede lektorgids aangestel moes word. Die situasie het met die opening van die Akwarium en Reptielpark vererger en die gebrek aan 'n lesingsaal het afbreuk gedoen aan die doeltreffendheid van lesings wat verder toegelig en aangevul kon word. Jaarliks het die Dieretuin vertoë van oral ontvang om spesiale studiekursusse en filmvertonings - veral tydens skoolvakansies -



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan te bied. Verder het onderwysmetodiek vereis dat geïllustreerde lesings aangebied word alvorens 'n lesing aangepak word, sodat die vraelys wat deelnemers ontvang het, beantwoord kon word. Vir dié doel was 'n saal onontbeerlik. Die Direkteur was van mening dat die waarde van só 'n saal nooit oorskat kon word nie. In die poging om mense natuurbewus te maak en sukses hiermee te bereik, mog 'n gebrek aan fasiliteite nie in die pad hiervan gestaan het nie. Om sy pleidooi met die nodige trefkrag af te sluit, het dr. Brand uit prins Bernard van Nederland, president van die World Wildlife Fund, se toespraak tydens die konferensie van die IUD in Oktober 1974 die volgende aangehaal: "The second essential task of Zoological Gardens is to educate the public. The concept of conservation and the idea that wildlife is an important economic, scientific, cultural and aesthetic resource is relatively new ... It is not easy for people to understand that wild animals and wild places are part of our habitat and must be saved in our own interest. In this situation conservation education is urgent, and zoos can play a significant part."[70]

Op 3 Desember 1979 is die eerste "terreinvergadering" met betrekking tot die bou van die nuwe ingangkompleks en lesingsaal gehou en die terrein is aan die bouaannemersfirma Alexander Grant Construction oorhandig. Daar sou op 7 Januarie 1980 in alle erns met die boubedrywighede begin word. Hierdie nuwe uitbreiding het die Dieretuin in staat gestel om die nodige verfraaiingswerk by wyse van die aanplant van struike, blomme en ander gewasse te doen alvorens die 35ste jaarlikse konferensie van die Internasionale Unie van Dieretuin- en Akwariumdirekteure op 13 Oktober 1980 by die Nasionale Dieretuin sou begin. Dr. Brand het in hierdie verband opgemerk: "Wanneer hierdie kompleks voltooi is, sal die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika met reg daarop kan aanspraak maak dat hy oor een van die mees moderne ingange tot 'n dieretuin ter wêreld beskik." Die voorlesingsaal in die kompleks het beloof om ook iets besonders te wees. "Dit sal die Inrigting in staat stel om sy opvoedkundige dienste wat reeds wêreldbekend is, op 'n nog meer doeltreffende wyse aan te bied," het dr. Brand voortgegaan.[71]

As gevolg van sekere vereistes waaraan die nuwe vooraansig van die Dieretuin moes voldoen en omdat sekere ander bestaande strukture nie verskuif kon word nie, is besluit om die Sammy Marksfontein na 'n nuwe staanplek by die moderne pappegaaihokke te verskuif. Hier sou die fontein die prominensie geniet wat dit verdien. Omdat dit egter in 'n uiters swak toestand was, is daar besluit om dit terselfdertyd op te knap.[72]

Die hoofingang was teen 24 September 1980 (fig.32) in so 'n mate voltooi dat die kaartjieskantoor in gebruik geneem kon word. Die lesingsaal was ook betyds gereed sodat dit vir die wetenskaplike lesings wat deel van die aktiwiteite van die konferensie sou wees, gebruik kon word.[73]

Op 18 November 1982 is die amptelike opening van die Frank Brandgebou (fig.33) deur die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoedig, dr. P.S. Meyer, waargeneem. Die Raad het by die Departement aanbeveel dat die gebou waarin die Opvoedkundige Afdeling



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




**Figuur 31** Die ingang tot die Dieretuin in 1904.
(Foto: Argief van die stadsraad van Pretoria: Fotoversameling).



**Figuur 32** Die nuwe ingang wat in 1980 in gebruik geneem is.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



**Figuur 33** Die ingang tot die Frank Brandgebou.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



**Figuur 34** Borsbeeld van dr. Brand deur Joe Roos.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gehuisves word, na die Direkteur vernoem moet word "ter erkenning van sy skitterende aandeel in die skouspelagtige ontwikkeling van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika oor die afgelope twintig jaar".[74]

Die uitbreiding van die restaurant, behoorlike kleedkamers vir die personeel en planne vir 'n moderne werkswinkel wat die motorwerktuigkundige, die elektrisiën en die skrynwerkers moes akkommodeer, was op die prioriteitslys vir die boekjaar 1984/85.[75] Hierdie voortdurende opknappingswerk en modernisering van die Dieretuin het die Raad as noodsaaklik beskou sodat die reputasie van die instansie as een van die bestes ter wêreld gehandhaaf sou word. In dié verband het prof. Jame E. Corbin van die Universiteit van Illinois, getuig: "Your Pretoria Zoo and Complex is the world's finest. You are to be congratulated for the advanced leadership and technology you have developed and are sharing with the rest of the world ... Your new construction, with continuous educational information, is a great concept. The 55 zoo directors there in October will give your facilities, animal management, and educational program, a superior-superior rating."[76]

## 7. Tuinery

Sedert die ontstaan van die Nasionale Dieretuin was die uitleg, verfraaiing en instandhouding van die tuine baie belangrik. In die eerste verslag oor die personeel wat opgespoor kon word, is daar reeds melding gemaak van W. Campbell, wat tuinier van die Dieretuin was.[77] Sedert 1908 was J.H. Korthals, vanuit Holland, die hooftuinier.[78]

Plante, blombolle en sade is van dwarsoor die wêreld ingevoer en lede van die Bestuurskomitee en vriende van die Dieretuin het almal bygedra om van die instansie 'n ware lushof te maak deur gereeld eksotiese en uitsonderlike flora te skenk. In die vroegste brieweboek kom korrespondensie voor met oorsese kwekerye, onder meer in Liverpool, Groot-Brittanje en Yokohama, Japan.[79] In 1904 het die hooftuinier, sy assistent en die hooftuinier van lord Alfred Milner, Britse goewerneur van die Transvaalkolonie, 'n reis na Waterval-Onder onderneem om 'n wavrag boomvarings, orgideë en ander waardevolle plante uit Oos-Transvaal op 'n goederetrein te laai.[80] Hierdie plante is gebruik om die terrein tussen die hokke en kampe te verfraai en om die ystertralies weg te steek en so 'n atmosfeer te skep as sou 'n mens in die natuur self verkeer. In die jaarverslag vir 1911 word 'n beskrywing gegee van 'n tuin by die hokke vir kleiner voëls wat met boomstompe en boomwortels uitgelê is.[81] 'n Rotstuin van dolomietklip, afkomstig van bouwerk by die Fonteinedal, is in 1914 naby die hoofingang aangelê en met Suid-Afrikaanse aalwyne en ander vetplante beplant.[82] Die kliptrappies en paadjies wat met gruis bedek is, is alles deur die Tuine-afdeling self gebou en onderhou.[83] Die Dieretuin het oor sy eie kwekery beskik en het in een jaar nie minder nie as 10 000 saailinge gekweek en 800 bome aangeplant.[84]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Behalwe die roostentoonstelling, wat 'n gebeurtenis op die sosiale kalender van die Pretorianers was en in die Dieretuin aangebied is,[84] het die instansie gereeld deelgeneem aan die jaarlikse tentoonstelling van die Pretoriase tuinbouvereniging. Korthals het jaar na jaar die hoogste lof vir sy bydrae tot dié geleentheid ingeoes en tydens die herfsblommeskou wat in 1931 in die stadsaal aangebied is, was die grootste vertoonstuk dié van die tuinier van die Nasionale Dieretuin wat die hele verhoog toegestaan het.[85] In hierdie tyd het die Dieretuin, en dan veral Korthals, hoë lof uit alle oorde vir dit wat hy met die tuine vermag het, ontvang. Sy eksperimente met kannas waarmee hy blomme tot hul volle skoonheid ontwikkel het, was wyd en syd bekend. Ook sy dahlias was nie minder bekend nie. Bolle vanuit Engeland, Nederland, Duitsland en die VSA is ingevoer en die resultaat is soos volg deur die pers besing: "the colours, shapes and sizes to be seen in the Zoo Gardens are so varied as to be bewildering. There are no fewer than a hundred varieties of this stately flower".[86] Wat die res van die tuine betref, het die *Rand Daily Mail* berig gesê: "One of the outstanding features of the Zoo Gardens is the layout, the beautiful background of the hills and trees allows for good effect."[87]

Korthals het hom beywer om plante van oral oor te bekom en saam met die hooftuinier van die Departement van Openbare Werke is aalwyne uit Noord-Transvaal aangery vir 'n rotstuin naby die jakkalskamp.[88] Ook die versameling bolplante wat aan Carl Jeppe behoort het en met sy afsterwe aan die Dieretuin oorhandig is, asook twaalf boomvarings wat deur mev. J. Botha van Klipgat geskenk is, was waardevolle toevoegings tot die instansie se planteversameling.[89] In 1946 het die Direkteur ingestem dat die ou vrugteboord wat jare tevore op die terrein van sy residensie aangeplant is, uitgehaal kon word sodat 'n volwaardige kwekery daar aangelê kon word. 'n Kweekhuis vir potplante is teen 'n koste van £548:9:0 opgerig, saadbeddings is aangelê en ander tuinboutoerusting is bekom. In November van dieselfde jaar het die Departement van Openbare Werke begin met 'n kantoor en saadkamer vir die kwekery.[90]

In die Nasionale Dieretuin staan daar ook 'n paar bome wat besonder seldsaam en waardevol is en 'n interessante geskiedenis het. Só ontvang die Dieretuin in 1947 'n besending *Sequoia Giantea*-sade van die Sequoia Nasionale Park in die VSA.[91] Van die 23 ontkiemde saadjies het dertien pragtig gegroei.[92] Hierdie bome word as baie seldsaam gereken aangesien die plante aanvanklik net as fossiele bekend was alvorens 'n Sjinese bosboubeampte die ware Jakob in 'n verlate vallei naby Tsjoen King ontdek het. Dit was een van die weinige gevalle waar 'n organisme as 'n fossiel bekend was, voordat die lewende soort ontdek is. Om hierdie saadjies dus aan die groei te kry, is as 'n groot prestasie gereken.[93]

Nog 'n waardevolle en interessante toevoeging tot die bome in die Dieretuin is die wilg van St. Helena wat by die eendedam staan. Nadat generaal Smuts daarvan te hore gekom het dat daar 'n boom by die stasie van Cathcart staan wat van 'n steggie gekweek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is van een van die wilgers by die graf van Napoleon op St. Helena, het hy dadelik die historiese belangrikheid van dié wilg ingesien. Hy het onmiddellik opdrag gegee dat vierentwintig steggies van die Cathcartwilg na die kwekery van die Departement van Bosbou in Groenkloof, Pretoria gestuur moet word. Na die geslaagde kweking van die steggies is die plantjies na parke dwarsoor die Unie gestuur en só het die wilg van St. Helena sy pad na die Nasionale Dieretuin gevind.[94]

Ander projekte wat deur die Afdeling Tuine aangepak is, was byvoorbeeld die insameling van veldblomme in Augustus 1965. Spoorwegtrokke is met veldblomme gevul om in die Dieretuin te plant. In daardie stadium was daar alreeds 40 000 aalwyne wat saam met ander vetplante die inheemse karakter van die Nasionale Dieretuin sou beklemtoon.[95]

In 1966/67 het die tuine-afdeling ook begin om sy eie lusern, groente en gars as dierevoedsel dwarsdeur die jaar op die Prinshofterrein te verbou.[96]

Met die verskuiwing van die kwekery na De Waalstraat het die Afdeling Tuine meer ruimte gekry en is 'n aansienlike hoeveelheid gespesialiseerde werk by die pligte van die tuinpersoneel gevoeg. Die kweek van plante, struike, bome en saailinge het so drasties toegeneem dat dit 'n groot hoeveelheid tyd van die personeel in beslag geneem het. Dit was ook vir die instansie van groot belang dat die tuin twee maal per jaar met eenjarige plante beplant moes word, ten einde 'n kleurryke voorkoms aan die terrein te gee wat nie deur struike of bome alleen verkry kon word nie. Tot in 1972 het al bovermelde pligte steeds op die skouers van twee blanke tuiniers en hul swart arbeiders gerus. Om hierdie las ligter te maak, het die Direkteur by die Departement aansoek gedoen om 'n bykomende pos van superintendent van tuine met ingang 1 April 1973 in te stel.[97] Aan hierdie versoek is voldoen en daar kon 'n begin gemaak word met die kartering van die Dieretuin, asook 'n opname van al die plante. Naamplaatjies met die nasionale nommer van die plant, die wetenskaplike spesienaam, asook die gewone naam in die volksmond, is by die plante aangebring.[98]

Vir die boekjaar 1983/84 het die Afdeling Tuine 'n nuwe tuinaanleg by die pas voltooide roofdierhokke beplan. Daar is op 'n Japanse tuin besluit wat in samewerking met die Japanse ambassade en 'n Japanse tuinier tot uitvoering gebring is. Geskikte plante is vir dié doel versamel en gekweek. Verder was die Raad ook dadelik bereid om aan die Nasionale Boomplantdag, wat deur die Departement van Omgewingsake gereël is, deel te neem. 'n Funksie is in die Dieretuin gereël waartydens die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding en die Raadslede elkeen 'n kareeboom geplant het.[99] Hiermee het die Nasionale Dieretuin sy erns met natuurbewaring op alle terreine beklemtoon.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1. Kyk hoofstuk II, p. 18; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die noorde,* p. 176 en pp. 372-374.
2. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 4.
3. ATM: Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief aan Koloniale Sekretaris, 1902-07-11.
4. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 4.
5. ATM: Brieweboek Sept.-Des. 1902: Brief van Koloniale Sekretaris - Direkteur, 1902-07-22.
6. ATM: Brieweboek Sept. - Des. 1902: Brief van Koloniale Sekretaris - Direkteur, 1902-10-07; M en D Notules, 1902-10-14, p. 489.
7. ATM: Brieweboek Okt. 1903 - Nov. 1904: Brief aan Koloniale Sekretaris, 1904-05-07.
8. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 4-5; ATM: M en D notules, 1904-06-07, p. 691.
9. NDSA: N Z G Report 1936, p. 10; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 5-7.
10. *Ibid.*
    In 1961 is die gedeelte van die plaas Prinshof No. 628 wat die Dieretuin in 1935 verkry het, uiteindelik omhein en vier blesbokke, vier volstruise, een duiker en twee mahemme is daar losgelaat - NDSA: N Z G Report 1960, p. 6.
11. NDSA: Folio 5: Notule, 1968-07-04; Folio 6: Notule, 1968-08-05.
12. NDSA: Folio 13: Brief van O.A. Rademeyer, 1969-04-10.
13. NDSA: Folio 13.
14. NDSA: Folio 19: Maandverslag, 1969-06-19.
15. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 16.
16. *The Pretoria News,* 1977-08-10; *The Star* (oorsese uitg.), 1977-08-13, 1977-07-06; *SA Digest,* 1977-11-04; NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 5.
17. NDSA: Folio 122: Notule, 1980-02-06.
18. NDSA: Tvl. Z G Report 1914, p. 12.
19. NDSA: Tvl. Z G Report 1909/10, p. 11.
20. NDSA: Tvl. Z G Report 1910/11, p. 12.
21. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, pp. 14-17.
22. NDSA: N Z G Report 1932, pp. 19-20; *Ons Vaderland,* 1931-11-03; *Rand Daily Mail,* 1931-19-10; *The Pretoria News,* 1931-10-30.
23. M.L. Zuhlsdorff en E. van Rooyen, Suid-Afrika se grootste dieretuin (*Huisgenoot* 42(2417), 1968-07-26, p. 31).
24. *Ibid.,* p. 6.
25. *Die Volkstem,* 1932-08-20; 1932-12-05; *Die Vaderland,*1930-08-31; *The Pretoria News,* 1932-08-20; 1932-12-02; 1932-12-05; *Rand Daily Mail*, 1932-08-22; *The Star,*1932-12-03.
26. *Die Volkstem,* 1933-05-10; *Rand Daily Mail,* 1933-05-16; *Die Vaderland,* 1933-05-22.
27. NDSA: N Z G Report 1933, p. 7.
28. NDSA: N Z G Report 1938, p. 8; *Daily Express,* 1938-11-29; *The Star,* 1938-12-06; *The Pretoria News,* 1938-12-08. Hierdie uitbreiding is gereken as "'n klein Krugerwildtuintjie op homself en nagelang diè plantegroei daar verryk word, sal die droom van dr. Bigalke om vir Pretoria die mooiste dieretuin in die wêreld te kry, verwesenlik word" - *Die Volkstem,* 1938-12-06.
29. NDSA: N Z G Report 1939, p. 8.
30. NDSA: N Z G Report 1940, p. 1 en pp. 11-12; Report 1941, p. 11; Report 1943, p. 9; *Die Volkstem,* 1939-05-02; 1940-07-12; *The Pretoria News,* 1939-05-02; *The Star,* 1939-05-05; 1940-07-15; 1941-04-22; *Die Vaderland,* 1940-07-13.
31. NDSA: N Z G Report 1941, p. 11.
32. NDSA: N Z G Report 1945, p. 7; Report 1946, p. 20.
33. NDSA: N Z G Report 1956, p. 16; Report 1958, pp. 3 en 7.
34. *The Star,* 1959-04-09.
35. NDSA: N Z G Report A1960, p. 7.
36. *The Star,* 1959-04-28; 1959-12-03; *The Pretoria News,* 1959-05-20; 1959-12-12; *Die Vaderland,* 1959-12-04; *Die Tranvaler,* 1959-12-19,
37. Kyk hoofstuk IV.
    In Oktober 1924 was daar al 'n voorstel in hierdie verband, maar as gevolg van 'n gebrek aan fondse kon dit nie uitgevoer word nie - NDSA: Maandverslae en notules 1924: Notule, 1924-09-26; 1924-10-07.
38. *Die Burger,* 1975-02-01; *Beeld,* 1975-02-01; *Die Volksblad,* 1975-02-01.
39. *Die Transvaler,* 1968-12-04; *The Pretoria News,* 1968-12-04.
40. *Die Transvaler,* 1966-03-09; *The Star,* 1966-07-19; NDSA: Die Nasionale Dieretuin: 90 jaar in bewaring, p. 9; A.K. Haagner, *A guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1924), pp. 10, 11, 30.
41. NDSA: Folio 8: Verslag van 1968-09-26.
42. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 14.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

43. NDSA: Jaarverslag 1972/72, p. 31.
44. *Die Burger,* 1975-02-01.
45. NDSA: Jaarverslag 1974/75, p. 9; *Die Burger,* 1975-02-01, *Beeld,* 1975-02-01; *Die Volksblad,* 1975-02-11; Dieretuin ontsluit 'n vreemde wêreld (*Landbouweekblad,* 1974-07-14, pp. 38-41); D.J. Brand, Akwarium en Reptielpark (*Opvoeding en Kultuur* 1(2), Jun. 1976, pp. 10-11).
46. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 36.
47. NDSA: Jaarverslag 1975/76, p. 7.
48. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 9.
49. NDSA: Folio 69, p. 38: Brief van mev. Pam Grey (Kilnerpark, Pretoria), 1974-08-15.
Julius le Roux skryf: "Ek is 'n st. 7 leerling aan die Hoërskool Menlopark. Vanaand het ek en my ouers 'n besoek aan u Akwarium gebring. Ek is nou so begeesterd en oorweldig dat ek voel dat ek 'n kort briefie aan u moet skryf. Eerstens baie geluk met u geslaagde poging om 'n akwarium hier in Pretoria te open. Dit is so fantasties dat ek byna nie weet hoe om dit te stel nie. Wat my getref het is die ding dat al die name op die bordjies vasgeheg is ... Die pragtige dekor (as ek dit so mag noem) is absoluut asemrowend. Ek dink byvoorbeeld aan al die pragtige seeplante, met sulke verskeidenheid van kleure, of die visse en die skulpe. Dit is voorwaar 'n pragtige besienswaardigheid, en 'n mens besef weer dat jy naby die natuur is" - NDSA: Folio 69, p. 38: Brief van Julius le Roux (Hazelwood, Pretoria), 1974-08-13.
Die suster van die sjah van Persië en haar eggenoot, die Minister van Kultuursake, en ander lede van die ministerie het die Akwarium en Reptielpark besoek. Die Minister was só beïndruk, dat hy 'n tweede besoek gereël het - NDSA: Folio 91: Direkteursverslag, 1976-10-07.
50. NDSA: Jaarverslag 1974/75, p. 13.
51. NDSA: Folio 129: Brief van Direkteur-generaal van Nas. Opv. - Direkteur, 1980-11-19.
52. NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 8.
53. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 33.
54. R. Bigalke, *Official Guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1933), p. 22; NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 5.
55. ATM: Brieweboek: Brief aan Direkteur van Dept. van Openbare Werke, 1902-09-22.
56. ATM: Brieweboek: Brief aan Koloniale Sekretaris, 1907-03-03; NDSA: Tvl Z G Report 1910/11, p. 12.
57. NDSA: N Z G Report 1928, p. 14.
58. NDSA: N Z G Report 1932, pp. 19-20.
59. *Die Volkstem,* 1942-05-19; NDSA: N Z G Report 1942, p. 17.
60. NDSA: N Z G Report 1947, p. 23.
61. NDSA: N Z G Report 1955, p. 6; N Z G Report 1959, p. 8.
62. *Die Vaderland,* 1960-06-02; *The Star,* 1960-06-01; NDSA: N Z G Report 1956, pp. 7-8.
63. NDSA: Jaarverslag 1962, p. 18.
64. *Rand Daily Mail,* 1963-03-27; *Die Transvaler,* 1963-03-07; 1961-07-05; 1961-08-12; 1963-08-05; *Die Vaderland,* 1961-08-14; 1962-04-26; *The Pretoria News,* 1962-06-20.
65. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 15.
66. NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 7; 1971/72, p. 5.
67. NDSA: Jaarverslag 1968/69, p. 15.
68. *Ibid.,* p. 1.
69. NDSA: Folio 22: Notule, 1970-03-05; Jaarverslag 1973/74, p. 8.
Die Pierneefhuis waarvan hier sprake is, was die eerste huisie wat die skilder self gebou het, vas teen die oostelike omheining van die Dieretuin - J.F.W. Grosskopf, *Hendrik Pierneef. Die man en sy werk,* p. 10.
70. NDSA: Jaarverslag 1974/75, pp. 6-7.
71. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 4; Folio 121: Notule van terreinvergadering no. 1, 1979-12-03.
72. NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 5; *The Pretoria News,* 1978-02-14; *The Star,* 1976-01-20; *S A Digest,* 1977-09-23.
73. NDSA: Jaarverslag 1980/81, pp. 3-4.
74. NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 6.
75. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 33.
76. NDSA: Folio 127: Brief van prof. James E. Corbin (Universiteit van Illinois), 1980-08-18.
77. Kyk hoofstuk III, p. 33.
78. *The Star,* 1932-03-03; *Rand Daily Mail,* 1934-03-02.
79. ATM: Brieweboek Jan. - Sept. 1903: Brief van die Yokohama Nursery Co. Limited, 1903-01-27; Brieweboek Mei - Jun. 1905: Brief van John Cowarand Co. Limited Nurserymen Seedsmen and Florists (Liverpool), 1905-06-09; Brief van Koupell Park Nurseries (Londen), 1905-06-05; NDSA: Maandverslag en Notules 1914: Maandverslag, Des. 1914.
80. ATM: Brieweboek Okt. 1903 - Nov. 1904: Brief aan The Traffic Manager (SAR) (Pretoria), 1904-06-16.
81. NDSA: Tvl. Z G Report 1910/11, p. 12.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

82. NDSA: Tvl. Z G Report 1914, p. 14.
83. NDSA: N Z G Report 1916, p. 16.
84. NDSA: Tvl. Z G Report 1912, p. 11.
85. NDSA: Notule van Komitee 1912-10-08; 1913-09-11; N Z G Report 1922, p. 18.
86. *The Pretoria News,* 1931-04-13.
87. *The Star,* 1932-03-03; 1934-02-23.
88. *Rand Daily Mail,* 1934-02-23.
89. NDSA: N Z G Report 1932, p. 24.
90. NDSA: N Z G Report 1933, p. 27.
91. NDSA: N Z G Report 1946, pp. 6-8.
92. Die naaste beskrywing van die boom word in Engels as 'redwood' gegee.
93. NDSA: N Z G Report 1948, p. 17.
94. *The Pretoria News,* 1948-04-14; 1950-03-13; *Die Transvaler,* 1950-03-14.
95. *The Pretoria News,* 1960-10-21; 1962-11-02.
96. *The Star,* 1965-08-05.
97. NDSA: Jaarverslag 1966/67, p. 13.
98. NDSA: Folio 52, p. 4: Notule, 1972-11-01.
99. NDSA: Jaarverslag 1972/73, pp. 4 en 8.
100. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 14.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VI. DIE DIEREVERSAMELING

## Gewerweldes

### 1. Aanwins van diere deur middel van geskenke, ruilings en aankope

Nog voor die werklike totstandkoming van die Dieretuin in Oktober 1899, was dr. Gunning al besig met onderhandelings om diere vir 'n dieretuin in die hande te kry. Die direksie van die Zoologische Garten in Berlyn het in Junie in 'n skrywe aan die Direkteur van die Staatsmuseum hulle bereid verklaar om diere aan die instansie te voorsien. Hulle sou selfs planne van hoe moontlike uitstalhokke kon lyk, teen vergoeding aan dr. Gunning beskikbaar stel. Sodra die Dieretuin goed op die been was, wou hulle ook ruiltransaksies aangaan. Ter afsluiting van die brief is die Direkteur sterkte met die Dieretuin (wat toe nog nie werklik bestaan het of goedgekeur was nie!) toegewens.[1] Vanaf die vroegste jare het dr. Gunning van diere-agente gebruik gemaak om eksotiese en uitheemse voorbeelde in die hande te kry. Met die beroemde Carl Hagenbeck van die Carl Hagenbeck's Handelsmenagerie und Thierpark *(sic)* in Hamburg is gereeld gekorrespondeer en 'n pamflet met pryslyste is (fig. 35) ontvang. In 'n lang getikte brief het Hagenbeck onderneem om met die eerste beste geleentheid diere via Kaapstad aan te stuur, dat iemand die besending sou vergesel en dat die persoon diere wat Pretoria beskikbaar gehad het, terug na Hamburg sou neem. So gretig was hy om met Gunning handel te dryf, dat hy beloof het om enige dier wat op die pryslys as "verkoop" aangedui is, wel in die hande te kry, want "so kann ich Ihnen dies durch meine grossen Connectionen *(sic)* sehr schnell besorgen".[2] Van die Dresdense Zoologische Garten is ook 'n pryslys ontvang. Hierdie diere wat aangekoop of later geruil is, is per stoomskip na Kaapstad gestuur en daar op die trein gesit.[3]

Ook van plaaslike dierehandelaars is gebruik gemaak, byvoorbeeld van M. Steinberg. Sy briefhoofde het soos volg gelees: *M. Steinberg. Bird Fancier and Poultry dealer. Contractor for Pretoria Museum and Zoological Gardens. The Greatest Show in South Africa of Singing and Fancy Birds, Poultry, Animals and Reptiles, From every part of the world. Parrot Food a speciality, 578 West Street Durban.*[4] Een van die vroegste pryslyste vir diere het só daar uitgesien: Vier silwerjakkalse @ £8, twee hiënas @ £6, drie springhase @ £3 en een duiker teen £1.[5] Dikwels moes Noome, dr. Gunning se assistent, reise onderneem om diere wat vir die Dieretuin bestem was, te gaan haal. Per geleentheid moes die Direkteur sorg dat Noome die nodige dokumente het om na Delagoabaai te reis. Die rede waarom die diere van daar af per vragmotor vervoer moes word, was omdat die Belg, wat hulle tot by hul eindbestemming moes vergesel het, laat spaander het toe hy verneem dat die Britse troepe Pretoria beset het. Hy het die diere net daar, hulpeloos alleen agtergelaat.[6]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

22/10/00




Telegramm-Adresse:
HAGENPARK, HAMBURG

# Preis-Verzeichniss

des

# jetzigen Thier-Vorrathes

**Alle Angebote sind vorbehältlich des Freiseins.**

**ise incl. Verpackung loco Hamburg. Versand: Risico des Empfängers**

**Die mit X angemerkten Thiere sind bereits verkauft.**

**Figuur 35** Die voorblad van 'n pryslys, gedateer 1900, wat dr. Gunning van Hagenbeck ontvang het.
(Uit: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skenkings aan die "dieretuin" was oorvloedig. Op 24 Julie 1899 het veldkornet E.J. Barhill van Barberton 'n duiker geskenk en heelwat korrespondensie aangaande mense wat diere wou skenk en wat ook bereid was om diere saam te bring van 'n tog iewers heen, en hulle dan per spoor aan te stuur, het in die vroegste brieweboeke voorgekom.[7] Nie alle skenkings het sonder haakplek verloop nie. Een van die bekendste dierestories van die Nasionale Dieretuin handel oor Beauty, die leeu wat Cecil John Rhodes geskenk het. Tydens 'n besoek van Gunning aan Kaapstad in September 1899 om 'n landboukongres by te woon, is hy na Rhodes se landgoed Groote Schuur uitgenooi om sy ingevoerde beeste te besigtig. Tydens 'n gesprek het Rhodes aangedui dat hy graag 'n leeuwyfie uit sy diereversameling aan die Dieretuin wou skenk. Omdat die Direkteur maar alte bewus was van die politieke spanning wat tussen die Noorde en Suide geheers het, het hy Rhodes meegedeel dat hy die leeuwyfie nie as 'n persoonlike geskenk of as 'n geskenk vir die Dieretuin kon aanvaar nie. Daar is toe besluit op 'n ruiling. Fanny, soos die wyfie eers bekend gestaan het, sou vir 'n silwerfisant en twee seldsame arende geruil word. Dr. Gunning het die dier persoonlik in ontvangs geneem en dit self na Pretoria gestuur. Daar het Fanny by hom aan huis gebly, alvorens sy na haar nuwe bestemming verskuif sou word. Geen haan sou waarskynlik na die transaksie gekraai het as dit nie vir 'n onnutsige telegram na Pretoria was nie wat bekend gemaak het dat 'n Britse leeu op pad was. Op 18 September 1899 het staatsekretaris F.W. Reitz dr. Gunning telefonies gewaarsku: "Zorg dan, dat U hem daar houdt en niet in onzen Dieretuin zet, anders gaat de leeuw eruit en U ook!"

Op 22 September 1899 het die Bestuurskomitee van die Staatsmuseum die volgende mosie aangaande die leeu aangeneem: "Het Curatorium van het Staatsmuseum, betreurend en afkeurend, dat de Direkteur van dat Museum gedurende zijn laatste dienstreis naar Kaapstad tot het aangaan van een transactie - waardoor het Museum een leeuw zou krijgen - in verbinding heeft gesteld met den erkenden vijand van dezen staat, Cecil Rhodes, gelast den Direkteur die transactie niet te doen door het onverwijld terugzenden van den reeds ontvangen leeuw, en den heer Rhodes schriftelijk mededeling van dat besluit te doen."[8]

Die dier is teruggestuur en op 8 November 1899 het dr. N. Mansvelt die volgende aanmerking op die lêer geskryf: "De beruchte leeuw is met andere ongewenschte individuen over de grenzen gezonden"[9]

Rhodes het haar op sy beurt na die Londense dieretuin verskeep.[10] In 'n skrywe aan Rhodes oor die "Lion-business" (gedateer 8 Aug. 1900) verklaar Gunning dat hy dié brief in sy private hoedanigheid skryf en vra hy om verskoning vir die wyse waarop Fanny aan Rhodes teruggestuur is.[11] In Julie 1902 het die Zoological Society of London die leeuwyfie na Pretoria teruggestuur waar sy tot 1916 bly leef het en as gevolg van ouderdom en blindheid van kant gemaak moes word.[12] Daar is besluit dat haar kop gemonteer moet word en as aandenking in die Direkteur se kantoor moet staan.[13]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die twee leeus wat deur die Soedanese regering aan lord Kitchener as geskenk vir die Dieretuin oorhandig is, het met baie minder probleme vanaf Port Said met die stoomboot van die Duits-Oos-Afrikaanse Maatskappy na Delagoabaai vertrek. Van September tot Desember 1902 was daar 'n uitgebreide briewewisseling tussen die Dieretuin en die Britse Ministerie van Oorlog en die Britse leër in Kaïro om die finale reëlings te tref vir 'n spesiale oppasser van die firma Cooks and Sons om die twee leeus te vergesel.[14] In 'n brief aan majoor-generaal sir J.G. Maxwell het Gunning byna liries oor die aankoms van bogenoemde twee diere geraak. "Sir, it is with intense delight that I beg to inform you that the Royal beasts you were so kind to present to the Pretoria Zoo have arrived in fine condition ... From the very first our institution enjoyed officially your goodwill but this personal act of munificence crowns your kindness in a most appreciable and imposing manner ... Their new house is nearly finished and I hope to be able to put them in it by the end of the week, they will have the compartment next to the now historic 'Rhodes' Lion."[15]

Die verhaal rondom Babu, die Himalaya-beer, was ook iets besonders. Die beer is as welpie deur soldate van die Tweede Britse Bataljon in 'n grot in die Himalajagebergte gevind en as troeteldier oral saam met die regiment tydens die Tirahveldtog (1887-1888) geneem. Sy oppasser, kwartiermeester-generaal S.P. Mc Cullough, het hom gedurende daardie tyd allerlei toertjies aangeleer. Babu het die regiment na Suid-Afrika vergesel ten tyde van die Tweede Vryheidsoorlog en toe die volgende bestemming Egipte was, het lord Kitchener bevel gegee dat die dier òf weggegee, òf van kant gemaak moet word. Hierop is Babu aan die Dieretuin in Pretoria geskenk. Hy het na 'n verblyf van agtien jaar in sy nuwe tuiste in 1921 gevrek.[16]


Dat die Direkteur geen steen onaangeraak gelaat het nie om skenkings in die hande te kry en van allerlei metodes gebruik gemaak het, blyk uit die volgende brief aan Julius Jeppe waarin hy gevra het dat Jeppe en sy "co-magnates" in Johannesburg hom moet help om diere vanuit Duitsland te koop. Hy het onder meer aangevoer: "Of course it looks much nicer to see on the labels 'Presented by Mr ...' than to purchase them for *(sic)* own money, as it may induce others also to give us something and besides it shows the widespread interest of the whole community in the Zoo."[17]

'n Hoogtepunt wat diere-aanwinste in die vroeë onstaansjare van die Dieretuin betref, was beslis die verkryging van 'n Indiese olifant. In Oktober 1902 is onderhandelings met die Deyangoda-dieretuin in Ceylon aangeknoop om só 'n olifant te bekom. 'n Mahoet of oppasser sou die olifant vergesel en deur die Dieretuin in diens geneem word.[18] Van hierdie onderhandelings het daar, soos dikwels vantevore, niks gekom nie.[19] Volgens 'n aankondiging tydens die Bestuurskomitee-vergadering van 13 Maart 1906 is 'n jarelange droom egter bewaarheid: 'n Indiese olifant wat in Rangoen gevang en deur Samuel Marks aan die Dieretuin geskenk is (fig36), was op pad. Dit is toe as die grootste gebeurtenis in die kort geskiedenis van die instansie beskou.[20] Marks is bedank vir sy "liberal gift" en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 36** Mary, die beroemde Sammy Marks-olifant.
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoop is weer eens uitgespreek dat "other wealthy men may follow your generous example and will assist us to build up this place to be worthy of the Capital of this Colony".[21] Hoe oud Mary tydens haar aankoms in Pretoria was, is nie bekend nie, maar sy het 36 jaar en 8 maande en 23 dae in die Dieretuin gewoon en gewerk. Sy is in 1942 dood en haar lewensduur in gevangenskap is op daardie tydstip deur nie meer as tien Indiese olifante in die hele wêreld oortref nie. Haar sagmoedigheid en geduld met die kwetterende kleinspan op haar rug het haar besonder geliefd gemaak.[22]

Ander bekende figure van daardie tyd wat skenkings aan die Dieretuin gemaak het, was die Transvaalse goewerneur lord Selborne, wat 'n duiker geskenk het,[23] sir Percy Fitzpatrick (skrywer en politikus) met sy wildebees[24] en hoofman Lewanika van Barotseland, wat die seekoeibul Sigapo (wat "groot bek" beteken) in 1907 geskenk het. Alhoewel dié ou grote nie juis veel notisie van dit wat om hom aangaan, geneem het nie, was hy 'n uitstekende wekker, want hy het elke oggend om 05.30 'n harde bulk gegee. Só geheg het hy aan die werker wat sy hok skoongemaak het geraak, dat toe hy die diens van die Dieretuin verlaat het, Sigapo dae lank niks wou vreet nie. Hy is op 12 Junie 1946 na ongeveer 38½ jaar in die Dieretuin dood.[25]

In 1913 het die Bestuurskomitee van opperhoof Khama van die destydse Betsjoeanaland 'n gemsbokooi, 'n kameelperdbul, twee sebras en twee volstruise ontvang. Die versameling suikerbekkies en die vyf rooiborskorhane, ook deel van die skenking, is as uiters waardevolle toevoegings tot die Dieretuin beskou.[26] In 1920 het generaal Smuts vyf Japanese goudvisse aan die Dieretuin geskenk.[27]

Namate die versameling diere groter geword het en in aanhouding begin teel het, kon die Dieretuin al hoe meer van ruiltransaksies gebruik maak om eksotiese en moeiliker bekombare diersoorte in die hande te kry. Een van die eerste transaksies waarvan daar melding gemaak is, was dié met die Pagelsirkus. 'n Swartbeer en leeuwelpie, wat nege maande oud was, is vir 'n driejarige leeuwyfie geruil en skaars 'n jaar later het sy geboorte geskenk aan twee gesonde klein welpies - waarskynlik die eerste om in die Dieretuin gebore te word.[28]

Dit het ook nie altyd met alle ruilings voor die wind gegaan nie. Die Direkteur het byvoorbeeld in 'n verslag vermeld dat die twee elande van die Natalse wildtuin wat vir die impalas en rusabokke van die Nasionale Dieretuin geruil is "a disgrace to any Institution" was en "how a Government Department can have the cheek to send a zoo (or anyone else for that matter) such a pair of animals I cannot fathom. They are in a very poor condition - one is skin and bone and hollow-backed and both have only one horn". Die Direkteur het aanbeveel dat hulle teruggestuur moet word.[29]

Transaksies is al hoe meer met buitelandse instansies aangegaan. Die Londense dieretuin het in 1921 'n kameelperdpaar van die Nasionale Dieretuin bekom.[30] Die Direkteur van die Tarango Zoological Park in Sydney, Australië sou onderweg na Engeland by Durban langs gaan sodat Haagner van die diere wat hy beskikbaar gehad het, kon



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

besigtig.[31] Die Edinburgh Zoo het 'n versoek aan Pretoria gerig om hom behulpsaam te wees met die verkryging van diere, terwyl die Rotterdamse dieretuin na 'n elandbul op soek was. Die Bestuurskomitee was bereid om van so 'n bul afstand te doen in ruil vir 'n orangoetang van "decent size".[32] 'n Versoek dat 'n versameling Suid-Afrikaanse voëls teen £55 aan die Sydney-dieretuin verkoop moet word en dat bewaarder Schlüter van die Nasionale Dieretuin die voëls op hul reis na Australië sou vergesel, is goedgekeur. Die transaksie het ook bepaal dat 'n paar sebras vir 'n kangaroe, 'n paar wallabies, ses swartswane en 'n groot aantal papegaaisoorte geruil sou word. Die dieretuin in Sydney was ook verantwoordelik vir Schlüter se salaris totdat hy Australië sou verlaat.[33] Ander versoeke is ook in Haagner se tyd ontvang, byvoorbeeld van die dieretuine in Rangoen en Toronto en dan was die Eerste Minister van Wes-Australië op soek na 'n seekoei vir die dieretuin in Perth.[34]

Onder die bestuur van dr. Bigalke is nuwe toevoegings tot die Dieretuin klokslag aan die pers gerapporteer. Interessante verhale rondom die wyses waarop die Dieretuin aan die diere gekom het, hulle skaarsheid of die feit dat hulle moeilik in gevangenskap aangehou of geteel kan word, was alles inligting wat in die berigte genoem is om belangstelling by die publiek te wek en besoekers na die Dieretuin te lok. Die Direkteur het selfs kort artikels in sy eie rubriek "Zoo Notes" in *The Pretoria News* geskryf.[35]

Die verkryging van die grootste skilpad in Afrika was een van die berigte wat die verbeelding aangegryp het. Die skilpad, gevang deur W.A. Terry op die eiland Aldabra in die Indiese Oseaan, is aan die goewerneur van die Seychelle oorhandig wat dit op sy beurt weer aan die Nasionale Dieretuin geskenk het. Dit was op daardie tydstip ongetwyfeld die grootste skilpad in Afrika en het 225 pond (102,06 kg) geweeg, was 3 vt. 2 dm. (99cm) lank, 2 vt. 2 dm. (65 cm) breed en het 'n buikomvang van 6 vt. 5 dm. (76 cm) gehad. Dié skilpad het in die eerste vier jaar van sy verblyf in Pretoria 155 pond (70,30 kg) aan gewig opgetel.[36]

Die verkryging van 'n Afrika-olifant in die plek van Dora wat in 1913 van die destydse Suid-Rhodesië ontvang is en in 1937 as gevolg van strignienvergiftiging gevrek het, was ook nuuswaardig.[37] Die goewerneur-generaal van die toenmalige Belgiese Kongo, Piérre Ryckmans, het 'n olifantkoei in die plek van Dora, wat destyds die enigste Afrikaanse olifant in 'n dieretuin in die Unie was, die Dieretuin aangebied. Die skenking is eintlik deur advokaat Oswald Pirow, die Minister van Verdediging, wat in die Belgiese Kongo op besoek was, bewerkstellig.[38] Schlüter het op 2 September 1938 vertrek om die kalfie te gaan haal en daar is gereken dat dit 'n maand sou neem om die sending af te handel. Die reis sou te voet, per rivierboot en per trein afgelê word. Die olifantjie, wat later Congolene genoem is, was afkomstig van die olifantskool te Gangala-na-Bodio in die noorde van die Kongo en is deur die plaaslike inwoners te voet tot by Stanleystad (Kisangani) vergesel. Van daar het sy ses keer oorgeklim om van trein- en rivierbootvervoer gebruik te maak. Die vyfjarige olifant het haar bestemming op 2 November 1938 bereik nadat sy en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Schlüter ±3 200 myl (5 149,76 km) afgelê het. As gevolg van 'n naelbreuk wat sy kort na haar aankoms opgedoen het, kon sy egter nooit vir dit waarvoor sy opgelei was, naamlik om kinders op ritte te neem, gebruik word nie.[39]

Ruiltransaksies gedurende hierdie tydperk was goed op dreef. Die drie vlakvarke wat in 1931 in Toronto aangekom het, het vir 'n buitengewone vertoning tydens die konferensie van die American Institute of Park Executives gesorg.[40] Dit was ook nie die geval dat net diere by hierdie transaksies betrokke was nie, so byvoorbeeld het die Koninklike Botaniese tuin Kew in Engeland kraanvoëls in ruil vir orgideë en ander plante aangevra.[41]


Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat die uitruil van diere feitlik tot stilstand gekom het. Veral transaksies met die Ooste en Australië het skipbreuk gely.[42] Dié tydperk is egter gekenmerk deur besondere plaaslike aanwinste vir die Nasionale Dieretuin. Die aankoms van Grietjie, die seekoei, het die belangstelling gaande gehad. Op 22 Februarie 1942 het nie minder nie as 2 000 besoekers opgedaag om haar te besigtig. Die verhale rondom die verkryging van Grietjie, en later ook Tertius, was iets besonders. Nadat L.E. Vaughan in Noord-Rhodesië 'n klein seekoeitjie uit die kake van 'n honger krokodil gered het, het hy die erg verwonde diertjie, wat nie meer as 100 pond (45,36 kg) geweeg het nie, verpleeg en 170 myl (120,69 km) ver na sy plaas vervoer. Van daar het haar weldoener haar per goederetrein na Pretoria vergesel. Die reis het vyf dae geduur. Aanvanklik is Kaingu (soos sy eers genoem is, na die plek waar sy gevind is) op 'n daaglikse dieet van 1 gelling (4,54 l) melk en 'n dosyn eiers geplaas. Toe sy ses maande oud was, het sy 3 gelling (13,63 l) melk en 'n dosyn eiers gekry en het sy reeds 300 pond (136,08 kg) geweeg.[43] Nadat sy twee en 'n half jaar onder die waaksame oog van 'n piekanien in die Apiesrivier rondgeswem het, is sy by Sigapo geplaas.[44] In 1947 het Tertius, 'n jong seekoeibulletjie, by Grietjie aangesluit. Hy was afkomstig van die plaas Finale van B.D. Cooper, sestien myl (25,74 km) van Shabani af in die destydse Suid-Rhodesië. Nadat sy ma doodgeskiet is, het hy allenig op die rivieroewer gewei. Mettertyd het hy so mak geword dat hy uit die hand van 'n plaaswerker gevreet het. Toe hy die mieliekoppe begin verorber, het Cooper hom gevang. Hy was hondmak en het met 'n loopplank tot in die vragmotor geloop. Hy het hom in die spesiaal ingerigte varkhok tuisgemaak en in sy eie watergat gebaljaar. Hy het selfs nadergestaan wanneer hy op sy naam, toe nog Cuthbert, geroep is. Die Dieretuin het hom vir die bedrag van £155 van sy eienaar gekoop en hy is by Beitbrug in 'n beestrok gelaai wat agteraan die lokomotief gekoppel was, en na die suide vervoer. By elke stasie is hy deur die masjinis 'n bietjie natgespuit.[45]

Die verkryging van 'n klein witrenostertjie, wat ongeveer tien dae oud was en die eerste om ooit in **enige** dieretuin vertoon te word en wat in daardie stadium na alle waarskynlikheid die eerste was om met die hand gevang te word, word vandag nog gereken as een van die heel belangrikste aanwinste van die Nasionale Dieretuin. Dr. Bigal-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 37** Zuluana, die eerste witrenoster om in 'n dieretuin vertoon te word
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ke was sedert 1928 kliphard besig met onderhandelings om so 'n renoster in die hande te kry. Agtien jaar later het hierdie pogings vrugte afgewerp toe die Administrateur van Natal, D.E. Mitchell, op 26 Julie 1946 om 12:30 aan die Direkteur laat weet het dat 'n witrenosterkalfie in Zoeloeland gevang is. Reeds om 17:00 dieselfde dag is bewaarder De Waard op pad na die Hhluhluwewildtuin om die nuwe vonds te gaan haal. Nadat witrenosters van die Umfolozinatuurreservaat skade op boere se plase aangerig het, is besluit om hulle oor die Wit Umfolozirivier terug na die reservaat te jaag. Tydens een van hierdie jaagtogte is opgemerk dat 'n verskrikte koei haar kalfie agtergelaat het. Die senior wildbewaarder in Zoeloeland, Adank, het aan een van die werkers opdrag gegee om haar op te pas totdat haar ma sou terugkeer. Kaptein Potter, die wildbewaarder van die Hluhluwereservaat het aan Adank toestemming verleen om die kleinding aan die lewe te probeer hou indien die ma nie sou terugkeer nie. Dit het ook nie gebeur nie en die kalfie is 75 myl (120,69 km) verder na laasgenoemde wildtuin vervoer waar De Waard haar in ontvangs geneem het. Op versoek van kaptein Potter is sy Zoeloeana gedoop (fig.37). Die rit terug na Pretoria het dwarsdeur die nag geduur en daar is tussen Amsterdam en Ermelo stilgehou om melk vir die renoster warm te maak. By haar aankoms het sy 2 vt. (160,96 cm) hoog gestaan en meer as 75 pond (34,02 kg) geweeg. Sy is aanvanklik op 'n liter melk gevoer en die dieet is later met gras aangevul. Haar opwagting het ongekende belangstelling geniet en selfs die Administrateur van Transvaal, genl. J.J. Pienaar, het haar gaan verwelkom.[46] Só belangrik was hierdie deurbraak in die wêreld van dieretuine dat Zoeloeana fyn bestudeer is en 'n artikel, geskryf deur dr. Bigalke, het later in *Proceedings of the Zoological Society of London* in November 1950 verskyn.[47]

Na die ontvangs van Zoeloeana sou die Raad drie jaar lank probeer om 'n maat vir haar te kry. In die eerste week van Januarie 1949 is 'n jong bulletjie van 3 vt. 4 dm. (1,01 m) hoog en wat oor 'n 500 pond (226,8 kg) geweeg het, in die Umfoloziwildreservaat gevang. Sy ma is vermoedelik in 'n geveg met 'n ander renoster dood. Net soos Zoeloeana, is Folozi, wat "vooros" beteken, aan die Nasionale Dieretuin geskenk. Dr. T.G. Nel en J. Grobler van die Dieretuin het maar 'n moeilike tydjie gehad om dié diertjie by sy bestemming te kry. Ten spyte van 'n kas van planke wat 1½ duim (45 cm) dik was, moes hulle kort-kort stilhou om die planke met hulle rue te stut wanneer Folozi aan die stamp geraak het. Ook van sy aankoms is 'n groot ophef gemaak omdat geen dieretuin ter wêreld 'n witrenoster (laat staan nog twee!) kon vertoon nie. Selfs 'n aanbod van £5 000 vir Zoeloeana is die vorige jaar van die hand gewys en die Dieretuin was glad nie van plan om een van die twee, vir watter prys ookal van die hand te sit nie.[48] Die publiek is ook meegesleur deur die nuwe opwinding in die Dieretuin soos dit duidelik geblyk het uit die volgende telegram van Vriende op Hennenman: "Hartlik geluk met die huwelik. Mag julle moeilikhede almal klein renostertjies wees!"[49] Selfs in 'n Duitse tydskrif het 'n artikel van dr. Bigalke oor Zoeloeana en Folozi verskyn en so het hierdie prestasie in die wêreld bekend geraak.[50]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die verkryging van die Père Davidherte, een van die seldsaamste takboksoorte ter wêreld, deur 'n ruiling met die Londense dieretuin, het die droogte in die Dieretuin op hierdie gebied finaal gebreek. Hierdie bok het glad nie meer in sy natuurlike staat voorgekom nie en afgesien van 'n paar van dié diere wat in drie of vier dieretuine in die wêreld te sien was, het die enigste groot trop waarskynlik by Woburn Abbey in Bedfordshire in Engeland gewei. In 1865 het die Franse sendeling Père Armand David tydens sy verblyf in Sjina oor die muur van die keiserlike park, wat vir jagdoeleindes gebruik is, geloer. Daar het hy ongeveer 'n honderd stuks van dié takbokke opgemerk. Hy het met A. Milne-Edwards van die Muséum d'Histoire Naturelle in aanraking gekom en kort voor lank is reëlings getref dat hy van dié herte in Parys kon bestudeer. Hy het hulle wetenskaplik beskrywe en op die naam *Elaphurus Davidianus* besluit. Sedertdien staan hulle as die Père Davidtakbokke bekend. Die hertog van Bedford in Engeland, wat 'n ongekende belangstelling in die bewaring van wilde diere getoon het, het teen die einde van die negentiende eeu 'n paar van dié takbokke van die dieretuin in Parys ontvang. Nadat hulle met welslae geteel het, is hulle in 'n park in Woburn losgelaat. Hy het later nog van dié boksoort bekom en teen 1948 was daar 255 bokke in die kudde. Wat die aanwins van die Père Davidtakbok deur die Nasionale Dieretuin nog meer besonders maak, is die feit dat hierdie diere sedert die opkoms van die Christendom nie meer in die natuur voorgekom het nie, maar slegs in parke en dat die laaste van die takbokke wat in Sjina aangehou is in die koninklike park in Peking in 1900 tydens die Bokseropstande deur soldate gedood is. Die Sjinese benaming vir hierdie bokke blyk gepas te wees, naamlik Sau Pu Hsiang, wat "dier met die vier kenmerke" beteken: die hoewe van 'n koei, die stert van 'n muil, die nek van 'n kameel en die gewei van 'n takbok.[51]

Gedurende 1929-1948 is daar heelwat sukses in die Nasionale Dieretuin met die teel van leeus behaal. Sedert 1929 is daar nie minder nie as 55 werpsels met 154 leeutjies gebore.[52] Hierdie leeutjies het baie handig te pas gekom in ruil- en verkooptransaksies. Die dieretuin in Manila het twee welpies aangekoop om 'n nuwe versameling op te bou nadat die diere daar tydens die oorlog, toe Japan die Filippyne ingeval het, òf gedood, òf opgeëet is![53] Welpies is ook na Rio de Janeiro gestuur in ruil vir 'n paar jaguars, pakas ('n soort knaagdier) en 'n paar agoetis (goudhase).[54] Tydens 'n besoek van die Italiaanse bariton Tito Gobbi aan Suid-Afrika in 1951 het hy 'n drie-weke-oue welpie teen £30 aangekoop, hom Figaro gedoop en onderneem om hom aan die dieretuin in Rome te skenk sodra hy volgroeid was.[55]

Die skenking van die twee leeuwelpies Pretoria en Bonn aan die Bonner Schulzoo het vir groot opwinding onder die Duitsers gesorg.[56] Tydens Pretoriase eeufees in 1955 het die burgemeester van Bonn, wat as eregas uitgenooi is, aan sy gasheer en ampsgenoot vertel dat die hoofstad van die Duitse Bondsrepubliek 'n dieretuin, maar geen leeus het nie. Kort hierna het die Nasionale Dieretuin twee welpies as geskenk na Duitsland gestuur. So geheg het die inwoners van Bonn aan die twee katte geraak dat, toe besluit is dat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pretoria en Bonn te groot en onhanteerbaar vir die betreklik klein dieretuin geword het en dat hulle elders 'n heenkome moet vind, die Vriende van Bonn se dieretuin so 'n kabaal opgeskop het dat die dieretuinbestuur nie anders kon nie as om te sorg dat hul permanente verblyf verseker sou wees.[57] Nadat Pretoria skielik gevrek het, het dieselfde organisasie aangedring dat 'n maat vir die eensame en treurende leeumannetjie gekoop moet word. Toe dr. Brand hiervan te hore gekom het, is dadelik van die Raad toestemming verkry om 'n ander wyfie, Pretoria II, te skenk (met die hoop dat die krat met 'n Amerikaanse poema teruggestuur sou word).[58] 'n Drie-jaar-oue wyfie wat 350 pond (158,76 kg) geweeg het, het na Frankfurt vertrek nadat 27 kabelgramme tussen die hoofkantoor van Lufthansa in Frankfurt en die kantoor in Johannesburg gestuur is om die reis moontlik te maak.[59] Die nuwe leeu is goed deur die televisie en pers in Frankfurt ontvang, maar moes eers in die dieretuin van Keulen loseer tot tyd en wyl 'n nuwe, groter hok in Bonn in gereedheid gebring is.[60]

Die verkryging van die twee okapi's vanuit die Belgiese Kongo was ook geen geringe prestasie nie. Dit was die enigste van dié diersoort wat in 'n dieretuin in die Suidelike Halfrond gevind kon word.[61]

Nadat Mary, die Sammy Marks-olifant, in 1942 dood is, het die Raad tevergeefs pogings aangewend om weer 'n Indiese olifant, wat geskik sou wees om kinders op ritte te neem, in die hande te kry. Die Durbanse stadsraad het nou wel hulle Nellie aangebied, maar omdat sy nie wou toelaat dat sy opgesaal word nie, is die aanbod van die hand gewys.[62] Uiteindelik het die Nasionale Dieretuin daarin geslaag om in 1958 Manel (wat "lotusblom" beteken) van Ceylon te verkry. C.M. van der Westhuizen, 'n werknemer, het die ark vol diere, onder meer twee Bengaalse tiers, twee kaketoes, tien bokke, elf apies, twee gibbonape, twee lepelaars en twee gekleurde ooievaars gaan haal. Aangesien die olifant nie 'n Suid-Afrikaanse naam gehad het nie, het die Raad 'n kompetisie uitgeskryf om só voorstelle van die publiek te kry. Die eerste prys was 'n gesinseisoenkaartjie. Daar is toe op die naam Peggy besluit.[63]

Soms het die personeel van die Dieretuin self ekskursies onderneem om skaars diersoorte in die hande te kry. Van so 'n ekspedisie is daar in 1959 vyf antelope uit Somalië teruggebring, naamlik die dibatag (*ammodorcas clarkei)* of Clarke se gasel waarvan daar waarskynlik net vyfhonderd in die wêreld oor was en dus uitwissing in die gesig gestaar het, en die gerenuk (*lithocranius walleri)* of Waller se gasel. Albei soorte het lang nekke en dun bene en lyk kameelperdagtig.[64]

Nog 'n besondere aanwins waarop die instansie met reg baie trots was, was die uitstalling van Tombi en Temba, die eerste twee wit leeus in gevangenskap. Hulle is in 1977 in die Timbavatiwildreservaat naby die Nasionale Krugerwildtuin raakgesien, gevang en per helikopter na die Dieretuin vervoer. Dié twee leeus is aan die Nasionale Dieretuin geleen, sodat hulle aan die publiek vertoon kon word. Daar is ooreengekom dat indien hulle paar, alle welpies aan die reservaat terugbesorg sou word. Hierdie diere oorleef nie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lank in hul natuurlike omgewing nie, omdat hulle nie goed kamoefleer nie en dus nie vir jagters kan wegkruip nie. Die trop verwerp hulle ook gewoonlik. Dié leeus is as so uniek beskou dat 'n nasionale tydskrif die publikasieregte van hul foto's by die Dieretuin gekoop het. Die plan was om die diere tydens die vrystelling van Chris Mcbride se boek *The white lions of Timbavati* (London, 1977) te vertoon.[65]

Van die waardevolste toevoegings wat tot in 1984 in die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika vertoon is, sluit onder meer die volgende in: 'n Maleise tapir,[66] die eerste twee Grevy-sebras in Suidelike Afrika,[67] twee tweetoon-luidiere en die twee pare kraaglemurs, wat van twee dieretuine in Europa teen R7 500,00 aangekoop is. Hierdie lemurs is van die heel seldsaamste diere ter wêreld en is as een van die belangrikste aanwinste van die Dieretuin die afgelope aantal jare gereken.[68]

2. <u>Teling</u>

Die teling van spesies was vir die Dieretuin van meet af aan belangrik. Nie net omdat dit sou verseker dat diere wat vrek, vervang kon word nie, maar ook omdat dit onlosmaaklik deel was van een van die groot doelwitte van die instansie, naamlik natuurbewaring. Met 'n suksesvolle teelprogram kan skaars diersoorte van uitwissing gered word. Wat die aanteel van diere betref, is nie net prestasies op nasionale vlak behaal waar die Dieretuin dikwels die eerste in Suid-Afrika was om sekere diersoorte suksesvol in gevangenskap te laat aanteel nie, maar soms ook die eerste in die wêreld. Hierdie welslae het tot die bekendheid van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in dieretuine wêreldwyd bygedra. Slegs enkele van die hoogtepunte wat op dié terrein behaal is, sal vervolgens bespreek word.

Uit die vroegste verslae wat geraadpleeg is, is dit duidelik dat feitlik elke geboorte met belangstelling en opwinding gepaard gegaan het, veral as dit 'n eerste geval in die Dieretuin was. In Januarie 1912 het die superintendent met vreugde die geboorte van 'n kangaroerot aangekondig.[69] In Maart is die eerste witkuif mangabie in die Dieretuin gebore.[70] Omdat dit nie vanselfsprekend was dat alle nuwe aankomelinge sou oorleef nie, was opmerkings in verslae, soos die volgende oor drie jong hoep-hoeps nie ongewoon nie: "(they) are doing splendidly - the first we have been able to keep alive."[71]

'n Wildehondteef het aan drie kleintjies geboorte geskenk en ofskoon die reun verwyder is en die ma so rustig moontlik gehou is, het sy haar kleintjies rondgedra tot hulle dood was.[72] Sulke terugslae het die personeel aangespoor om verder vooruit te dink en geriewe só in te rig dat probleme in die toekoms voorkom sou word. In hierdie geval was die Direkteur van mening dat 'n klein kampie tussen die bome naby die rivier, voorsien van 'n ondergrondse kamer of kas, ingerig moet word waarin wildehonde of jakkalse net voor die geboorteproses geplaas kon word.[73] So sou die natuurlike omgewing van hierdie diere beter nageboots word en kon die wyfie haar kleintjies beskut agterlaat terwyl sy gaan vreet of suip het. Veral vir die suksesvolle aanteling van voëls was die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergroting en modernisering van hulle huisvesting 'n noodsaaklikheid waarvan die Dieretuin maar al te bewus was.[74] Gou is daar van uitruilskemas met ander instansies gebruik gemaak om 'n teelprogram aan die gang te kry. So is die tierwyfie van die Nasionale Dieretuin in 1916 na die dieretuin in Johannesburg gestuur om 'n romanse tussen haar en die mannetjie aan die gang te sit. Albei die dieretuine sou natuurlik by die werpsel baat.[75]

'n Hoogtepunt wat die teelgeskiedenis in die tyd van Haagner betref, was beslis die geboorte van 'n kringgatwaterbok in Januarie 1925. Na alle waarskynlikheid was dit die eerste lammetjie ter wêreld wat in gevangenskap die lewenslig aanskou het.[76] Die geboorte van die klein Hartmannkwagga in 1932 was ook van belang omdat dit die eerste keer was dat so 'n kalfie in 'n dieretuin in die Unie gebore is.[77]

Nuwe geboortes is met groot fanfare vir advertensiedoeleindes onder die direkteurskap van dr. Bigalke in die koerante aangekondig. Met opskrifte soos "Many babies at Pretoria Zoo",[78] "Dr. Stork's busy days", "Babies at the Zoo", "Rearing Springboks on the battle",[79] "Babetjies (*sic*) in die Dieretuin"[80] en baie ander is die publiek se aandag op die nuwe aankomelinge gevestig. Gewoonlik is die opskrif gevolg deur 'n grappige vertelling waarin die gebeure rondom die geboortes aan die lesers beskryf is. Selfs in 'n uitgawe van *Der Zoologische Garten,* die mondstuk van dieretuine in Europa, is daar volgens dr. Bigalke melding gemaak van die welslae wat deur die Nasionale Dieretuin met die teel van die diere behaal is.[81]

Wat die teel van tiertjies betref, het die Dieretuin groot sukses behaal. Die twee tierwyfies het in vyf jaar nie minder nie as agt dragte met vyftien welpies gelewer.[82] Waar daar gewoonlik twee of hoogstens drie welpies per werpsel gebore word, het die Dieretuin in 1936 'n werpsel met vier springlewendige kleintjies gehad om mee te spog.[83]

Mettertyd het die teel van skaars wildsoorte al hoe belangriker geword. In die lig hiervan was die vier swartwildebeeste wat in 1947 gebore is, van groot belang. Omdat hierdie diersoort al hoe skaarser in die natuur geword het (in daardie stadium was daar na beraming nog net 1 048 van dié dier in die hele Unie oor), het dit nodig geword dat aanteling in dieretuine sou plaasvind.[84]

Nadat dr. Brand van 'n besoek aan die VSA teruggekeer het, het hy die bewering gemaak dat die Dieretuin met een van die heel beste teelrekords in die wêreld kan spog. Nie alleen het die Nasionale Dieretuin een van die beste anteloopversamelings, wat uit 39 soorte bestaan het, gehad nie, maar daar was ook omtrent 'n dosyn of meer soorte wat van uitwissing gered is. Die gunstige klimaat van Suid-Afrika het waarskynlik 'n groot rol in hierdie suksesverhaal gespeel, omdat dit nie nodig was om die diere, soos dit elders die geval is, tot ses maande van die jaar as gevolg van ongunstige weersomstandighede onderdak te hou nie. Voorts het die toestande in dié dieretuin baie ooreengestem met dié van die dier se natuurlike habitat. Die Direkteur het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die Nasionale Dieretuin wat die ontwerp van die inrigting, asook die kwaliteit van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

diereversameling betref, baie gunstig vergelyk het met soortgelyke instansies wat hy tydens sy verblyf in die buiteland besoek het.[85] Volgens 'n verslag in die *Rand Daily Mail* sou dr. Brand beweer het: "When we have completed our current development programme, our zoo will be unequaled in the world."[86]

Sedert sy ontstaan tot Januarie 1967 het die Nasionale Dieretuin 350 leeus geteel. Die dieretuinpersoneel het baie navorsing in verband met die vele aspekte met betrekking tot geboortes in gevangeskap gedoen en dit het daartoe bygedra dat die geboortesterftes verminder het. Navorsing het ook getoon dat wetenskaplike metodes met betrekking tot die voeding, huisvesting en algemene versorging van dié diere bydra tot die vrugbaarheid en verhoging in die geboortesyfers. Die meeste geboortes het ook onder normale toestande plaasgevind. Deskundige mediese hulp is slegs in geval van komplikasies aan die moeder verleen. Sou die moeder haar kleinding verstoot, het die personeel ingegryp en die baba spesiaal versorg en gevoed totdat hy in staat was om vir homself te sorg. Wat ook bygedra het tot die geslaagde teling was dat die moeder 'n mate van privaatheid gedurende die bevalling geniet het. Deskundiges was van mening dat hierdie toedrag van sake psigologies 'n heilsame invloed op die moeder gedurende die geboorteproses het.[87]

Die geboorte van die eerste witrenosterkalfie in 1967 het net soveel opspraak verwek as die destydse verkryging van Zoeloeana en Folozi. Die gebeurtenis was wêreldnuus. Die ouerpaar is sowat veertien maande tevore uit die Hluhluwewildtuin na die Dieretuin oorgeplaas. Dit was sover bekend die eerste dagoud witrenostertjie wat nog ooit deur 'n mens aanskou is, aangesien die koei gewoonlik die kalfie in die natuur so goed wegsteek dat niemand nog ooit die voorreg gehad het om een te sien nie.[88]

In hierdie tyd is daar begin met onderhandelings met die Van Dyk-broer en -suster, Geoff en Ann, om 'n stuk grond van hul plaas by De Wildt, buite Pretoria, op sy te sit vir die teel van jagluiperds.[89] Daar is sedert 1949 gehoop dat die vier jagluiperds in die Dieretuin sou paar.[90] Dit was egter onsuksesvol. 'n Volledige bespreking van hierdie teelprogram by De Wildt volg in die volgende hoofstuk wat oor natuurbewaring handel.

Die geboorte van 'n orangoetang in 1973 is ook as een van die belangrikste geboortes gereken.[91] Verder is die nesbou van die kaalkop-ibis in 1983 as 'n deurbraak beskou, omdat hierdie voël as 'n bedreigde spesie geklassifiseer is.[92]

Jaar na jaar is nuwe aankomelinge van spesies wat minder skaars of op die rand van uitwissing gestaan het, in die Dieretuin gebore. Mettertyd het die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika meer gespesialiseerd geraak en hom veral begin toespits op dié diersoorte wat op die internasionale lys van bedreigde spesies voorkom. Omdat meer ruimte vir dié projekte benodig is, is daar op die wildteelplase by De Wildt, Lichtenburg en Potgietersrus hierop gekonsentreer. Dit word in 'n volgende hoofstuk behandel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

3. Dieregesondheid

a) Voeding

Een van die grootste uitgawes van die Nasionale Dieretuin, trouens van enige soortgelyke instansie, is die geld wat aan dierevoer bestee word. Tesame met korrekte huisvesting is die juiste voeding die belangrikste aspekte om diere gesond en gelukkig in 'n dieretuin aan te hou.

In die jaarverslag vir 1910-1911 is gerapporteer dat £2 249:8:8 van 'n totale uitgawe van £10 782:8:8 aan voedsel bestee is.[93] Benewens die aankoop van vleis, voer, vrugte en groente is rotte, witmuise, marmotte en konyne reeds in die beginjare self by die Dieretuin geteel om as voedsel vir die kleiner karnivore te dien.[94]

Een van die eerste verslae rakende voedsel het gehandel oor die bisonkoei wat dood is as gevolg van 'n stuk draad wat in die voer was.[95] Hierna is daar met die Johannesburgse dieretuin oorleg gepleeg oor die stapelvoedsel van die hoefdiere. Gebaalde voer is verban en daar is besluit dat voer in bondels vir die diere aangebied moet word. By die voer vir kleiner antelope sou alle drade wat gebruik is om die voer te baal vooraf afgeknip word. Lusern en veldgras sou in groot maat aangekoop word en gestampte mielies of hawermout sou drie tot vier keer per week, en semels en groen voer daagliks aan die diere gevoer word. Kaf sou glad nie meer voorgesit word nie, aangesien drade te moeilik daarin opgespoor kan word.[96]
Vanaf 1932 is dierevoedsel vir die eerste keer onder 'n afsonderlike opskrif in die jaarverslae bespreek. In die eerste verslag het die Direkteur daarop gewys dat uitgawes van voedsel bepaal is deur (a) die getal en soorte diere wat in daardie tyd in die Dieretuin voorgekom het, veral die persentasie duur eters, naamlik die karnivore en visvreters (b) die soorte en hoeveelhede voedsel wat verorber is en (c) die pryse van die onderskeie voedselsoorte.[97] Omdat die kwaliteit van die voedsel baie belangrik was en die Bestuurskomitee nie deur die stygende voedselpryse gedurende die depressie gedwing wou word om 'n swakker gehalte aan die diere voor te sit nie, is vertoë tot die Sekretaris van Binnelandse Sake gerig om voorrade teen staatskontrakpryse te verkry. Die aansoek is toegestaan en teen 1933 is £2 231:4:0 aan dierevoedsel bestee. Alhoewel die getal diere dus toegeneem het en pryse gestyg het, het die uitgawes nie veel van dié van 1909-1910 verskil nie.[98] Soos reeds in 'n vorige hoofstuk genoem, is daar in daardie tyd ook spesiale slagpale in die Dieretuin opgerig om van die nuttelose diere wat van alle oorde as geskenke ontvang is, gebruik te maak. In die maer jare is daar vir die katsoorte 'n vleislose dag by hulle dieet ingesluit en moes hulle maar met gras tevrede wees.

Vir die verkryging van vleis, vis, groenvoer en piesangs het die Raad self kontrakte aangegaan. Groente en vrugte is op die Pretoriase mark aangekoop. Alle ander voedsel wat in groot maat benodig was, is verkry deur kontrakte wat deur die Unietendervoorsieningsraad gereël is.[99]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die oprigting van die dierehospitaal en die totstandkoming van die Afdeling Dieregesondheid is besluit dat een van die take van hierdie afdeling die vasstelling van die korrekte en gebalanseerde dieet vir elke indiwiduele dier sou wees.[100] Voortaan sou alle voedselaangeleenthede onder hierdie afdeling in die jaarverslag bespreek word. Dat die regte voeding so higiënies en vars moontlik aan die diere voorgesit moet word, is 'n vereiste vir dieregesondheid. Die herkouers moes byvoorbeeld meer geskikte voerbakke kry, omdat hulle voer nat geword het as dit reën en gevolglik kon gis of muf en dit die diere kon vergiftig.[101]

In 1967 het die hoeveelheid voedsel vir 4 000 diere daar soos volg uitgesien: 11 ton vis, 900 gellings (409,4 l) melk (dit benewens die melk wat deur die Dieretuin se bokke voorsien is), 17 200 piesangs, 65 ton perdevleis, 1 000 dosyn eiers, ½ ton heuning, 300 ton lusernhooi, 400 ton grashooi, ongeveer 180 sakke kragvoer, 7 ton voëlsaad, 70 ton groente en vrugte wat tussen R40 000 en R50 000 gekos het, etlike honderde ton groenvoer en dagoudkuikens vir die kleiner katsoorte. Met die oog op suksesvolle teelprogramme was 'n gebalanseerde dieet dus noodsaaklik. Besoekers is ten strengste verbied om die diere te voer want, volgens Smith, die opvoedkundige beampte, "In many ways the animals are just like children. They would prefer to eat sweets and tit-bits to eating the food that is good for them". Die gorillas het elke Maandagoggend glo met omgekrapte pense en galaanvalle gesukkel as gevolg van te veel roomys oor die naweek.[102]

Wat die dieet van indiwiduele diersoorte betref, is gevind dat 'n volwasse leeu 4-5 kg vleis per dag vreet, 'n volwasse seeleeu 7 kg vis (dus 2 ton per jaar!), 'n volgroeide olifant tusssen 30-40 ton hooi per jaar en 'n seekoei 30 kg groenvoer.[103] Die gorillas is die smaaklikste spyskaart denkbaar voorgesit, onder meer met perskes, pynappels, lemoene tamaties, wortels, spanspek en ander bekombare vrugte.[104] In 1971/72 is die nuwe kombuis vir die diere-afdeling, waar alle voedsel voorberei is, tot 'n hoogte van 1,83 meter uitgeteël en die vloere is met glyvrye teëls bedek. Opwasbakke van vlekvrye staal is aangekoop, sodat die kos onder die mees higiëniese toestande moontlik voorberei kon word. Die planteters se dieet is met 'n gebalanseerde konsentraat aangevul en 'n nuwe mineralepoeier is vir die vleiseters saamgestel en hulle dieet is met beskikbare groente- en vrugtesoorte afgewissel.[105]

In 1977/78 is daar weer eens met 'n omvattende en indringende ondersoek ten opsigte van die voedingsbehoeftes van alle diere begin. Daar is gekyk na die oorsaak van ekseemtoestande soos dit in die eekhoringapie voorgekom het en die vitamien A-vlak in poemas, leeus, jaguars en jagluiperds wat almal dieselfde dieet gevolg het, is ondersoek en daar is bevind dat die vitamien A-vlak vyf maal hoër in die jong luiperds was as in enige van die ander genoemde diersoorte, gevolglik moes hulle dieet dienooreenkomstig aangepas word.[106]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

So is daar dus voortdurend 'n wakende oog oor die voedsel wat aan die diere voorgesit is, gehou en navorsing op hierdie gebied is nog lank nie afgehandel nie.

b) Ongelukke, siektes en vrektes

'n Volledige uiteensetting van siektes, beserings en vrektes onder die diere as gevolg van natuurlike oorsake, ongelukke, gevegte onder mekaar of kwaadwillige beskadiging deur een of ander persoon, het deel uitgemaak van die vroegste jaarverslae.

Een van die eerste ongevalle wat vermeld is, was die dood van die emoe wat sy nek gebreek het toe hy teen die heining vasgehardloop het, en die eend wat **verdrink** het nadat sy kop tussen twee klippe in die eendedam bly vassit het.[107]

Dat alle moeders in die diereryk nie ewe sorgsaam is nie, het gou aan die lig gekom in die maandverslag vir Julie 1914: "A Bonner monkey was born but was very badly treated by its mother (a young animal), being carried upside down for the major part of the day with the inevitable result that it died 24 hours after birth, blood oozing from its mouth."[108]

Ander diere het net eenvoudig moeilik by die klimaatstoestande van Pretoria aangepas en verskeie gevalle van longontsteking is aangemeld. Hierdie siektetoestand is toegeskryf aan die klimaatuiterstes, naamlik yskoue nagte en taamlik warm dae. Veral die ouer diere is deur hierdie wisselende temperature geraak en drie seldsame Sifakalemurs wat van Lourenço Marques geruil is, het gevrek. In die woorde van die Direkteur: "The Pretoria winter (was) evidently too much for them, although I had them put in my office at night with a paraffin heater and finding this not sufficient, I had them removed to the Conservatory. They subsequently refused to eat anything at all".[109] Soms was van die ongelukke van minder ernstige aard, en nogal amusant ook, soos die geval van die renoster wat volgens die Direkteur met sy agterstewe deur die heining geval het "and got his hindquarters jammed in between the bars. We had to rope him up and have the one bar cut out; then drag him backwards round the handrails till (*sic*) the gate". Gelukkig het hy geen nadelige gevolge van dié ondervinding getoon nie.[110]

Die verlies van 'n koedoe was egter 'n groot terugslag. Hy het na 'n reënbui in sy kamp gegallop, in die modder gegly en neergeslaan met sy regterhoring wat 6 duim (18 cm) diep in die grond ingeboor het. In dié proses het hy sy nek gebreek.[111]

Daar was ook die geval van die jong leeuwyfie van die Johannesburgse dieretuin afkomstig, wat van kant gemaak moes word. Haar dae was getel toe sy haar intrek langs haar toekomstige eggenoot ingeneem het. Daar is vermoed dat sy haar ongevraagd aan hom opgedring het toe sy die leeumannetjie deur die tralies op die neus getik het. Hy het hom so vervies dat hy haar poot gegryp en dit summier afgekou het. Sy is met 'n skoot bokhael van haar lyding verlos.[112]

Soms is die publiek van gemene spel verdink, maar dan was die oorsaak van die ellende iets heeltemal anders. So was daar die sjimpansee wat 'n akute aanval van buikloop gekry het. Die personeel het onmiddellik vermoed dat die ongesteldheid die ge-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 38** Nat, die orangoetang.
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



**Figuur 39** Babo, die sjimpanseewyfie wat met groot moeite as maat vir die legendariese Josef bekom is.
(Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

volg van 'n klomp lekkers was waarmee die publiek hom gevoer het. Hy is egter daarna op heterdaad betrap, toe hy reeds halfpad deur 'n blok bruinsuiker gevreet het wat hy in die stoorkamer ontdek het.[113] Mense is egter nie sonder rede verdink vir ongevalle wat in die Dieretuin voorgekom het nie. Persone wat die opset van die Dieretuin geken het, het van tyd tot tyd met duistere motiewe toegeslaan en diere van kant gemaak. In 1924 het 'n nadoodse ondersoek op drie wildekatte getoon dat dié diere aan arseenvergiftiging gevrek het.[114] In 1937 het 'n blanke werker wat vroeër in die diens van die Departement van Openbare Werke was en in die Dieretuin werksaam was, toegang tot 'n kamp met twee bosbokooie verkry, hulle doodgemaak en verwyder. In so 'n ernstige lig is dié oortreding beskou dat hy by sy skuldigbevinding tot twaalf maande hardepad gevonnis is tesame met 'n boete van £20 of 'n verdere twee maande arbeid. In dieselfde jaar het nog 'n ramp die instansie getref toe Dora, die enigste Afrikaanse olifantkoei in 'n dieretuin in die Unie, op 21 Julie dood aangetref is. Nadat monsters van haar lewer en maaginhoud na die direkteur van Veeartsenydienste gestuur is, is bevind dat sy aan strignienvergiftiging dood is. Alhoewel 'n beloning van £25 uitgeloof is om die skuldige vas te trek, is die persoon nooit opgespoor nie.[115]

Van die diere in die Nasionale Dieretuin het die rekordboeke gehaal omdat hulle 'n baie hoë leeftyd bereik het. In 1946 moes die Dieretuin van een van sy oudste inwoners, Josef, die sjimpanseemannetjie wat op 1 September 1914 in Pretoria aangekom het, afskeid neem. Kort voor hom het Nat, die bekende orangoetang, gevrek nadat hy in Desember 1929 hom in die Dieretuin kom vestig het.[116] Sannie, die orangoetangwyfie, het ongeveer 21 jaar oud geword en volgens majoor W.H. Flower, 'n bekende dierkundige van die Britse Museum, leef hierdie ape selde langer as agt jaar in gevangenskap. In hul natuurlike staat word hulle wel ongeveer 21 jaar oud.[117] Kongolene, die Afrikaanse olifant, was twintig jaar lank in die Dieretuin en was by ontvangs reeds ongeveer tien jaar oud. Volgens Flower, wat 'n studie van die gemiddelde lewensduur van hierdie olifante in dieretuine gemaak het, is die gemiddelde ouderdom wat dié diere in gevangenskap bereik, 24 jaar.[118]

c) Afdeling Dieregesondheid

Die diere se gesondheid en algemene voorkoms was nog altyd vir die Dieretuin 'n prioriteit. Na volgehoue fondsinsamelings het 'n dierehospitaal met 'n kwarantynafdeling in 1962 tot stand gekom. Wat die behandeling van siek diere betref, moes die Dieretuin in die begin maar self met rate die siektes probeer dokter. So is die leeu wat aan slegte spysvertering gely het, op 'n "week's starving and easy diet of minced meat, milk, cod liveroil with a little pesin" geplaas.[119] Wanneer die oorsaak van 'n vrekte nie vasgestel kon word nie, is die karkas na dr. Arnold Theiler by Onderstepoort vir ontleding gestuur.[120] Die behandeling van diere was eintlik meer op die oorsaak van die dood gerig, as om voorkomend van aard te wees. Wat wel van tyd tot tyd plaasgevind het, is dat ape,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

byvoorbeeld die mangabies- en hoedape, met chloroform verdoof en hulle oogtande dan uitgebreek is (twee nie-blanke werkers was die volgende dag afwesig as gevolg van bytplekke!).[121] Mary, die Indiese olifant, is met seer voet en al na Onderstepoort gestuur waar dr. Simpson, die veearts wat gereeld die Dieretuin besoek het, op die poot geopereer het.[122] Later moes haar ingegroeide toonnaels behandel word en het sy leerskoene wat £5 gekos het, gedra om te verhoed dat dié probleem weer sou kop uitsteek.[123] Om leeus te dokter, is vandag nog geen maklike taak nie. Destyds is ook van chloroform gebruik gemaak om hulle te verdoof. 'n Klein operasie is op die jong leeuwyfie Louise uitgevoer om haar ingegroeide klou te knip. Earl, die leeumannetjie, moes as gevolg van 'n veluitslag in swawel bad. Dit was 'n gevaarlike, moeisame en ingewikkelde proses om hom sover te kry. In 'n artikel getitel "The Order of the Bath" in *The Pretoria News* het die volgende realistiese beskrywing van dié episode verskyn:"A few minutes in his bath, then the Earl was assisted back into his box, conveyed to a pen, thickly strewn with straw, and released. A few mighty shakes and much of the moisture was dispelled, the lion walking to and frow as if smarting under the indignity to which he had been subjected."[124]

Dit was dr. Bigalke wat besef het dat geen behoorlike diereversorging of navorsing van waarde kan plaasvind sonder 'n goed toegeruste dierehospitaal en laboratoriums nie. In 1943 is daar vir die eerste keer van 'n hospitaalfonds in die jaarverslae melding gemaak.[125] Stadig maar seker het hierdie bedrag, wat met £203:2:11 begin het, gestyg.[126] Hierdie fonds het deur insamelings deur die Dieretuin self en skenkings aangegroei.[127] In 1951 het mej. Irene Hitchcock en studente van die Pretoriase Onderwyskollege selfs 'n straatkollekte en 'n dierekarnaval ten bate van die diereklinieк gehou. In daardie stadium het die Dieretuin steeds op die dienste van 'n deeltydse veearts staatgemaak. Daar is beraam dat die oprigting van so 'n hospitaal £10 000 sou kos, terwyl nog net £2 566:4:11 ingevorder was.[128] Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het teen 1956 nog geen geld vir die nodige fasiliteite beskikbaar gestel nie[129] en eers in 1962 is die Bigalke-Instituut, wat die hospitaal, laboratoria en kwarantynfasiliteite sou huisves, uiteindelik voltooi. Van toe af sou dieregesondheid in elke jaarverslag onder 'n afsonderlike opskrif behandel word. Die doel van hierdie hospitaaldienste is volledig in die 1966/67-jaarverslag uiteengesit. Dié diens was veral daarop ingestel om die diere gesond te hou en dus voorkomende geneeskunde toe te pas deur a) korrekte voeding en b) immunisering teen infeksiesiektes en die vasstelling en behandeling van parasiete. Alle nuwe aankomelinge is onmiddellik ontwurm, geïmmuniseer en 'n tyd lank in kwarantyn geplaas.

Siek diere is ondersoek en behandel, bloed- en urinetoetse is gedoen en X-strale is geneem. Daar is steeds van die gratis hulp van die Onderstepoortinstituut, die H.F. Verwoerd-hospitaal, die Fakulteit Veeartsenykunde en die Instituut vir Patologie aan die Universiteit van Pretoria gebruik gemaak, veral waar die Nasionale Dieretuin nie self oor die nodige apparaat en personeel beskik het nie. Die hulp van mediese spesialiste, by



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

name die dermatoloog, dr. G.H. Findlay, 'n pediater, dr. S.B. du Toit, en 'n patoloog, dr. W.J. Pepler, is steeds verkry.[130]

Wat siektes betref, is daar vir die eerste keer in die 1967/68-jaarverslag 'n breedvoerige bespreking aan parasiete gewy. Daarin is genoem dat inwendige parasiete die grootste probleem by die diere in die Dieretuin was, juis omdat die konsentrasie van diere in 'n beperkte ruimte 'n ideale geleentheid aan die parasiete gebied het om in astronomiese getalle te vermeerder. Gereelde faecesondersoeke vir helminteiers is gedoen en dienooreenkomstig behandel. Uitwendige parasiete soos vlooie en bosluise, wat af en toe aangetref is, is makliker beheer. Wat as 'n probleem ondervind is, is die feit dat wilde diere baie min simptome vertoon, akuut siek word en swak op behandeling reageer.

Omdat gesondheid en higiëne hand aan hand gaan, is 'n hoë standaard van netheid gehandhaaf en is hokke en voer- en waterbakke meestal daagliks skoongemaak. Snykundige gevalle het gewoonlik na beserings plaasgevind. Kneusings en wonde is meestal veroorsaak deur bakleiery onder mekaar of deur teen heinings en mure van die kampe vas te hardloop. Etlike beenbreuke is opgedoen waarvan sommige wel herstel het.[131]

Wat die kwarantyndienste betref, is dit belangrik om te weet dat die veesiektewet bepaal het dat diere slegs ingevoer kon word onder die dekking van 'n invoerpermit, wat deur die Afdeling Veeartsenykundige Velddienste van die Departement van Landbou-tegniese Dienste uitgereik is. Hierdie permitte het vereis dat alle diere onder toesig van die staatsveearts vir 'n voorgeskrewe tydperk by die Dieretuin onder kwarantyn geplaas moet word. Dat behoorlike kwarantynfasiliteite onontbeerlik vir die instansie was, blyk uit die feit dat die Direkteur op 'n daaglikse basis diere as geskenke van byvoorbeeld die Provinsiale Administrasie (Afdeling Natuurbewaring), die Afdeling Veeartsenykundige Velddienste, die Departement van Verdediging, die Suid-Afrikaanse Polisie, die stadsraad van Pretoria, die Dierebeskermingsvereniging en die publiek ontvang het. Op hierdie wyse is daar in 1971/72 'n totaal van 589 diere, wat almal 'n bron van besmetting kon gewees het, ontvang en moes hulle almal eers in afsondering geplaas word alvorens hulle in die versameling opgeneem kon word.[132] Diere wat van die buiteland afkomstig was, is vir 'n periode van dertig tot honderdentagtig dae gekwarantyn.[133]

Soms het die veterinêre afdeling met meer ongewone gevalle te doen gekry. 'n Bruin hiënawyfie moes deur middel van 'n keisersnee gehelp word om aan twee kleintjies geboorte te gee. Daar was ook die gorillamannetjie wat onvrugbaar blyk te gewees het en dus op 'n spesiale dieet geplaas is. Die verhoogde aktiwiteit en aggressie wat hiermee gepaard gegaan het, het tot verskeie gevegte met sy maat gelei en die bytwonde wat hy in die proses opgedoen het, moes onder verdowing behandel word. Die jaarverslag vermeld: "On one occasion the anaesthetic was administered orally in a Coke because the animal was terrified of the dart-gun and blow-pipe".[134]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dikwels het die veterinêre personeel diere, en veral voëls, wat deur die ma verstoot is of wanneer sy gedurende die geboorteproses gevrek het, handgrootgemaak.[135]

Daar is ook mettertyd gevind dat stres by diere voorkom wanneer hulle uit hul kampe of hokke uitgehaal word vir behandeling en daar is gepoog om hulle waar moontlik eerder in die bekende omgewing van hul blyplek te behandel.

Die uitbreek van tuberkulose in die Dieretuin was nogal ongewoon. In 1970 is 'n oorbietjie aan menslike tuberkulose dood. Die Direkteur het gemeld dat die personeel wat met diere werk, jaarliks vir hierdie siekte ondersoek is en daar is by meer as een geleentheid gevind dat van die swart werkers aan tuberkulose gely het.[136] 'n Sjimpanseewyfie is na vier maande van intensiewe behandeling met 'n antituberkulosemiddel genees, maar die addaksbul wat *mycobacterium tuberculosis* (wat ook tuberkulose by die mens veroorsaak) opgedoen het, kon nie gered word nie. Alhoewel hierdie siekte selde in Suid-Afrika by antelope voorkom, is dit interessant dat, ofskoon albei longe met tipiese knoppe in die longvlies aangetas word, die diere nooit hoes nie en kan die siekte dus nie so maklik gediagnoseer word nie. Soms het boererate vinnige genesing gebring. Die dwergseekoei se vel droog uit en kraak dikwels gedurende die wintermaande wanneer die diere nie die water ingaan nie. Die gevolg is dat bakterieë die vel indring en absesse dan gevorm word. Die gereelde aanwending van olyfolie het egter geblyk die ware Jakob vir hierdie probleem te wees.[137]

Die veterinêre afdeling van die Nasionale Dieretuin het vanweë sy kundigheid bekendheid in die buiteland verwerf en die veeartse is, soos in die geval van die Fourth International Wildlife Disease Conference in Taronga, Sydney uitgenooi om lesings aan te bied.[138] In 1980/81 is die Nasionale Dieretuin op sewe simposia wat deur ander instansies en veeartsenydienste aangebied is, verteenwoordig.[139]

Omdat die navorsing wat by die Dieretuin gedoen is, hand aan hand met die Afdeling Dieregesondheid, soos die Afdeling Veeartsenydienste vanaf 1 Februarie 1982 bekend gestaan het, gegaan het, word die bespreking onder die opskrif *Navorsing* in hierdie hoofstuk voortgesit.

## Laer Gewerweldes

### 1. Aanwins van diere

Met die totstandkoming van die Akwarium en Reptielpark is daar ook geen steen onaangeraak gelaat om die versameling uit te brei nie. Op 31 Maart 1970, nog voordat dié nuwe kompleks amptelik geopen is, het die Dieretuin oor 175 reptiele (21 spesies) en 256 visse (twee spesies) beskik.[140] Teen die einde van Maart 1972 het die getal visse tot 1 070 tropiese en 46 seevisse toegeneem. Die publiek of een of ander instansie het in daardie tyd 110 reptiele aan die Dieretuin geskenk.[141] Deur middel van briewe, die pers en die radio is 'n beroep op vriende van die Dieretuin gedoen om die instansie met reptiele



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te voorsien. Die reaksie was oorweldigend en op 31 Maart 1973 was daar 308 reptiele in die park wat 24 genera en 63 spesies verteenwoordig het. Slegs enkele besondere skaars of waardevolle slange is in daardie jaar aangekoop.[142] Hengelaars het baie inheemse vissoorte aan die Dieretuin geskenk en die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie het verskeie groot karp vir vertoondoeleindes beskikbaar gestel. Daar is met die Nasionale Parkeraad reëlings getref dat seediere in die Tsitsikamakus-natuurreservaat versamel mog word en die Afdeling Natuurbewaring van die onderskeie provinsies het onderneem om inheemse vissoorte tot die reeds bestaande versameling toe te voeg. In 1973/74 het 150 pirannas met 'n lengte van tussen drie en vyf cm vanuit Switserland aangekom.

In hierdie stadium was die openingsdatum van die Akwarium en Reptielpark nog nie eers bekend nie en die minimum diere is vanuit die buiteland ingevoer. Omdat 'n uitruilskema met navorsingsinstitute in Suid-Amerika en dieretuine in die VSA bestaan het en die Dieretuin genoeg vriende in Duitsland en Switserland gehad het, sou dit egter nie moeilik wees om uitheemse reptiele in die hande te kry nie.[143] In 1975 is 78 slange afkomstig van Hongkong in ontvangs geneem; daar was sewentien spesies wat net in die Ooste voorgekom het.[144]

Die daaropvolgende jaar het die Suid-Afrikaanse weermag na onderhandelings met die Raad van die Dieretuin hom bereid verklaar om 'n beampte van die Akwarium en Reptielpark gratis na die Caprivistrook te vervoer om vissoorte in te samel.[145] Kort daarna het die Dieretuin self 'n veldekspedisie na, Zoeloeland en Robbeneiland onderneem om nuwe diere vir die instansie terug te bring. See-anemone, skaamhaaie en krewe is tydens die tog versamel.[146]

Die aanwins van 'n skeurtandhaai, geskenk deur die Oos-Londense akwarium, was 'n hoogtepunt vir die Akwarium en Reptielpark en het as 'n groot aantrekkingskrag vir besoekers gedien.[147] Enkele reptiele is in 1979/80 teen 'n bedrag van R1 693,00 in die buiteland aangekoop.[148] Deur bemiddeling van 'n troeteldierhandelaar is 350 daggekos vanaf Mauritius verkry, nog 'n prestasie vir die Nasionale Dieretuin.[149] In 1982 is vir die eerste keer 'n ekspedisie na Noord-Transvaal onderneem om slange in die hande te kry. Daar is met agtien giftige slange, waarvan twee mambas was, teruggekeer. Die swartes wat die versamelwerk vir die Dieretuin gedoen het, is ontmoet en die nuwe behoeftes van die Dieretuin is aan hulle meegedeel.[150]

## 2. <u>Teling</u>

Teen 1975 het die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika dieselfde welslae met teling in die Akwarium en Reptielpark ondervind as wat die geval met die voëls en soogdiere was. Die geboorte van vier Madagaskarluislange was 'n noemenswaardige prestasie, omdat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie reptiele as uiters waardevol beskou word en teen R500,00 stuk te koop aangebied is.[151]

Teen 1977/78 het krokodille en iguanas vir die eerste keer gepaar en twee Amerikaanse rotsslange is geteel.[152] Vier jaar later het die teelsukses wat reptiele betref, merkwaardig toegeneem en in 1982/83 het een honderd reptiele, waaronder vyf krokodille en 23 luislange, uitgebroei. Op 31 Maart 1983 het die diereversameling in die Afdeling Laer Gewerweldes soos volg daar uitgesien:

| | Families | Genera | Spesies | Getalle |
|---|---|---|---|---|
| Visse | 73 | 165 | 258 | 2 730 |
| Reptiele | 28 | 74 | 114 | 593 |
| Ongewerweldes | 6 | 27 | 29 | 152 |
| TOTAAL | 107 | 266 | 401 | 3 475 |

[153]

3. <u>Dieregesondheid</u>

Net soos die hoër vertebrate het die inwoners van die Akwarium en Reptielpark ook maar deurgeloop onder ongelukke en siektes. So het die ses Europese salamanders weens 'n oordeelsfout van 'n personeellid gevrek en 'n visvanger het sy opwagting in die tuin gemaak en aan die waardevolle Japanese karp begin smul.[154]

Soms is klein beserings aan visse en slange gevind en met welslae deur die personeel of veearts behandel.[155] Siektetoestande wat onder reptiele in gevangeskap voorkom, is ook ondersoek en behandel.[156]

Die welstand van die diere is ook hier in alle opsigte eerste geplaas, want toe gevind is dat die inwoners nie genoeg rus kry nie omdat die Akwarium saans vir besoekers oopgehou is en die skerp ligte hulle gevolglik te veel gepla het, is hierdie vergunning teruggetrek en is dieselfde tye wat vir die Dieretuin gegeld het, toegepas.[157]

Met die oprigting van hierdie kompleks is daar sommer dadelik twaalf asbestenks met 'n inhoudsmaat van 25 gelling (113,65l) elk aangekoop om voedsel te produseer. Ses sementdamme is ook gebou om watervlooie wat as viskos dien, te teel.[158]

Wat die eetgewoontes van die laergewerweldes betref, is hulle ook maar vol fiemies en 'n gespesialiseerde dieet is ook vir hulle uitgewerk. Veral slange is uiters kieskeurig en wil glad nie eet as die gereg nie nog lewendig is nie. Buiten eiers, groente, vleis en insekte het die slange en ander reptiele se weeklikse spyskaart uit die volgende bestaan: ongeveer twee honderd muise, vyftig rotte, twaalf marmotte, ses konyne, twaalf hoenders, dertig tot veertig dagoud kuikens, asook ses lewendige slange. In die Akwarium is die volgende voorgesit: oslewer, oshart, pankreas, watervlieë, vis, wurms, garnale, pap, groente, erdwurms, muise, kokkerotte en gedroogde viskos. Visse is veral daarop gesteld dat daar nie met hulle spyskaart gepeuter word nie![159]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorsing

Wat die rol van navorsing by dieretuine betref, het dr. Brand die volgende beweer: "'n Ander belangrike funksie van dieretuine is navorsing. Basiese gegewens oor voortplanting, inkubasie- en draagtye, die ontwikkeling van en veranderinge in die gebit van jong diere, fisiologiese en gedragsveranderinge gedurende groei, dieresiektes en die gedrag van wilde diere kan makliker in dieretuine versamel en bestudeer word as in die natuur. Die beskikbaarheid van 'n groot verskeidenheid diersoorte onder beheerde toestande vergemaklik navorsingswerk op ander belangrike gebiede soos byvoorbeeld metodes vir die vang en vervoer van wilde diere. Dit is tans die beleid van natuurbewaringsorganisasies om diersoorte wat in sommige parke of reservate oorbevolk geraak het, na ander gebiede te versprei waar hulle òf reeds verdwyn, òf skaars geword het. Kennis wat oor die eeue in dieretuine versamel is, veral met betrekking tot verpakking en vervoer van wilde diere word vandag algemeen gebruik. Navorsing oor die gebruik van verdowings- en kalmeermiddels in die vang en vervoer van wilde diere word in die meeste groter dieretuine voortgesit en daar word voortdurend op die bestaande tegnieke verbeter."[160]

Navorsing word allerweë as een van die funksies van 'n dieretuin wat sy sout werd is, beskou. Dit is ook die standpunt wat die Nasionale Dieretuin gehuldig het. In 'n skrywe aan die Departement van Onderwys, gedateer 4 Februarie 1898, het dr. Gunning gepleit dat daar in "de belangen van de wetenschap" 'n besluit oor die oprigting van "den Zoologischen en Botanischen tuin" geneem moet word en in 1908 het hy in sy pleidooi dat die staatsubsidie aan die instansie verhoog moet word, melding gemaak van die werk wat reeds op wetenskaplike terrein verrig is en dat die Dieretuin oor "the only scientific zoological collection in South Africa" beskik het.[161] Haagner het op sy beurt in sy brief aan die Minister van Binnelandse Sake, waarin hy aansoek gedoen het om 'n naamsverandering van die instansie, klem daarop gelê dat waardevolle navorsingswerk op veterinêre gebied in samewerking met die Dieretuin reeds verrig is en dat hierdie dieretuin die enigste in die land was wat oor die fasiliteite beskik het om wetenskaplike navorsing te doen.[162]

Omdat teling en dieregesondheid deel van die alledaagse roetine van die Dieretuin uitgemaak het, was eksperimentering op hierdie gebied, asook die "mog het treffe" behandeling van onbekende siektes niks anders as navorsing nie en die nadoodse ondersoeke wat op diere uitgevoer is, het noodwendig baie nuwe kennis op die terrein van die soölogie blootgelê. Die vaslê van 'n bepaalde dieet en die presiese hoeveelheid voedsel wat vir elke dier voorgesit moet word, was 'n uitvloeisel van voortdurende navorsingswerk. Suksesvolle teling het op sy beurt weer hand aan hand gegaan met die korrekte huisvesting van diere asook die korrekte voedingsprogram. Elke aspek van dieretuinbestuur was dus die gevolg van navorsing of het tot verdere navorsing gelei.[163]

Ten spyte van gebrekkige laboratoriumfasiliteite en die feit dat die Direkteur en sy tegniese assistent 95% van hulle tyd aan administrasie gewy het, het dit dr. Bigalke se strewe gebly om op dr. Gunning se gevestigde wetenskaplike tradisie voort te bou, sodat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Nasionale Dieretuin sy status as die enigste dieretuin in die Unie wat wetenskaplike aansien oorsee geniet het, kon behou.[164] Om 'n belangstelling in die mens se mede-aardbewoners aan te wakker en kennis oor hulle en hul leefwyse te versprei en 'n bydrae te lewer tot die wetenskaplike studie van diere met die doel dat die mens sy natuurlike omgewing beter kan verstaan, was twee van die doelstellings wat dr. Bigalke met die Dieretuin beoog het. Om dit te verwesenlik het hy begin deur die daarstelling van 'n mikroskoop- en biblioteekfonds.[165] Een van die eerste aankope vir hierdie biblioteek was 'n waardevolle reeks in vier dele oor voëls in Afrika, naamlik A. Rechenow se *Die Vögel Afrikas* (Nieudam, s.j.).[166] Jaar na jaar is 'n aantal wetenskaplike werke uit die biblioteekfonds aangekoop om so 'n behoorlike wetenskaplike biblioteek tot stand te bring.[167] In 1933 het die instansie daarin geslaag om uiteindelik 'n goeie binokulêre mikroskoop vir navorsingswerk aan te koop.[168] Self het dr. Bigalke nooit opgehou om wetenskaplike publikasies die lig te laat sien nie en met die aankoms van Zoeloeana, die eerste witrenoster in 'n dieretuin, het hy die geleentheid aangegryp om 'n wetenskaplike studie te maak waarvan die resultate aan ander instansies beskikbaar gestel is.[169] In "Observations on a Juvenile Female Square-lipped or White Rhinoceros (*C. Simum simum Burch)* in the National Zoological Gardens of South Africa" (*Proc. Zool. Soc. Lond, Vol 120,* Part III, 1950), deur R. Bigalke, T. Steyn, D. de Vos en K. de Waard is 'n deeglike studie van alle bevindings rondom die gedrag van hierdie dier op skrif gestel.[170]

Nie alleen het die Dieretuin in 1947 ingewillig om in samewerking met die Ornitologiese Vereniging van Suid-Afrika as hoofkwartier vir 'n navorsingsprojek aangaande die beskerming en roetes wat Suid-Afrikaanse trekvoëls volg wanneer hulle in die winter na die noorde verhuis, te dien nie,[171] maar T.J. Steyn, die tegniese assistent, het in dieselfde jaar met 'n indringende ondersoek begin, sodat wetenskaplikes kon besluit watter soort vis die beste vir ekonomiese doeleindes geteel kan word.[172]

Met die verkryging van die waardevolle bontebok het dr. Bigalke in *Fauna en Flora* 6(1955) die artikel "Die Bontebok *(Damaliscus pygargus)*" geskryf en spesiaal aan sy geskiedenis en moontlike beskerming aandag gegee.[173] Dr. Brand het hierdie tradisie voortgesit en twee manuskripte is in 1962 vir publikasie aanvaar, naamlik "Records of Mammals bred in the National Zoological Gardens of South Africa during the period 1908-1960" in *Proceedings of the Zoological Society of London* en "Die Status van die Bontebok *(Damaliscus pygargus Pallas)*" in die jaarverslag van die Departement van Natuurbewaring van die Kaapse Provinsiale Administrasie.[174]

Wat navorsing aangaande siektes, gedrag, die fisiologie, voeding en teelt betref, het dr. Brand verklaar: "In hierdie verband vereenselwig ek my ten volle met Maurice Burton se stelling dat 'n diepgaande kennis van die leefwyse van diere weliswaar nie ons maatskaplike probleme kan oplos nie, maar 'n kennis van die natuurwerke kan tog lei tot 'n beter begip van die fisiese en sielkundige behoeftes van die mens."[175]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur hierdie standpunt te huldig het hy sy personeel aangemoedig om ook te volhard in navorsingswerk.[176] Twee manuskripte is van die Onderdirekteur, A.A. Groenewald, vir publikasie aanvaar, naamlik "Observations on the food habits of *Clarias gariepinus,* the South African Freshwater Barbel (pisces: clariidae)" in *Hydrobiologia* en "The influence of E. depressirastris (Pisces: Schilbeidae) on a lowveld fish population" ook in *Hydrobiologia.*[177] Ander instansies het ook van die Dieretuin gebruik gemaak om navorsingsprojekte uit te voer. Die Departement van Anatomie aan die Universiteit van Pretoria het met die oog op die dosering van Antropologiese en Vergelykende Anatomie aan tweedejaar mediese studente, toestemming gevra vir vrye toegang tot die Dieretuin om navorsingswerk te doen. Dit is toegestaan met die verstandhouding dat die observasies aan die Dieretuin beskikbaar gestel sou word.[178] Met die totstandkoming van die Akwarium en Reptielpark is navorsing ook op hierdie terrein uitgebrei. In 1971/72 is eksperimentele werk in verband met die bestryding en voorkoming van die siekte *Godinium,* wat by seevisse voorkom en 'n hele versameling kan uitwis, met bevredigende resultate gedoen.[179] Op 1 Januarie 1974 is 'n beampte aangestel wat hom hoofsaaklik op navorsing met betrekking tot die reptiele moes toespits. So is 'n beduidende rekord in die vorm van aantekeninge, permanente monsters en foto's ten opsigte van alle voorkomende parasiete en ander siektes in die reptielversameling opgebou. Die identifisering van parasiete en bakterieë wat in reptiele voorkom, is in samewerking met die navorsingspersoneel van Onderstepoort en die Departement Anatomie en Fisiologie van die Universiteit van Pretoria verrig. Sowel die Randse Afrikaanse Universiteit as die Universiteit van Pretoria en die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys het inheemse reptiele vir hierdie navorsingsprojek geskenk.[180]

Alhoewel nadoodse ondersoeke op alle diere wat in die Dieretuin vrek, uitgevoer is, was nadoodse ondersoeke op slange wat in gevangeskap gevrek het, 'n nuwe terrein wat betree is. Twee artikels is deur personeel van die Nasionale Dieretuin onder die opskrif "Self-inflicted evisceration of a Boa *Constrictor Constrictor* following vomiturition"[181] geskryf, en kort daarna is nog 'n artikel aangaande reptiele vir publikasie ingedien, naamlik "Control of mites *Tyrophagus putrescentiae* in a colony of meal-worms *Tenebrio molitor* intended for feeding of small reptiles."[182] 'n Vollediger lys van die wetenskaplike publikasies deur die personeel van die Nasionale Dieretuin word in die Bylaag aangedui.

Ten einde op hoogte te wees van alle navorsingswerk wat gedoen is, het die Raad in 1977 goedkeuring gegee dat die Dieretuin op die knipseldiens van publikasies van die WNNR kon inteken. Dit was veral bedoel vir die gebruik van die veearts.[183]

In 1977/78 is 'n deurbraak gemaak betreffende die teel van forelle buiteseisoens nadat eksperimente in die Akwarium uitgevoer is. Die bevinding was dat hierdie vissoort so gekondisioneer kan word om minstens drie keer per jaar te broei en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die lewering van 'n groot hoeveelheid forelle hierdie vissoort dieselfde gewildheid as hoendervleis sou besorg.[184]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1981 het dr. J. van Heerden, 'n plaaslike veearts, 'n aansoek ingedien om 'n navorsingsprojek oor wildehonde in gevangeskap te doen. Dr. Ebedes, die Dieretuinveearts, het die aansoek gesteun omdat so min oor die siektes onder hierdie diersoort bekend was en die wildehond op daardie tydstip in die Nasionale Krugerwildtuin en die Nasionale Etoshawildtuin feitlik uitgesterf het. Dr. Van Heerden se bydrae tot 'n beter begip van die wildehond, sy siektes en reproduksie sou nie net vir die Dieretuin nie, maar ook vir natuurbewaring in die algemeen van groot belang wees.[185] Selfs professor J.D. Skinner van die Universiteit van Pretoria se soogdiernavorsingsinstituut het toestemming gevra dat sy studente navorsing oor die swartgesigrooibok, die gemsbok, die addaks en die sabelgemsbok kon doen.[186] In reaksie op hierdie versoek het A. Groenewald, die waarnemende direkteur, die volgende aangaande navorsing deur persone van ander instansies soos byvoorbeeld dié van die soogdiernavorsingsinstituut by die Nasionale Dieretuin verklaar dat dit vir hulle "van groot belang (is) by die nakoming van die grondbeginsels van lidmaatskap van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure".[187]

Dat die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, selfs buite die grense van die land bekendheid verwerf het, blyk duidelik uit die talle aansoeke wat die Raad jaar na jaar ontvang het van buitelandse studente en gegradueerdes in die soölogie en veeartsenykunde om ondervinding in die Dieretuin te kom opdoen. So byvoorbeeld het twee studente van die Universiteit van Sydney en 'n gegradueerde van die Staatsuniversiteit van Bela Horizonte, Brasilië in 1981 aansoek gedoen om die veeartsenydiens van die instansie te kom bestudeer.[188]

1. ATM: Brieweboek Jan. - Jul. 1899: Brief van die Direction des Zoologischen Gartens (Berlyn), 1899-07-27.
2. ATM: Brieweboek Jan. - Jul. 1899: Korrespondensie met Hagenbeck; Ongedateerde lêer: Brief van Carl Hagenbeck (vergesel deur pryslys), 1902-09-11.
3. ATM: Lêer Sept. 1897 - 14 Jan. 1899: Brief van die Dresden Zoologischen Garten, Sept.1899.
   Daar is ook met die New York Zool. Society gekorrespondeer i.v.m. diere - ATM: Brieweboek Jan. -Okt. 1901: Brief van die New York Zool. Society, 1901-07-15.
4. ATM: Brieweboek Jan. - Apr. 1904.
5. ATM: Ongedateerde lêer: Brief van handelaar, 1900-11-24.
6. ATM: Government Correspondence File, 5 June 1900: Brief aan Capt. Legett DADR, 1900-04-09; Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief aan Kapt. Omane (Durban), 1902-02-24, brief no.379.
7. ATM: Brieweboek Jan. - Jul. 1899.
   'n Krokodil van die Komatirivier, 'n maanhaarjakkals van Potchefstroom en selfs 'n Ngamilandbosbokram wat vanaf Serowe op die trein te Palapye Road op pad was, is diere wat geskenk is - ATM: Brieweboek Mei - Aug. 1902.
8. ATM: M en D notules: 1899-09-22, pp. 321-322.
9. D. Brink, Lewende ware uit die wildernis *(Die Brandwag,* 1944-03-10); R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 100-101.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

10. R. Bigalke, When a black leopard escaped from Pretoria Zoo (*The Outspan* 38(983), 1945-12-25, p. 41).
11. ATM: Government correspondence file, 5 June 1900: Brief aan die Right Hon. C.J. Rhodes (Rondebosch), 1900-08-08.
12. R. Bigalke, When a black leopard escaped from Pretoria Zoo (*The Outspan* 38(983), 1945-12-25, p. 41); R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, pp. 99-101; *Die Vaderland*, 1944-12-26; 1967-05-06).
13. NDSA: Maandverslae en Notules 1916: Maandverslag, Feb. 1916.
14. ATM: Brieweboek Sept. - Des. 1902: Brief van die War Office, Egyptian Army (Kaïro), 1902-07-06; Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief aan mnr. S.S. Flower, Kurator van die dieretuin in Kaïro, 1902-06-17; Brief aan John B. Currey (Welgelegen), 1902-06-17; Brieweboek Mei - Aug., 1902: Brief van S.S. Flower, direkteur van die Government Zoological Gardens (Ghizeh, Egipte), 1902-07-21.
15. ATM: Brieweboek: Brief aan genl. - maj. sir J.G. Maxwell DSO KCB, Londen, 1902-10-24.
16. NDSA: Cuttings 1931-1933: *The Sprig of Shillelagh* (July, August, September 1931) no. 273. Vol. XXI, pp. 90-91; Cuttings 1931-1933: Brief aan The Editor, Military Barracks (Omagh Co. Tyrone), 1931-07-09.
17. ATM: Brieweboek: Brief aan mnr. C. Jeppe, 1902-10-20.
18. ATM: Brieweboek Sept.- Des. 1902: Brief van "The Zoo" (Ceylon), 1902-11-17.
19. ATM: Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief van M. Steinberg, 1902-04-25, briefno. 417.
20. ATM: Notules: 1906-03-13.
21. ATM: Brieweboek Jun. 1905 - Mrt. 1906: Brief aan S. Marks, 1906-02-28.
22. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, p. 17; *Die Vaderland*, 1967-04-29; 1942-12-31.
23. ATM: Notules: 1906-10-09.
24. ATM: Brieweboek: Brief aan sir Percy Fitzpatrick, 1907-06-24.
25. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, pp. 41-42; *The Pretoria News*, 1942-01-08.
26. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 14; Maandverslae en notules 1913: Maandverslag, Sept. 1913.
27. NDSA: Maandverslae en notules 1920: Maandverslag, Okt. 1920.
28. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-10-20.
29. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-12-15.
30. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-07-19.
31. NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-09-26.
32. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-01-17.
    'n Lys van wat die Dieretuin het en watter diere benodig word, word gereeld aan al die dieretuine dwarsdeur die wêreld gestuur. Die dieretuine antwoord op dieselfde wyse en só word seldsame diere deur ruiling of aankoop verkry. In 1966 was die Nasionale Dieretuin se witrenosters en wildsbokke in voordelige aanvraag. Die ruil van wilde diere tussen dieretuine geskied dikwels ondanks politieke of handelstruikelblokke. Die Pretoriase Dieretuin het gereeld met byvoorbeeld Oos-Duitsland transaksies aangegaan - *The Star*, 1966-03-10.
33. NDSA: Maandverslae en notules 1903: Maandverslag, Feb. 1923.
34. NDSA: Maandverslae en notules 1925: Notule, 1925-10-16.
35. *The Pretoria News*, 1927-09-05; 1928-05-09; 1928-02-06; 1928-12-08; 1928-12-13; 1929-04-23; *Pretoria Citizen*, May 1928, Jun. 1928; Okt. 1928; *Rand Daily Mail*, 1928-12-06; 1928-12-19; *Ons Vaderland*, 1928-06-19.
36. *Rand Daily Mail*, 1928-08-17; 1929-05-13; 1929-11-02; 1930-07-09; *The Star*, 1929-05-11; *The Pretoria News*, 1930-07-11; 1933-11-21; *Die Volkstem*, 1930-07-13; 1933-11-22.
    In 1955 het drie olifantskilpaaie as geskenk van die goewerneur van die Seychelle, William Addis, die Direkteur bereik - *The Star*, 1955-04-19; *Die Transvaler*, 1955-14-21; *Rand Daily Mail*, 1955-04-21; *The Pretoria News*, 1955-04-21.
37. *Die Volkstem*, 1937-07-23; 1937-08-18; *Sunday Times*, 1937-07-25; *The Pretoria News*, 1937-08-16; 1937-07-23; 1937-08-18; *The Star*, 1937-08-16; 1937-08-18; *Rand Daily Mail*, 1937-08-19.
38. *Die Vaderland*, 1938-06-23; *Daily Express*, 1938-06-23; *The Pretoria News*, 1938-06-23; *The Star*, 1938-06-20; *Die Volkstem*, 1938-06-22; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, pp. 44-45.
39. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens*, pp. 44-45; *The Pretoria News*, 1938-09-02; 1938-11-01; *The Star*, 1938-09-03; 1938-11-03; *Die Volkstem*, 1938-09-02; 1938-11-01; *The Star*, 1938-09-03; 1938-11-03; *Die Volkstem*, 1938-09-01; 1938-11-03; *Die Transvaler*, 1938-09-08; *Die Vaderland*, 1938-11-05; NDSA: N Z G Report 1938, p. 17.
40. *Rand Daily Mail*, 1931-07-07; *Die Volkstem*, 1931-07-06.
41. *The Pretoria News*, 1935-09-18; *Die Volkstem*, 1935-09-20; *Rand Daily Mail*, 1935-09-20.
42. *The Pretoria News*, 1942-03-30; *Die Volkstem*, 1946-06-03; *The Star*, 1946-06-03; *Die Vaderland*, 1946-06-03; *Rand Daily Mail*, 1946-06-03; *The Star*, 1946-06-01.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

43. *The Pretoria News,* 1942-02-16; 1942-02-03; 1942-02-17; 1942-03-12; *Die Volkstem,* 1942-03-13; 1942-02-17; *Die Transvaler,* 1942-02-18; 1942-03-17; *Rand Daily Mail,* 1942-02-17; *Die Vaderland,* 1942-02-16; *Die Burger* 1942-03-23; NDSA: N Z G Report 1942, p. 16.
44. *Die Transvaler,* 1944-10-03; *Die Vaderland,* 1944-09-29; *Die Volkstem,* 1944-09-30.
45. NDSA: N Z G Report 1947, p. 22; *Die Volkstem,* 1947-12-19; *The Star,* 1947-12-19; *The Pretoria News,* 1947-12-19; *Die Transvaler,* 1947-12-22; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 35-38; *Die Volkstem,* 1946-07-30; *The Star,* 1946-07-30; NDSA: N Z G Report 1946, p. 19.
47. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 38; NDSA: N Z G Report 1950, p. 7.
48. NDSA: N Z G Report 1949, p. 17; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 39-40; *Die Transvaler,* 1949-01-21; 1949-01-18; 1949-02-09; *Die Vaderland,* 1949-01-20; 1949-02-04; *The Star,* 1949-01-19; 1949-01-20; 1949-02-04; *Sunday Times,* 1949-01-30; D. Visser, Suluana kry 'n maat (*Die Huisgenoot* 33(1403), 1949-02-11, pp. 24-27 en 54).
50. R. Bigalke, Über das Nashorn *(Die Eiche,* Aug. 1952, pp. 39-41).
51. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 46-47; *Rand Daily Mail,* 1950-04-01; *Die Volkstem,* 1950-04-01; *Die Vaderland,* 1950-04-01; *The Star,* 1950-03-31; *Die Transvaler,* 1950-04-03; *Sunday Times,* 1951-01-28.

    Twee jaar na hul aankoms is die eerste ooitjie in die Nasionale Dieretuin gebore - *The Pretoria News,* 1953-11-02; *Rand Daily Mail,* 1953-11-08; *Die Transvaler,* 1953-11-31.
52. *Die Volkstem,* 1948-12-02; *The Pretoria News,* 1948-12-02.
53. *The Pretoria News,* 1951-11-15.
54. *The Star,* 1952-08-20; *Die Vaderland,* 1952-08-20; *Die Transvaler,* 1952-08-22; *The Pretoria News,* 1952-08-21; 1952-10-01; 1952-19-02; *Rand Daily Mail,* 1952-09-20.
55. *Die Vaderland,* 1951-04-17; 1951-04-19; *Die Transvaler,* 1951-04-18.
56. *Bonner Rundschau,* 1956-03-15; 1956-03-14; *Neue Rhein Zeitung* (Bonn), 1956-03-14; *General Anzieger,* 1956-03-15; 1956-03-14; *Die Transvaler,* 1956-03-08; *Afrika Post,* Apr. 1956.
57. NDSA: Plakboek: *Suid-Afrikaanse Panorama,* Feb. 1954.
58. *The Pretoria News,* 1962-10-16.

    Aan hierdie versugting is voldoen toe 'n pouwyfie, wat van 'n ander dieretuin aangekoop is, na Pretoria gestuur is - *The Pretoria News,* 1963-02-08.
59. *The Pretoria News,* 1962-10-22; 1962-10-23; 1962-10-24; *Die Transvaler,* 1962-10-23.
60. *The Pretoria News,* 1962-10-25; *General Anzeiger,* 1962-10-25; *Bundeshaupstadt Bonn,* 1962-10-25.

    'n Jaar later is 'n foto van twee welpies wat in Bonn se dieretuin gebore is, aan die Direkteur oorhandig - die ouers was natuurlik Bonn en Pretoria II - *The Pretoria News,* 1963-05-17.

    Nog voorbeelde van ruilings en skenkings: Die twee sjimpansees Jack en Jill (tesame met ander diere) van die Belgiese Kongo - *The Star,* 1949-04-28; *The Pretoria News,* 1949-04-29; *Die Transvaler,* 1955-06-06; *Die Volkstem,* 1949-04-29; *Die Vaderland,* 1949-04-29.

    Ruilings met instansies in Engeland: *Die Transvaler,* 1950-06-10; 1950-06-13; *The Star,* 1950-06-10; 1956-01-25; *The Pretoria News,* 1950-06-10; 1956-01-23.

    Ruilings met Israel: *Sunday Express,* 1951-09-16.

    Ruilings met die Aliporedieretuin in Kalcutta: *The Star,* 1955-07-15; *Die Transvaler,* 1955-06-06; *The Pretoria News,* 1955-06-08.

    Ruilings met Antwerpen: *The Pretoria News,* 1954-10-12; P. Smit, *Artis,* p. 277.
61. *The Star,* 1956-08-16; *Die Transvaler,* 1959-08-29; 1956-09-03; *The Pretoria News,* 1956-08-25; 1956-08-28; 1956-10-02; *Rand Daily Mail,* 1956-08-27; 1956-08-29; *Die Vaderland,* 1956-08-29; *Sunday Times,* 1956-10-07; *Die Huisgenoot,* 1956-10-08, pp 4-8; NDSA: Jaarverslag 1956, p. 12.
62. *Die Vaderland,* 1956-04-20; *The Pretoria News,* 1944-04-13; 1944-06-17; *Rand Daily Mail,* 1944-04-12; *The Star,* 1944-04-11; 1944-04-17; *Die Volkstem* 1944-04-11; 1944-07-04.
63. NDSA: Notules: 1958-01-20; 1958-02-17; 1958-03-17; 1958-04-22; 1958-05-20; *The Pretoria News,* 1958-05-09; 1958-05-17; 1958-06-03; 1958-04-22; *The Star,* 1958-05-08; *Rand Daily Mail,* 1958-04-10; 1958-05-22; *The Sunday Times,* 1958-06-15; NDSA: Jaarverslag 1958, pp. 10-11.

    Dr. Brand het die diereritte in 1969 afgeskaf.
64. *The Star,* 1959-09-25; 1960-01-19; *The Pretoria News,* 1959-04-14; 1959-06-19; *Dagbreek en Sondagnuus,* 1959-09-13; *Rand Daily Mail,* 1959-09-17; *Die Vaderland,* 1960-01-13; 1960-01-21; NDSA: Notules: Apr. 1959, Mei 1959, Jul. 1959; Jaarverslag 1959, p. 12.

    'n Ekspedisie is ook na Marioneiland onderneem om pikkewyne te kry - NDSA: Notules: 1968-03-07.

    Ander waardevolle aanwinste was die wisente of Europese bisons wat teen £100 aangekoop is. Hulle is so seldsaam dat daar 'n spesiale vereniging in Europa in die lewe geroep is om hulle te beskerm - *Die Transvaler,* 1960-02-04; *Die Vaderland,* 1960-02-04; 1960-03-11; *The Pretoria News,* 1960-02-04; 1960-03-09; *The Star,* 1960-02-17; 1960-03-09.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eerste twee babagorillas in die Dieretuin - *The Pretoria News,* 1964-01-04; 1964-02-04; *Die Transvaler,* 1964-01-04; 1964-02-05; *Die Vaderland,* 1964-02-04.

Die eerste colobusape in Suid-Afrika - *Rand Daily Mail,* 1965-04-01.

Die eerste dwergseekoeie in Suid-Afrika ter waarde van R3 400, aangekoop van Amsterdam - *The Pretoria News,* 1964-06-15; *Die Transvaler,* 1964-06-15; *The Star,* 1964-06-15.

Die enigste koningspikkewyne in Suid-Afrika - *The Pretoria News,* 1965-02-25; 1965-04-10.

Skaars boksoorte die eerste keer in Suid-Afrika vertoon: die addaksanteloop, die sabelgemsbok, die rooiblesgasel, die Oos-Afrikaanse eland. Ook twee boggelkamele, 'n paar guanakos ('n soort lama) en die sitatunga - *Die Transvaler,* 1965-09-24.

Die Nasionale Dieretuin was ook die enigste in die wêreld wat 'n gewone springbok, 'n swartrugspringbok en 'n witspringbok vertoon het - *Die Vaderland,* 1967-10-20; *The Pretoria News,* 1967-10-20; *Die Transvaler,* 1967-10-21.

Die eerste witimpala om in 'n Suid-Afrikaanse dieretuin aangehou te word - *The Pretoria News,* 1970-05-27.

65. *The Citizen,* 1977-09-01; *The Pretoria News,* 1977-08-31 (twee artikels); *The Star,* 1977-08-27; 1977-08-16; 1977-08-13 (Overseas Edition); *The Natal Mercury,* 1977-08-11; *Die Transvaler,* 1977-09-01; *The Natal Daily News,* 1977-08-11; *Beeld,* 1977-09-01; *SA Digest,* 1977-08-19; NDSA: Folio 91: Brief van A. A. Brinkman, eresekretaris van die Timbavati Private Natuurreservaat, 1976-09-30; Jaarverslag 1977/78, p. 34.
66. NDSA: Folio 154, p. 5: R11/4/83, verw. 5/7/11/2/1.
67. NDSA: Folio 158, p. 56: Maandverslag, Nov. 1983; Folio 164, p. 60: Maandverslag, Sept. 1984.
68. NDSA: Folio 143, p. 5: R. 16/3/82, notule, 1962-04-01.
69. NDSA: Maandverslag, Jan. 1912.

Daar is in elke jaarverslag noukeurig aangeteken hoe groot die diereversameling op daardie tydstip was. Hier volg 'n paar uittreksels:

Op 30 Junie 1909 het die getalle daar soos volg uitgesien:

| | Spesies | Aantal Diere |
|---|---|---|
| Soogdiere | 142 | 488 |
| Voëls | 190 | 571 |
| Reptiele | 7 | 45 |

NDSA: Tvl. Z G Report 1909/10, p. 4.

Op 31 Desember 1933 het die getalle vir die eerste keer die 2 000 merk oorskrei.

| | Spesies | Aantal Diere |
|---|---|---|
| Soogdiere | 127 | 473 |
| Voëls | 234 | 1 163 |
| Reptiele | 25 | 204 |
| Visse | 9 | ±300 |

NDSA: N Z G Report 1933, p. 13.

Op 31 Maart 1984 het die prentjie só gelyk:

| | Spesies | Aantal Diere |
|---|---|---|
| Soogdiere | 129 | 693 |
| Voëls | 251 | 1 955 |

(Reptiele en visse was nou deel van die Akwarium en Reptielpark)

NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 16.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Voorbeelde van geboortes wat as van die uiterste belang geag is: Vyf kroonfisante - NDSA: Maandverslae en notules 1912: Maandverslag, Des. 1912.

Rhodesiese en Australiese voëls - NDSA: Maandverslae en Notules 1912: Maandverslag, Mrt. 1912.

Kokketiele - NDSA: Maandverslae en Notules 1917: Maandverslag, Mrt. 1917.

Drie luiperds - NDSA: Maandverslae en notules 1917: Maandverslag, Mrt. 1917. Die eerste twee leeuwelpies - NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 14; 'n bruin lemur - NDSA: Maandverslae en notules 1923: Maandverslag, Sept. 1923.

'n Blouwildebeeskalfie - NDSA: Maandverslae en notules 1926: Maandverslag, Des. 1926.

Die eerste njala - NDSA: N Z G Report 1939, p. 16.

70. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Maandverslag, Mrt. 1912.
71. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Maandverslag, Des. 1912.
72. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Maandverslag, Apr. 1914.
73. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Maandverslag, Mei 1914.
74. NDSA: N Z G Report 1937, p. 17.
75. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Maandverslag, Sept. 1916.
    Hierdie tipe uitruiling het tot in 1981 nog plaasgevind toe 'n gorillawyfie na Johannesburg gereis het vir 'n kortstondige "affaire" met die mannetjie aldaar - NDSA: Folio 132: Notule, 1981-04-02.
76. NDSA: Maandverslae en notules 1925: Maandverslag, Jan. 1925.
77. *Die Vaderland,* 1932-12-22; *The Pretoria News,* 1932-12-21.
78. *The Star,* 1931-09-12.
80. *Die Volkstem,* 1931-09-17.
81. *Die Volkstem, 1931-10-26.*
82. *Die Volkstem,* 1934-11-24; *Die Vaderland,* 1934-11-23; *The Pretoria News,* 1934-11-23; *The Star,* 1934-11-23.
83. *Rand Daily Mail,* 1936-11-11; *The Star,* 1936-11-16; *The Pretoria News,* 1936-11-11; *Die Vaderland,* 1936-11-11; 1936-12-05; *Die Volkstem,* 1936-11-11; 1936-12-05.
84. *Die Volkstem,* 1948-04-24.
    Ander belangrike telings: Die basterhartbees en muskuskat vir die eerste keer in gevangenskap geteel - *The Pretoria News,* 1936-02-07; *The Star,* 1936-02-08; *Die Volkstem,* 1936-02-10; *Rand Daily Mail,* 1936-02-15.
    
    'n Maleise beer gebore - *Die Volkstem,* 1939-06-08; *Die Vaderland,* 1939-06-09; *The Star,* 1939-06-08; *Die Transvaler,* 1939-06-12.
    
    'n Dwergbuffel - *Die Volkstem,* 1939-07-25; *The Pretoria News,* 1939-07-25; *Rand Daily Mail,* 1939-07-26.
    
    'n Bontboklam - *The Pretoria News,* 1945-10-08; *Rand Daily Mail,* 1945-10-09; *Die Volkstem,* 1945-10-08; *Die Transvaler,* 1945-10-10; *The Star,* 1945-10-09.
    
    'n Wasbeer - *Die Volkstem,* 1941-12-11; *The Pretoria News,* 1941-12-12; *Rand Daily Mail,* 1941-12-11; NDSA: N Z G Report 1945, p. 17.
    
    Pére Davidtakbok - 'n eerste in Suid-Afrika - *The Pretoria News,* 1953-11-02; *Rand Daily Mail,* 1953-11-08; *Die Transvaler,* 1953-11-31.
    
    'n Kuifkop giervoël - *The Pretoria News,* 1954-02-27; *The Star,* 1954-02-26; *Sunday Times,* 1954-03-07.
    
    Jacquars - *The Star,* 1957-02-26; *The Pretoria News,* 1957-02-27; 1957-03-16; *Rand Daily Mail,* 1957-03-01; *Die Transvaler,* 1957-02-27; 1957-03-26.
    
    Swart luiperds - *The Star,* 1964-01-07; *Rand Daily Mail,* 1963-11-26; *Die Vaderland,* 1963-11-21.
    
    'n Pleegmoeder, by name 'n Duitse herdershond, met haar eie twee kleintjies is aan die Dieretuin geleen sodat welpies kon drink - *The Pretoria News,* 1963-11-26; *Rand Daily Mail,* 1963-11-26; *Die Vaderland,* 1963-11-27.
    
    'n Gibbon - *Die Vaderland,* 1963-07-24.
85. *Die Vaderland,* 1966-10-21; *The Pretoria News,* 1966-10-21.
86. *Rand Daily Mail,* 1966-10-22.
87. *The Pretoria News,* 1969-02-01.
88. *Die Transvaler,* 1967-06-09; *Die Vaderland,* 1967-06-09; *Rand Daily Mail,* 1967-06-09; *The Pretoria News,* 1967-06-09; *The Star,* 1967-06-09.
89. NDSA: Folio 12: Notule, 1969-03-13.
90. *Die Transvaler,* 1949-01-18.
91. NDSA: Folio 57, p. 5: Maandverslag, Apr. 1973, R/8/5/13.
92. L.J. Smith, Zoological Gardens and nature conservation (*Fauna en flora* 40, 1983, p. 2).
    Ander nuuswaardige geboortes in dié tydperk: 'n Kaapse rob - *The Pretoria News, 1967-12-05; Rand Daily Mail,* 1967-12-07.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Mandrilbobbejaan - *The Pretoria News,* 1968-02-05.

Sabelgemsbokkie (bedreig deur uitsterwing - *Hoofstad,* 1969-07-16; *The Pretoria News,* 1969-07-16; *The Star,* 1969-07-17.

Rudolph, die swartrenoster (genoem na dr. Bigalke) - *The Pretoria News,* 1969-11-13.

'n Dwergseekoei - *Die Vaderland,* 1969-09-23; *Die Transvaler,* 1969-09-23.

Gaffelbokke (die eerste buite Noord-Amerika) - NDSA: Folio 159, p. 37: Verslag Afdeling Fauna, Des. 1983.

Gestreepte uilarend of gymnogene - NDSA: Folio 132: Direkteursverslag, April 1981.

93. NDSA: Tvl. Z G Report 1910-1911, p. 14.
94. NDSA: Tvl. Z G Report 1912, p. 6.
95. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Maandverslag, Des. 1914.
96. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Maandverslag, Mei 1915.
97. NDSA: N Z G Report 1932, p. 8.
98. NDSA: N Z G Report 1933, p. 10.
99. NDSA: N Z G Report, 1958, pp. 8-9.
100. NDSA: Jaarverslag 1966/67, p. 12.
101. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 20.
102. M. Zulch, Pretoria Zoo is one of the world's best *(Farmers' Weekly* 113, 1967-08-02); NDSA: Plakboek: *Suid-Afrikaanse Panorama,* Apr. 1968, p. 24; Rocketing food costs hit zoos *(To the Point* 4(38), 1975-09-19), p. 40.
103. M.L. Zuhlsdorff en E. van Rooyen, Suid-Afrika se grootste dieretuin (*Die Huisgenoot* 42(2417), 1968-07-26, p. 32).
104. *Oggendblad,* 1975-01-22; Rocketing food costs hit zoos *(To the Point* 4(38), 1975-09-19, p. 40).
105. NDSA: Jaarverslag 1971-72, p. 21.
106. NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 33.
107. NDSA: Tvl. Z G Report 1909/1910, p. 10.
108. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Maandverslag, Jul. 1914.
109. *Ibid.*
110. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Maandverslag, Jan. 1915.
111. NDSA: Tvl. Z G Report 1915, p. 13; Maandverslae en Notules 1914: Maandverslag, Jul. 1914.
112. NDSA: Direkteursverslag, Mei 1916.
    'n Gemsbokram deurboor 'n ooi - NDSA: Maandverslae en notules 1919: Maandverslag, Nov. 1919.
113. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Maandverslag, Jan. 1915.
114. NDSA: Maandverslae en notules 1924: Notule, 1924-11-21.
115. NDSA: N Z G Report 1937, p. 18.
116. NDSA: N Z G Report 1940, p. 12.
    Die Dieretuin het jare lank gespook om vir Josef 'n maat te kry. In 1936 is 'n spesiale sjimpanseefonds in die lewe geroep om 'n wyfie van Londen aan te koop. Op 17 Maart 1937 is Babo in ontvangs geneem en is op 27 September, net na die winter, by Josef geplaas - NDSA: N Z G Report 1936, p. 7 en 1937, p. 9; *Rand Daily Mail,* 1937-03-08; *The Star,* 1937-03-06; *The Pretoria News,* 1937-03-05; *Die Volkstem,* 1937-03-06; *Die Vaderland,* 1937-03-06.
117. *The Pretoria News,* 1954-07-19; *Die Transvaler,* 1954-07-21; *The Star,* 1954-07-20.
118. *The Star,* 1959-12-19; *Die Transvaler,* 1958-12-20.
119. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Maandverslag, Sept. 1912.
120. NDSA: Maandverslae en notules 1914 en 1915: Maandverslae, Des.1914 en Jan. 1915.
121. NDSA: Maandverslae en notules 1913: Maandverslag, Des. 1913.
122. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Notule, 1919-05-20; Maandverslag, Jun. 1919 en Okt. 1919.
123. *The Pretoria News,* 1934-06-22.
124. *The Pretoria News,* 1927-09-24.
125. NDSA: N Z G Report 1943, p. 6.
126. NDSA: N Z G Report 1944, p. 5.
127. NDSA: N Z G Report 1945, p. 6.
128. NDSA: N Z G Report 1961, p. 6; *The Star,* 1951-06-04; 1951-06-16; 1951-06-25; *Die Transvaler,* 1951-06-26; 1951-06-11; *The Pretoria News,* 1951-06-05; 1951-06-07; 1951-06-09; 1951-06-25; *Die Vaderland,* 1951-06-25; *Dagbreek,* 1951-06-10.
129. NDSA: N Z G Report 1956, p. 7.
130. NDSA: Jaarverslag 1966/67, p. 12.
131. NDSA: Jaarverslag 1969/70, pp. 21-25.
132. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 19.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

133. NDSA: Jaarverslag 1973/74, pp. 27-29.
134. NDSA: Jaarverslag 1980/81, p. 17.
135. In 1967 was daar die geval van Patrusia en Rietjie, twee babasjimpansees wat deur huursoldate vanuit die Belgiese Kongo ingesmokkel is. Die diere is op die Jan Smutslughawe gekonfiskeer en aan die Dieretuin oorhandig. Omdat Rietjie maar ses weke oud was, het sy dieselfde behandeling as enige "ander" menslike baba in die dierehospitaal ontvang. Sy is twee keer per dag skoon aangetrek: met 'n doek, waterdigte broekie, baadjie en gebreide sokkies. Sy het in 'n stootwaentjie geslaap en haar baba-uitset het toebehore soos lyfpoeier, bottels, babakos en medisyne ingesluit. Badtyd was 'n gedoente, want sy het geskreeu dat die wêreld antwoord gee. Snags is sy deur 'n personeellid huis toe geneem om gevoed en gesus te word wanneer sy in die nag wakker word - *Die Transvaler,* 1967-05-19; *The Star,* 1967-05-17.
136. NDSA: Folio 29, p. 6: Notule, 1970-10-01.
137. NDSA: Jaarverslag 1982/83, pp. 15-18.
138. NDSA: Folio 147, p. 32: Verslag van die Veterinêre Dienste in Jaarverslag 1981/82.
139. NDSA: Jaarverslag 1980/81, p. 31.
140. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 28.
141. NDSA: Jaarverslag 1971/72, pp. 13-19.
142. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 32.
143. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 36.
144. NDSA: Folio 79, p. 23: Verslag van die seksie Laer Gewerweldes, Jul. 1975.
145. NDSA: Folio 89: Notule, 1976-08-05.
146. NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 35.
147. NDSA: Folio 115: Direkteursverslag, Apr. 1979.
148. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 16.
149. NDSA: Folio 124: Direkteursverslag, Apr. en Mei 1980.
150. NDSA: Folio 140, p. 26: Verslag van die Afdeling Fauna (seksie Laer Gewerweldes), Jan. 1982.
151. NDSA: Jaarverslag 1974/75, p. 35.
152. NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 35
153. NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 44.
154. NDSA: Folio 124: Direkteursverslag, Apr. en Mei 1980.
155. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 10.
156. NDSA: Jaarverslag 1977/78, p. 36.
157. NDSA: Folio 76, p. 6: R11/4/75.
158. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 12.
159. Rocketing food costs hit zoos *(To the Point* 4(38), 1975-09-19, p. 40).
160. NDSA: Jaarverslag 1967/68: Die rol van dieretuine in natuurbewaring, pp.7-13.
161. Kyk hoofstuk IV; TAB: SS.7024, OR1898/98: Brief aan Dept. van Onderwys, 1898-02-04.
162. Kyk hoofstuk III, p. 25.
Dr. Theiler het die Dieretuin versoek om hom in kennis te stel wanneer diere van kant gemaak word, sodat hy die karkasse vir parasiete kon ondersoek - NDSA: Maandverslae en notules 1915: Maandverslag, Jan. 1915.
163. 'n Groen aap *(Cercopithecus callitrichus)* is met die geboorte van haar tweede kleintjie in afsondering geplaas nadat haar eersgeborene as gevolg van moedersmishandeling gevrek het. Hierdie proefneming het geslaag en is voortaan in ander soortgelyke gevalle toegepas - NDSA: Tvl. Z G Report 1912, p. 11.
164. NDSA: N Z G Report 1948, p. 8.
165. NDSA: N Z G Report 1930, p. 4.
166. NDSA: N Z G Report 1931, p. 15 - Op 15 Julie 1899 is daar alreeds besluit om op die *Complete proceedings of the Zoological Society* in te teken - ATM: M en D notules, 1899-07-15, p. 207.
167. NDSA: N Z G Report 1932, p. 7.
168. NDSA: N Z G Report 1933, p. 8.
169. *Die Transvaler,* 1947-03-11.
170. NDSA: N Z G Report 1950, p. 7.
171. *The Pretoria News,* 1947-05-08; NDSA: N Z G Report 1954, p. 6.
172. *Die Vaderland,* 1947-05-16; *Rand Daily Mail,* 1947-05-16.
173. NDSA: N Z G Report 1957, p. 3.
174. NDSA: N Z G Report 1962, pp. 22-23.
175. NDSA: N Z G Report 1966/67, p. 7.
176. Kyk Bylaag I.
177. NDSA: N Z G Report 1962, pp. 22-23.
178. NDSA: Folio 9: Brief van dr. D.P. Knobel (senior lektor, Departement Anatomie, UP), 1968-11-21.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

179. NDSA: N Z G Report 1971/72. p. 13.
180. NDSA: N Z G Report 1973/74, p. 31.
181. NDSA: Folio 85: Direkteursverslag, Mrt. 1976.
182. NDSA: Folio 87: Direkteursverslag, Mei 1976.
183. NDSA: Folio 101: Notule, 1977-11-03.
184. K. van Vuuren, Deurbraak *(Die Landbouweekblad,* 1977-06-03, pp. 52-53).
185. NDSA: Folio 132.
186. NDSA: Folio 157, p. 51: Brief van prof. J.D. Skinner (Soogdiernavorsingsinstituut, UP), 1983-11-02; Folio 158, p. 15: R18/9/83, verw. 17.
187. NDSA: Folio 164, p. 76: Brief van wnde. direkteur aan prof. J.D. Skinner, 1984-09-28.
Nog aansoeke wat ontvang is om kennis te kom opdoen by die Nasionale Dieretuin: NDSA: Folio 157, p. 50: Brief van mnr. en mev. Aronson; Folio 158, pp. 14-15: Notule, R17/9/88, verw. 11/1/34; Folio 147, p. 30: Jaarverslag Veeartsenydienste 1981/82: Studente van Sydney (Australië) en Nederland; Folio 157: Brief van G. Gondine (Univ. van Parma, Italië), 1983; Notule, R9/9/83, verw. 11/1/34; Folio 157, p. 45: Brief van J.L. Tamarock (Atlanta Zool. Society), 1983-10-10; Notule, R14/9/83, verw. 11/34; Folio 65, pp. 25-26: Brief van direkteur Veeartsenydienste, Dept. van Landbou Tegniese Dienste, 1974-03-12; Brief van United States Department of Agriculture Animal and Plant Health Inspection Service (Washington), 1974-03-04; Folio 66, p. 4: Notule, 1974-05-02, R1014/14.
188. NDSA: Folio 138: Brief van David Blyd en Steve Saunders, 1981-10-06; Brief van Nilo Barbuda Sauto, 1981-11-17.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VII. DIE NASIONALE DIERETUIN EN NATUURBEWARING

### Die Dieretuin en sy rol in natuurbewaring

As antwoord op die verklaring van die sekretaris van die Nasionale Parkeraad, H.S. van Graan, in 1950 dat dieretuine bloot gevangenisse is en afgeskaf behoort te word, 'n standpunt wat deur baie dieretuinkritici gehuldig word, het dr. Bigalke die volgende onaanvegbare redes gegee waarom hierdie instellings wêreldwyd bestaansreg het: "Die onmiskenbaarheid van dieretuine sal toeneem teen dieselfde tempo as wat fauna van alle lande uitgeroei word deur die sogenaamde uitbreiding van die beskawing."[1]

Die afgelope halfeeu het ten minste een diersoort per jaar heeltemal van die aardbodem verdwyn. Vandag is dieretuine die laaste vesting vir talle spesies en die enigste skans teen die mens se verdringing van hulle natuurlike tuiste.[2] Enkele voorbeelde van diere wat in die vrye natuur heeltemal uitgesterf het en net in dieretuine of ander soortgelyke instansies aangetref word, is die Europese buffel, die Pizewalskiperd, die Né-ne-gans en die Père Davidtakbok.[3]

Lank reeds voor die besluit wat op 'n vergadering van die Survival Service Commission van die International Union for the Conservation of Nature and Natural Resources (IUCN) en tydens die byeenkoms van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure (Londen, 1964) geneem is dat dieretuine moet help met die teel van bedreigde spesies,[4] was die Dieretuin betrokke by die hele kwessie rondom natuurbewaring in Suid-Afrika en het die regering in 1902 die hulp van die Museum-en-Dieretuinkomitee ingeroep rakende voorstelle in hierdie verband. Reeds toe was hierdie Bestuurskomitee van mening dat die regering onverwyld aandag aan wetgewing moet gee wat sal help om die uitwissing van diersoorte te verhoed. Sake soos die verbod op handeldryf in velle en horings, wat vandag hoog op die prioriteitslys van natuurbewaarders wêreldwyd is, het aandag geniet. Die verslag aan die regering is met die volgende gevolgtrekking afgesluit: "We have a distinct responsibility, which extends from the point of view of science far beyond South Africa, in regard to the preservation from extinction of the beautiful and unique fauna of this country, and if that responsibility is in any way neglected at the present juncture, we have no hesitation in saying that in our opinion, the opportunity will have been irretrievably lost, and that the matter will have gone far to be even afterwards remedied."[5]

Wat die teling van diere wat met uitsterwing bedreig word betref, is daar ook al lankal by hierdie instansie werk gemaak.[6] Die meeste bronne is dit eens dat dieretuine se rol om te help om die natuur te bewaar een van die belangrikste funksies van die moderne dieretuin is.[7] Dr. Brand het egter al die fasette van natuurbewaring waarby die Nasionale Dieretuin betrokke is, die beste in sy artikel "Die rol van dieretuine in natuurbewaring" in *Jaarverslag 1967/68* opgesom. Hierin bespreek hy die verskillende maniere waarop die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groter dieretuine in die wêreld natuurbewaringsorganisasies op nasionale sowel as internasionale vlak bygestaan het:

1. Opvoedkundig:

Opvoeding en die verspreiding van kennis van die geskiedenis van diere en die grondbeginsels van die ekologie is van groot belang in 'n natuurbewaringsprogram, aangesien die toekoms van die natuurbewaringsbeweging self daarop berus. Die opvoedkundige funksie van dieretuine kan met reg aanvaar word as een van die beste voorbeelde van die ondersteunende rol wat dieretuine in dié verband kan en moet vervul. Met die nuusmedia, soos die radio en pers tot hul beskikking, met behulp van spesiale opvoedkundige uitstallings oor natuurbewaring, soos wat by die Nasionale Dieretuin plaasvind, is die dieretuine besonder goed toegerus om die publiek en veral die jeug bewaringsbewus te maak, 'n gesonde belangstelling in wilde diere aan te wakker en private instansies en plaaslike owerhede te oortuig van die noodsaaklikheid om meer grond vir die stigting van natuurreservate en parke opsy te sit. Waar natuurbewaringsorganisasies veel deur publikasies en openbare lesings doen om by die publiek hulle strewe tuis te bring, is dit gewoonlik net die "reeds bekeerde volgelinge van die natuurbewaringsidee" wat hierdeur bereik word. Hierteenoor ontvang die 500 erkende groot dieretuine in die wêreld gesamentlik ongeveer 333 miljoen besoekers per jaar. Die gevolg is dat een uit elke twintig persone in die wêreld jaarliks 'n dieretuin besoek en dit is hier waar die inskerping van die natuurbewaringsidee werklik met sukses kan plaasvind. Deur sorgvuldig beplande, interessante en goed geïllustreerde opvoedkundige uitstallings op strategiese plekke in die dieretuin aan te bring, soos dit wel die geval in die Nasionale Dieretuin is, word die bewaringsidee op 'n baie wyer vlak uitgebou. Die beginsels van natuurbewaring word meer breedvoerig in hierdie opvoedkundige uitstallings behandel as wat gewoonlik die geval is en klem word gelê op die bewaring van die bodem, water en plantegroei wat 'n geïntegreerde deel by die bewaring van die dierelewe vorm. Hierbenewens ontvang duisende skoliere, studente en lede van die publiek wat die Dieretuin in georganiseerde groepe besoek, onderrig in natuurbewaring en die biologiese eienskappe van wilde diere. Dit word algemeen aanvaar dat persone met 'n opregte liefde en waardering vir diere meer vatbaar vir die begrip van bewaring is. Juis om hierdie rede poog die Nasionale Dieretuin om sowel die estetiese as die ander waardes van wilde diere te beklemtoon en die diere self onder natuurlike en aangename omstandighede ten toon te stel.

2. Teling:

Nog 'n manier waarop dieretuine 'n rol in die bewaring van wilde diere speel, is die teel van dié soorte wat met uitsterwing bedreig word. In 1967/68 was daar 277 soogdiersoorte en 312 voëlspesies op die rooilys van die Internasionale Unie van Natuurbewaring (IUCN) aangegee as diere wat in gevaar verkeer om uit te sterf. Omdat die menslike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevolking van die wêreld so vinnig vermeerder, het dit nodig geword om gebiede wat tot onlangs nog ongerepte natuur en die tuiste van wilde diere was, te ontbos en te bevolk. Streke wat nie op hierdie wyse ingrypend verander is nie, word nogtans benadeel deurdat hulle gedeeltelik of ten volle by ontwikkelde gebiede ingesluit word. Sommige diere is wel in staat om by hierdie omstandighede aan te pas en in Suid-Afrika het natuurbewaringsliggame sodanige beskerming met groot sukses verleen aan bedreigde soorte soos byvoorbeeld die bontebok, die bergkwagga, die swartwildebees en die twee inheemse renostersoorte. Daar word vandag allerweë besef dat dieretuine in sulke gevalle 'n sleutelrol kan speel deur hierdie diere in gevangenskap te teel, sodat hulle weer in hulle natuurlike omgewing hervestig kan word, sodra omstandighede dit regverdig. Hierdie tipe projekte is reeds met welslae onderneem waar verskeie soorte wat sou uitsterf, oorleef het omdat hulle suksesvol in dieretuine geteel is. Tydens hierdie teelprogramme is daar wel deeglik besef dat welslae slegs bereik kan word in toestande wat met die oorspronklike habitat van die dier ooreenstem en dat dit gespesialiseerd aangepak moet word. Hier het die idee van wildteelplase, wat spesiaal aangekoop en ingerig word, ontstaan. Die Nasionale Dieretuin het teen 1984 nie minder nie as drie sulke reservate in stand gehou.

3. <u>Navorsing</u>:

Navorsing op die terrein van siektes, eetgewoontes, paring, teling, verdowing, asook die verpakking en vervoer van diere is net so belangrik, want naas die teling van diere is dit nodig dat die skaars diersoorte wat versprei en hervestig word, met die grootste sorg behandel word. Op die terrein van die vang en vervoer van diere, doen die Afdeling Dieregesondheid van die Nasionale Dieretuin al 'n geruime tyd navorsing en sukses is veral met die verdowing van die karnivore en primate behaal.

4. <u>Fondsinsameling</u>:

Deur die insameling van fondse deur beroepe op die intekenaars van die Dieretuin se tydskrif *Zoön*, en donasies deur besoekers aan die Dieretuin, word aansienlike bedrae ingesamel en aan die World Wildlife Fund oorgedra.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die Dieretuin langs verskillende weë sy taak vervul by die verwesenliking van die strewe om 'n gesonde verhouding tussen die mens en die natuur te bewerkstellig.[8]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Totstandkoming van wildteelplase

### 1. Inleiding

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat wildteelplase ontstaan het uit die behoefte om seldsame diersoorte te teel waar hulle onder die beste plaaslike toestande sal aard, met die mees gespesialiseerde bystand moontlik. 'n Verslag van 15 Oktober 1970, opgestel deur 'n senior werkstudiebeampte van die Departement van Nasionale Opvoeding, het die gedagte om grond vir die gebruik van teelplase by die Dieretuinraad versterk. Hy het in sy verslag onder meer opgemerk: "... talle probleme soos die voortdurende aanwesigheid van mense in groot getalle en die gebrek aan voldoende ruimte, maak die voortplanting van diere binne 'n dieretuin self, besonder wisselvallig. Die oplossing lê hoofsaaklik in die beskikbaarstelling van 'n geskikte terrein waar alles toegespits kan word om die voortplanting van diere te bewerkstellig. Dit word gevolglik aanbeveel dat daar so spoedig moontlik 'n teelplaas aan die Inrigting beskikbaar gestel moet word. Die hoofvereistes in hierdie verband is 'n plaas van ongeveer 500 hektaar binne maklike bereik van die Dieretuin en met 'n redelike warm winterklimaat. Die ontwikkeling van die plaas, asook die personeel wat daar benodig mag word, is natuurlik aangeleenthede wat daarna aandag sal moet geniet."[9] Omdat die Dieretuin nie oor 'n geskikte terrein beskik het waar reserwediere aangehou kon word nie, was die inrigting verplig om diere in die buiteland te verkoop of te verruil om dan net 'n tyd later van dieselfde diere ten duurste weer terug te koop, indien hulle nog beskikbaar was. Met 'n wildteelplaas tot sy beskikking kon die Dieretuin dus addisionele teelkuddes van veral diersoorte wat reeds in sy besit was, opbou terwyl dit nog moontlik was. Die gevaar het ook bestaan dat namate kennis in verband met dieresiektes uitbrei, die invoer van wilde diere al hoe moeiliker sou raak en in sommige gevalle selfs moontlik geheel en al verbied sou word.

Wanneer voldoende teelkuddes vir eie doeleindes opgebou is, sou dit beteken dat surplusdiere wat geteel is in 'n gebied wat vry van aansteeklike siektes was, na ander dieretuine en parke, veral in die buiteland, tot groot voordeel van die Nasionale Dieretuin verhandel kon word.

In daardie stadium het die gedagte ontstaan dat ondersoek ingestel moet word na die moontlike gratis verkryging van 'n geskikte gebied deur middel van onderhandeling met plaaslike owerhede. Buiten die vereistes wat die werkstudiebeampte vir so 'n terrein uitgewys het, was die Raad van mening dat die fisiese gesteldheid van die terrein by die uitsoek van so 'n gebied in gedagte gehou moet word, dat dit begaanbaar moet wees en omhein moet word. Voldoende water en geskikte grond vir die verbouing van kunsmatige grasse sou ook van groot waarde wees. 'n Bosveldplantegroei met soetgras sou die beste aan al die vereistes van die meeste anteloopsoorte voldoen. Die veesiektes waaraan dié betrokke gebied onderhewig was, was ook 'n faktor wat in gedagte gehou moet word.[10]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## 2. Jagluiperdnavorsing- en teelsentrum by De Wildt

Terwyl die werkstudie oor moontlike wildteelplase in 1970 aan die gang was, was die Nasionale Dieretuin so gelukkig om 'n sentrum spesiaal vir die teel van jagluiperds te bekom.

Die eerste saadjie met die oog op 'n afgesonderde terrein waar jagluiperds dalk met sukses geteel kon word, is waarskynlik reeds in 1953 geplant toe die Dieretuin tot die besef gekom het dat die vier diere wat reeds 'n geruime tyd in sy besit was, nie sou aanteel nie. In daardie stadium was daar geen rekord van jagluiperds wat êrens in die wêreld in gevangenskap geteel het nie en was daar ook bittermin van hul teelgewoontes bekend.[11] Hierdie dier is veral vatbaar vir griep wat deur huiskatte oorgedra word en indien hulle nie in gevangenskap geteel kon word nie, sou die spesie waarskynlik uitsterf.[12]

In die jaarverslag 1970/71 is daar vir die eerste keer melding gemaak van die terrein van 50 morg (41,8ha) wat deur G.L. van Dyk en sy suster, Ann, vir die doel om jagluiperds te teel, aan die Nasionale Dieretuin beskikbaar gestel is. Die Van Dyks se verbintenis met die Dieretuin het begin nadat hulle uitgevind het dat die twee jagluiperdwelpies wat hulle as geskenk ontvang het onwettig in hul besit was. Die twee diertjies is aan die Nasionale Dieretuin oorhandig en deurdat die Van Dyks daarna nog gereeld daar gaan besoek aflê het, het 'n hegte vriendskap tussen hulle en dr. Brand ontstaan. Die Direkteur se ideaal om 'n teelplaas vir jagluiperds op die been te bring, het tydens een van hierdie besoeke ter sprake gekom en gou was die Van Dyks net so entoesiasties oor hierdie idee. Die twee pluimveeboere van De Wildt het onderneem om self die terrein wat hulle vir hierdie doel beskikbaar gestel het op eie koste te omhein en om die jagluiperds te versorg op dié voorwaarde dat die Dieretuin vir die voer en mediese versorging sou sorg.[13] Die jagluiperds wat daar aangehou sou word, sou die eiendom van die Dieretuin wees, maar nie die betrokke terrein nie.[14] Die broer en suster het wel onderneem om twee rondawels met gesamentlike bad- en toiletgeriewe vir die gebruik van die amptenare van die Raad op te rig, asook om die gebruiklike huisvesting vir een swart werknemer te verskaf. 'n Kamer wat as hospitaal kon dien vir die behandeling van die jagluiperds sou ook opgerig word. Die Van Dyks sou op eie risiko as opsigters van die jagluiperds optree.[15]

Nadat die omheining van die terrein teen die einde van Maart 1971 voltooi was, is die eerste jagluiperds, naamlik twintig mannetjies en nege wyfies laat gedurende die middag van 16 April 1971 in die teenwoordigheid van 'n groot aantal gaste in 'n kampie losgelaat. Die Administrateur van Transvaal, S.J. van Niekerk, was een van die eregaste.[16]
Die mannetjies en wyfies is in afsonderlike kampe aangehou, aangesien die wyfies baie aggressief is as dit nie paartyd is nie. Dit is dan ook die rede wat aangevoer word waarom hulle nie in die Dieretuin wou teel nie. In die natuur loop die twee geslagte meestal alleen.[17] Die teelplaas is gereeld deur die personeel van die Dieretuin besoek en die diere is fyn dopgehou. Die veearts, dr. P.G.A. Meltzer, het steeds aan die projek meegewerk,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

selfs toe hy nie meer in die diens van die Nasionale Dieretuin was nie.[18] Mej. Van Dyk was voltyds met die projek gemoeid, terwyl haar broer met die boerdery voortgegaan het. Sy het die diere volgens die voorskrifte van die Dieretuin versorg en gevoer en dit was gou duidelik dat die diere hulle baie goed aangepas het en dat hulle fisiese toestand ook besonder goed was. Alhoewel die diere so min moontlik gesteur is, het die Van Dyks verklaar dat hulle dit maklik gevind het om na die jagluiperds om te sien en dat hulle hul opreggeteelde herdershonde as gevaarliker beskou het. Hulle was egter nie van plan om die wilde diere te tem nie.[19]

Gedurende die eerste drie jaar is geen welslae met die teelprogram behaal nie en nog jagluiperds is by die versameling gevoeg. Nadat die veearts 'n saadtoets gedoen het, is diere uit die groep gekies en afgesonder. Hierna is sewe welpies wat almal oorleef het, gebore. In daardie stadium was nog vyf wyfies dragtig. Soos dit dikwels in die natuur ook voorkom, het die wyfies hul kleintjies verwerp en moes hulle met die hand grootgemaak word. Die eerste week is hulle dag en nag elke twee uur gevoed. Vir dié doel is daar 'n sit-slaapvertrek met 'n badkamer en kombuis ingerig, met 'n temperatuur van ongeveer 32°C. Mettertyd is die kleintjies drie maal per dag met 'n mengsel van eier, melk en vitamines gevoer en moes hulle boonop gemasseer word, omdat hulle dit moeilik gevind het om normaal te ontlas.[20]

Aanvanklik was die sterftesyfer by die klein welpies hoog. In 1975 het slegs sewe van die 23 wat gebore is, oorleef. Vrektes sedert geboorte tot die leeftyd van 'n maand is gewoonlik toegeskryf aan swak moederlike versorging. Die redes hiervoor was drieërlei: (i) die wyfies het die eerste keer geboorte geskenk; (ii) party het die kleintjies opgevreet voordat hulle gered kon word; (iii) ander het voorgegee om na die kleintjies om te sien, maar het hulle weggegooi, meestal na 'n storm in koue weer. Die kleintjies wat wel gered kon word, het goeie vordering met bottelvoeding gemaak. As gevolg van die verliese is kraamkampe opgerig, elkeen voorsien van 'n klein grasdakhut, met 'n vloer wat in die winter verhit kon word vir die beskerming van die moeder en werpsel teen moontlike weersveranderinge.

'n Tweede rede vir vrektes was gastro-enteritis. Gedurende September 1975 en Januarie 1976 het hierdie siekte welpies wat handgrootgemaak is, getref. Met die eerste uitbreek van die siekte het drie kleintjies gevrek. Dit was duidelik dat die jagluiperds nie met enige ander diere op die plaas in aanraking moes kom nie en daar is besluit om 'n spesiale hospitaal vir hulle aan te bou. Albei bogenoemde probleme is mettertyd oorkom en in 1976 is slegs drie uit sewentien welpies hans grootgemaak.[21] In 1977 het mej. Van Dyk by die Raad toestemming gevra om nog 30 hektaar te omhein en voort te gaan met haar navorsing oor die vrugbaarheid van die jagluiperdmannetjie. Verdere fondse van organisasies en private persone moes ook vir die projek verkry word.[22]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Teen hierdie tyd wou dit dus voorkom of die eerste doelwit, naamlik suksesvolle teling, bereik is. Die tweede oogmerk was om die jagluiperds te leer om selfversorgend te word, sodat hulle in hul eertydse verspreidingsgebiede hervestig kon word.[23]

Na die sukses wat met die teling van jagluiperds behaal is, is ander bedreigde diersoorte ook in die De Wildtnavorsing- en teelsentrum losgelaat en met soortgelyke teelprogramme begin. In 1978/79 is die eerste wildehondwerpsel wat uit agt kleintjies bestaan het, gebore. Hierdie werpsel is aan die Natalse Parkeraad geskenk om in die Hhluhluvewildreservaat los te laat.[24] In 1981 is 'n sogenaamde "wondergeboorte" by De Wildt ontdek toe 'n koningjagluiperd van twee gewone jagluiperds gebore is. Hierdie jagluiperd is so besonder, deurdat dit gestreep is. Om 'n koningjagluiperd te teel, so is beweer, is net so moeilik as om die monster van Lochness te vind.[25]

Navorsing oor die vrugbaarheid van die jagluiperd, siektetoestande by wildehonde en die broeiproses by roofvoëls in gevangenskap was almal projekte wat in samewerking met Onderstepoort en die Transvaal Museum by De Wildt onderneem is. Twee vakkundiges van die Nasionale Dieretuin in Washington het ook navorsing oor die vrugbaarheid by jagluiperds by dié sentrum kom doen.[26] Navorsing op die koningjagluiperd het tot gevolg gehad dat die draers van die gene van hierdie jagluiperd met redelike sekerheid vasgestel kon word.[27]

Vanaf September 1981 is besoeke van skoolgroepe en geselekteerde oorsese besoekers tot die De Wildtreservaat toegelaat. Hierdie besoeke het slegs volgens bespreking geskied en net 'n beperkte aantal persone is op 'n slag toegelaat. 'n Skuifieprogram van twintig minute het deel uitgemaak van hierdie opvoedkundige toer.[28]

Die teel van jagluiperds deur die Nasionale Dieretuin was so geslaagd dat hierdie diersoort van die lys van bedreigde spesies afgehaal kon word. Jagluiperds en wildehonde het (soos die leeuwelpies 'n paar jaar vantevore) 'n waardevolle aspek van ruil- of verkooptransaksies geword. In 1982 is van dié diere aan die dieretuin te Wassenaar in Nederland geskenk.[29]

In dieselfde jaar is tien paar jagluiperds en vyf paar wildehonde deur dieretuine in Europa en Amerika aangevra en aansoeke moes op 'n waglys geplaas word. Diere sou teen $1 000 per paar verskaf word, sodra hulle beskikbaar en ongeveer drie maande oud was.[30]

In 1975 is die Van Dyks elkeen met 'n medalje deur die Nasionale Dieretuin vereer vir die voortreflike diens wat hulle by die navorsingstasie verrig het.[31] Ondertussen het mej. Van Dyk onverpoosd met die bestuur van die De Wildtjagluiperdnavorsing- en teelsentrum voortgegaan en teen 1981 was daar benewens die jagluiperds en wildehonde ook bruinhiënas, kransaasvoëls en die soeniebokkie wat onder haar sorg van uitwissing gered moes word.[32]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

3. Wildteelplaas by Lichtenburg

In Februarie 1970 het die stadsingenieur van Lichtenburg dr. Brand genader om die betrokke stadsraad met advies te bedien oor die uitbreiding van die dorp se wildtuin.[33] Twee jaar later het die stadsingenieur, L. Roode, die Direkteur verwittig dat sy stadsraad belanggestel het in die projek van 'n wildplaas, veral omdat dit ontplooi kon word in "'n unieke toeriste aantreklikheid". Die stuk grond van 2 000 morg (1672 ha) was reeds met 'n stewige heining van 9 vt. (2,74m) hoog toegespan. Aan die noordekant van die terrein was daar nog ten minste 1 000 morg (836 ha) wat bygevoeg kon word. Hierdie terrein het 'n pragtige soetdoringbos ingesluit en ook 500 morg (418 ha) sagte grond waar spesiale grasse aangeplant kon word.

Daar was ook 'n natuurlike vryvloeiende fontein, waaruit die dorp se drinkwater verkry is. Dit het beteken dat bykomende drinkwater vir die wildtuin teen baie lae koste aangebring kon word. Verder was daar natuurlike bome en lae bosse wat geskikte skuiling vir die wild sou bied. Die gemiddelde minimum en maksimum temperature gemeet oor die afgelope vyftien jaar het gewissel tussen 4° en 25°C. Daar was ook reeds verskeie boksoorte, wat aangeteel het in die bestaande wildtuin.[34]

In 'n brief, gedateer 3 Augustus 1972, het die stadsraad van Lichtenburg 'n formele aanbod aan die Dieretuin gemaak ten opsigte van die beskikbaarstelling van die wildreservaat [die omheinde gebied asook die genoemde addisionele 100 morg (67,2 ha)] met die oog op die ontwikkeling van 'n wildreservaat en teelplaas. 'n Huurooreenkoms met 'n termyn van 99 jaar en 11f maande teen 'n nominale huur van 10c per jaar kon met die Staat aangegaan word en die Raad kon onmiddellik van die bestaande wildreservaat besit neem. Indien die aanbod aanvaar word, sou die Dieretuin gebruik kon maak van die waterbronne wat aan hom toegewys is en die stadsraad van Lichtenburg sou te alle tye bereid wees om waar moontlik met die ontwikkeling van die projek behulpsaam te wees.[35] Vervolgens het die Minister van Nasionale Opvoeding in oorleg met die Minister van Finansies goedkeuring verleen dat genoemde stuk grond op sekere voorwaardes met ingang 1 Augustus 1973 deur die Nasionale Dieretuin gehuur kon word.[36] Hierdie besluit is op aanbeveling van die Raad van die Dieretuin geneem wat van mening was dat wild wat vir Laeveldsiektes soos rooiwater vatbaar is, goed by Lichtenburg sou aard. Die terrein is ondersoek en uiters geskik vir die aanhou en teel van uitheemse en inheemse diersoorte bevind.[37]

By die ingang van die reeds bestaande wildreservaat is 'n ablusieblok teen 'n bedrag van R8 000 opgerig. Dit is voorsien van warm en koue water, wasbakke, stortbaddens, baddens en spoellatrines ter beskikking van besoekers. 'n Pragtige ingangshek is deur die stadsraad van Lichtenburg opgerig en laasgenoemde het ook onderneem om die paaie gratis te skraap. Verder is 'n voorafvervaardigde gebou ter waarde van R2 300 gratis vir die gebruik van die Dieretuin as kantoorgeriewe beskikbaar gestel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op 14 Maart 1973 was daar reeds 158 bokke, onder meer elande, swartwildebeeste, gemsbokke, rooihartebeeste en blesbokke asook volstruise in die reservaat, wat net so aan die Nasionale Dieretuin oorhandig sou word.[38]

Sekere tegniese aspekte moes egter eers aandag geniet alvorens die Dieretuin die wildteelplaas kon oorneem. Die Tesourie wou byvoorbeeld weet hoe die beoogde teelplaas ontwikkel en in stand gehou sou word en hoe die Dieretuin beoog het om dit in stand te hou sonder dat enige addisionele staatsfondse in die toekoms vir hierdie doeleindes aangewend sou word.[39] Ook moes die Raad uitvind of die verbod van die Afdeling Veeartsenykundige Velddienste op die oorplasing van inheemse en uitheemse diere uit die Dieretuin na plekke behalwe die erkende dieretuine in die Republiek en Suidwes-Afrika (Namibië) ook hier geld. Verder moes die Raad hom vergewis of inheemse en uitheemse soogdiere en voëls op dié plase wat as takke van die Nasionale Dieretuin beskou is, aangehou en bestuur kon word onder dieselfde voorwaardes as wat vir die Nasionale Dieretuin geld.[40] Die afdeling ter sprake het bevestig dat die wildteelplaas te Lichtenburg wel as 'n tak van die Dieretuin beskou word en dat dieselfde regulasies met betrekking tot die beweging van diere tussen die plaas en die Dieretuin gunstig oorweeg word.[41] Na al hierdie onderhandelings het die Sekretaris van Nasionale Opvoeding dr. Brand in kennis gestel dat kragtens Artikel 4(2) van die Wet op Kulturele Inrigtings 1969 (Wet 29, 1962) aan die Nasionale Dieretuin goedkeuring verleen word om 2 000 morg (672 ha) van die stadsraad van Lichtenburg vanaf 1 Augustus 1973 te huur.[42]

Die volgende poste te Lichtenburg is met ingang 1 Augustus 1973 goedgekeur: een senior wildbewaringsbeampte, een wildbewaringsbeampte, een kassier, twee ambagsmanne en agt swart arbeiders.[43]

Daar is besluit dat die wildteelplaas aanvanklik met so min moontlik publisiteit slegs vir plaaslike besoekers oopgestel sou word, aangesien dié reservaat voorheen vir hulle oopgestel was. Die plan was om die wildteelplaas gedurende die lente amptelik te open en daarna sou 'n bekendstellingsveldtog geloods word en sou 'n spesiale brosjure aan besoekers beskikbaar gestel word.[44]

Op 15 November 1974 het die amptelike opening plaasgevind en die seremonie is deur die Minister van Nasionale Opvoeding, J.P. van der Spuy, waargeneem. Die dag daarna is die reservaat vir die publiek oopgestel.[45] Die doel van die wildteelplaas was om bedreigde en ander spesies te laat aanteel en sodra kuddes weer voldoende aangewas het, sou plaaslike dieretuine en parke van hierdie diere voorsien word. Teen 1975 is daar vir die aankoms van agt witrenosters van Natal af gereed gemaak. Daar was ook 'n vlei waar diere soos die sambarhert van Indië en die lechwe van Botswana reeds gewei het. Ook vier dwergseekoeie het in daardie stadium heerlik in die water rondgeplas en hulle was een van die drie diersoorte wat op die IUCN se rooilys van uiters skaars diere verskyn het, wat te Lichtenburg te sien was. Die ander twee was die rooihartebees en die sabelgemsbok.[46] Ander diere wat hier 'n tuiste gevind het, was die bison, die lama, die Barbaryse skaap,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kubaanse Flaminke, Amerikaanse whoops, swartnekswane van Brasilië, emoes, Indiese swartbokke, moeflon, nylgoi en batgas. Met die diere se aankoms by die reservaat is hulle 'n maand lank in 'n sogenaamde boma in afsondering geplaas waar hulle ontwurm en vir moontlike beserings behandel is en vasgestel is of hulle by die omgewing sou aanpas. Sodra die bewaringsbeamptes en Direkteur oortuig daarvan was dat die diere selfversorgend sou wees, is hulle vrygelaat.[47]

Na slegs twee jaar was die wildteelplaas te Lichtenburg ook oorsee bekend as gevolg van toeriste wat daar besoek afgelê het. Na dr. Brand se besoek aan die VSA in Oktober 1975 het hy teruggerapporteer dat hierdie projek heelwat belangstelling geniet het en dat "dit wil voorkom asof die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika hier in alle waarskynlikheid die voortou geneem het op 'n gebied wat deur die res van die wêreld gevolg gaan word, daar waar dit nog moontlik mag wees." Gedurende 'n besoek aan Suid-Afrika in Januarie 1976 was die direkteur van 'n dieretuin in Brasilië só beïndruk met dit wat hy by Lichtenburg aangetref het, dat hy van voorneme was om die betrokke minister in die Brasiliaanse regering oor 'n soorgelyke projek te spreek.[48]

In Augustus 1976 is nog 3 000 morg (2508 ha) vir die Dieretuin beskikbaar gestel en het Yskor twintig ton omheiningsmateriaal vir die nodige omheining geskenk.[49] Twee jaar later is 'n begin gemaak met die oprigting van 'n jagluiperdteelplaas wat vir die publiek oopgestel sou word. Die rede vir nog so 'n teelplaas was dat die diere by Lichtenburg veral geleer sou word om na hulle self om te sien deur hase en voëls te jag. 'n Kamp van 400 hektaar is vir dié doel ingerig. Dit was egter ook belangrik om nie al die eiers in een mandjie te plaas nie, want sou 'n dodelike siekte De Wildt tref, kon die hele groep jagluiperds daar meteens uitgewis word en sou al die werksaamhede wat daar plaasgevind het, tot niet wees.[50] Die voorstel dat dié jagluiperdkamp as die Frank Brandkamp bekend moet staan, is eenparig deur die Raad van die Dieretuin aanvaar.[51]

Teen 1979/80 is die volgende reeds by die wildteelplaas by Lichtenburg vermag: genoeg groente en lusern is gekweek om in die seekoeitjies en diere in aanhouding se behoeftes te voorsien. Twee netjiese hoenderhokke, wat 2 000 hoenders kon huisves en wat as dierevoer sou dien, is opgerig. Voorts is ongeveer 200 hektaar omgeploeg en permanente grassoorte soos borseltjievinger- en bloubuffelsgras is gesaai. Ongeveer 5 hektaar kweekgras is geplant asook nagenoeg vyfhonderd bome. 'n Windpomp is ook opgerig.

Vir die besoekers se gerief is padtekens volgens 'n kaart aangebring en pale is met beton vasgesit sodat renosters nie die tekens kon omstamp of beskadig nie. Wat die ruskamp betref, is met die toekamp van 'n stukkie beboste gebied begin om as stilhouplek te dien. Toilette en betontafels en -bankies vir die gebruik van besoekers is in die vooruitsig gestel.[52]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



**Figuur 40** Die ingang tot die wildteelplaas by Potgietersrus, opgerig met die hulp van die Tafelronde van Potgietersrus. (Foto: J.H. Oberholster (Oberholsterversameling)).




**Figuur 41** Die bronsplaat by die ingang by die Potgietersrusse Wildteelplaas. (Foto: J.H. Oberholster (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Teen die einde van 1982 is 'n inligtingsbrosjure oor hierdie wildteelplaas en natuurreservaat opgestel.Dit het 'n roetekaart ingesluit en ook inligting bevat oor die diereversameling en die reëls wat vir besoekers gegeld het.[53]

Dat die stadsraad geen moeite ontsien het nie om die Nasionale Dieretuin in hierdie projek by te staan, ly geen twyfel nie. In 1983/84 is materiaal geskenk vir die voltooiing van 36 aanhoukrale en 'n pad, 70 km lank, is in stand gehou.[54]

Die burgemeester, R.J. Hayward, het in 'n brief aan die Direkteur sy opregte dank en waardering uitgespreek vir die bekwame wyse waarop die reservaat bestuur en ontwikkel is en vir die hulp wat te alle tye van die hoofwildbewaarder, Willie Marnewick, ontvang is.[55] In 1984 het die Raad die aansoek van die stadsraad om op eie koste verdere onthaalgeriewe by die wildteelsentrum op te rig, met dank goedgekeur.[56]

Dat so 'n hegte band tussen 'n stadsraad en die Dieretuin van Pretoria op só 'n wyse gesmee kon word, is merkwaardig.

4. Wildteelplaas by Potgietersrus

In dieselfde tyd dat onderhandelings oor die terrein by Lichtenburg aan die gang was, het die LPR vir Groblersdal en Potgietersrus met die stadsraad van Potgietersrus in verbinding getree oor die verkryging van 500 - 600 morg (418 - 501 ha) vir die totstandbrenging van 'n wildteelplaas. Verteenwoordigers van Potgietersrus se stadsraad het op 3 Augustus 1972 in Pretoria die aangeleentheid met die Raad van die Dieretuin bespreek en daar is besluit dat die voorsitter, A.J. Koen, en dr. Brand Potgietersrus in hierdie verband sou besoek.[57]

Omdat die omgewing daar meer bosveldagtig en ook heuwelagtig is en die klimaat warmer as dié van Lichtenburg is, is daar dadelik besef dat die terrein besonder geskik is vir die teel van njalas, waterbokke, sambarherte en die meeste ander anteloopsoorte wat uit ander streke afkomstig is. Ook sou die swartrenoster, kameelperd en reuse-eland hierdie klimaat en plantegroei geskik vind. Daar is gevoel dat hierdie geleentheid deur die Nasionale Dieretuin aangegryp moet word en vertoë in dié verband is tot die Departement van Nasionale Opvoeding gerig.[58]

Die Afdeling Veeartsenykundige Velddienste het, wat hierdie aansoek betref, egter die mening gehuldig dat die algemene klimaatsomstandighede in verhouding tot boerderybedrywighede in die Lichtenburgomgewing minder gevare ingehou het vir so 'n wildteelplaas as in die geval van Potgietersrus. By Potgietersrus moes die wildbevolking en die meer intensiewe beesboerdery aldaar ook in aanmerking geneem word, terwyl bronne van risikofaktore tot die minimum beperk moes word. 'n Wildteelplaas in Noord-Transvaal sou bykomstige risikofaktore meebring en kon nie deur die Departement Landbou-tegniese Dienste gunstig oorweeg word nie, behalwe as die Dieretuin sou onderneem om slegs diersoorte daar te vestig wat 'n minder gevaarlike rol speel in die verspreiding van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

veesiektes soos die Equidae en Carnivora.[59] Op die vergadering van 1 Maart 1973 het die Raad hom by hierdie uitspraak berus en is besluit om die plan vir die verkryging van 'n wildplaas by Potgietersrus voorlopig daar te laat.[60]

In Januarie 1978 het die stadsklerk van Potgietersrus die Direkteur in kennis gestel dat daar steeds 'n stuk grond van ongeveer 487 morg (407,13 ha) vir 'n wildreservaat beskikbaar was.[61] Hierop het samesprekings tussen vyf lede van die stadsraad en die Direkteur en lede van die Raad weer plaasgevind. Die stadsraadslede is ook na die wildteelplaas by Lichtenburg genooi, sodat hulle presies kon sien wat met die stuk grond verrig is.[62] Die sukses wat in Wes-Transvaal behaal is, het die deurslag gegee en op 6 April 1978 het die Raad die aanbod van die stadsraad van Potgietersrus onderhewig aan Departementele goedkeuring, aanvaar.[63] Die Departement van Nasionale Opvoeding het die Direkteur in sy versoek ondersteun en in 'n huurooreenkoms wat later daardie jaar aangegaan is, is besluit dat die huurgeld R1,00 per jaar en die huurtermyn 99 jaar en 11 maande sou wees. Water uit boorgate in die reservaat is gratis vir die gebruik van die Dieretuin beskikbaar gestel en die huurder kon die reservaat na goeddunke ontwikkel, wild teel, verkry, verkoop en verbeterings aan die terrein aanbring.[64]

Kort hierna is daar met die ontbossing, omheining en verdere voorbereiding van die reservaat begin. Personeel is aangestel en daar is naarstiglik gewerk om die ontwikkeling van die projek so vinnig moontlik te laat vorder, sodat dit met wild voorsien en vir besoekers oopgestel kon word.[65]

In September 1979 het die stadsraad van Potgietersrus berig dat die plaaslike Rotariërbeweging reeds R5 845 geskenk het vir die oprigting van 'n gastehuis.[66] Gedurende 1979/80 het die werksaamhede te Potgietersrus bevredigend gevorder en was 'n groot gedeelte van die digte bos reeds uitgedun. Nuwe kampe vir seekoeie, renosters en ander wildsoorte was voltooi en 'n groot dam is in die seekoeikamp aangebring. Die Departement van Nasionale Opvoeding het 'n bedrag van R3 000 bewillig vir 'n boorgat met 'n transformator, 'n aantal perdestalle met sinkdakke, en 'n klubhuis en toiletgeriewe.[67]

Op 23 Oktober 1981 is die reservaat en wildteelsentrum amptelik deur dr. J.T. van Wyk, Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding, geopen.[68] Daar was reeds vier kampe wat renosters, dwergseekoeie en ander diere gehuisves het. Een wildbewaarder, Willie Diedericks, voorheen 'n senior wildbewaarder te Lichtenburg, het hier diens gedoen. Piekniekgeriewe langs die dam was beskikbaar, maar aangesien die hele reservaat maklik in 'n oggend of middag besigtig kon word, is geen oornagakkomodasie voorsien nie.[69] Teen 1982 was dit moontlik om 'n lektorgids vir die groepe besoekende skoliere te voorsien en daar is gevolglik van die dienste van 'n amptenaar van Potgietersrus se munisipaliteit gebruik gemaak.[70] Teen Maart van dieselfde jaar is 94 verskillende boomsoorte in die reservaat uitgeken en volgens die Nasionale Boomlys geïdentifiseer en van nommers voorsien.[71]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1983 het die stadsklerk by die Raad van die Dieretuin aansoek gedoen om 'n onthaallokaal by die reeds bestaande gastehuis op te rig. Dit sou natuurlik tot die gebruik van die Dieretuin beskikbaar gestel word en die voorstel is met dank deur die Dieretuin goedgekeur.[72] Teen Maart 1984 kon die Direkteur rapporteer dat die piekniekterrein gedurende naweke en openbare vakansiedae 'n gewilde ontspanningsoord vir die bewoners van die distrik geword het. Agt hokke met nagkamers is by die ingangskompleks opgerig en klein soogdiere, wat van die Dieretuin oorgeplaas is, is daar gehuisves. 'n Gebou waarin voedsel vir dié diere geberg en voorberei word, is terselfdertyd voltooi. Ses duisend driehonderd bale droë lusern is geoes waarvan 4 100 bale vir wintervoer na Lichtenburg gestuur is. 'n Bykomende 5 ha grond is omgeploeg en vir aanplanting gedurende 1984 voorberei. 'n Groot versameling wildsoorte onder meer bokke, kameelperde, Java-ape, bergkwaggas, heilige bobbejane en voëls kon reeds besigtig word. Selfs die Raadsvergadering van die Dieretuin vir Maart 1983 het op 7 April te Potgietersrus plaasgevind en die stadsraad het reëlings getref vir 'n besondere onthaal.[73] Alles by Potgietersrus was dus in gereedheid gebring en dieselfde welslae wat met die projek by Lichtenburg bereik is, is ook hier in die vooruitsig gestel.

1. *Die Volkstem,* 1950-10-19; *Die Transvaler,* 1950-10-18; *Rand Daily Mail,* 1950-10-17; *Sunday Express,* 1950-10-21.
2. E. Davie, Oor diere en dieretuine (*Suid-Afrikaanse Panorama* 26(1), Jan. 1981, p. 14).
3. M.L. Zuhlsdorff, M.L. van Rooyen, Suid-Afrika se grootste dieretuin (*Die Huisgenoot* 42(2417), 1968-06-26, pp. 30-33); L. Smith, Zoo's vital role in conservation (*Custos* 13(9) p. 30).
4. NDSA: Jaarverslag 1964/65, p. 196.
5. ATM: M en D notules: 1902-03-04, p. 437.
6. Kyk hoofstuk VI, p. 114.
7. K. Pelser, 'n Plekkie in die son (*Publico* 5(3), Sept. 1985, pp. 26-29); M. Zulch, Pretoria Zoo is one of the world's best (*Farmers' Weekly* 113(56), Aug. 1967, p. 56); A.J. Wiggers e.a., *Grote Winkler Prins Encyclopedia VI,* p. 383; NDSA: Folio 147, p. 5: Openingsrede van die Direkteur-generaal by Potgietersrus, 1981-10-23; *Die Oosterlig,* 1975-10-24; *Die Volksblad,* 1975-01-25; *Die Burger* (bylaag), 1975-01-25; NDSA: N Z G Report 1937, p. 1; Jaarverslag 1966/67, p. 7.
8. NDSA: Jaarverslag 1967/68: D.J. Brand, Die rol van dieretuine in natuurbewaring, pp. 7-12; Jaarverslag 1966/67, p. 6; *Die Oosterlig,* 1975-01-24; *Die Volksblad,* 1975-01-25; *Die Burger* (Bylaag), 1975-01-25; NDSA: N Z G Report 1937, p. 1.
9. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 10.
10. NDSA: Folio 47, pp. 8-9: Notule, 1972-07-13; Jaarverslag 1972/73, p. 10.
11. *The Star,* 1953-07-14, *The Pretoria News,* 1953-07-16.
12. NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 7.
13. NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 7; Battle to save the cheetah (*To the Point* 3(51), 1974-12-20, p. 33); *The Star,* 1974-11-05; *The Pretoria News,* 1974-11-04; *South African Panorama* 25(9), Sept. 1980, p. 30); *Die Transvaler,* 1983-06-13; W.A.Hickey, Cheetahs (*South African Panorama* 21(1), Jan. 1976, pp. 28-29); L. Oosthuizen, Die Nasionale Dieretuin behaal groot sukses met die teel van jagluiperds in gevangenskap (*Omgewing/Environment* 19(9), Des. 1977, pp. 1-2). W.A. Hickey, *Cheetahs (South African Panorama* 21(1) Jan. 1976, pp. 28-29).
14. NDSA: Folio 163, p. 112: Verslag m.b.t. Organisasie en Diensstaat Ondersoek.
15. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 15.
    Die voorwaardes is in Jaarverslag 1969/70, p. 16.
16. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 5; Folio 33, p. 6: Notule, 1971-03-04, R8/2/71; Folio 41, p. 6: R11/10/71.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

17. NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 7; Battle to save the cheetah *(To the Point* 3(51), 1974-12-20, p. 33); *The Star,* 1974-11-05; *The Pretoria News,* 1974-11-04; C. Groenewald, Instinct for survival *(South African Panorama* 25(9), Sept. 1980, pp. 46-49); L. Oosthuizen, Die Nasionale Dieretuin behaal groot sukses met die teel van jagluiperds in gevangenskap *(Omgewing/Environment* 19(9), Des. 1977, pp. 1-2); W.A. Hickey, Cheetahs *(Suid-Afrikaanse Panorama* 21(1), Jan. 1976, pp. 28-29); *Die Transvaler,* 1983-06-13.
18. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 5: Folio 74, pp. 16-25: Verslag oor die vrugbaarheid by die mannetjiejagluiperd by De Wildteelplaas van Sept. - Des. 1974.
19. NDSA: Jaarverslag 1972/73, pp. 7-8; Battle to save the cheetah *(To the Point* 3(51), 1974-12-20, p. 33); *The Star,* 1974-11-05; *The Pretoria News,* 1974-11-04; C. Groenewald, Instinct for survival *(South African Panorama* 25(9), Sept. 1980, pp. 46-49).
20. L. Oosthuizen, Die Nasionale Dieretuin behaal groot sukses met die teel van jagluiperds in gevangenskap *(Omgewing/Environment* 19(9), Des. 1977, pp. 1-2); W.A. Hickey, Cheetahs *(South African Panorama* 21(1), Jan. 1976, pp. 28-29); *Hoofstad,* 1975-04-08; *Eastern Province Herald,* 1975-04-08; *Rand Daily Mail,* 1973-04-09; *Die Transvaler,* 1983-06-13; 1975-04-11; NDSA: Plakboek: *To the Point,* 1975-01-18; *Brits Pos,* 1975-05-16; 1975-04-11; 1975-05-02; *SA Digest,* 1975-05-09; *Die Magaliesberger,* 1975-05-02; *Sunday Times,* 1975-06-08; Born in captivity (*Development Magazine* 10(1), May 1975); *Die Huisgenoot,* 1975-06-06.
21. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 37.
    Voor mnr. Van Dyk se afsterwe het hy betaal vir die oprigting van die hospitaal - *SA Digest,* 1977-07-08.
22. NDSA: Folio 94: Brief van A. van Dyk, 1977-03-29.
    Die Nasionale Dieretuin het ook 'n De Wildt-Jagluiperd-navorsingsfonds in die lewe geroep om die terrein verder uit te brei en in 1983 het dr. Raimondo namens die G. Raimondo Charitable Trust 'n tjek van R1 000 aan die Nasionale Dieretuin vir hierdie navorsingsprojek geskenk - NDSA: Folio 149, p. 87: Brief van dr. F.E. Raimondo, 1983-06-11.
23. L. Oosthuizen, Die Nasionale Dieretuin behaal groot sukses met die teel van jagluiperds in gevangenskap *(Omgewing/Environment,* Des. 1977, pp. 1-2); W.A. Hickey, Cheetahs *(Suid-Afrikaanse Panorama* 21(1), Jan. 1976, pp. 28-29); *Die Transvaler,* 1983-06-13.
24. NDSA: Jaarverslag, 1979/80, p. 18.
25. *Rand Daily Mail,* 1981-06-16; *Cape Times,* 1981-06-17; *The Star,* 1981-06-17; *Die Oosterlig,* 1981-06-29; *Beeld,* 1981-06-22; *Die Kourier,* 1981-07-01.
    Op 5 Augustus 1983 is nog drie van hierdie skaars diere gebore - *The Natal Witness,* 1983-08-06.
26. NDSA: Jaarverslag 1980/81, p. 31.
    'n Trust vir bedreigde diersoorte was bereid om die projek oor roofvoëls te finansier - NDSA: Folio 128: Notule, 1980-10-02.
27. K. Pelser, 'n Plekkie in die son (*Publico* 5(3), Sept. 1985, p. 126).
28. *Rand Daily Mail,* 1981-08-20.
    Die voorstel was van mej. Van Dyk afkomstig. Met die geld wat sy met hierdie besoekers sou in, kon sy 'n assistent bekostig en heinings en waterpype voltooi - NDSA: Folio 129: Notule 1980-11-19.
29. NDSA: Folio 148, p. 28: Verslag Afdeling Fauna: Seksie Hoër Gewerweldes, Sept. 1982.
30. NDSA: Folio 145, p. 28: Verslag Afdeling Fauna: Seksie Hoër Gewerweldes, Jun. 1982.
    In 1984 is vier wildehonde aan Kanada teen $3 000 verkoop - NDSA: Folio 162, p. 46: Afdeling Fauna: Seksie Hoër Gewerweldes, Apr. 1984.
    Die Raad het goedgekeur dat twintig van die ouer jagluiperds hoofsaaklik dié wat steriel was, of nie meer geteel het nie, aan mej. Van Dyk te skenk vir die beoogde vertoonkamp vir besoekers - NDSA: Folio 132: Notule, 1981-04-02.
    Die Afdeling Bosbou van die Republiek van Transkei het 'n skenking van vyf jagluiperds vir die Ndulinatuurreservaat aangevra vir duisende skoolkinders om te sien "as part of conservation education, a chance which they will else never have" - NDSA: Folio 157, p. 34: Brief van die Sekretaris van die Dept. Bosbou (Umtata), 1983-10-18.
    Omdat teling met groot onkoste en moeite gepaard gaan, het die Raad besluit dat ou jagluiperds teen R250 elk aan bogenoemde departement verkoop sou word - NDSA: Folio 158, p. 12: R7/9/83, verw. 15/7/1/6.
31. NDSA: Folio 75, p. 5: R/5/4/75, Direkteursverslag, Mrt. 1975; Folio 77, p. 5: R/9/5/75.
32. *Rand Daily Mail,* 1981-08-20; K. Pelser, 'n Plekkie in die son (*Publico* 5(3), Sept. 1985, p. 126).
33. NDSA: Folio 22: Notule, 1970-03-05.
34. NDSA: Folio 48, B(c): Brief van die stadsingenieur van Lichtenburg, 1972-07-14.
35. NDSA: Folio 49, p. 9: Brief van die stadsklerk van Lichtenburg, 1972-08-03; Jaarverslag 1973/74, p. 6.
36. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 6.
37. NDSA: Folio 50, p. 8: Brief van die voorsitter van die Raad, A.J. Koen, aan die Sekretaris van Nas. Opv., 1972-09-15.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

38. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 6.
39. NDSA: Folio 53, p. 1: Brief van die Sekretaris van die Tesourie aan die Sekretaris van Nas. Opv., 1973-01-05.
40. NDSA: Folio 50, p. 9: Brief van die Voorsitter van die Raad aan die Hoof, Afdeling Veeartsenykundige Velddienste, 1972-09-15.
41. NDSA: Folio 54, p. 15: Brief van die Direkteur van Veeartsenydienste, Dept. Landbou-Tegniese Dienste, 1973-03-19.
42. NDSA: Folio 58, p. 7: Brief van die Staatsprokureur, 1973-07-13; Folio 58, 6: Notule, 1973-07-05; R/11/6/73; Folio 59, p. 5: Goedkeuring van konsepkontrak, 1973-08-02, R3/7/73.
43. NDSA: Folio 60, p. 2: Notule, 1973-09-06; Folio 61, p. 6: Notule, 1973-10-04, R11/9/73 (iii).
44. NDSA: Folio 63, p. 7: Notule 1974-02-07, R14/1.74.
45. NDSA: Folio 70, p. 4: Notule, 1974-09-05, R/3/8/74; Folio 71, p. 2: Notule, 1974-10-30; Jaarverslag 1974/75, p. 11.
46. K. Mori, Save the spesies (*South African Panorama* 26(7), July 1981, p. 5); *Cape Argus,* 1979-10-06; *SA Digest,* 1975-06-06; *Sunday Times* (Colour Magazine and TV-times), 1975-01-12; *The Star,* 1974-11-16; *Hoofstad,* 1974-11-09; Life on 'survival farm' (*To the Point* 3(45), 1974-11-08, p. 42); *Die Noordwester,* 1974-11-01; *Rapport,* 1974-11-10.
47. J. Mills, Noah's ark in the platteland (*Personality,* 1975-11-14, pp. 58-61).
48. NDSA: Jaarverslag 1975/76, p. 6.
49. NDSA: Folio 89: Notule, 1976-08-05.
50. *The Pretoria News,* 1978-03-14; 1977-06-28; *The Mineworker,* 1977-08-03.
51. NDSA: Folio 108: Notule, 1978-08-15; Folio 107: Notule 1978-06-28.
52. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 46 - In hierdie verslag is ook vermeld dat 160 diere in dié tydperk daar gebore is en 36 voëls uitgebroei het.
53. NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 50; Folio 160, p. 9: R25/1/84, verw. 13/5/1.
54. NDSA: Jaarverslag 1983.84, p. 38.
55. NDSA: Folio 158, p. 69: Brief van mnr. R.J. Hayward, 1983-12-06.
56. NDSA: Folio 159, p. 12: R10/1/84, verw. 12/14.
    Teen 1983/84 het die getal besoekers aan Lichtenburg soos volg daar uitgesien:
    Aantal voertuie: 3 279 - inkomste R5 510.
    Aantal addisionele passasiers 2 051 - inkomste R484,40.
    Die toegangsfooi was R1 per voertuig met 'n maksimum van vyf insittendes en 50c vir elke addisionele passasier - NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 10.
    In samewerking met die Suiwelraad het die Dieretuin 'n suiwelkamp vir minder bevoorregte kinders by die wildteelplaas te Lichtenburg aangebied - NDSA: Folio 158: Brief van die Hoofskakelbeampte van die Suiwelraad, 1983-11-29.
    Daar was teen 1983 ook sprake van die beplanning vir fasiliteite vir 'n jeugterrein - NDSA: Folio 153: Notule, 1983-07-07.
57. NDSA: Folio 49, p. 5: Notule, 1972-08-03; R3/6/72(iii).
58. NDSA: Folio 147, pp. 507; Jaarverslag 1981/82, p. 5; *The Star,* 1981-10-29; *Die Transvaler,* 1983-08-03; NDSA: Folio 50 (notules), p. 8: Brief van die Voorsitter van die Raad aan die Sekretaris van Nas. Opv., 1972-19-15.
59. NDSA: Folio 50, p. 9: Brief van die Hoof: Afdeling Veeartsenykundige Velddienste, 1973-02-08.
60. NDSA: Folio 55, p. 4: R8/21/73.
    Die stadsklerk van Potgietersrus het nog 'n keer probeer om die Raad te oorreed om die aanbod te aanvaar en het aangevoer dat die betrokke gebied relatief afgesonder was en nie direk aan enige beesarea gegrens het nie - NDSA: Folio 57, p. 21: Brief van die Potgietersrusse stadsklerk, 1973-06-11.
61. NDSA: Folio 101: Brief van die Potgietersrusse stadsklerk, 1979-10-24.
62. NDSA: Folio 103: Notule, 1978-03-02.
63. NDSA: Folio 109: Huurooreenkoms in notule, 1978-09-07.
65. NDSA: Folio 147, pp. 5-7: Jaarverslag 1981/82.
66. NDSA: Folio 119: Brief van C.J. B. Matteus, stadsklerk, 1979-09-28.
67. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 16.
68. NDSA: Folio 147, pp. 5-7: Jaarverslag 1981/82.
69. *The Star,* 1981-10-29; 1981-11-20; *Die Transvaler,* 1983-08-30; NDSA: Folio 147, p. 18: Jaarverslag 1981/82; Folio 136: Notule, 1981-08-06; Folio 137: Notule, 1981-09-05.
70. NDSA: Folio 147, p. 9: Jaarverslag 1981/82.
71. NDSA: Folio 147, p. 34: Jaarverslag 1981/82.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

72. NDSA: Folio 158, p. 34: Brief van die Potgietersrusse stadsklerk, 1983-08-30; Folio 157, p. 6: Notule, 1983-10-06, R/8/8/83, verw. 12/18; Folio 160, p. 85: Brief van die Direkteur-generaal van Gemeenskapsontwikkeling aan die Direkteur-generaal Nas. Opv., 1984-03-19.

73. NDSA: Jaarverslag 1983/84, pp. 39-41.
Teen Augustus 1983 was die totale inkomste van Potgietersrus R1 477,10 wat R151,50 aan die verkope van hout vir piekniekdoeleindes ingesluit het - NDSA: Folio 156, p. 31: Verslag, Aug. 1983.
Wat verdere verbeterings betref, het die Raad verbouings van 'n perdryklub wat eers die grond by die stadsraad gehuur het, oorgeneem - NDSA: Folio 122: Notule, 1980-01-06.
Die bereidwilligheid van ander instansies om dié projek te laat slaag, is noemenswaardig.
Die stadsraad het 'n wildtuinfonds aan die Dieretuin oorhandig - NDSA: Folio 159, p. 12: R9/1/84, verw. 12/18.
Die Tafelronde van Potgietersrus het hom bereid verklaar om te help met die oprigting van 'n ingangshek - NDSA: Folio 132, 1981-04-24.
'n Afdak vir vragmotors is deur die stadsraad geskenk - NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 39.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VIII. OPVOEDKUNDIGE EN SKAKELDIENSTE VAN DIE NASIONALE DIERETUIN

## Werksaamhede van die opvoedkundige en skakeldienste

Een van die groot behoeftes waarin 'n moderne dieretuin moet voorsien, is die vraag na voorligting en inligting oor die dierelewe. Die werksaamhede van 'n opvoedkundige en skakelafdeling in so 'n instansie behels gewoonlik die volgende: die formele onderrig aan skoliere en studente, informele lesings aan volwassenes, asook spesiale studiekursusse na ure en gedurende skoolvakansies. Gepaard hiermee gaan die opstel van lesings met inagneming van die leerplanne, waar daar van skoolgroepe sprake is, asook die voorbereiding en vervaardiging van hulpmiddels vir gebruik tydens lesings. Verder moet voorsiening gemaak word vir die vervaardiging van inligtingsborde wat op strategiese plekke in die dieretuin geplaas word. Die skryf van artikels vir publikasie, met gepaardgaande foto's en illustrasies, radiopraatjies en pers- en radioberigte is die verantwoordelikheid van die personeel wat in hierdie afdeling werksaam is. Voorts moet skriftelike en mondelinge navrae beantwoord word en 'n biblioteekdiens gelewer en algemene skakelwerk verrig word. Laastens moet die opvoedkundige en skakeldienste 'n aktiewe bydrae lewer om by alle besoekers 'n groter bewustheid te skep vir die noodsaaklikheid van natuurbewaring en hulle tot aktiewe optrede te motiveer.[1]

Dat die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika daarin geslaag het om aan hierdie doelstellings uitvoering te gee, sal duidelik uit die volgende blyk.

## 1. Totstandkoming van 'n opvoedkundige diens by die Nasionale Dieretuin

Gesien in die lig van die opvoedkundige funksie wat die Nasionale Dieretuin sedert sy ontstaansjare verrig het, is dit nie vreemd nie dat dié instansie vir die grootste gedeelte van sy bestaan onder die Departement van Onderwys geressorteer het.[2] Dat die publiek bereid was om vir die besigtiging van die diereversameling op die Markplein te betaal, het waarskynlik nie net uit blote nuuskierigheid gespruit nie, maar het op 'n hunkering om meer van die diere te wete te kom, gedui.[3]

Reeds op 3 Desember 1901 is daar tydens 'n Bestuurskomiteevergadering besluit dat leerlinge van 'n staatskool, vergesel deur 'n leerkrag, gratis toegang tot die Dieretuin sou geniet.[4] In Maart 1902 het dr. Gunning in sy maandverslag gerapporteer dat 446 leerlinge van staatskole daardie maand die Dieretuin op Rus in Urbe besoek het.[5]

In 1903 het die Komitee die voorstel van inspekteur Cook van die Onderwysdepartement om pryse uit te loof aan die leerlinge wat die beste opstelle oor natuurstudie geskryf het, met groot entoesiasme aanvaar. Die doel van hierdie kompetisie was om belangstelling by kinders in die natuur aan te moedig. Cook het in sy skrywe aan die Bestuurskomitee ook onderneem om besoeke van skoolgroepe aan die Dieretuin op groot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skaal te reël en aan te moedig.[6] Hierdie skoolgroepe het die Dieretuin egter sonder vooraf opgestelde opvoedkundige doelstellings besoek; dit was vir die onderwyser en die leerlinge eintlik net 'n aangename uitstappie wat as afwisseling van die klasroetine moes dien.

In 1928 het dr. Bigalke met aanvoorwerk begin om samewerking tussen die Transvaalse Onderwysdepartement en die Dieretuin te bewerkstellig.[7] In 'n artikel "Zoological Gardens in the service of education" in *Park and Recreations* (1934) het Bigalke besoekers aan dieretuine in die volgende vier groepe verdeel: (i) Diegene wat dieretuine uit nuuskierigheid besoek en veral belangstel in dié diere wat hul nuuskierigheid geprikkel het, meestal gevaarlike roofdiere. Dié mense het weinig belangstelling in die dier as deel van die natuur; hulle is alleen gaande oor dit wat sensasioneel is. (ii) Tweedens is daar diegene wat slegs vir hul plesier na 'n dieretuin gaan waar hulle met vriende of familie in die mooi omgewing kan ontspan. Dr. Bigalke was van mening dat die meeste mense wat dieretuine besoek, tot hierdie groep behoort. (iii) Die volgende groep besoek die dieretuin vir die estetiese genot wat hulle daaruit put om die mooi kleure, vorms en sierlike bewegings van die diere waar te neem. Nie 'n groot aantal mense behoort tot dié groep nie. (iv) Die vierde groep bestaan uit dié wat gretig is om hul kennis van diere uit te brei. Hulle benader die diere vanuit die oogpunt van 'n wetenskaplike of 'n kunstenaar. Dié groep is die kleinste, maar hierdie besoekers bestee die meeste en langste tyd in die dieretuin.

Dr. Bigalke se oogmerk was om die aantal besoekers van laasgenoemde groep te vergroot en om deur middel van opvoedkundige programme belangstelling vir die bewaring van die fauna vir die nageslag by veral jongmense te wek. Ook wou die Dieretuin prakties tot hulp vir opvoedkundige instansies wees, met byvoorbeeld die onderrig van die vak Biologie. Deur 'n so volledig moontlike diereversameling te vertoon, sou dit die studente die geleentheid bied om eerstehandse kennis op te doen van die groot verskeidenheid van vorm en struktuur in die diereryk. Hier kan die gewoontes, gedrag en instinkte van die lewende diere bestudeer word, wat nie met die opgestopte eksemplare in museums moontlik is nie. In 'n dieretuin kan leerlinge onder leiding van die onderwyser, aangemoedig word om eie waarnemings te maak. Materiaal vir die bestudering van onder meer die morfologie, taksonomie, embriologie, fisiologie, die psigologie en die voortplanting en siektes by diere is alles in die Dieretuin beskikbaar.[8]

Op 30 Oktober 1963 het die Direkteur die volgende skrywe aan die Sekretaris van Binnelandse Sake gerig: "My Committee is particularly anxious to extend the educational activities of the National Zoological Gardens and is convinced that much good work can be done, particularly since the existing facilities for instruction in natural history are very inadequate throughout the Union. If my Committee is enabled to carry out its plans, the extensive collection of this institution will place it in a unique position to collaborate with local educational institutions, and there is no doubt that the latter will avail themselves to the fullest extent of the facilities that can be offered."[9]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ofskoon verskeie voorstelle aan die Transvaalse Onderwysdepartement gemaak is, was dit eers nadat 'n afvaardiging van die Dieretuin 'n onderhoud met die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad van Transvaal gehad het dat die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement ingestem het tot die aanstelling van 'n lektorgids.[10] Hierdie lektorgids sou na die Dieretuin gesekondeer word, maar in diens van die TOD wees. Op 30 Julie 1940 is dr. T.G. Nel, wat aan die Eendrachtskool verbonde sou wees, as die eerste lektorgids aangestel.[11]

Die keuse van dr. Nel is algemeen aangeprys, aangesien hy in alle opsigte vir die pos geskik was. Hy was 'n gekwalifiseerde onderwyser wat na twee jaar aan die Universiteit van Heidelberg, in Duitsland sy doktorsgraad in Dierkunde behaal het. Oorsee het hy juis verskeie dieretuine in verband met sy navorsingswerk besoek.[12] Hierdie aanstelling is as een van die belangrikste stappe ten opsigte van die opvoedkundige aktiwiteite sedert die totstandkoming van die Dieretuin beskou en was die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Buiten die dieretuin in Toledo in die VSA was die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika die enigste ter wêreld wat in daardie tyd oor die dienste van 'n voltydse lektor beskik het.[13]

Met die instel van hierdie lektorspos het die TOD aangekondig dat besoeke van leerlinge met die oog op lesse vir sts. V, VI en VII bedoel was. Om doeltreffende onderrig te verseker, moes die groepe uit nie meer as veertig leerlinge bestaan nie. Aansoeke om 'n besoek aan die Dieretuin moes ten minste veertien dae voor die beplande uitstappie aan die lektorgids voorgelê word. Die datum, tyd en duur van die besoek moes vermeld word en ook die aantal leerlinge en die standerds wat van die dienste van die lektorgids gebruik wou maak. Indien 'n bepaalde les verlang word, moes dit ook vermeld word en die besonderhede moes die aansoek vergesel.[14] Die hoofsaak was dat die lektorgids die leerlinge se belangstelling in die dierelewe sou prikkel.

Klasse het daagliks by die Dieretuin opgedaag om onderrig oor een of ander dier of voëlsoort te ontvang. Wat die jonger kinders betref, is daar nie te veel feite aan hulle verstrek nie, sodat hulle nie verwar sou word nie. Vir die hoër standerds is die praktiese les by die hokke en kampe deur 'n teoretiese les voorafgegaan waartydens leerlinge getikte aantekeninge, wat as handleiding moes dien, ontvang het. Tydens elke les is geleentheid gegee om aantekeninge te maak. Verder het die lektorgids skole bygestaan met hulle pogings om hul eie versamelings van byvoorbeeld vere, naels, en dies meer op te bou. Hy het ook gereeld deeglik voorbereide biologievrae en -aantekeninge aan hoërskole gestuur.[15]

Teen die einde van 1940 was die aanvraag vir die dienste van die lektorgids so groot dat die tegniese assistent hom somtyds moes bystaan om aan die versoeke te voldoen. Tydens die eerste ses maande van hierdie nuwe projek is 86 lesings wat deur 3 540 leerlinge bygewoon is, aangebied. Buiten die praktiese onderrig het daar ook nog twee uitgawes van 'n tydskrif genaamd *Our Animal Magazine/Ons eie Diereskoolblad* verskyn. Hierdie blaadjie het interessante artikels oor diere en voëls bevat. Om kinders self te laat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




**Figuur 42** 'n Bord met die name van persone wat diere in die Dieretuin aangeneem het.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meedoen, is wedstryde gereël en pryse uitgeloof vir die beste dieretekeninge wat ingestuur is. Die doel met hierdie tydskrif was om op hierdie wyse in noue kontak met die skole te bly.[16] Op inisiatief van dr. Nel is daar met die projek (wat vandag weer in volle swang is) om diere deur die publiek te laat aanneem (fig.42) begin en die Laerskool Capitalpark was die eerste in Suid-Afrika om pleegouerskap van 'n ses maande oue Suid-Amerikaanse bergleeu te aanvaar. Tydens 'n konsert by die skool het drs. Bigalke en Nel die leeutjie amptelik oorhandig en 'n plaatjie met die naam van die skool en van die dier, Umpa, het langs sy hok gepryk. Voortaan sou die skool geld vir die voedsel van die pleegkind voorsien. Hierna het ander instansies hulle ook bereid verklaar om hierdie voorbeeld te volg. Met dié projek het kinders nog meer by die Dieretuin betrokke geraak en hulle as vriende en beskermers van die diere begin beskou.[17]

Honderde skoliere van die platteland het die Dieretuin gereeld besoek en dit was dan ook die taak van die lektorgids om dié leerlinge wat van ver af gekom het en in die stad moes oornag, van slaapplek te voorsien en om addisionele besigtigingstoere vir hulle te reël. Benewens al hierdie pligte het hy met die hulp van ervare onderwyshoofde pamflette opgestel wat op die leergange vir Biologie vir hoërskole en Natuurstudie vir laerskole gebaseer was.[18] Aan die einde van 1941 het dr. Nel sowat veertig skole besoek en is drie omsendbriewe, wat 'n verskeidenheid van biologietemas gedek het, aan ongeveer dertig plattelandse skole gestuur.[19]

Dat die aanstelling van 'n lektorgids vrugte afgewerp het, ly geen twyfel nie. Die TOD het besluit om die opvoedkundige diens van die Nasionale Dieretuin finansieel te steun en opvoedkundiges aan die Rand het na aanleiding van hierdie sukses 'n versoek gerig dat die Johannesburgse dieretuin 'n soortgelyke diens moet lewer.[20]

Die eerste lesing aan 'n groep Hoër Onderwysdiplomastudente van die Universiteit van Pretoria is op 13 Junie 1941 deur dr. Nel aangebied. Hierdie opvoedkundige diens het nie net plaaslike en provinsiale belangstelling gewek nie, maar ook waardering in die buiteland geniet. Arthur Greenhall van New York, wat in 1941 onder die vaandel van die Universiteit van Columbia met 'n uitvoerige opname oor die opvoedkundige aktiwiteite van diereparke besig was, het die Nasionale Dieretuin meegedeel dat soortgelyke instansies in die VSA nog nie eers 'n fraksie van hul opvoedkundige potensiaal aangewend het nie. Sover sy kennis gestrek het, was die Dieretuin in Pretoria die eerste om oor 'n opgeleide onderwyser te beskik om skoolkinders te onderrig.[21]

Op 19 Januarie 1943 is die eerste swart lektorgids deur die TOD aangestel en teen die einde van daardie jaar het 281 skoolgroepe wat uit 6 420 leerlinge bestaan het, van sy dienste gebruik gemaak.[22] 'n Groot aantal van dié skoliere was van die platteland afkomstig en van plekke soos Belfast, Rustenburg, Marico en die Witwatersrandomgewing. Behalwe die lesings, was dit ook deel van die pligte van die nie-blanke lektorgids om besoekende skole met raad aangaande vervoer na die Dieretuin te bedien, hulle op die stasie te ontmoet, deur die stad te begelei en 'n besoekprogram te reël.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op hierdie tydstip het akkommodasie 'n probleem geword en het die Raad by die TOD aansoek gedoen om toestemming en hulp met die verkryging van 'n saal vir nie-blankes sodat besoekende skole wat gesukkel het met huisvesting daar kon oornag en dat nie-blankeleerlinge tydens reënweer 'n heenkome sou vind. Verder kon 'n deel van so 'n saal vir 'n museum met opvoedkundige uitstallings afgesonder word. So 'n saal sou ook vir lesings vir volwassenes gebruik kon word en die vervoer- en verblyfprobleem van die swart lektorgids sou opgelos word, aangesien hy dan daar sou kon inwoon. Terselfdertyd is die TOD daarop voorberei dat die Johannesburgse dieretuin ook op die dienste van 'n nie-blanke lektorgids sou aandring en die Raad van die Nasionale Dieretuin het voorgestel dat indien so 'n aanstelling wel gedoen word, die persoon sy opleiding in Pretoria moet ontvang, sodat koördinering van dié soort dienste moontlik sou wees.[23]

Teen 1945 was die groepe wat die Dieretuin besoek het en op dr. Nel se dienste aangedring het, só groot dat dit nie meer vir een persoon moontlik was om vir almal les te gee nie.[24] Wat die nie-blankes betref, is daar wel in 1946 'n tweede lektorgids aangestel.[25]

Met ingang 1 Januarie 1954 is ingrypende veranderings in die lektorgidsdiens aangekondig. Die TOD was van voorneme om 'n opvoedkundige skoolreisdiens met 'n sentrale kantoor in te stel. Die doel hiermee was "om die nodige voorligting te verskaf en om reëlings te tref vir georganiseerde groepe leerlinge uit skole onder die beheer van die TOD in verband met (a) besoeke aan besienswaardige plekke en (b) opvoedkundige reise en uitstappies".[26] Op 31 Desember 1953 is die pos van blanke lektorgids by die Dieretuin afgeskaf. Die organiseerder van die Skoolreisdiens het voortaan die lesse aan die blanke kinders in die Dieretuin waargeneem en so is gepoog om die funksies van die lektorgids oor te neem. Die Direkteur van die Nasionale Dieretuin was egter nie baie tevrede met dié nuwe reëling nie "omdat die organiseerder nie genoeg tyd vir dié werk afstaan nie". Dr. Bigalke was van mening dat die TOD weer 'n blanke lektorgids aan die Dieretuin moet toewys indien daar enigsins sprake van doeltreffende onderrig kon wees.[27]


Met hierdie nuwe bedeling het klasse vir blanke skoliere feitlik tot stilstand gekom en eers met die aanstelling van 'n assistent-organiseerder in 1956 is daar op 'n meer gereelde basis met die opvoedkundige diens, wat die Dieretuin so graag aan skole wou lewer, voortgegaan.[28] Hierdie nuwe reëlings rakende die opvoedkundige werksaamhede het egter nie beteken dat besoeke aan die Dieretuin verminder het nie. Skoolgroepe het steeds na dié instansie bly stroom en van April tot Desember 1964 het 39 711 leerlinge, vergesel van hul onderwysers, die Dieretuin besoek waarvan 13 869 blanke en 25 842 nie-blanke skoliere was.[29]

Volgens die jaarverslag 1965/66 is die werksaamhede van die opvoedkundige afdeling soos wat dit vóór 1954 was, weer ingestel. Die Afdeling Opvoedkundige en Skakeldienste het tot stand gekom met die voormalige skakelbeampte, L.J. (Laurie) Smith,[30] as senior vakkundige beampte. Dit het beteken dat die Dieretuin nie meer op die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 43** 'n Voorbeeld van 'n naambordontwerp deur die kunstenaars van die Dieretuin.
(Foto: W.J. de Pauw (Oberholsterversameling)).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TOD vir die onderrig van skoolgroepe aangewys was nie. Slegs die besoek-, reis- en verblyfreëlings sou deur die Skoolreisdiens getref word. Daar is met mag en mening ingeklim om hierdie belangrike diens, wat so lank afgeskeep was, weer tot sy reg te laat kom. Omdat daar besef is dat soveel menslike sintuie moontlik by die leerproses betrokke moet wees om doeltreffende onderwys te bewerkstellig, veral by die toevallige leerproses (wat so dikwels die geval is by dié besoeker wat die Dieretuin bloot vir ontspanning besoek), is nuwe naamborde (fig.43) deur die Dieretuin se kunstenaars ontwerp. Omdat daar dikwels meer as een dier- of voëlsoort in 'n kamp of hok aangehou is, het daar nou saam met die naam van die dier ook 'n illustrasie op die bord verskyn. 'n Kaart om die habitat en verspreiding in die natuur aan te toon, is ook op die identifikasieborde aangebring. Verder is ook borde met meer algemene inligting op strategiese plekke in die Dieretuin aangebring.

Die entoesiasme waarmee die senior vakkundige beampte sy taak aangepak het, blyk uit die feit dat hy elke geleentheid aangegryp het om die opvoedkundige werksaamhede in die Dieretuin te bevorder. So is drie verskillende uitstallings in gereedheid gebring en tydens die Republiekfeesviering in 1966 deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jan de Klerk, geopen.[31]

Daar is gou tot die besef gekom dat addisionele vakkundige personeel aangestel moet word, indien die Dieretuin sy opvoedkundige moontlikhede ten volle wou ontwikkel. Die behoefte aan lesingsale vir blank en nie-blank is weer eens aangevoer. Dit was 'n leemte wat dringend aandag geverg het.[32]

Teen die einde van die boekjaar 1967/68 is gerapporteer dat die reaksie van die onderwysers wat die Dieretuin saam met die leerlinge besoek het, besonder gunstig was; veral die opvoedkundige hulpmiddels wat tydens die lesse gebruik is, het besonder byval gevind. Daar was selfs versoeke dat van dié media aan skole beskikbaar gestel moet word. Die lesings wat aangebied is, was op die voorgeskrewe leergange van die TOD gebaseer, veral omdat die Afdeling Opvoedkundige Dienste dit ten doel gehad het om as aanvullend by die skoolonderrig in Biologie te dien. 'n Hersiening van die leergange het meegebring dat al hoe meer aandag aan natuurbewaring bestee is. Die lesse vir laerskoolkinders was dan juis daarop gemik om meer voorligting in hierdie verband te gee. Die aanbiedings vir laer- sowel as hoërskole het baie gewissel, omdat die onderwerpkeuse nie beperk was nie. Lesse aan hoërskoolgroepe het egter hoofsaaklik gehandel oor die basiese beginsels van die ekologie, die klassifikasie in die diereryk en oor een of ander spesifieke soogdiersoort wat meer intensief in die skool bestudeer word. 'n Les aan 'n hoërskoolgroep het ten minste twee uur lank geduur.[33] 'n Kort opsomming van die inhoud van die lesse wat deur die Dieretuin aangebied is, het daar soos volg uitgesien:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(i) **Graad I en II**: Inleiding tot die diereryk met die klem op die verskeidenheid en habitat.

(ii) **Standerd I en II**: Soogdiere en voëls - basiese prinsipes en die hoofverskille tussen soogdiere en voëls en ook 'n inleiding tot die basiese klassifikasie. Die gewoontes van diere en hulle belangrikheid vir die mens. Inleiding tot natuurbewaring.

(iii) **Standerd III**: Reptiele - basiese morfologie, gewoontes en bewaring van natuurlike hulpbronne.

(iv) **Standerd IV**: Visse: morfologie en ekologie: Natuurbewaring in die algemeen met die klem op natuurlike hulpbronne en parke vir die beskerming van diere en die natuur.

(v) **Standerd V**: Amfibieë: morfologie en ekologie - die belangrikheid van voedsel en die verskil in habitat en omgewingstoestande vir die wilde diere.

(vi) **Standerd VI-VIII**: Ekologie: Die beginsels daarvan. Aanpassing, oorlewing en die gewoontes van diere en plantkunde word vir 'n periode van drie jaar bestudeer.

(vii) **Standerd IX-X**: 'n Meer intensiewe biologiese studie van die vertebrate, invertebrate en die ekologie in besonderhede. Daar is van skoliere vereis om projekte oor verskeie diere- en plantspesies uit te werk.

Tydens die lesse wat in die Dieretuin aangebied is, is die leerlinge op sekere aspekte van die diere gewys en hulle moes daarna vraelyste in dié verband beantwoord.[34]

In die praktyk was dit egter nie so maklik om al hierdie lesse aan te bied nie. Slegs sestig persent van die besoekende skoliere het werklik onderrig ontvang. Van die totaal van 12 393 leerlinge wat in 1967/68 die Dieretuin besoek het, is slegs 7 827 deur 'n vakkundige beampte begelei. Die groepe was te groot en het gewissel van 50 tot 110 leerlinge per groep. Vervoerkoste het tot hierdie probleem bygedra, want ten einde die busse ten volle te benut, is soveel kinders moontlik op die uitstappies geneem. Die klasse van elke standerd in die skool was ook relatief groot wat noodwendig meegebring het dat die onderrig in die Dieretuin op 'n groepbasis moes geskied. Die aangewese getal leerlinge om die onderrig so doeltreffend moontlik te maak, is ongeveer 35.[35] Weens die omvang van die werksaamhede van die lektorgids, is meestal geen lesse aan die gradekinders en die standerd I-leerlinge gegee nie. In hierdie geval, asook wat kleuterskoolkinders betref, is onderrig deur hul eie onderwysers gegee.[36] As gevolg van hierdie probleme was dit noodsaaklik dat die personeel in hierdie afdeling uitgebrei moes word. Al hoe meer opleidingskolleges en universiteite het die Dieretuin besoek om wetenskaplik gefundeerde kennis op te doen. Dat die biologiedosente van die Pretoriase Onderwyskollege hulle studente vir praktiese onderrig na die Nasionale Dieretuin gebring het, was belangrik. So sou die toekomstige biologie-onderwyser leer om sy leerlinge vir doelgerigte besoeke wat op die leerplan toegespits was, na die Dieretuin te bring. Naas hierdie kollege het die volgende tersiêre inrigtings teen 1982 almal studente vir verdere onderrig na dié instansie gebring: Die Universiteit van Pretoria (Departemente Dierkunde, Veeartsenykunde, Opvoedkunde, Biologie-, Kleuteronderwys, Landbou en Fisioterapie); die Universiteit van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Witwatersrand, Johannesburg (Departement Dierkunde en die Mediese Skool); die Universiteit van die Noorde (Departement Dierkunde); die Randse Afrikaanse Universiteit; die Potchefstroomse Universiteit vir CHO; die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys (Departemente Natuurbewaring, Tuinbou en die Beeldende Kunste); die Pretoria College of Education; die Goudstadse Onderwyskollege; die Johannesburg College of Education; die Bophuthatswana Teachers Training College; die Kollege vir Indiensopleidng (Mamelodi); die Potchefstroomse Onderwyskollege; die Hebron-Onderwyskollege; die In Service Training College (Soweto); die Indiër Opleidingskollege (Laudium) en die Pretoriase Technikon. In Januarie 1973 is daar selfs 'n lesingtoer vir 32 veeartsenykundestudente uit België aangebied.[37]

Die besoeke van die uitsoekleerlinge wat die jaarlikse wetenskapweek in Pretoria bygewoon het, was telkens 'n hoogtepunt in die Dieretuin. Gewoonlik het hierdie besoek meer as drie uur lank geduur en was dit spesifiek daarop ingestel om by die leerlinge 'n nuwe belangstelling in biologienavorsing te wek.[38]

Wat die opvoedkundige program vir die swart skoliere betref, is dit op dieselfde grondslag as die vir blankes aangebied en die gewildheid van hierdie diens is duidelik weerspieël in die toenemende getal skole wat die Dieretuin besoek het. Sedert die totstandkoming van dié diens tot met 1968 het daar nie minder nie as 'n half miljoen leerlinge hulle vir onderrig aangemeld.[39]

Waardering vir die werk wat deur die Afdeling Opvoedkundige Dienste verrig is, het nie uitgebly nie. Die hoof van 'n Indiërhoërskool in Johannesburg het die volgende opgemerk: "Perhaps for the first time 'conservation' means something to the scholars". Dr. J.J. Theron van die Universiteit van Pretoria het gesê: "'n Mens kan nie anders as om die Dieretuin nou te beskou as 'n bron van hoë opvoedkundige waarde nie. Die opvallende naamborde, die effektiewe uitstalmetodes, die patroon van klassifikasie, die aanloklike en uiters kunstige illustrasies van diere, veral die wat in gevaar staan om uitgeroei te word, die indrukwekkende voorstelling van veldbeheer en so baie ander dinge."[40]

Die voltooiing van die nuwe hoofingang met die meegaande opvoedkundige kompleks teen die einde van 1980 was 'n droom wat vir die Opvoedkundige Afdeling bewaarheid geword het. Hierdie gebouekompleks, wat uit 'n lesingsaal, biblioteek en kantore bestaan, het dit moontlik gemaak om die opvoedkundige program heeltemal te reorganiseer. Nou kon hoër- en laerskoolleerlinge van vraelyste voorsien word en kon lesse van 'n hoë standaard, toegelig met die nodige film- of skuifiereekse, aangebied word. Die lesse het nou vier uur lank geduur.[41] In April 1984 is daar nie minder nie as 33 lesse aan 2 956 blanke leerlinge en 38 lesse aan 9 264 swart leerlinge aangebied en aan die einde van die 1983/84-boekjaar is nie minder nie as 1 285 lesings aan 154 953 skoliere oorgedra. Brosjures vir onderwysers wat 'n opsomming van die voorligtingsprogram bevat het, asook wenke vir opvolgwerk in die klaskamer is saamgestel.[42]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die diensstaat 1982/83 is daar vir die Afdeling Opvoedkundige en Skakeldienste vir die volgende poste voorsiening gemaak: een pos vir 'n hoofvakkundige beampte; twee poste vir vakkundige/senior vakkundige beamptes, drie poste vir tegniese beamptes, een pos vir 'n skoonmaker, en drie poste vir swart lektorgidse, gesekondeer deur die Departement van Onderwys en Opleiding.[43]

2. **Buiteskoolse kursusse**

a) Kursusse vir die jeug

Behalwe vir leerlinge wat gedurende die skooltermyn, vergesel van hulle onderwysers, die Dieretuin op opvoedkundige uitstappies besoek het, het die Nasionale Dieretuin ook lesings tydens vakansies vir jeuggroepe aangebied. In Desember 1943 het nie minder nie as 600 kinders, wat die Landbouklubkamp bygewoon het, lesings in die Dieretuin bygewoon.[44]

Daar is ook op 'n gereelde basis lesings vir Voortrekkers gehou om die jeug se kennis aangaande die natuur te verbreed. Mettertyd is die Dieretuin ook in toenemende mate vir formele voorligtingdoeleindes gebruik deur reeds genoemde beweging, die Boy Scouts, Girl Guides en die Landsdiensbeweging. Die eksamen wat lede van hierdie bewegings moes aflê in natuurbewaring en die biologiese aspekte daarvan, is soms deur Dieretuinamptenare afgeneem.[45]

Vir die boekjaar 1975/76 het die Afdeling Opvoedkundige Dienste gerapporteer dat die aanvraag deur jeugbewegings, kulturele en kerkorganisasies vir lesings tydens vergaderings in die Dieretuin en die Akwarium al hoe meer toegeneem het. Vir die genoemde tydperk is 27 lesings vir dié groepe aangebied.[46] Aangesien dié groepe relatief klein in vergelyking met die skoolgroepe is, was dit moontlik om op 'n baie meer persoonlike vlak met die kursusgangers om te gaan.[47]

Sedert 1981 het die Afdeling Opvoedkundige Dienste met 'n reeks spesiale kursusse begin wat baie gewild was. Die kursusse vir skoolgaande kinders tussen die ouderdom van elf en sestien jaar het die Inleidende Voëlidentifikasiekursus, 'n kursus oor soogdiere en 'n kursus in basiese ekologie ingesluit. Die kursusgangers moes 'n inskrywingsfooi betaal en die tydsduur van die Voëlidentifikasiekursus was 32 uur, terwyl laasgenoemde twee kursusse onderskeidelik 24 en 40 uur geduur het. Hierdie kursusse het oor 'n paar dae tydens die skoolvakansie gestrek. Van 1981 tot April 1983 het 'n totaal van 138 kinders dié kursusse bygewoon en na afloop van elke kursus is bywoningsertifikate en prestasiepryse na die suksesvolle aflegging van toetse aan die kursusgangers oorhandig. Die pryse is onder meer deur die Suid-Afrikaanse Ornitologiese Vereniging, die Pretoriase tak van die Suid-Afrikaanse Natuurlewevereniging en die Raad van die Nasionale Dieretuin geskenk.[48] Kundiges soos prof. J. Theron (Departement Plantkunde, UP), prof. J. du P. Botha (Departement Dierkunde, UP), dr. L. Scholtz (Departement Entomologie, UP), P.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Milstein (Transvaalse Afdeling Natuurbewaring) en dr. D. Gradwell (veearts) het gratis lesings tydens hierdie kursusse aangebied. Finale jaar biologiestudente van die Pretoriase Onderwyskollege moes ook hierdie kursusse bywoon as deel van hulle praktiese opleiding.[49] Kinders van so ver as Pietersburg, Tzaneen, Nelspruit, Rustenburg en Krugersdorp het die kursusse bygewoon.[50]

b) Lesings vir volwassenes

Met die oog op praatjies vir volwassenes het die Raad in 1940 goedkeuring gegee dat drie luidsprekers aangekoop en by die Palm Court-teekamer aangebring word. Die eerste praatjie, "The great cats/Die groot katsoorte", is op 26 Desember 1940 aangebied. Hierdie lesings sou voortaan op 'n gereelde basis deur die lektorgids, die tegniese assistent en die Direkteur aangebied word.[51] Onderwerpe wat onder die soeklig gekom het, was byvoorbeeld die geheimsinnige diere, die halfape en dikhuidiges van die Nasionale Dieretuin. Hierdie praatjies is gewoonlik op die laaste Sondag van elke maand gelewer. Die lektorgids het ook praatjies by verskeie plekke in Pretoria en omgewing gelewer om die opvoedkundige aktiwiteite van die Dieretuin bekend te stel. 'n Demonstrasieles oor slange was nog een van die projekte van die lektorgids en in 1944 het hy die onderrig van natuurstudie met die Rooidag-Visvereniging behandel.[52]

Met die totstandkoming van die Afdeling Opvoedkundige en Skakeldienste het lesings aan volwassenes meer aandag geniet. Georganiseerde lesingtoere is vanaf 24 Mei 1967 vir die eerste keer aangebied en het groot belangstelling by die publiek geniet. Die toere het op Woensdae en elke derde Saterdag plaasgevind. Met hierdie toere het besoekers die geleentheid gekry om 'n studie te maak en inligting te verkry van al die aktiwiteite in die Dieretuin. Die dierehospitaal, die navorsingsfasiliteite asook die kombuise is onder meer besigtig. Die toegangsfooi was die gewone plus 20c vir 'n rit met die trekkertrein van die Dieretuin wat as vervoer gedien het.[53] Lesings is ook buite die Dieretuin, tot in Rhodesië gehou. Die Nasionale Dieretuin was ook by die rehabilitasieprogram van die Departement van Justisie en Gevangenisse betrokke en lesings oor natuurbewaring is by verskeie gevangenisse aangebied.[54]

Dikwels het die Afdeling Opvoedkundige Dienste versoeke ontvang om vir buitengewone groepe lesings aan te bied. Die Departement van Bantoe-administrasie en Bantoe-onderwys het van tyd tot tyd die Dieretuin genader om byvoorbeeld aan die seuns van die kapteinskool in Transkei en die skoolinspekteurs van die Bantoe-onderwysdepartement kursusse aan te bied.[55] Hierdie Departement het ook spesiale indiensopleidingsprogramme in Pretoria aangebied en alle inspekteurs, skoolhoofde en biologie-onderwysers wat hierdie programme bygewoon het, is na die Dieretuin geneem as deel van die opleidingskursus. Studente wat as toekomstige natuurbewaringsbeamptes in die onafhanklike tuislande opgelei is, het 'n deel van hul praktiese opleiding by die Nasionale Dieretuin gedoen.[56]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1981 is die spesiale kursusse in ekologie (veertig uur) en voëlidentifisering (veertig uur) wat in die vakansies vir kinders aangebied is, ook vir volwassenes teen R20,00 per kursus ingestel. Ook hier is bywoningsertifikate uitgedeel en boekpryse vir die beste studente uitgeloof. Drie funksies was teen 1983 reeds vir die kursusgangers gereël en die voorsitter van die Raad (dr. Koen) en mev. Brand, die eggenote van die Direkteur, het by die geselligehede opgetree.[57] Hierdie kursusse was só gewild dat daar teen die einde van Maart 1984 reeds 'n waglys met die name van 380 volwassenes vir die kursusse vir 1984/85 was.[58] Die kursusse is saans van 17:30 tot 21:00 in Afrikaans en in Engels aangebied. Die kursusgangers was uit 'n wye verskeidenheid van professies afkomstig. Van die 130 persone wat in Maart 1983 die Voëlidentifikasiekursus bygewoon het, was 18% ingenieurs, 12% argitekte en 6% mediese dokters. Deelnemers was afkomstig van Springs, Krugersdorp, Johannesburg, Brits, Warmbad en Pretoria.[59] Dat dié aanbiedings gewild was, ly geen twyfel nie. Die Voëlidentifikasiekursus wat gedurende Februarie 1984 aangebied sou word, was reeds op 31 Desember 1983 vol bespreek en sou deur 120 persone bygewoon word. "Wat veral merkwaardig is, is die feit dat daar geen publisiteit verleen is nie. Vorige kursusgangers het die nuus versprei"[60] - aldus die vakkundige beampte. Wat die Ekologiekursus betref, is die kursus in 1983 deur 101 persone bygewoon, terwyl nog sestig mense op 'n waglys vir 1984 geplaas is. Hierdie kursus is van 17:30 tot 21:00 op Maandae en Woensdae in Afrikaans en op Dinsdae en Donderdae in Engels aangebied, asook op twee Saterdae van 08:00 tot 16:00, oor 'n tydperk van vier weke. Deelnemers uit die volgende professies het dié kursus in 1983 bygewoon - mediese en paramediese persone: sewe, ingenieurs: ses, argitekte: vier, wetenskaplikes en tegnici: tien, onderwysers en dosente: tien, studente en skoliere: negentien en ander kursusgangers: 45."[61] Waardering vir hierdie kursusse het nie uitgebly nie. E. Fourie, 'n kursusganger, het R400,00 aan die Dieretuin geskenk vir die druk van kunstige sertifikate[62] en talle briewe met waardering vir die wonderlike diens van die Afdeling Opvoedkundige Dienste het by die Dieretuin ingestroom.[63]

Ander kursusse wat sedert 1982 aangebied is, het 'n eendagkursus oor die instandhouding en oprigting van 'n huisakwarium[64] en 'n spesiale oorlewingskursus vir leerlingpilote van die Suid-Afrikaanse Lugmag ingesluit. Laasgenoemde kursus het op 'n sewe uur-lange besoek aan die Dieretuin berus en het teoretiese sowel as praktiese opleiding behels.[65] Die Departement Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie het vyf indiensopleidingskursusse vir veldbeamptes in samewerking met die Opvoedkundige Afdeling van die Dieretuin gereël. Dit het die Voëlidentifikasiekursus asook kursusse oor reptiele, visse en plante ingesluit.[66] Hulp is ook aan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste met betrekking tot 'n oorlewingskursus in Junie 1982 gebied.[67]

Gedurende 1983/84 het veertien groepe kandidaatoffisiere van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie kursusse oor oorlewing by die Nasionale Dieretuin



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bygewoon. Hierdie kursusse het deel uitgemaak van die basiese opleiding van die mediese ordonanse van die Weermag.[68]

## 3. Zoologiese Vereniging van die Nasionale Dieretuin

Die Zoologiese (*sic*) Vereniging van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika is op 28 Maart 1963 gestig. Dit was die eerste vereniging van sy soort wat enige dieretuin in Suid-Afrika betref wat tot stand gekom het. Volgens dr. Brand is soortgelyke verenigings by die meeste dieretuine oorsee aan te tref en mense beskou dit as 'n voorreg om aan só 'n vereniging te behoort. Die doelstellings van hierdie vereniging was om die opvoedkundige sy van die Dieretuin uit te brei en om liefde en kennis aangaande die fauna en flora by die publiek aan te kweek. Die vereniging het dit voorts ten doel gehad om nouer samewerking tussen die publiek en die Dieretuin te bewerkstellig en enige persoon woonagtig in die Republiek sou as lid toegelaat word. So 'n lid sou sekere voorregte geniet, byvoorbeeld vrye toegang tot die Dieretuin, die ontvang van gereelde nuusbriewe en die verkryging van 'n gratis gidsboekie. Gratis ritte op die trekkertrein was nog een van die voordele wat 'n lid kon geniet.

Ledegeld, wat nominaal was, is aangewend vir die ontwikkeling en modernisering van die Dieretuin, die uitbreiding van die diereversameling asook die oprig van kampe vir diersoorte wat in ander dele van Afrika besig is om uit te sterf. Die voormalige direkteur van Onderstepoort, dr. P.J. du Toit, is tot president en dr. Brand tot voorsitter van die vereniging verkies. Verskeie ander hooggeplaastes is as lewenslange erelede benoem. Hierdie vereniging het beplan om gereeld spesiale lesings en filmvertonings te hou.[69]

## 4. Publikasies deur die Dieretuin

### a) Gidsboekies

Alhoewel die Bestuurskomitee op 14 Oktober 1902 'n aanbod van ene Spencer om 2 000 kopieë vir 'n gratis gidsboekie vir die Dieretuin bespreek het, is dit van die hand gewys. Hierdie publikasie sou uit ongeveer een honderd bladsye met vyftig foto's van die Dieretuin en die diere daarin bestaan. Die feit dat Spencer advertensies in die boekie wou plaas, was egter nie vir die Bestuur aanvaarbaar nie en die gulde geleentheid om so 'n aandenking van 'n besoek aan die Dieretuin aan die besoekers te verkoop, is deur die vingers laat glip.[70]

Die oudste gids wat opgespoor kon word, is dié van 1924. Hierdie uitgawe, in Nederlands en Engels, is deur die Direkteur, A.K. Haagner, geskryf met die titel *A guide to the National Zoological Gardens/Gids voor de Nationale Dierentuin in Zuid Afrika.*[71]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van Desember 1927 af was hierdie gids uit druk en met sy oorname as Direkteur, het dr. Bigalke dadelik daarvan werk gemaak om 'n splinternuwe gids voor te berei. In Desember 1928 is 4 000 kopieë gedruk en teen 'n sikspens per kopie by die ingangshek verkoop. Die boekie het uit swartwitfoto's van die diere, geboue, kampe en hokke bestaan. Die geskiedenis van die ontstaan van die inrigting is ter inleiding kortliks saamgevat en die lede van die Bestuur, die besoektye, die musiekuitvoerings wat in die Dieretuin aangebied is en die getal diere wat deur die Dieretuin gehuisves is, is ook genoem. Interessante inligting oor die diere en plante en ook staaltjies oor van die mees besondere inwoners is vermeld. 'n Kaart van die uitleg van die Dieretuin het deel uitgemaak van dié gids.[72] Hierdie gidse in Engels en Afrikaans is gereeld op datum gehou en deur gebruik te maak van advertensies is die drukkoste redelik laag gehou. Die Sekretaris van Openbare Werke was verantwoordelik vir die buitebladontwerp, asook die voorbereiding van die plan van die Dieretuin wat in elke gids verskyn het. Herbert Long het negentien uitstekende foto's beskikbaar gestel.[73]

Die feit dat daar beperkings op papier was as gevolg van die oorlogstoestand het meegebring dat die gids van 1942 tot 1955 uit druk was.[74] In die tussentyd het die Raad 'n gekleurde brosjure beskikbaar gestel. Dié voubiljet is in vier kleure gedruk teen 'n koste van £78:11:9 vir 9 543 eksemplare.[75]

b) <u>Gedenkalbums</u>

Ter viering van die Dieretuin se dertigste en sewentigste verjaarsdae is 'n gedenkalbum in albei landstale tydens altwee geleenthede gepubliseer. Die gedenkalbum van 1929 het onder die titel *Dertigste Jaarfees.Soewenier van die Nasionale Dieretuin* verskyn. Daar is 'n kort voorwoord deur dr. Bigalke en verskeie swartwitfoto's van onder meer die Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, die Bestuurskomitee en van die diere en ander besienswaardighede in die Dieretuin.[76]

By geleentheid van die sewentigste stigtingsherdenking in 1969 is 'n album onder die titel *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969* uitgegee. Behalwe foto's is artikels oor interessante insidente, die aktiwiteite van die opvoedkundige diens, natuurbewaring, navorsing en die ontspanningsgeriewe wat die Dieretuin bied, gepubliseer. Die aandag is ook gevestig op die konferensie van die IUD wat in 1968 vir die eerste keer in Suid-Afrika aangebied is, asook die Dieretuin se planne vir die toekoms.[77]

c) <u>Jeuglektuur</u>

Op voorstel van die lektorgids, dr. T.G. Nel, het die skryfster Hettie Cillié in 1941 onderneem om 'n reeks storieboekies oor die diere in die Nasionale Dieretuin te skryf. Dié reeks is deur die boekhandel Van Schaik uitgegee en die manuskripte is vooraf deur die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Direkteur en die lektorgids gekeur. In hierdie reeks het die volgende verhaaltjies in die loop van die volgende twee jaar verskyn:

*Joseph (sic), die liefling van die kinders*
*Congolene Nagimbali, die storie van die Afrikaanse olifant*
*Sigapo, die seekoei*
*Babu die beer en ander dierestories*
*Die storie van Benga en ander dierestories*
*Josie en Satano, die twee swart luiperds*
*Mierie die meerkatjie*
*Koning Leeu in die Nasionale Dieretuin*[78]
*Kubiek die krokodil* en
*Oupa Kondor.*[79]

Hierdie boekies was so gewild dat mej. Cillié die reeks Dieretuinstories in 1944 in Sepedi vertaal het.[80]

In 1943 is dieselfde skrywer genader om 'n boekie vir skole oor dierebeskerming te skryf. Teen die einde van daardie jaar was die manuskrip reeds nagesien, van foto's voorsien en het dit ter perse gegaan. Ook is daar begin met 'n reeks inkleurboekies en in dieselfde jaar was die eerste boekie persgereed. Die reeks *Soek en leer,* onder die mederedaksie van die Direkteur, het vier boekies opgelewer waarvan *Ons wild* deur dr. Bigalke en *Spinnekoppe, jagspinnekoppe en skerpioene van ons land* deur R.F. Lawrence van natuurkundige belang is.[81]

Teen 1944 was twaalf inkleurboekies deur mev. E. Hartig en onder redaksie van die lektorgids, gereed en dit het onder die titel *Kleurpret* verskyn. 'n Verdere reeks *Verhale van Moedernatuur,* onder redaksie van dr. Nel, was ook persgereed en is deur die nie-blanke lektorgids vertaal.[82]

Met die beëindiging van die dienste van die lektorgids in 1954 het daar nie nuwe publikasies wat jeuglektuur betref, verskyn nie; die inkleurprente en kompetisies is voortaan in die "Kinderhoekie" van *Zoön,* die amptelike tydskrif van die dierkundige vereniging, geplaas.

d) Boeke oor die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika

In 1954 is dr. Bigalke se *The National Zoological Gardens of South Africa, Pretoria* deur die Central News Agency Ltd. (South Africa) gepubliseer. Hierdie werk het die geskiedenis en die aktiwiteite van die Nasionale Dieretuin van die afgelope 55 jaar volledig bespreek.[83] Hierin is al die fasette van die Dieretuin behandel en die bronne wat geraadpleeg is, kom ooreen met dié waarop hierdie verhandeling berus.

In 1983 het die Raad, in die lig van die geweldige ontwikkeling en vooruitgang wat die afgelope dekades plaasgevind het, besluit op 'n publikasie wat die geskiedenis van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dieretuin van die afgelope dertig jaar sou dek. Die idee was dat hierdie boek 'n ryklik geïllustreerde prestige-uitgawe moet wees. Dit sou in albei landstale gepubliseer word en die bekende radiopersoonlikheid Morkel van Tonder is genader om as outeur op te tree.[84] Die Departement van Nasionale Opvoeding het goedkeuring vir die samestelling en publikasie van so 'n werk gegee "met dien verstande dat die koste daaraan verbonde uit eie fondse gedek word"[85] en Barclays Nasionale Bank (Noord-Transvaal) het 'n bedrag van R5 000 vir die publikasie van die boek geskenk. Ander bydraes het ingestroom en teen September 1984 het die bedrag op R8 100 te staan gekom.[86] Die boek sou teen die einde van 1984 verskyn en 'n verkorte uitgawe, wat as handleiding vir kinders sou dien, is in die vooruitsig gestel.[87] Teen die verstryking van die voorgestelde datum het hierdie werk nog nie verskyn nie.

e) *Zoön*

Die eerste uitgawe van *Zoön*, die kwartaalblad van die Dierkundige Vereniging van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika wat in Maart 1962 gestig is, het op 5 Maart 1963 die lig gesien. Lede van hierdie vereniging sou onder meer 'n gratis eksemplaar van *Zoön* ontvang.[88]

Die doel met hierdie tydskrif was om lede van dierkundige verenigings en die publiek op hoogte te hou van nuwe aanwinste en gebeure in en om die Dieretuin[89] en Laurie Smith het as die eerste redakteur van hierdie tydskrif opgetree. Om die aktiwiteite van die Zoologiese Vereniging en die tydskrif wyer bekend te stel, het die Raad in Junie 1971 besluit om die volgende oplaag van *Zoön* aan alle hoërskole in Transvaal te stuur. Die tydskrif sou deur navrae vergesel word waardeur die Dieretuin kon vasstel of die skole begerig sou wees om op *Zoön* in te teken en in watter amptelike taal hulle die tydskrif wou ontvang.[90]


In Februarie 1974 het die Direkteur daarop gewys dat ten spyte van die feit dat die Nasionale Dieretuin een van die bekendste en beste dieretuine ter wêreld was, dié instansie nog steeds nie daarin kon slaag om 'n "tydskrif van wêreldgehalte" te publiseer nie. Hierdie tekortkoming is toegeskryf aan die druk program van die Opvoedkundige Afdeling, wat vir die tydskrif verantwoordelik was. Dit was byvoorbeeld in 1973 vir hierdie afdeling nie moontlik om selfs een publikasie van hierdie kwartaalblad die lig te laat sien nie.[91] Om die situasie te verbeter, is besluit om die inhoud en aanbieding van *Zoön* te herformuleer[92] en om die pos van vakkundige beampte in die pos van hoofvakkundige beampte (met ander woorde skakelbeampte en redakteur van *Zoön*), te omskep.[93]

Buiten 'n gratis eksemplaar (vergesel van 'n begeleidende brief van die Direkteur van Onderwys, dr. A.L. Kotzee, aan alle hoërskole in Transvaal, sou 'n gratis tydskrif, met 'n intekenvorm aan die spreekkamers van die plaaslike dokters, tandartse en ander instansies gestuur word.[94]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 44** Die pelikaanwegwyser langs die Irenepad. (Foto: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria: Fotoversameling).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen 1982 was die Afdeling Opvoedkundige Dienste weens drukke werksaamhede weer eens nie in staat om die tydskrif gereeld in gereedheid te bring nie. Ten einde reg te laat geskied aan die publikasie het die Raad goedgekeur dat 'n redaksiekomitee, bestaande uit L.J. Smith (redakteur), mev. D.L. Spoelstra, dr. H. Ebedes en dr. R.E.J. Burroughs, in die lewe geroep word.[95] Hierdie komitee sou verantwoordelik wees vir die gereelde verskyning van *Zoön,* wat dan ook mettertyd in 'n spog-publikasie ontwikkel het.

## 5. Skakeldienste: Publisiteit

### a) Koerant- en tydskrifartikels

Aanvanklik was die Bestuur van die Dieretuin nie erg op publisiteit gesteld nie. Die musiekuitvoerings, filmvertonings en die roos- en ander tentoonstellings wat in die Dieretuin paasgevind het, is wel in die plaaslike koerante bekend gestel, maar verder is geen werklike poging aangewend om die Dieretuin onder die aandag van die publiek te bring nie. 'n Aanbod van *Die Transvaler* om 'n advertensie van die Dieretuin teen £2:13 in die Kersuitgawe van 1913 te plaas, is van die hand gewys.[96] Voorstelle in dié verband van *Het Westen* en *Die Brandwag* is ook nie aanvaar nie, omdat daar nie genoeg geld vir advertensies beskikbaar was nie.[97] Toe die publisiteitsafdeling van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in 1916 aanbied om 'n advertensiebord by 'n stasie van die Dieretuin se keuse teen £1 per maand op te rig, het die Bestuurskomitee getrag om eerder toestemming van die stadsraad te verkry om 'n bord **gratis** op die plein buitekant die Pretoriase stasie aan te bring.[98] Jare daarna (in 1923) is 'n geraamde plakkaat as 'n advertensie vir die Dieretuin aan die stasiemeester van Pretoria oorhandig om by dié stasie op te rig.[99] Mettertyd is advertensieborde wat die oog gevang het langs die hoofroetes na Pretoria aangebring. Aan die westekant van die Ou Johannesburgpad was daar 'n padwyser met 'n groot orangoetang, wat in die rigting van die Dieretuin gewys het. Suid van die Fonteine, langs die Irenepad, was daar 'n bord in die vorm van 'n pelikaan met 'n oop snawel (fig.44), waaruit die woord "Zoo" gekom het. Op die hoek van Kerk- en Glynstraat in Pretoria het 'n tier met swart letters (wat ook as sy strepe moes dien) die woord "Dieretuin" uitgespel. Vir die soldate op Voortrekkerhoogte en die plaaslike studente het veral die orangoetang 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag gehad. Tydens intervarsities tussen Tukkies en Wits het die dier dikwels 'n trui van een van die twee spanne aangehad en eenkeer is hy selfs van sy paal verwyder en is later teruggevind op die grasperk van die rektor van die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.[100] Daar is ook van die geleentheid gebruik gemaak om die Dieretuin te adverteer op die munisipale busse van Pretoria.[101]

Geleidelik is die waarde van publisiteit wel besef en tydens 'n Bestuurskomiteevergadering op 19 Januarie 1923 wou C. Jeppe weet waarom die aankoms van die nuwe erdvark nie bekend gemaak is nie. Hy het voorgestel dat die Direkteur 'n interessante para-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

graaf oor dié dier vir die pers moet skryf.[102] 'n Paar maande later het 'n reeks artikels oor Pretoria in *Die Volkstem* verskyn wat ook foto's van die Dieretuin ingesluit het.[103]

Die bedanking van dr. Haagner het natuurlik ook die voorblaaie gehaal,[104] maar dit was sekerlik nie dié soort publisiteit wat nodig was om die beeld van die Nasionale Dieretuin te bevorder nie.

Die redakteur van *The Pretoria News*, J. Grey, het in 1927 in sy artikel "The Future of the Zoo" voorgestel dat die Dieretuin die publiek as 'n bondgenoot moet wen. Daar moes nie net artikels verskyn waarin om geld gebedel word nie, maar die leser moet voortdurend op hoogte gehou word van die besienswaardighede en daaglikse lewe in die Dieretuin. Sy raad was "let there be a policy of steady building-up on the one hand and of active publicity on the other, and they will get both members and visitors".[105] Op versoek van die Bestuur het dr. Bigalke begin om op 'n gereelde basis tydskrifte en koerante op hoogte te hou van die gebeure in die Nasionale Dieretuin. Omdat hierdie taak aanvanklik slegs op die skouers van die Direkteur gerus het, het dit beteken dat hy ure lank ná werk hieraan aandag moes bestee. Vanaf 1930 is in elke jaarverslag melding gemaak van die aantal artikels wat vir publisiteitsdoeleindes geskryf is. Veral gedurende die depressiejare, toe besoekersgetalle afgeneem het, is die publiek se aandag op die aktiwiteite van die Dieretuin gehou deur 'n magdom van artikels, kennisgewings en foto's wat in die pers verskyn het. In 1931 het 227 berigte teenoor die 130 van die vorige jaar verskyn.[106] Teen 1952 was daar reeds tien plakboeke met nie minder nie as 4 264 uitknipsels van artikels deur die Dieretuin saamgestel. Baie van die artikels, wat met die totstandkoming van die Staatsinligtingskantoor die uithoeke van die land bereik het en in koerante van ander provinsies verskyn het, het nie eers deel uitgemaak van die versameling nie.[107] In 'n rubriek "Childrens Corner", wat in 1928 in *The Pretoria News* verskyn het, het gereeld artikels wat deur dr. Bigalke geskryf is, verskyn. Die voorkoms, gewoontes en eienaardighede van die diere is beskryf onder opskrifte soos "Tielman - The lion of the North"[108] en "Porky, the Tortoise".[109]

Die dae waarop kinders in die geselskap van 'n volwassene gratis toegang tot die Dieretuin kon verkry, is ook wyd en syd geadverteer met artikels soos "Children's Day at the Zoo" (*The Pretoria News,* 13 Desember 1929) en "Kinderdag by die Dieretuin" (*Die Volkstem,* 7 Mei 1931).[110]

Om die belangstelling in die Dieretuin nooit te laat verflou nie, is daar met allerlei planne vorendag gekom. So is 'n prys van 'n halwe ghienie uitgeloof vir die oulikste name vir die twee klein orangoetangs wat in 1929 aangekom het, en die name Nat en Sap het dan ook vir A.D. Backwell 'n prys in die sak gebring.[111] So betrokke het die lesers by die wel en weë van die inwoners van die Dieretuin begin raak, dat briewe in die koerante as reaksie op die artikels begin verskyn het. Verskeie bekende persone soos H.D. Grant Mackenzie, die president van die Kamer van Mynwese,[112] prof. D.E. Malan van TUK (Universiteit van Pretoria)[113] en Raadslid J.B. Gordon, voorsitter van die Publisiteitsvereni-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ging, het oproepe om steun gedoen.[114] Die volgende gediggie het in *Die Boerevrou* (Mei 1929) oor die seekoei verskyn:

*Goeiemôre!*

*By sy bad, in Pretoria-Zoo,*
*Staan die Seekoei, meneer Sigapo.*
*Het hy lus om te hap,*
*Of verwag hy sy pap,*
*Of glimlag hy altyd maar so?*

*Soos 'n baba het hy hier gekom,*
*Baie klein en vierkantig en dom,*
*Nou's hy twintig, die kêrel,*
*Met die oog soos 'n pêrel,*
*En al wat hom sien, staan verstom.*[115]

In samewerking met *The Pretoria News* het die Direkteur 'n kompetisie vir kinders onder veertien jaar uitgeskryf waarin hulle die name van ses diere in die volgorde van gewildheid moes neerskryf - 2 000 inskrywings is ontvang en die uitslag was soos volg: 1. Mary, die olifant 2. Josef, die sjimpansee; 3. Mary, die Shetlandponie; 4. Nat, die orangoetang; 5. Tielman, die leeu en 6. Sigapo, die seekoei.[116] Verder is in 1937 'n opstelwedstryd uitgeskryf met die onderwerp "Die Dieretuin van Pretoria - hoe kan dit in die skool my studie van lewende wesens bevorder."[117]

Vanaf 1964/65 het die bekendstelling van die Dieretuin deur middel van korrespondensie, persoonlike onderhoude en telefoongesprekke onder 'n spesiale afdeling, naamlik Skakeldienste geressorteer.[118] Op 1 Augustus 1974 is 'n selfstandige afdeling met 'n skakelbeampte, wat publisiteit moes bevorder, in die lewe geroep. Plaaslike samewerking, met die oog op voorbladdekking, was een van die projekte van die nuwe publisiteitsafdeling. *Beeld, Oggendblad, The Pretoria News, Die Transvaler, Rand Daily Mail, The Star* en *Die Noordwester* het almal hieraan meegedoen, terwyl Sondagkoerante soos *Rapport* en die *Sunday Times* 'n groot aantal foto's in hulle tydskrifbylaes afgedruk het. Lang artikels in bylaes van *Beeld, Die Volksblad, Die Oosterlig* en *Die Burger* het ook in dié tydperk verskyn. Op internasionale vlak het *To the Point, Australian News, Newsweek, SA Digest* en die *Suid-Afrikaanse Panorama* artikels oor die Dieretuin geplaas en verskeie skakelblaaie, onder meer die Wolraad se *Goue Vag* en die TOD se *Mondstuk*, het ook inligting oor die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika verstrek.[119] Nuwe projekte soos die navorsingsentrum en wildteelplaas by De Wildt en die natuurreservaat by Lichtenburg is ook deur hierdie afdeling by die publiek bekendgestel.[120]

b) Radiopraatjies, televisie- en filmopnames

In die jaarverslag van 1939 is die eerste keer van klankopnames van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) by die Dieretuin melding gemaak. Die doel was om hier-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die opnames een Saterdagmiddag uit te saai. 'n Mens kan dus sê dat die inwoners van die Nasionale Dieretuin die eerste radiopraatjie self gelewer het![121]

In die daaropvolgende jaar het dr. T.G. Nel op uitnodiging van die SAUK vyf radiopraatjies gelewer[122] en 'n reeks van 26 praatjies getitel "The Animal Alphabet in the Zoo from A to Z" is vir die Engelse jeugprogram van die SAUK aangebied. Die eerste praatjie is op 13 September 1955 gelewer en daarna is dit elke Maandagaand deur een opgevolg.[123]

Die jaarverslag vir 1962 vermeld dat die Direkteur en die Assistent-direkteur, A.A. Groenewald, praatjies oor die radio gelewer het en dat 'n reeks vir die gebruik van die skoolradiodiens opgestel is.[124] Heelwat nuus oor die Dieretuin is ook deur die hoof- en streeknuusdienste van die SAUK uitgesaai.[125]

Verder was die Opvoedkundige Afdeling die Nasionale Filmraad behulpsaam met die vervaardiging van verskeie rolprente en studiefilms wat vervaardig is as opvoedkundige hulpmiddels by biologie-ondderrig in skole.[126] Van tyd tot tyd is ook nuusfilms deur African Mirror vertoon. Laasgenoemde instansie het groot publisiteit plaaslik en oorsee geniet.[127]

Wat oorsese publisiteit betref, het 'n Duitse televisiemaatskappy van München in 1969/70 spesiale opnames in die Nasionale Dieretuin gemaak vir 'n televisieprogram wat gehandel het oor dieretuine van die wêreld. Die film is uiteindelik oor die hele wêreld vertoon. Terselfdertyd het 'n private rolprentmaatskappy opnames in die Dieretuin gemaak vir 'n speurfilm en in dieselfde tydperk het die fotografieklub van die WNNR 'n spesiale skuifiereeks oor die Dieretuin gemaak vir vertonings by soortgelyke klubs in die res van die land.

Die geboorte van die witrenosterkalfie op 29 Oktober 1969 het soveel belangstelling gaande gemaak dat verskeie rolprent- en televisiemaatskappye spesiale opnames vir binnelandse asook buitelandse verspreiding gemaak het.[128] Die jagluiperdnavorsingsprojek by De Wildt het soveel aandag geniet dat die SAUK twee radioprogamme daaroor gemaak het.

Met die totstandkoming van die plaaslike televisiediens is gereeld nuus oor die Dieretuin gebeeldsend. Die program oor die Dieretuin wat op 25 Junie 1975 vertoon is, is deur resensente as "die beste op beeldradio" beskou.[129] Kort hierna het dr. Brand, wat al as "the world's number one Zoo man" genoem is, 'n onderhoud op Top Level (Springbokradio) gevoer.[130] Die resensent Fredericka van Wyk van *Die Transvaler* het ook verwys na die uiters leersame praatjies wat Laurie Smith vir die jongspan oor die radio aangebied het. Dit was na bewering só interessant dat 'n hele paar van die luisteraars alles probeer neerskryf het wat Smith te vertel gehad het. Volgens die skrywer was daar 'n duidelike oplewing in die belangstelling in natuurbewaring na aanleiding van hierdie praatjies te bespeur.[131] Verder is 'n dokumentêre program getitel "Dr. Brand and his amazing multi-purpose zoo" in 1980 deur die Engelse Radiodiens uitgesaai.[132]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie werksaamhede is voortgesit, so byvoorbeeld het die jaarverslag 1983/84 ook melding gemaak van twaalf opvoedkundige films, drie aflewerings op die televisieprogram "50/50" en die program "Gé Sing" wat in die Dieretuin afspeel.[133]

1. NDSA: Folio 163, pp. 158-166: Verslag oor Organisasie en Diensstaatondersoek: Afdeling Opvoedkundige en Skakeldienste; Folio 125, pp. 12-14: Memorandum oor die werksaamhede van die Opvoedkundige Afdeling deur die opvoedkundige komitee; L. Smith, Zoological gardens and nature conservation (*Fauna and Flora,* 40, 1983, pp. 3-4); *Die Oosterlig,* 1975-01-24; *Die Volksblad,* 1975-01-25; *Die Burger* (bylaag), 1975-10-25.
2. Kyk hoofstuk III, p. 22.
3. Kyk hoofstuk II, p. 19.
4. ATM: M en D notules: 1901-12-03, p. 401.
5. ATM: M en D notules: Verslag, p. 451.
6. ATM: M en D notules: 1903-12-08, p. 631; Brieweboek Aug. - Des. 1903: Brief van die inspekteur van primêre skole, 1903-12-12.
7. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 64.
8. R. Bigalke, Zoological gardens in the service of education (*Parks and recreation,* 1934).
9. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 63.
10. Dit is belangrik om te onthou dat die Dieretuin in hierdie stadium **nie** onder 'n onderwysdepartement geval het nie, maar onder die Departement van Binnelandse Sake.
11. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 63; NDSA: N Z G Report 1940, pp. 10-11; *The Pretoria News,* 1940-12-17; 1940-11-05; *The Star,* 1940-12-17; *Die Volkstem,* 1940-12-17; 1940-01-11; *Die Vaderland,* 1940-12-18; 1940-01-12; *Rand Daily Mail,* 1940-12-18; J.F. Eloff, In die dieretuin van Pretoria: Waardevolle werk van die lektorgids (voortaan In die Dieretuin) *(Die Huisgenoot* 27(999), 1941-05-04, p. 35); R. Bigalke, *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Gids* (1958), p. 6; (1959), p. 6.
12. *Die Vaderland,* 1940-09-04; *Die Transvaler,*1940-09-04; *The Pretoria News,* 1940-09-02; J.F. Eloff, In die dieretuin van Pretoria *(Die Huisgenoot* 27(999), 1941-05-04, p. 35).
13. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 64; NDSA: N Z G Report 1940, p. 10; *Die Transvaler,* 1940-09-04.
14. NDSA: Omsendbrief van die TOD, Aug. 1940.
15. J.F. Eloff, In die Dieretuin van Pretoria (*Die Huisgenoot* 27(999), 1941-05-04, p. 35); NDSA: Plakboek: *Suid-Afrikaanse Panorama,* Apr. 1971, p. 10; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 64-65.
16. NDSA: N Z G Report 1940, p. 11; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 66; J.F. Eloff, In die Dieretuin van Pretoria *(Die Huisgenoot* 29(999), 1941-05-04, p. 35); *The Star,* 1940-10-01; *Die Transvaler,* 1940-10-04; *Die Volkstem,* 1940-10-05; *Rand Daily Mail,* 1940-10-01; *Die Vaderland, 1940-10-01.*

    Weens 'n gebrek aan intekenaars is die publikasie van hierdie blad kort daarna beëindig - *The Pretoria News,* 1941-09-19; *Die Volkstem,* 1941-09-19; *Die Transvaler,* 1941-11-28; 1942-03-18; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 66.
17. J.F. Eloff, In die Dieretuin van Pretoria (*Die Huisgenoot* 29(999), 1941-05-04, p. 35); NDSA: N Z G Report 1940, p. 11; *Die Transvaler,* 1941-04-22; 1940-11-02; *Die Volkstem,* 1941-04-19; *The Star,* 1941-04-21.
18. NDSA: N Z G Report 1942, p. 8.
19. NDSA: N Z G Report 1941, pp. 10-11; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 66.
20. *Die Volkstem,* 1941-06-13; Deskundige voorligter in die Dieretuin (*Die Onderwysblad* 53, Nov. 1941); *Die Transvaler,* 1941-11-12.
21. *Die Transvaler,* 1941-06-19; *Rand Daily Mail,* 1941-04-14; *The Pretoria News,* 1941-06-12; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 64.
22. NDSA: N Z G Report 1943, p. 8; *Die Volkstem,* 1942-07-31; *The Star,* 1942-07-31; *Rand Daily Mail,* 1942-07-31; *Die Vaderland,* 1942-07-31; *Die Transvaler,* 1942-08-05.
23. NDSA: N Z G Report 1944, pp. 10-11.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

24. NDSA: N Z G Report 1945, p. 9:
In samewerking met die TOD en die Normaalkollege in Pretoria is 'n proefskrif deur A.J. Groenewald voltooi. Die onderwerp was: "Die sielkundige grondslag en praktiese toepassing van aanskouingsonderwys met spesiale verwysing na die onderwys van natuurstudie". Hierin het hy tot die gevolgtrekking gekom dat leerlinge die feite soos oorgedra volgens die metodes van die lektorgids, beter en makliker onthou as tydens klaskameronderrig - NDSA: N Z G Report 1945 (bylaag), pp. 27-28.
25. *Die Vaderland,* 1946-04-13; *Die Transvaler,* 1946-04-15.
26. NDSA: N Z G Report 1964, p. 9.
30. NDSA: N Z G Report 1964/65, p. 3.
31. NDSA: N Z G Report 1966/67, p. 7.
32. *Ibid,* pp. 7-9.
33. NDSA: Jaarverslag 1967/68, pp. 13-15.
34. NDSA: Jaarverslag 1972/73, pp. 15-16: Lesing deur dr. Brand tydens die 27ste Jaarlikse Konferensie van die IUD (Amsterdam) oor die opvoedkundige dienste van die Dieretuin.
35. NDSA: Jaarverslag 1967/68, pp. 13-14.
36. *Ibid,* NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 5.
As gevolg van die toenemende behoefte aan formele onderrig vir kleuters het die idee van 'n kinderdieretuin ontstaan. Die besoeke van kinders van die Prinshofskool vir swaksiendes en kleurblindes in Pretoria en die genot wat hulle daaruit geput het om die konyn en pikkewyn wat uit hul hokke gehaal is, te vryf en te betas het dié idee verder by dr. Brand versterk. Die bedoeling was dat kinders daar sou kon perdry, koeie melk, na die skape, perde en hoenders kon kyk en ook kennis kon maak met allerlei plaasgereedskap. Op 5 Oktober 1982 is hierdie dieretuin, wat met die hulp van die Lions International Club van Pretoria tot stand gebring is, geopen - *The Pretoria News,* 1968-03-18; *Die Vaderland,* 1968-04-15; 1965-09-30; 1968-10-17; NDSA: Folio 148, p.4: Notule, 1982-10-14; R5/9/182; Folio 75, p. 30: Brief van die Lions International Club van Pretoria, 1975-04-04; Kyk hoofstuk V, p. 64.
37. NDSA: Jaarverslag 1972/73, pp. 13-14; Jaarverslag 1974/75, p. 15; Jaarverslag 1976/77, p. 14; Folio 147, p. 7; Jaarverslag 1976/77, p. 14.
38. NDSA: Jaarverslag 1968/69, pp. 12-13; Folio 147, p. 7: Jaarverslag 1981/82.
39. NDSA: Jaarverslag 1968/69, pp. 12-13; Dr. D.J. Brand, Akwarium en Reptielpark (*Opvoeding en Kultuur* 1(2), 1976, pp. 11 en 27; Jaarverslag 1967/68, p. 4.
Na baie vertoë sedert 1970 het die Departement van Nasionale Opvoeding die pos departementshoof swart lektorgids met ingang 1 April 1983 geskep - NDSA: Folio 157, p. 10: R22/8/83, verw. 11/1/1/25.
40. NDSA: Jaarverslag 1968/69, pp. 12-13. In hierdie jaarverslag verskyn die volgende brief van die hoof van die Transvaalse Skoolreisdiens: "Dikwels kom onderwysers, leiers van skoolgroepe na my om hulle waardering te betuig van wat hulle en hulle leerlinge daar gesien het, maar veral die nuttige inligting en voorligting wat hulle ontvang het - en wat vir hierdie leerlinge van onskatbare waarde in verband met hulle studieleergange is."
41. NDSA: Jaarverslag 1980/81, pp. 7-8.
42. NDSA: Folio 163: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste; Jaarverslag 1983/84, pp. 34-35.
43. NDSA: Folio 163: Verslag oor Organisasie en Diensstaatondersoek.
Omdat die Departement van Indiër- en Kleurlingsake nie oor voldoende personeel beskik het om 'n opvoedkundige diens in die Dieretuin aan te bied nie, is alle lesings aan dié twee groepe deur L.J. Smith behartig - NDSA: Folio 54, p. 21: Notule van die Opvoedkundige Komitee.
44. NDSA: N Z G Report 1943, p. 8.
45. J.F. Eloff, In die Dieretuin van Pretoria (*Die Huisgenoot* 27(999), 1941-05-04, p.35; NDSA: Plakboek: *Suid-Afrikaanse Panorama,* Apr. 1971, p. 10; NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 9; Jaarverslag 1980/81, p. 8; Folio 163, pp. 158-166: Verslag oor die Organisasie- en Diensstaatondersoek.
46. NDSA: Jaarverslag 1975/76, p. 15.
47. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 14.
48. NDSA: Folio 143, p. 7: Notule, 1982-04-01, R15/4/82.
49. NDSA: Jaarverslag 1983/84, pp. 34-35; Jaarverslag 1982/83, p. 11; Folio 143, p. 19: Verslag van die Opvoedkundige Afdeling, Apr. 1982, Folio 153, p. 63: Verslag van die Opvoedkundige Afdeling, Apr. 1983; Folio 163, pp. 158-177: Verslag oor Organisasie- en Diensstaatondersoek; *The Pretoria News,* 1982-03-13; 1982-03-05; *Die Transvaler,* 1983-06-27.
50. NDSA: Folio 162, p. 40: Verslag van die Opvoedkundige Afdeling, Apr. 1984.
51. NDSA: N Z G Report 1941, p. 11; N Z G Report 1940, p. 11; N Z G Report 1942, p. 8; *The Pretoria News,* 1940-12-17; *The Star,* 1940-12-17; *Die Volkstem,* 1940-12-17; *Die Vaderland,* 1940-12-18; *Rand Daily Mail,* 1940-12-18.
52. NDSA: N Z G Report 1944, p. 9.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1955 is 'n proefneming in samewerking met die Transvaal Museum gedoen om spesiale praatjies, gelewer deur prof. D.E. Malan van die Universiteit van Pretoria vir volwassenes aan te bied. Gedurende die tydperk 15 Januarie tot 6 Februarie is twee praatjies op die Saterdag en Sondag gelewer. Dit is deur middel van advertensies in koerante bekend gemaak. Die praatjies is deur 31 persone bygewoon. Aangesien die belangstelling toenemend verflou het, is dit aan die einde van Maart 1955 gestaak - NDSA: N Z G Report 1955, pp. 8-9.

53. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 15; *The Pretoria News,* 1967-05-25.
54. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 15.
55. NDSA: Jaarverslag 1975/76, p. 15.
56. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 14.
57. NDSA: Jaarverslag 1982/83, p. 11; *The Pretoria News,* 1982-01-25.
58. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 34, Folio 148, p. 39: Skrywe van L.J. Smith, 1982-11-08.
59. NDSA: Folio 152, pp. 24-25: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste, Mrt. 1983.
60. NDSA: Folio 159, p. 35: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige dienste, Des. 1983.
61. NDSA: Folio 151, pp. 26-27: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste, Feb. 1983.
62. NDSA: Folio 148, p. 32: Brief van E. Fourie, 1982-10-13.
63. NDSA: Folio 151, p. 33: Brief van mnr. Ben Badenhorst, senior dosent in Plantkunde aan die Pretoriase Onderwyskollege; Folio 162, p. 58: Brief van prof. E.J.M. Baumbach van UNISA, 1984-05-08; Folio 157, p. 35: Brief van prof. P. Tobias, Univ. van die Witwatersrand, JHB., 1983-09-27.
64. NDSA: Folio 143, p. 19: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste, Apr. 1982.
    'n Gevorderde voëlidentifikasiekursus vir persone wat met welslae die inleidende kursus afgelê het, is in 1982 ingestel.
    NDSA: Folio 164, pp. 48-50; *The Pretoria News,* 1982-03-13.
65. NDSA: Folio 147, p. 8: Jaarveslag 1981/82.
66. *Ibid.*
67. NDSA: Folio 148, p. 6: Notule, 1982-10-04, R12/9/82; Folio 163, pp. 158-166: Verslag oor Organisasie en Diensstaatondersoek.
68. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 35.
    Ander groepe wat lesings ontvang het: Capital Park-dameskring, die Diplomatieke Vroueklub, die Dept. van Nas. Opv. se oorsese gaste - NDSA: Folio 161, p. 27: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste, Feb. 1984.
    Die Natuurbestuursvereniging van Suidelike Afrika ('n simposium oor jagvoëls) - NDSA: Folio 153, pp. 63-64: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige Dienste, Apr. 1983.
69. *Die Transvaler,* 1963-03-29; *The Pretoria News,* 1963-03-29.
70. ATM: M en D notules: Verslag, pp. 487-488.
71. A.K. Haagner, *A guide to the National Zoological Gardens* (1924).
72. NDSA: N Z G Report 1928, p. 3.
73. NDSA: N Z G Report 1935, p. 8.
    In 1935 was die totale koste van die gids £145:0:7 vir 7 971 kopieë. Donasies en advertensies het die uiteindelike koste op £9:18:7 te staan gebring - NDSA: N Z G Report 1935, p. 8.
    In 1939 het die skilder J.H. Pierneef die voorblad ontwerp - NDSA: N Z G Report, 1939, p. 7.
74. NDSA: N Z G Report, 1939, p. 7.
75. NDSA: N Z G Report, 1942, p. 7; N Z G Report 1943, p. 7.
76. R. Bigalke, *Dertigste jaarfees: Soewenier van die Nasionale Dieretuin.*
77. *Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969.*
78. NDSA: N Z G Report, 1941, p. 10.
79. NDSA: N Z G Report, 1942, p. 9.
80. NDSA: N Z G Report, 1944, p. 10.
81. NDSA: N Z G Report, 1943, pp. 8-9.
82. NDSA: N Z G Report, 1944, pp. 9-10.
    In die reeks *Verhale van Moedernatuur* het onder meer *Jagavonture in 'n waterdruppel* van prof. B. Elbrecht verskyn en in die *Soek en leer-reeks, Ons Motte-wêreld* deur dr. A.J.T. Janse. Dr. Nel was die skrywer van *In die Doringveld* en *Ratau, die Doringveldleeu.*
83. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens.*
84. NDSA: Folio 151, pp.13-14: R/23/2/83, verw. 14/7/3; Folio 153, p. 9: R8/4/83, verw. 14/7/73; Folio 158, p. 16; R23/9/83, verw. 14/7/3; Folio 162, p. 10: R19/3/84, verw. 14/7.
85. NDSA: Folio 153, p. 37: Brief van die Direkteur-genl. van Nas. Opv., 1983-04-14.
86. NDSA: Folio 163, p. 1: Notule, 1984-09-06.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ander skenkings: die Numbi-restaurant - R1 500, Hoëveld Makelaars - NDSA: Folio 165, p. 13: R8/11/84, verw. 14/7.

Saambou Nasionale Bouvereniging - R1 000, Noordwes Koöperasie - R100, S.S.T.-kabelspore - R1 000 - NDSA: Folio 164, p. 10: Notule, 1984-07-05.

Epol - R2 000 - NDSA: Folio 163, p. 7: Notule 1984-07-05.

87. NDSA: Folio 165, p. 13: R8/11/84, verw. 14/7.
88. *Die Transvaler,* 1964-03-05; NDSA: Folio 33, p. 13: Notule van die Komitee van Finansies, 1971-03-16.
89. A. Grotepass-de Feyfer, De Nationale Dierentuin in Pretoria (*Nieuws uit Zuid-Afrika* 23(3-4), Aug. - Sept. 1972, p. 23).
90. NDSA: Folio 36, p. 5: Notule, 1971-06-03.
91. NDSA: Folio 63, p. 6: Notule, 1974-02-07.
92. NDSA: Jaarverslag 1974/75, p. 20.
93. NDSA: Folio 66. p. 3: Notule, 1974-04-03, R8/4/74.
94. NDSA: Folio 72, p. 18: Notule, 1975-01-15.
95. NDSA: Folio 146, p. 8: Notule, 1982-09-02, R10/8/82.
    Die firma Hoofstadpos het die druk en lewering van *Zoön* behartig - NDSA: Folio 150, p. 1: Notule, 1983-03-03; Folio 160, p. 9: R28/1/84, verw. 13/3/1.
96. NDSA: Maandverslae en notules 1913: Notule, 1913-11-18.
97. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Notule, 1912-11-19.
98. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, 1916-03-21.
99. NDSA: Maandverslae en notules 1923: Notule, 1923-01-19.
100. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* pp. 73-74.
101. NDSA: Notule van die Komitee vir Algemene Sake, 1958-05-26.
102. NDSA: Maandverslae en notules 1923: Notule, 1923-01-19.
103. NDSA: Maandverslae en notules 1923: Notule, 1923-07-31.
104. Kyk hoofstuk III, p. 27.
105. *The Pretoria News,* 1927-06-24; R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p.69.
106. NDSA: N Z G Report 1931, p. 15.
107. R. Bigalke, *The National Zoological Gardens,* p. 70; NDSA: N Z G Report 1949, p. 6; N Z G Report 1952, p. 8; N Z G Report 1931, p. 15.
108. *The Pretoria News,* 1928-09-22.
109. *The Pretoria News,* 1928-10-06.
     Nog voorbeelde van reekse wat in nuusblaaie verskyn, is Half-hours at the Zoo (*The Pretoria News,* 1935), Halfuurtjie in die Dieretuin (*Die Vaderland,* 1935; *Die Volkstem,* 1935).
     Vanaf 14 Augustus 1956 het daar elke Saterdag 'n artikel in 'n reeks van dertig in *The Pretoria News* verskyn - NDSA: N Z G Report 1956, p. 8.
110. *The Pretoria News,* 1929-12-13; *Die Volkstem,* 1931-05-07.
111. *The Pretoria News,* 1929-12-31.
112. *The Pretoria News,* 1928-09-24.
113. *The Pretoria News,* 1928-09-26.
114. *The Pretoria News,* 1928-09-25.
115. *Die Boerevrou,* Mei 1929.
116. *The Pretoria News,* 1930-09-25; 1930-09-26; 1930-09-27; 1930-09-30; 1930-10-09.
     *Die Volkstem* het hierdie voorbeeld gevolg en 'n kompetisie is uitgeskryf waarin kinders die gewig van die leeumannetjie, Max, moes skat - *Die Volkstem,* 1930-12-09.
117. *Die Volkstem,* 1938-06-07; *Die Transvaler,* 1938-06-05; *The Star,* 1938-06-07; *Die Vaderland,* 1938-06-07; *The Pretoria News,* 1938-06-08; *Daily Express,* 1938-06-07.
118. NDSA: Jaarverslag 1964/65, p. 6.
119. NDSA: Jaarverslag 1974/75, pp. 18-20.
120. NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 15.
121. NDSA: N Z G Report 1939, p. 7; *Sunday Times,* 1938-05-28; *Rand Daily Mail,* 1939-05-29.
122. NDSA: N Z G Report 1946, p. 11.
123. NDSA: N Z G Report 1955, p. 9.
124. NDSA: Jaarverslag 1962, p. 2; Jaarverslag 1963, p. 25.
125. NDSA: Jaarverslag 1966/67, p. 11; Jaarverslag 1967/68, p. 17.
126. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 16; Jaarverslag 1969/70, p. 38.
127. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 17.
128. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 38; Folio 20: Notule, 1969-02-06; Folio 91: Notule, 1976-10-07; Folio 81, p. 4: R/6/9/75.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1970/71 het Sterfilms 'n kort nuusfilm oor die aktiwiteite in die Dieretuin gemaak wat in al hulle teaters in Suid-Afrika vertoon is - NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 10.

129. *Oggendblad,* 1975-06-26.

130. Top speakers (*Radio and TV* 20(52), 1975-08-04-1975-08-08).

131. *Die Transvaler,* 1976-10-22.

132. L. Schenk, A haven for creatures in danger (*Family radio and TV,* 1980-09-29-1980-10-05, pp. 54-57).

133. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 35; Folio 158: Brief van Johan Stemmet, regisseur van "Gé Sing", 1984-01-25.

Ander opnames wat gemaak is:

'n Advertensie vir Home Trust-Assuransie - NDSA: Folio 41, p. 5: R6/10/11.

'n Nuusfilm oor die Dieretuin vir Sterland - NDSA: Folio 32, p. 1: Notule 1976-02-04, R3/1/11 (R3/11/70)(R10/10/70).

'n Internasionale program in samewerking met TV-Nederland - NDSA: Folio 61, p. 27: Verslag van die Afdeling Opvoedkundige en Skakeldienste, Sept. 1973.

Akwariumopnames - NDSA: Folio 65, p. 4: Notule, 1974-04-03, R5/3/74.

Akwariumrolprent - NDSA: Folio 73, p. 5 en p. 27: Verslag Laer Gewerweldes, Jan. 1975; Direkteursverslag, Okt., Nov., Des. 1974, R12/1/75.

'n TV-produksie vir TV2/3 - NDSA: Folio 159, p 71: Brief van die SAUK, 1984-02-28; Folio 160, p. 3: R14/2/84. TV-film - NDSA: Folio 160, p. 13: R15/2/84, verw. 21/5. Heyns Films: Akwarium en Reptielpark - NDSA: Folio 85: Direkteursverslag 1976.

TV-program "Sing" -NDSA: Folio 92.

Program met bewaringsboodskap TV 2/3 - NDSA: Folio 123: Notule, 1980-03-13.

Produce Nippon A-V Production Japan (na die reuse sukses 'n opvolgreeks oor jagluiperds) - NDSA: Folio 123: Notule, 1980-03-24.

Kinnerland: "Natuurlewe" TV 3 - In die Akwarium - NDSA: Folio 138: Notule, 1981-10-28.

Heyns Films: "Natuurlewe" - NDSA: Folio 132: Notule, 1981-04-12.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# IX. DIE NASIONALE DIERETUIN EN DIE PUBLIEK

Die Nasionale Dieretuin se verhouding met die publiek was sedert sy ontstaan vir die bestuur van groot belang. Dit was immers op publieke aandrang dat die eerste lewendige diere wat op die markplein aangehou is, vertoon moes word. Sonder die toegangsgeld wat ingevorder is, sou die instansie nie kon voortbestaan nie. Hierdie hekgeld en geld wat deur diereritte en die verhuur van die teetuin geïn is, sou ook weer afhang van die goeie gesindheid wat daar wedersyds tussen die bestuur en publiek bestaan het. In hierdie hoofstuk sal al die fasette waaruit só 'n verhouding bestaan, van naderby bekyk word.

## Besoekersgetalle en toegangsfooie

Die toegangsfooi van ses pennies vir volwassenes en drie pennies vir kinders tussen 3 en 14 jaar wat sedert Februarie 1899 vir die besigtiging van die diere gevra is,[1] is vir die eerste keer in 1921 verhoog tot 9 pennies vir volwassenes.[2] Wat die besoekersgetalle betref, word aangedui dat reeds in September 1903 £466:11:3 in vergelyking met die vorige jaar se £349:13:6 ingevorder is.[3] Dit dui dus op 'n toename in die aantal besoekers. Volgens 'n besluit geneem op 9 Februarie 1904 is daar vir die eerste keer 'n spesifieke getal, naamlik 14 935 betalende besoekers, aangeteken. Skaars 'n paar maande later, in Julie, is dié getal verbygesteek en het dit op 15 014 vir daardie maand te staan gekom.[4] Dat die bestuur die besoekersgetalle fyn dopgehou het, is nie te betwyfel nie. Toe daar in 1903 gerapporteer is dat kompeterende vermaaklikhede (contra-attractions) in Burgerspark daarvoor verantwoordelik was dat besoekersgetalle afgeneem het, is 'n subkomitee dadelik aangestel om ondersoek in te stel hoe die publiek weer na die Dieretuin gelok kon word.[5]

Soms was daar spesiale dae waartydens die publiek gratis toegang tot die Dieretuin gehad het, soos byvoorbeeld op 24 Mei 1905, wat Empiredag was. Die eresekretaris van die Selborne-komitee het onderneem om 'n bedrag van ongeveer £50 aan die Dieretuin te skenk as die instansie sy hekke op daardie dag vir die publiek sou oopstel sonder om toegangsgeld te vra.[6] Vir Oktober 1911 is gerapporteer dat 11 596 betalende besoekers tot die Dieretuin toegelaat is. Dit was 1 509 meer as gedurende dieselfde maand in 1909. Die totale aantal besoekers vir 1911 het op 145 236 te staan gekom.[7] Die jaarverslag vir 1912 het aangetoon dat die aantal betalende besoekers met 6 000 afgeneem het en dat die getal op 134 366 te staan gekom het.[8] In die jaarverslag vir 1913 is kommer uitgespreek oor die feit dat die getal betalende besoekers verder met 3 100 afgeneem het. Die redes hiervoor is bespreek en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die beëindiging van die aandkonserte, die onrus as gevolg van probleme op nywerheidsgebied en ander plekke van vermaak, by name die rolprentteater en vaudeville-vertonings, die oorsaak moes



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wees.[9] Ook die 1928-jaarverslag het aangetoon dat die inkomste uit hekgelde nie bevredigend was nie en die verminderde besoekersgetal is aan die ontwikkeling van die Fonteinedal toegeskryf.[10] Daar het dikwels klagtes van die publiek gekom dat die toegangsgeld te hoog was, veral as 'n hele gesin die Dieretuin wou besoek en daarby nog van trems of busse gebruik moes maak. Volgens dr. Bigalke het die Bestuurskomitee verskeie keer die verlaging van toegangsgeld op die proef gestel, maar dié toegewing het nie tot verhoogde besoekersgetalle gelei nie. Hy het in 'n onderhoud met *The Pretoria News* (14 Maart 1928) spesifiek verwys na die tydperk Desember 1925 tot Maart 1926 toe toegangsgeld op Woensdae en Saterdae na 6d. vir volwassenes verlaag is. Die reaksie van die publiek was egter só swak dat die gewone tarief weer ingestel is. Wat wel meer suksesvol blyk te gewees het, was om toegangskaartjies vir die Dieretuin aan een, twee of drie trekke van die trems of munisipale busse te koppel. Hierdie kaartjies kon by die vervoerkantoor op Kerkplein verkry word en is in boekies van ses en twaalf kaartjies aangebied. Die doel hiermee was om 'n voordelige besparing vir groot gesinne of piekniekgroepe te bewerkstellig. Later is die kaartjies selfs as enkelkaartjies verkoop.[11]

'n Laagtepunt in besoekersgetalle en dus ook in hekgeld is in Desember 1931 bereik toe die Direkteur gerapporteer het dat die totale aantal besoekers vir daardie jaar slegs 105 869 was.[12] Dit het dus in skrille kontras gestaan met die gemiddelde aantal besoekers van tussen 130 000 en 150 000 per jaar.[13] Die totale inkomste van £2 568:15:3 was £376:18:2 minder as dié van die vorige jaar. Die Direkteur was van mening dat hierdie syfers waarskynlik nog laer sou gewees het, as dit nie was nie vir die aktiewe rol wat die Bestuur gespeel het om die publiek bewus te maak van al die aktiwiteite in die Dieretuin.[14] Dit was egter die laaste keer dat daar werklik sprake van 'n verminderde besoekersgetal was. Alhoewel daar in die daaropvolgende jaar wel minder **betalende** besoekers was, omdat blanke kinders onder 14 jaar en nie-blanke kinders onder twaalf jaar voortaan elke derde Woensdag van die maand gratis toegang sou geniet vanweë die verhoogde stadsraadstoelaag aan die Dieretuin, het die besoekersgetalle begin styg. Vir Augustus tot Desember 1932 was daar 21 855 blanke kinders onder 14 jaar wat saam met hul ouers 'n besoek aan die Dieretuin gebring het, in teenstelling met die 8 003 van die vorige jaar.[15]

In 1934 was die besoekersgetal die hoogste ooit sedert die ontstaan van die Nasionale Dieretuin in 1899 en dié getal was na verhouding selfs hoër as dié van die Londense dieretuin. Dr. Bigalke het dié bewering met die volgende statistiek gestaaf: "Die bevolking van Londen is ongeveer 8 miljoen en die aantal besoekers 1 557 791 per jaar. Pretoria het 100 000 inwoners, insluitend nie-blankes. Dit beteken dat dié dieretuin sewe en 'n half keer meer besoek kry as die Londense dieretuin."[16]

Vanaf 1937 is daar in dr. Bigalke se tyd in die jaarverslae die aantal motors in die parkeerarea wat nie registrasieplate van Pretoria vertoon het nie, aangeteken en vir daardie jaar is 82 220 motors van elders afkomstig, opgemerk.[17]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die groot aantal besoekers wat in 1938 die Groot Trek-eeufeesvierings in Pretoria bygewoon het, het gesorg vir 'n rekord besoek van 204 633.[18] Waar soldate in uniform in 1940 gratis toegang tot die Dieretuin geniet het, is besluit om van 1 Augustus 1941 af 3d.-toegangsgeld vir hierdie besoekers te vra. Die rede hiervoor was dat die instansie nie kon bekostig om dié inkomste te verloor nie. Nie minder nie as 35 309 soldate het sedert Junie 1939 die Dieretuin besoek. Die Raad was wel bereid om steeds gratis toegang aan die soldate te verleen, mits die stadsraad 3d. vir elke soldaat wat die Dieretuin besoek, sou bydra. Die stadsraad het egter nie sy weg oopgesien om so 'n ooreenkoms aan te gaan nie.[19]

Aan die einde van 1946 is gerapporteer dat die besoekersgetal die 300 000 merk oorskry het, ten spyte van die feit dat die gekombineerde bus/trem-Dieretuinkaartjie verval het.[20] Vanaf 1 Julie 1950 is die toegangsgeld vir die eerste keer na 1 sjieling vir volwassenes verhoog. Hierdie verhoogde tarief het egter nie tot 'n afname in besoekersgetalle gelei nie.[21] In die daaropvolgende jaar het die Raad besluit dat elke vyftigduisendste besoeker 'n gratis seisoenkaartjie vir twaalf maande sou ontvang.[22] Op 26 Junie 1955 het die tien miljoenste besoeker, J.A.S. Pienaar van Pretoria, die Dieretuin besoek.[23]

Op 1 Januarie 1958 is toegangsgeld van 1 sjieling tot 1 sjieling en 6 pennies vir volwassenes verhoog. Die toegangsgeld van ander dieretuine in die wêreld het in vergelyking met die Nasionale Dieretuin daar soos volg uitgesien:

| | | |
|---|---|---|
| Berlyn | 1.50 DM | (2s 6d) |
| Frankfurt-am-Main | 2.40DM | (4s) |
| Leipzig | 1DM | (1s 9d) |
| Londen | 3s | |
| San Diego | 50 cents | (3s 6d)[24] |

Voortaan sou toegangsgeld op 'n gereelde basis aangepas word. In 1961 is die toegangsgeld met die instelling van die nuwe geldeenheid na 15c verander en in daardie jaar is die halfmiljoen kerf verbygesteek en het 515 881 persone deur die ingangshekke van die Dieretuin beweeg.[25]

Vanaf 30 Mei 1964 moes kinders tussen ses en veertien jaar 5c toegangsgeld betaal en vanaf 1 Januarie 1965 moes skoliere en studente wat die Dieretuin in georganiseerde groepe besoek het, elkeen 5c betaal. Slegs spesifieke groepe, soos geïdentifiseer deur die Raad, en alle kinders onder ses jaar sou voortaan gratis toegang tot die Nasionale Dieretuin geniet. Hiermee is die lang tradisie van gratis toegang vir kinders beëindig. Wat die besoekersgetal betref, is eers weer in die boekjaar 1968/69 naby die halfmiljoenkerf gekom.[26]

In die jaarverslag vir 1973/74 het die Direkteur gerapporteer dat die 600 000 merk met 'n totaal van 687 592 besoekers verbygesteek is.[27] Vanaf 29 Junie 1974 is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toegangsgeld na 50c vir volwassenes en 20c vir kinders verhoog en dieselfde fooie sou by die ingangshek tot die Akwarium en Reptielpark geld. Waar die toegangsgeld vir studente en skoliere in georganiseerde groepe steeds 5c sou wees, sou hulle 10c by die Akwarium en Reptielpark moes opdok. Wat die Akwarium en Reptielpark betref, was daar in 1974/75 363 084 betalende besoekers en in 1976/77 192 221.[28]

Teen 1983/84 het volwassenes R1,50, kinders tussen ses en vyftien jaar 50c en skoliere en studente in georganiseerde groepe 20c betaal. Op Sondae en openbare vakansiedae het volwassenes R2,00 en kinders tussen ses en vyftien jaar R1,00 betaal, terwyl spesiale groepe en alle kinders onder ses jaar gratis toegang tot die Nasionale Dieretuin verkry het. Die totale aantal besoekers vir dié tydperk het op 561 636 te staan gekom. Wat die Akwarium en Reptielpark betref, was toegangsgeld dieselfde as dié van die Dieretuin en het die totale aantal besoekers vir die 1983/84-boekjaar op 495 928 te staan gekom.[29]

## Besoektye, regulasies, beserings en kritiek

Wat die besoektye van die Nasionale Dieretuin betref, het die offisiële gidsboeke die volgende inligting verstrek: van September tot April was die Dieretuin van 8:00 tot 18:00 oop en van Mei tot Augustus van 8:00 tot17:30 saans vir besoekers oop.[30] Na aanleiding van vandalisme en steurnisse deur lede van die publiek en nadat die Bestuurskomitee inligting van verskeie perdewedrenklubs verkry het van hoe hulle toeskouers tydens byeenkomste beheer het, is op die volgende regulasies vir die Dieretuin besluit: Dit was streng verbode om diere te terg en enigeen wat betrap is, sou uitgesit word. Besoekers mog nie blomme pluk nie en honde wat in die Dieretuin aangetref is, sou van kant gemaak word.[31] Vuurmaak in die Dieretuin was streng verbode en oortreders sou vervolg word. Geen rommel mog rondgestrooi word nie, maar moes in die houers wat daarvoor aangebring is, geplaas word. Enige persoon wat 'n openbare steurnis veroorsaak of hom aan wangedrag skuldig gemaak het, sou uitgesit word. Hierdie regulasies is op 'n kennisgewingbord by die ingang aangebring.[32] Interessant is die feit dat die publiek wel toegelaat is om die diere te voer. Behalwe in gevalle waar spesifieke kennisgewings aangebring is, kon besoekers byvoorbeeld aan papegaaie grondboontjies, neute en vrugte, en aan skilpaaie blaarslaai, piesangs, wortels en die toppe van groen groentes gee. Eekhorings kon neute, akkers, beskuitjies, broodrolletjies en suiker ontvang en olifante brood, broodrolletjies, koekies en vrugte. Die bere kon op brood, broodrolletjies, vrugte, suiker en heuning getrakteer word. Hierdie voorskrifte het onder meer in die gids wat by die ingang beskikbaar was, verskyn. Dit het natuurlik beteken dat besoekers met sakke vol eetgoed by die hekke ingelaat kon word en piekniekgangers maklik van hul oorskiet só ontslae kon raak. Leeus, tiers, wildekatte en otters mog onder geen omstandighede gevoer word nie en tabak aan diere is streng verbied.[33] Hierdie regulasies is egter later hersien toe die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dieretuin van sy inwoners deur vergiftiging verloor het. In die sewentigerjare het die volgende regulasies op die kennisgewingborde verskyn: Geen persoon mag diere, reptiele of voëls voer of terg nie of hom aan hinderlike gedrag skuldig maak nie. Die veiligheidsreëls mag nie verontagsaam word nie en kinders onder veertienjarige ouderdom moet deur 'n volwassene vergesel word. Indien 'n besoeker enige van die regulasies van die Dieretuin oortree, kan hy onmiddellik deur 'n Dieretuinbeampte van die terrein verwyder word.[34]

Alhoewel alle redelike voorsorgmaatreëls vir die besoeker se veiligheid deur die Raad getref is, het die Bestuur hom nie verantwoordelik vir enige ongelukke wat in die Dieretuin mog plaasvind, gehou nie.[35] Nogtans het daar wel van tyd tot tyd een of ander onvoorsienbaarheid gebeur. In Mei 1916 rapporteer die Direkteur dat 'n nie-blanke oppasser, wat veronderstel was om 'n babaseuntjie van agtien maande op te pas, so verdiep in haar gesprek met iemand anders was dat sy nooit agtergekom het dat hy deur die tralies van die bruinbeer se hok gekruip het nie. Was dit nie vir bewaarder Schlüter wat die gille gehoor, die kind gered en die ambulans gebel het nie, kon die ongeluk noodlottige gevolge gehad het. Alhoewel die pers na dese van mening was dat ogiesdraad voor die tralies gespan moet word om soortgelyke ongelukke te voorkom, het Haagner hierdie voorstel as onooglik en te duur afgemaak en opdrag gegee dat oppassers en kindertjies nie in die omgewing van die leeu-, tier- of beerhokke mag wandel of speel nie. Ook die pale waarop die bobbejane gesit het en die seekoeikamp moes vermy word.[36] 'n Jong soldaat wat van Oos-Afrika met verlof was, is in die Dieretuin (van alle plekke!) erg deur 'n leeu gebyt. Die jong man het na bewering oor die handreëling van die leeuhok geklouter met die gevolg dat die swartmaanhaarleeu sy arm beetgekry en dit erg verskeur het. Die reëling is met ogiesdraad toegespan en nog 'n reëling in die dwarste, wat as versterking moes dien, is aangebring.[37]

Dit was nie altyd die inwoners van die Dieretuin wat verantwoordelik was vir beserings wat opgedoen is nie. Die jonge Paul Mooney, die seun van die teekamerbestuurder, is op 7 Februarie 1933 op 'n swaai in die speelterrein beseer toe die raamwerk losgeraak en op die seuntjie se arm neergestort het. Dit het 'n fraktuur tot gevolg gehad en die vader het onmiddellik skadevergoeding van die Raad geëis. Aangesien die Dieretuin nie by 'n geregtelike geding betrokke wou raak nie, is besluit om 'n bedrag van £160 sonder die erkenning van enige skuld aan die eiser te betaal. Uiteindelik het die saak wel 'n draai in die hof gemaak en die hele petalje het die Dieretuin £230:11:8 uit die sak gejaag.[38]

Dat leeus nog altyd maar 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag vir die mens (of andersom) gehad het, blyk duidelik uit die volgende insidente. In Julie 1952 kon 'n 21 maande-oue seuntjie van Rietfontein, Pretoria die versoeking nie weerstaan om 'n klein leeuwelpie, wat dan net soos 'n wollerige katjie gelyk het, te streel nie. Met dié dat hy sy handjie in die hok gesteek het, is hy lelik toegetakel, maar is gelukkig na hospitaalbehandeling ontslaan. 'n Dieretuinbeampte het aan die pers verklaar dat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

publiek gereeld gewaarsku word om nie met die diertjies te lol nie en dat die Bestuur nie beplan om die welpies na 'n ander hok te skuif nie.[39]

Die geval waar die sesjarige dogtertjie Liesbeth Botha op 17 Julie 1968 deur 'n leeu aangeval is, het groot opspraak in die plaaslike koerante verwek. Dié voorval het tydens 'n lesingtoer onder leiding van Laurie Smith plaasgevind. Daar was ongeveer dertig persone in die groep. Teen halfvier daardie middag het hulle die leeuhokke teen die noordelike hange bereik en is hulle verby die nagkwartiere van die diere begelei. Die leeu het naby die groep, aan die binnekant van die tralies, gestaan. Volgens 'n ooggetuie het die dogtertjie, wat naby die tralies verbygeloop het, skielik gestruikel en haar voet het binnetoe gegly. Die leeu het daarna gehap en haar been beetgekry. Die gids het gelukkig kopgehou en die dier op sy neus geskop, waarop hy dadelik laat los het. Die kind is na die H.F. Verwoerd-hospitaal geneem waar sy 'n hegoperasie ondergaan het. Haar been was so erg beseer dat dit daarop gedui het dat die dier haar hele been in sy bek gehad het.[40] 'n Toeskouer van die voorval het in 'n brief aan die Raad Smith se kalme en korrekte optrede geprys en sy het ook bevestig dat die gids die groep telkens gewaarsku het om nie te na aan die hokke verby te stap nie en dat hy geen skuld aan die voorval gehad het nie.[41]

Soms het die werknemers self deurgeloop. So byvoorbeeld het 'n Afrikaanse buffel in 1922 skielik baie boosaardig geraak en een van die swart arbeiders stormgeloop. Ofskoon die werknemer ernstig beseer is, en drie van sy ribbebene gebreek was, is gerapporteer dat hy goed in die hospitaal aan die herstel was.[42] Daar was ook die geval toe 'n swart-luiperdwyfie bewaarder H.J. Grobler op 26 April 1965 geniepsig met sy klou onder die linkeroog gekap het toe 'n inspuiting teen katsieke aan haar toegedien moes word[43] en in 1983 is die tegniese assistent by die Afdeling Dieregesondheid, mej. E.J. Myer, en 'n swart arbeider in die hospitaal opgeneem nadat hulle in twee afsonderlike voorvalle deur dieselfde halsband pekarrie ('n soort wildevark) aangeval is. Hierdie dier is toe verwyder.[44]

Die publiek se betrokkenheid by die Dieretuin die afgelope 85 jaar het reeds in vorige hoofstukke na vore gekom en daar is deurentyd uit briewe waarin die instansie vir die tuinuitleg, die versorging van die diere en die opvoedkundige programme lof toegeswaai is, aangehaal. Die deelname aan kompetisies geloods deur die Dieretuin, in samewerking met die pers en gediggies wat gepubliseer is, is alles voorbeelde dat die Raad sy doel, naamlik 'n noue kontak met die man op straat, bereik het. Wanneer die Dieretuin die hulp van die publiek nodig gehad het, was die reaksie oorweldigend. Een so 'n voorbeeld is die keer toe daar na 'n surrogaat-ma gesoek is vir die welpies van 'n tierwyfie wat nie vir haar werpsel kon sorg nie. Van heinde en verre is sogende tefies aangebied en daar is uiteindelik besluit op Lindie, 'n stamboek herdershond. Natuurlik is die publiek deur middel van persberigte en foto's op hoogte gehou van die kleingoed se vordering.[45] Op sy beurt het die Dieretuin ook soms 'n buitengewone diens gelewer. So het die koerant *The Star* berig dat emmersvol "liondroppings" by die Dieretuin weekliks deur die publiek weggedra word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die doel hiermee was om dié misbolle te gebruik om ongenooide honde van mense se grasperke te hou - 'n geloof waarin hierdie "miskruiers" vas geglo het![46]

Mense het egter ook nie geskroom om waar nodig kritiek te lewer nie. In 'n brief wat in 1914 in *De Spectator* verskyn het, is beweer dat Mary, die olifant, deur die Dieretuin-mahoet mishandel is. Uit die Direkteur se reaksie lei 'n mens af dat dié dier van tyd tot tyd 'n drag slae op die lyf geloop het. Op hierdie aantygings het Haagner gereageer deur die skuld vir die mishandeling op die skouers van 'n mahoet wat ten tyde van dr. Gunning in diens was, te plaas. Die Direkteur het verder vertel dat die skuldige altyd alle aantygings van mishandeling ontken het en die mening gehuldig het dat sou 'n olifant eers een keer toegelaat word om hand uit te ruk, dit dan twee keer so moeilik is om hom te beheer. Hy het verder ook beweer dat hy tussen olifante gebore is en grootgewod het en indien hy nie die olifant kon hanteer soos wat hy geleer is om te doen nie, hy sy ontslag sou gee ... wat hy dan ook gedoen het. Die swarte wat toe die werk moes verrig, was bang vir die olifant en het hom wel die "gebruiklike" hou toegedien wanneer dit nodig was. Haagner het hom teen verdere aantygings verweer deur vol te hou dat indien Mary nie van tyd tot tyd in die bek geruk word nie, sy tot haar stal beperk sou moes word.[47] Daar is wel besluit om weer op die uitkyk vir 'n "Coolie Mahout" te wees en die Direkteur het in 'n brief aan die registrateur van Asiatiese Aangeleenthede, versoek dat onderhandelings aangeknoop moet word om 'n mahoet wat in Durban beskikbaar was, in die hande te kry.[48]

In 'n brief aan die Direkteur, gedateer 24 April 1926, is kritiek deur die Dierebe-skermingsvereniging gelewer oor die toestand waarin die voëls in die Dieretuin aangehou is en daar is ook beweer dat die instansie nie aan die opvoedkundige taak wat hy moet verrig, voldoen nie.[49] Tydens die volgende Bestuursvergadering is die inhoud van hierdie brief bespreek en die Direkteur het opdrag ontvang om meer besonderhede in verband met die klagtes oor die huisvesting van diere in te win, waarna die saak met die afgevaardig-des van die DBV bespreek sou word. Wat die res van die aantygings betref, is die volgende genotuleer: "The Chairman, H.C. Jorissen emphasised his view that he was not prepared to discuss anything else with them, as it was a question of interference in policy and management by an outside body."[50]

Ook ander klagtes oor die beknoptheid van die hokke en kampe is gedurende Haagner se dienstyd ontvang. "Humane" en "Lover of animals" het in *The Pretoria News* van 21 Julie 1926 ernstige beswaar hieroor aangeteken. Die redaksie van die koerant het verdere aandag hieraan geskenk en tot die gevolgtrekking gekom dat 'n oop hok of kamp vir die meeste diere en 'n reuse voëlhok die aangewese verbeterings sou wees. Ongelukkig het die Dieretuin op daardie tydstip nie oor die nodige fondse vir sulke veranderings beskik nie. 'n Opelug kamp vir leeus sou die Bestuurskomitee £2 000 uit die sak jaag.[51] Sommige kritiek was gebaseer op 'n prinsipiële beswaar teen die Dieretuin as 'n instelling. "Plutarch", wat aan *The Pretoria News* geskryf het, was duidelik anti-dieretuin en het sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

brief met klagtes afgesluit met 'n verwysing na die moeë olifant, wat na 'n moeilike dag van kinders te karwei nog 'n ekstra halfuur met die "harnas" op haar rug moes bly staan. Sy finale gevolgtrekking oor dieretuine was "let us work together in order to obtain the total abolition of the out-of-date practice of keeping wild animals in cruel confinement".[52] Hierdie brief tesame met die bewerings van sogenaamde wreedheid teenoor diere is deur die Direkteur en die sekretaris-tesourier van die DBV gerepudieer.[53]

Verdere voorbeelde van kritiek het gegaan oor die te hoë toegangsgeld,[54] die ysbeer wat te warm sou kry[55] en die identifikasieborde wat volgens besoekers foutief en onvolledig was.[56] Ook sou die kwessie van die kennisgewings waarop "slegs vir blankes" gestaan het, kritiek uitlok.[57] Hierteenoor het die felste kritiek juis gegaan oor die nie-blanke besoekers, "apartheid" in die Dieretuin, aparte besoekersdae en die swak gedrag van hierdie groep mense. Die hele kwessie rondom die Dieretuin en die nie-blanke besoekers word later in hierdie hoofstuk bespreek.

## Die Dieretuin as plek van ontspanning

### 1. Musiek en bioskoopvertonings

Sedert die ontstaan van die Dieretuin, en veral vanaf die verhuising na Rus in Urbe, is die feit dat dit 'n plek van ontspanning en vermaak moet wees, sterk beklemtoon. So is daar van die dienste van 'n militêre orkes gebruik gemaak wat teen £20:0:0 per maand opgetree het.[58] Gewoonlik het dié uitvoering op Sondagmiddae en Woensdagaande plaasgevind.[59] In die somer het die orkes soms twee keer op 'n Sondag opgetree en dan is £15 vir albei optredes gevra, andersinds was die fooi £10 "including a good plain tea, as it would be hard for them to get a meal in the town. A good supply of bread and butter and jam would be quite sufficient". Tot 45 orkeslede (omdat die orkesverhogie nie meer as dié getal kon huisves nie) kon optree. Die enigste vereiste wat aan die orkes gestel is, was dat slegs klassieke musiek tydens optredes gespeel sou word.[60]

Volgens kaptein R. Berkeley, die president van die militêre orkes van die 2nd Bat. Leinster Regiment, Pretoria kon hy die musikante aanbeveel, want "I feel certain our Band would give satisfaction, as they are at present better than they have been for a very long time and all the bandsmen are a quiet well behaved lot of men."[61]

Tydens spesiale geleenthede soos die Kroningsviering wat op 27 Junie 1902 plaasgevind het, waartydens die publiek gratis toegang tot die Dieretuin gehad het, het die orkes ook opgetree.[62]

In 1915 is die uitvoerings op die eerste Sondag van April so goed bygewoon dat daar besluit is om 'n kleiner orkes vir die oorblywende Sondae te huur. Hierdie uitvoerings is ook in die koerant geadverteer, maar aangesien hierdie orkes nòg uit 'n finansiële, nòg wat estetiese gehalte betref, 'n sukses was, is hierdie uitvoerings gestaak.[63]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Volgens die Dieretuingids van 1924 het musiekuitvoerings gedurende die wintermaande op Sondagmiddae om 15:00 en om 15:30 gedurende die somermaande plaasgevind en die toegangsfooi vir volwassenes was een sjieling.[64]

In April 1928 is 'n nuwe orkesverhoog spesiaal vir die musiekuitvoerings voltooi[65] en vir die inwyding daarvan is 'n spesiale konsert vir die middag van 13 Mei 1928 gereël. Die uitvoering, deur die Suid-Afrikaanse Polisieorkes, het onder die stok van T.H. Wheeler plaasgevind.[66]

Tydens die opening van die nuwe Palm Court-teekamer op 6 Augustus 1928 is van die dienste van die Brunswickpanatrope gebruik gemaak met 'n program wat daar soos volg uitgesien het:

> Die Groot Mars uit die *Nibelungen* van Wagner
> Uittreksels uit *Faust* van Wagner
> 'n Lied, *Maire my girl* van Aitken, met die solis A. Boonzaaier
>
> *Valse Estudiantina* van Waldteufel
> Uittreksels uit *The Gondoliers* (Sulivan)
> 'n Xilofoonsolo *Beppo* van Bryne, met W.H. Foster as solis
>
> Uittreksels uit *The Desert Song* van Romberg
> *The Mill in the Forest* van Ellenberg en
>
> *Het Lied der Afrikaners* (Waarskynlik "Afrikaners, landgenote")
> *God Save the King.*[67]

Die Polisie-orkes het ook opgetree en geen ekstra toegangsgeld is by hierdie optrede gevra nie.[68]

In 1935 het die Kommissaris van Polisie egter aangedui dat daar aan die einde van daardie jaar 'n munisipale orkes gestig sou word waarin die Polisie-orkes opgeneem sou word en dat uitvoerings in die Dieretuin daarna nie meer moontlik sou wees nie.[69]Die offisier in beheer van die Spesiale Diensbataljon van die staandemag het egter ingestem om teen £5 per konsert in die Dieretuin op te tree, waarop die Raad ingestem het om die onkoste aan die advertensies van die uitvoerings verbonde, asook die vervoer van die orkeslede en die verskaffing van verversings te dra. Later is ooreengekom om konserte op 'n gereelde basis teen £7:10:0 per optrede te hou. Gedurende 1936 is sewe uitvoerings gegee[70] en hierna het optredes tot 1959 gereeld plaasgevind toe die blaasorkes wat gereeld opgetree het, nie meer beskikbaar was nie.[71] Alhoewel daar in die jaarverslag vir 1961 gerapporteer is dat 'n paar uitvoerings wel gegee is, kon daar nie vaste reëlings getref word om op 'n meer permanente grondslag optredes te verseker nie, omdat die twee orkeste waarop steeds staatgemaak is, naamlik die Suid-Afrikaanse Lugmag- en die Suid-Afrikaanse Leërorkes, te veel ander verpligtinge gehad het.[72] Na hierdie verslag is daar nooit weer van konserte in die Dieretuin melding gemaak nie. Buiten die orkesoptredes is daar ook na ander vermaaklikhede in die Dieretuin om die publiek te trek, verwys. So was daar 'n vuurwerkvertoning deur Pain and Son van Londen in Mei 1903 gehou.[73]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bioskoopvertonings in die Dieretuin was in die vroeë jare ook nie ongewoon nie, soos byvoorbeeld op 2 Desember 1908.[74] In 1911 is 'n kontrak tussen die Direkteur van die Dieretuin (namens die Bestuurskomitee) en F.W. Walker aangegaan met betrekking tot die verhuur van die stoor, die musiekverhoog en die terrein rondom hierdie twee geboue. Die huurder het dit vir bioskoopvertonings en vermaaklikheidskonserte gebruik en het £5 per konsert vir die orkesverhoog en die terrein daaromheen en £50 per maand vir die stoor om die bioskoopvertonings in te hou, betaal. Volgens die kontrak was Walker ook verantwoordelik vir die loon van vier Dieretuinwerknemers vir hul hulp tydens die vertonings, asook die elektrisiteit wat verbruik is. Verdere voorwaardes vir die huur was dat "the lessee undertakes to properly and efficiently conduct all entertainments in a respectable and moral manner, and to provide a suitable number of persons to prevent the performance in the grounds of any acts which may be detrimental to the lessors or the morals of the inhabitants and the public at large, or which may cause offence to the general public". Weens swak ondersteuning is die bioskoopvertonings later gestaak. Walker het die volgende as rede hiervoor aangevoer: "it is utterly impossible for me to compete with such places of entertainment as the Grand and Vaudette, which are centrally situated ...".[75]

2. **<u>Teetuin, piekniekplekke en speelterrein vir kinders</u>**

Ooreenkomstig een van die doelstellings van dieretuine om ook ontspanning aan die besoekers te bied, was die voorsiening van verversings dus 'n noodsaaklikheid. Daar word vir die eerste keer melding van 'n teetuin in die Dieretuin gemaak in die Museum en Dieretuinnotuleboek van Januarie 1897 tot Februarie 1905 waarin die voorwaardes vir die verhuur van dié tuin bespreek is. Tydens 'n vergadering, gehou op 5 September 1902, is besluit dat die huur 'n maand vooruit betaalbaar moet wees en dat die pryse van artikels deur die Bestuurskomitee goedgekeur moet word. Die huurder was ook verantwoordelik vir die voorsiening van een honderd goeie tafels en twee honderd mooi sterk tuinstoele. Die kafeteria sou weeksdae van 10:00 tot sononder oop wees, tydens musiek- en ander uitvoerings asook op Sondae.[76] Later, toe die "Sunday Law" ingestel is, wat beteken het dat alle kafees Sondae gesluit moet wees en dat geen verversings verkoop mog word nie, het die Direkteur die Koloniale Sekretaris versoek om die Dieretuin van hierdie bepalings te onthef. Dr. Gunning het daarop gewys dat sommige besoekers aan die Dieretuin meer as 'n myl moet loop alvorens hulle die ingang bereik en dan was dit nog 'n hele ent wat tussen al die verskillende hokke en kampe afgelê moet word. Die getalle op 'n Sondag het ná hierdie wetgewing van 2 480 tot 800 gedaal en 'n pleidooi is gelewer dat toestemming verleen moet word dat ligte verversings, maar geen alkohol nie, verkoop kon word.[77]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1917 het Arnold Theiler voorgestel dat die Dieretuin self die verversings moet behartig, nadat die huurder aangedring het op 'n verlaagde huurtarief.[78] Hiervan het egter niks gekom nie. Op 31 Augustus 1933 het die jaarverslag melding gemaak dat M.J. Levien se tender vir die huur van die Palm Court-teetuin aanvaar is en dat hy £25 per maand sou betaal.[79] Sedertdien is daar nooit weer in enige jaarverslag van die teetuin melding gemaak nie tot in 1963/64, toe daar na die netto wins van R248,81 verwys is wat vir sewe maande, geëindig op 31 Maart 1964 geïn is. Melding is ook gemaak van opknappingswerk en nuwe toerusting wat vir die "restaurant" aangekoop is, maar die restaurant was steeds onder huurkontrak.[80]

Omdat die Suid-Afrikaner 'n liefhebber van die buitelewe is en van piekniek en braaivleis hou, is 'n gedeelte van die Dieretuin ten suide van die oewer van die Apiesrivier en in aansluiting met die teetuin, vir hierdie doel gereserveer.[81] Fasiliteite vir kookwater is voorsien en op Sondae en vakansiedae was daar selfs twee swartes wat by die ingang van die Dieretuin diens gedoen het om piekniekgangers met die vervoer van hul toerusting na die terrein te help.[82] Mettertyd is vuurmaakplekke, voorsien van brandhout en water, en tafels en banke aangebring. [83]

In reaksie op klagtes van besoekers aan die Dieretuin dat daar nie voldoende ontspanningsfasiliteite was nie, is besluit om die terrein reg noord van die Apiesrivier só in te rig dat dit ook as piekniekplek gebruik kon word,[84] juis omdat "die ontspanningsdoel van die Nasionale Dieretuin, ofskoon dit streng gesproke ondergeskik is, tog ook van groot waarde in die wêreld van gejaagdheid waarin ons vandag lewe (is)".[85]

Teen April 1984 is gerapporteer dat 'n gedeelte van bogenoemde terrein in 'n "ontspanningsoord" omskep is. Bome is, waar nodig, uitgekap en verwyder en die terrein is gelyk gemaak. Die verspoelde walle van die oewer is herstel en met gras beplant. Blombeddings is uigelê en grasperke en struike is aangeplant. Sitplekke en vleisbraaiplekke is ook aangebring om sodoende aan die behoeftes te voorsien van mense wat met hul kosmandjies 'n dag in die Dieretuin wou deurbring.[86] Wat die speelplek vir kinders betref, is daar sedert die ontstaansjare van die instansie in hierdie behoefte voorsien en 'n terrein met skoppelmaaie, wipplanke en ander apparaat is in die nabyheid van die teetuin en musiekpawiljoen opsygesit.[87]

## 3. Diereritte, die Listerpassasierstrok, die Laurie Ham-ekspres en die kabelspoor

Vir die meeste kleingoed was 'n besoek aan die Dieretuin in Pretoria sinoniem met 'n rit op een of ander dier, maar in die besonder 'n rit op die olifant. Omdat hierdie trekpleister 'n addisionele inkomste vir die Dieretuin beteken het, het die Bestuur geen steen onaangeraak gelaat om te sorg dat die instansie oor 'n geskikte olifant beskik nie. Juis om hierdie rede was die verkryging van die Sammy Marksolifant, Mary, 'n waardevolle toevoeging tot die Dieretuinversameling.[88] Op Sondae en vakansiedae en op Woensdag-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en Saterdagmiddae is perdekar-, donkiekar- en olifantritte onderneem.[89] Later is selfs 'n dromedaris tot hierdie versameling van rydiere toegevoeg.[90] In 1936 is van 'n Indiese olifant, 'n dromedaris, 'n perdekarretjie, 'n bokwa en vyf diere met saals, naamlik 'n Shetlandponie en drie donkies en een perd gebruik gemaak en was die totale inkomste verkry uit diereritte vir daardie jaar £293:12:6.[91] Van 18 November 1942, toe die geliefde Mary gevrek het,[92] tot 13 September 1958 is geen olifantritte onderneem nie omdat daar nie 'n geskikte olifant vir hierdie doel opgespoor kon word nie. Op 14 September 1958 het Peggy, die nuwe Indiese olifant, die tradisie voortgesit.[93] Vanaf 10 Augustus 1969 is alle diereritte gestaak[94] en op 18 Augustus 1970 het die Raad besluit om diereritte, vanweë die gevaar wat dit vir besoekers inhou, af te skaf.[95]

Met die oog op die uitbreidings teen die noordelike hange het die Raad in 1937 'n klein motorwaentjie, die Listerpassasierstrok, aangeskaf met die doel om diegene wat nie kans gesien het om die hele ent te voet af te lê nie, te vervoer. 'n Raam met sitplek vir twintig passasiers is deur die timmerman op die trok aangebring. Tot tyd en wyl die nuwe hokke en kampe, noord van die Apiesrivier, nog nie heeltemal voltooi was nie, is dié vervoermiddel in die ou deel van die Dieretuin gebruik. Die motor het besoekers op Sondae en openbare vakansiedae teen 'n geringe fooi van 'n pennie per trek (die maksimum was drie trekke) vervoer.[96] In April 1943 is hierdie waentjie verkoop, omdat dit nie meer kragtig genoeg was om die passasiers na die Noordelike Uitbreiding te vervoer nie en die bestuur het besluit om na 'n ander vervoermiddel uit te kyk sodra die oorlog verby was.[97]

In 1954 het die Raad van die Nasionale Dieretuin 'n Clarkton-trekkertrein met twee sleepwaens aangeskaf om die funksie van die ou Listertrok oor te neem. Elke wa kon twaalf passasiers vervoer.[98] Dit is die Laurie Ham-ekspres (na Raadslid Laurie van Zyl Ham wat hom beywer het vir die daarstelling van so 'n vervoermiddel) gedoop en het op 1 Augustus 1954 sy nooiensrit onderneem, toe lede van die Raad en ander eregaste die verste leeukampe gaan besigtig het. Die trein se hoogste snelheid was ongeveer sewe myl (11,26 km) per uur, en was Sondae en openbare vakansiedae tot die beskikking van diegene wat nie kans gesien het om die steil opdraande aan te durf nie.[99]

In 1970 is die ritte egter om dieselfde rede as die diereritte afgestel,[100] want volgens die Direkteur was die Dieretuin "eenvoudig net nie vir so 'n diens ingerig nie".[101] Dat hierdie besluit nie baie gewild was nie, blyk uit die feit dat die afskaffing van hierdie ritte meer as een keer onder bespreking was. Op aanbeveling van dr. Brand het die Raad toestemming gegee dat die trekkertrein deeglik nagesien en waar nodig herstel moet word. Die voorsitter, A.J. Koen, het dit jammer gevind dat een van die mooiste dele van die Dieretuin, dié ten noorde van die Apiesrivier, vir sommige besoekers ontoeganklik sou wees vanweë die groot afstand wat te voet afgelê moet word.[102] Na dese is besoekers, veral met die oog op opvoedkundige toere, met 'n vakkundige beampte as gids deur die Dieretuin vervoer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Mei 1967 het S.S.T. Kabelspore (Edms.) Bpk. begin met die oprigting van 'n sweefspoor in die Nasionale Dieretuin.[103] Die spoor sou binne agtien maande voltooi word en die idee was dat die amptelike opening in Oktober 1968, ten tyde van die kongres van die IUD wat in Pretoria sou plaasvind, gereed sou wees. Vanaf die teetuin, die beginpunt, het die spoor honderde meters tot bo-op die Daspoortrante gestyg waar die uitkyktoring opgerig is. Dit het uit 64 gondels of karretjies bestaan, elkeen met sitplek vir vier persone. Dit is volgens die sweefspoor van die Keulense dieretuin opgerig en is so laag moontlik aan die grond gehou. Met die hoogste punt sowat 'n honderd meter van die grond af, kon besoekers die beste uitsig verkry op die diere, wat so na moontlik aan hulle natuurlike staat gehuisves is. Alles moontlik is gedoen om die gondels so veilig en stil moontlik te laat beweeg, sodat die natuurlike atmosfeer van die omgewing nie versteur word nie en die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde het die veiligheid van die spoor vasgestel. Die totale koste van dié nuwe instelling het R2 500 beloop.[104]

Die sweefspoor is op 1 Oktober 1968 in werking gestel en die amptelike opening is op die 7de van dieselfde maand deur die burgemeester van Pretoria, P.R. Nel, waargeneem. Volgens 'n berig in *Die Transvaler* van 4 Desember 1968 het 28 000 besoekers gedurende die eerste week van die opening van die sweefspoor gebruik gemaak en dié gerief is elke dag vir die publiek beskikbaar gestel. Behalwe in Santiago, was die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika die enigste ter wêreld met 'n moderne kabelspoor, waarmee besoekers die hoërliggende gedeeltes van die Dieretuin kon besoek om 'n uitsig oor die hele kompleks te verkry.[105]

## 4. Die Nasionale Dieretuin en die nie-blanke besoekers

Reeds in die heel vroegste argiefmateriaal is melding gemaak van probleme wat met ander rassegroepe in die Dieretuin ondervind is. 'n Bestuursbesluit, geneem op 3 Desember 1901, het soos volg gelui: "Natives are in future not admitted to the Gardens on Wednesdays after 2°clock and on Sundays. This does not apply to natives of India in uniform."[106] Daar is tydens 'n latere vergadering besluit om toestemming by die koloniale Sekretaris te verkry "to limit the permission for Kaffirs to the Gardens to certain hours a day", aangesien blanke besoekers gekla het oor die feit dat nie-blankes dieselfde besoektye geniet.[107] As 'n reaksie op hierdie versoek het die Assistent-Koloniale Sekretaris voorgestel dat hoër tariewe tydens orkesuitvoerings ingestel moet word, wat waarskynlik - so is vermoed - die oorsaak tot die aanloop sou wees.[108] Die uiteinde van die saak was dat die Bestuurskomitee besluit het om swartes nie tydens konserte of enige ander sosiale funksie, wat deur blankes bygewoon word, toe te laat nie.[109]

In 1916 is besluit dat nie-blanke besoekers enige tyd tot die Dieretuin, behalwe Sondae en openbare vakansiedae, toegelaat sou word. Die laaste toegangstyd op 'n Sondag is van 14:00 tot 13:00 vervroeg, sodat alle nie-blankes teen 14:30 nm. uit die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tuin sou wees. Daar is verder besluit ten einde rassewrywing uit te skakel, sekere piekniekplekke en rusbanke met 'n bordjie wat lui "Europeans only" aan te dui.[110] Besware teen hierdie reëlings het ook nie uitgebly nie. Die president van die Native Congress het 'n brief aan die Bestuurskomitee gerig waarin hy versoek het dat die reëlings hersien moet word ten opsigte van "respectable" swartes, soos predikante, onderwysers en dies meer. Dit was 'n kontensieuse saak; die toelating van nie-blankes te alle tye sou ongetwyfeld die inkomste van die Dieretuin verhoog, maar die vrees het steeds bestaan dat die Dieretuin oorbeset kon word indien aan die versoek voldoen word.[111] Op 21 Februarie 1922 is dié aangeleentheid wéér bespreek en daar is besluit om by die bestaande reëls te volstaan. Die Direkteur kon egter sy eie diskresie gebruik met die toelating van swart kapteins, predikante en onderwysers.[112]

Briewe teen die verdringing van blankes deur luidrugtige nie-blankes wat tydens vakansiedae die Dieretuin oorstroom het, het dikwels in dagblaaie verskyn.[113] Na aanleiding van die toegewings aan soldate in uniform (p. 149) het 'n lid van die Kleurlingkorps in 'n brief aan *The Pretoria News* beswaar gemaak dat hy die Sondag toe hy die Dieretuin besoek het, wel 'n toegangsfooi moes betaal.[114] Hierop het die Direkteur in 'n brief aan dieselfde koerant geantwoord dat ooreenkomstig 'n Raadsbesluit geen vrye toegang aan nie-blanke soldate op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae verleen sou word nie, want "apart from the fact that many Europeans object to the presence of non-Europeans in the Zoo on Sunday and public holidays it has been necessary to impose a restriction in the case of non-European soldiers, because more than 5 000 soldiers seek free admission every month. Under these circumstances the question of control is by no means simple for a limited staff".[115] Ook het die druk besoek van honderde swart skoolkinders aan die Transvaal Museum, die Ou Transvaal Museum en die Nasionale Dieretuin aanleiding gegee tot talryke klagtes van die publiek. Die beswaar was dat die blanke verdring word en dat tot vyfhonderd swart kinders op een dag daar besoek afgelê het. Daar is ook beweer dat die swart onderwysers, wat die kinders vergesel het, "haastig (is) om klagtes in te dien as alles nie na hul sin geskied nie, byvoorbeeld wanneer hulle weens onvermydelike omstandighede miskien 'n bietjie vertraag word".[116]

'n Besoeker van Standerton, F.A. Grové, het sy kommer oor die toestand in die Dieretuin, veral tydens Nuwejaarsdag, in 'n brief aan *Die Vaderland* uitgespreek en voorgestel dat afsonderlike besoekersdae oor die Feesgety vir blank en nie-blank ingestel moet word.[117] "Teleurgestelde Pretorianer" het die probleem soos volg in sy brief aan *Die Transvaler* van 11 Januarie 1953 gestel: "Die blankes moes steeds wag dat die see van naturelle eers moes padgee, voordat hulle dit kon waag om ook iets van die diere te sien. Selfs by die restaurant kon ons nie die verversings in vrede geniet nie".[118] Op 26 Februarie 1953 het die Raad besluit dat slegs nie-blankes vanaf 1954 op 1 Januarie tot die Dieretuin toegelaat sou word. Hierdie reëling moes egter in 1968 gewysig word, nadat veelrassige toegang op die eerste Sondag ná Nuwejaar in 'n toenemende mate sedert



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1965 ernstige probleme tot gevolg gehad het. Aangesien dit onmoontlik was om die reël wat bepaal het dat nie-blankes nie op Sondae na 14:30 in die Tuin mag bly nie toe te pas, het die Raad besluit dat vanaf 1969 die eerste Sondag van elke jaar óók as 'n nie-blanke besoekersdag sou geld. Verder is besluit dat 25 en 26 Desember slegs vir blanke besoekers gereserveer sou word. Hierdie nuwe reëlings is by wyse van 'n prominente kennisgewingbord by die hoofingang bekend gemaak, asook deur berigte in sewe dagblaaie en paslike nuusberigte oor die verskillende senders van die SAUK en die beantwoording van telefoniese navrae. Nadat hierdie strategie van besoekerbeheer toegepas is, het die Direkteur gerapporteer dat die nuwe reëlings uitstekend werk - "ordelik, sonder enige probleme". Dit wou voorkom asof hierdie maatreëls gunstig deur die publiek ontvang is. Die totale aantal nie-blanke besoekers het 'n aansienlike toename getoon en die enigste probleem wat die Dieretuin in daardie stadium ondervind het, was 'n tekort aan toiletgeriewe.[119]

Die probleme rondom besoekersgetalle wat op gewone Sondae en openbare vakansiedae bly styg het, het onrusbarend toegeneem en die Raad het begin vrees dat rassebotsings die een of ander tyd sou plaasvind. Voorsitter Koen het gevolglik sy voorstel dat die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling genader moet word met die versoek dat daar oorweging geskenk moet word aan die daarstelling van 'n dieretuin in een van die swart stede wat beplan word.[120] Tydens 'n vergadering op 4 November 1970 het die Raad die wenslikheid van 'n afsonderlike dieretuin vir swartes en die dringendheid van so 'n projek weer eens sterk beklemtoon en daar is besluit dat 'n komitee, bestaande uit die voorsitter, A.J. Koen, die vise-voorsitter, ds. G.J. Davidtz, en die Direkteur, die Minister van Nasionale Opvoeding oor die aangeleentheid moet gaan spreek.[121] Die Minister het die noodsaaklikheid van so 'n dieretuin ingesien en was die idee goedgesind. Hy het onderneem om die saak by sy kollega, die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling aanhangig te maak. Hy het egter aangedring op 'n skrywe van die Raad waarin die redes vir die dringende daarstelling van 'n aparte dieretuin vir swartes uiteengesit moet word.[122] Twee jaar het verbygegaan na hierdie vergadering en steeds is geen besluit in dié verband geneem nie. Groenewald, die Onderdirekteur het in sy verslag vir Januarie 1972 gewaarsku dat dit duidelik geword het dat die ou maatreël dat swartes in teenstelling met Indiërs en kleurlinge op Sondae en openbare vakansiedae die Dieretuin om 15:00 moet verlaat, 'n toenemende mate van ontevredenheid by die swartes veroorsaak en dat hulle gedurende die afgelope somervakansie sterk protes aangeteken het teen die onbillike wyse waarop daar tussen nie-blankes gediskrimineer word. Groenewald was van mening dat dié reëling òf op alle nie-blankes van toepassing gemaak moet word, òf verkieslik afgeskaf moet word en afsonderlike dae waar nodig ingestel moet word.[123]

Na talle telefoniese besware oor die teenwoordigheid van die groot aantal swartes tydens die Paasnaweek van 1972 en die feit dat hulle geweier het om die Dieretuin na 15:00 te verlaat, het die Dagbestuur besluit om dié reëling onmiddellik af te skaf en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swartes toe te laat om die hele dag in die Dieretuin deur te bring. Ondertussen sou die Direkteur weer eens 'n dringende brief in verband met 'n afsonderlike dieretuin vir swartes aan die betrokke Departement rig.[124] So ernstig was die Raad met die idee van 'n aparte dieretuin vir swartes dat 'n "werkekomitee" reeds op 1 Februarie 1973 vergader het om aandag te skenk aan die breë beplanning van die voorgestelde dieretuin, asook die finansiële implikasies wat daaraan verbonde sou wees. Beamptes van die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling het hierdie vergadering wat op 29 Januarie 1973 plaasgevind het, bygewoon.[125]

Tydens die Raadsvergadering van 29 Januarie 1973 is berig dat die Kabinet die projek in beginsel goedgekeur het, maar dat die koste daaraan verbonde 'n probleem was. Amptenare van die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling het 'n plan voorgelê van 'n terrein in Mabopane naby Nooitgedacht wat as 'n geskikte plek vir die oprigting van die beoogde dieretuin gereken is.[126]

Die beraamde begroting vir so 'n dieretuin het daar soos volg uitgesien:

| | | |
|---|---|---|
| Terrein en Geboue | : | R358 000 |
| Kampe en Nagkamers vir diere: | | |
| a) Voëlhokke | : | R33 000 |
| b) Diere | : | R230 000 |
| Groottotaal | : | R621 000 |

Verder is nog R80 000 aan salarisse vir personeel bygevoeg en dan was daar nog sake soos diere-aankope, instandhouding, gereedskap, brandstof, kragverbruik, water en sanitasie, bankkoste, advertensies, drukwerk, uniforms en pos- en telefoondienste, wat op R75 000 te staan gekom het. Die uiteindelike begroting is op ten minste R776 000 bereken.[127] Hierdie fasiliteite is as die minimum beskou wat benodig sou word om 'n dieretuin vir besoekers daar te stel. Daarna sou daar jaarliks na raming ongeveer R100 000 vir 'n tydperk van vyf jaar benodig word om die projek verder te ontwikkel en in die daaropvolgende jare sou fondse vir verdere geleidelike ontwikkeling ook benodig word.[128]

Terwyl die onderhandelings oor die dieretuin vir swartes gesloer het, het die Raad weer die reëling van afsonderlike besoekersdae vir blank en nie-blank in oënskou geneem. Op 1 Januarie 1974 is 21 777 nie-blankes tot die Dieretuin toegelaat, terwyl die toegangsyfer op 6 Januarie 36 286 was. Die totale aantal wat op hierdie twee dae deur die hekke van die Dieretuin gelaat is, was 7 357 meer as die totale besoekersgetal vir Desember 1973. Hierdie statistiek gee dus 'n duidelik prentjie van die omvang van die taak waarmee die personeel op dié besondere dae te doen gehad het. Nogtans het die instelling van afsonderlike besoekersdae steeds geblyk geslaagd te wees. Gevalle van dieremolestering, drankmisbruik, die voer van diere en vandalisme is tot die minimum beperk. Die verslag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Groenewald oor die afsonderlike besoekersdae gedurende die somervakansie van 1973/74 het vermeld dat "hoewel hierdie gunstige verloop van sake in 'n groot mate die gevolg is van die streng beheer wat deur die opsigterspersoneel oor blanke sowel as nie-blanke besoekers op die spesifieke dae en die res van die jaar uitgeoefen word, kan daar egter nie nagelaat word om melding te maak van die voorbeeldige wyse waarop nie-blankes hulle gedra het nie. Rassewrywing het nooit op die voorgrond getree nie en hulle netjiese, konserwatiewe kleredrag, asook die wyse waarop elke minuut van hulle verblyf in die tuin geniet en benut is, was veral opvallend." Nogtans het die verslag steeds die Raad se kommer oor die onrusbarende toename van getalle weerspieël en dit is weer eens beklemtoon dat daar 'n dringende behoefte aan soortgelyke opvoedkundige en ontspanningsgeriewe vir die swartes in hulle eie gebiede was.[129]

Die getalle georganiseerde nie-blanke skoolgroepe en die manier waarop besoeke gereël is, het 'n ongunstige wending geneem. Vir die tydperk Maart tot Desember 1974 het dertien groepe, met 'n totaal van 2 094 leerlinge, Saterdae by die Dieretuin opgedaag. Die wyse waarop lesings van hok tot hok aangebied is, het klagtes uitgelok, omdat blanke besoekers so dikwels die geleentheid ontneem is om die diere te besigtig. Daar is gevoel dat die besoeke van nie-blanke leerlinge op Saterdae verbied moet word en dat die getal tot vyfhonderd per dag beperk moet word.[130] Die optrede van 'n groep leerlinge van 'n meisieskool wat op Saterdag 22 Maart 1975 die Dieretuin besoek het, het daartoe gelei dat die Raad ingegryp het om die probleem op te los. Sommige van die leerlinge het met 'n aantal swart skoolkinders gemeng en "hand-om-die-nek deur die blankes se gedeelte van die restaurant gestap". Die onderwyseres wat die leerlinge vergesel het, kon hulle nie beheer nie en nadat klagtes van die publiek en die restaurantpersoneel ontvang is, moes die hoofopsigter die orde herstel. Hierdie voorval asook die probleme wat in die verlede met nie-blanke skoolgroepe wat naweke sonder toesig van die Dieretuin se opvoedkundige beamptes 'n besoek aan die inrigting gebring het, het die Raad genoop om te besluit dat georganiseerde skoolgroepe nie op Saterdae, Sondae of openbare vakansiedae toegelaat sou word nie, met dien verstande dat die Direkteur of sy plaasvervanger na goeddunke uitsonderings kon maak.[131]

Namate die politieke gety in Suid-Afrika begin draai het, is die Dieretuin met sy apartheidsbeleid ook hierby betrek. Die felste kritiek wat die instansie sedert sy ontstaansjare ontvang het, was te wyte aan "apartheid" in die Dieretuin. *The Star* het die afsonderlike besoekersdae rondom die Kersgety as rassisties bestempel en voorgestel dat 'n "first come first serve"-beleid toegepas moet word.[132] *The Pretoria News* het die vraag gevra "Whose Zoo is it after all" en was van mening dat "much of the goodwill and prestige that the Zoo emasses both for itself and the city is undone by these twin acts of discrimination."[133] Die swak hantering deur die personeel van 'n besoek van 'n veelrassige groep kleuters op 16 Desember 1976 het die instansie striemende kritiek op die hals gehaal. Die groepie kinders is twee keer na sitplek verwys - eers na die terrein "Slegs vir blankes" en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toe weer na die terrein "Slegs vir nie-blankes". Hulle is soos arende dopgehou, omsingel en ander blanke besoekers het die groep onsmaaklikhede toegevoeg. Beamptes het ook beswaar aangeteken toe joernaliste foto's van die groep wou neem. Die besoekertjies was almal jonger as ses jaar en sommige was afkomstig uit weeshuise in Mamelodi. Die hele doel van hierdie uitstappie was volgens mev. Pauline Bierman, die organiseerder, "for the sake of friendship and unity". Die volgende opskrifte oor dié aangeleentheid het in die dagblaaie verskyn: "Zoo treat meets abuse, officialdom" (*The Pretoria News,* 17 Desember 1976); "Seeing is believing - or is it" (*The Pretoria News,* 17 Desember 1976); "British day at the Zoo" (*The Star,* 18 Desember 1976); "Abuse at mixed Zoo outing" (*The Star,* 17 Desember 1976).[134] Ten spyte van dié kritiek was daar vir die Raad werklik geen ander uitweg nie as om toegangsbeheer op een of ander wyse toe te pas.[135] Nog 'n desperate poging vir die daarstelling van 'n dieretuin vir swartes is in 1979 aangewend. Die Sekretaris van Nasionale Opvoeding het 'n brief aan die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling gerig en voorgestel dat daar na 'n multi-etniese gebied soos Soshunguwe (Mabopane-Oos) gekyk moet word.[136] Wat die aparte besoekersdae vir nie-blankes op 1, 4 en 11 Januarie 1981 betref, was dit so besig dat elke moontlike personeellid diens moes doen. Alhoewel die gedrag van die besoekers, wat oorwegend swart was, bevredigend was, het daar op Nuwejaarsdag chaotiese toestande geheers toe grootskaalse drankmisbruik plaasgevind het. Selfs met behulp van die Suid-Afrikaanse Polisie kon daar nie voorkom word dat drank in die Dieretuin ingesmokkel word nie. Twee besope persone het in die Apiesrivier verdrink en verskeie gevalle van messtekery en roof is aangemeld.[137]

In 1981 is die Raad verwittig dat die Departement van Samewerking en Ontwikkeling (die voormalige Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling) die genoemde terrein vir die vestiging van 'n dieretuin beskikbaar gestel het. Vir hierdie doel sou amptenare van die reedsgenoemde Departement en die Departement van Nasionale Opvoeding, asook die Direkteur van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika die terrein binnekort gaan besigtig. Die Direkteur van Nasionale Opvoeding het ook voorgestel dat dr. Brand genader moet word om in die beplanningskomitee van so 'n beoogde dieretuin te dien.[138] Na dese is daar nooit weer iets oor 'n aparte dieretuin vir swartes in die amptelike dokumente van die Dieretuin melding gemaak nie en teen 1984 was hierdie projek heeltemal van die baan.

Tot in 1982 is pogings aangewend om die toestroming te probeer beheer. Die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding het in 'n skrywe, gedateer 16 Julie 1982, die Raad meegedeel dat die minister van daardie Departement beslis het dat die besoekersgetalle beperk moet word. Hierop het dr. Brand verduidelik dat só 'n maatreël nie die probleem oplos nie, want "uit ondervinding is reeds bewys dat, sodra die ingangshekke vir die publiek gesluit word, swart en anderskleuriges net eenvoudig die heinings platloop.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toestroming vind op grootskaal plaas sonder dat die nodige toegangsgelde betaal word."[139]

In die vroeë tagtigerjare is "apartheid" in die Dieretuin heeltemal afgeskaf en was dit waarskynlik van die eerste openbare plekke in Pretoria waar borde wat aparte piekniek-, restaurant- en toiletgeriewe aangedui het, verwyder is.[140]

Die teenwoordigheid van polisiebeamptes by die hoofingang en in die Dieretuin was egter 'n belangrike faktor wat bygedra het tot die ordelike verloop van sake tydens dae wanneer die Dieretuin druk besoek is. Vir hierdie reuse diens het nie net die Kommissaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Polisie, generaal P.J. Coetzee, 'n lewenslange komplimentêre toegangskaartjie ontvang nie, maar ook elkeen van die polisiebeamptes wat daar diens gedoen het.[141]

1. Kyk hoofstuk III.
2. NDSA: N Z G Report 1921, p. 4.
3. ATM: M en D notules: 1903-10-06, p. 605.
4. ATM: M en D notules: 1904-02-09, p. 66; 1904-08-16, p. 725.
5. ATM: M en D notules: 1903-12-08, p. 615.
6. ATM: Brieweboek Mei 1905: Brief van die eresekrataris van die Selbornekomitee, 1905-05-19.
7. NDSA: Maandverslae en notules 1909: Notule, 1909-10-08; Maandverslae en notules 1911: Verslag van die superintendent, Okt. 1911; Tvl. Z G Report 1910/11, p. 11.
8. NDSA: Tvl. Z G Report 1910/11, p. 11.
8. NDSA: Tvl. Z G Report 1913, p. 2.
9. NDSA: Tvl. Z G Report 1928, p. 3.
11. *The Pretoria News,* 1927-08-13; 1928-03-14; 1928-09-05; *The Star,* 1929-03-13, NDSA: Maandverslae en notules 1925: Notule, 1925-11-20; Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-03-26.
Dit was ook moontlik om 'n seisoenkaartjie te bekom en dit het 10s 6d per persoon per jaar gekos en £1:1 per gesin (dit het gratis toegang vir kinderoppassers ingesluit). Ander persone wat gratis toegang gehad het, was skoolgroepe vergesel van leerkragte, wat vooraf reëlings getref het, (Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit), studente in Biologie en Kuns en dié van kolleges. Ook is pasiënte van die militêre hospitaal in hospitaaldrag en lede van die Spesiale Diensbataljon in uniform gratis tot die Dieretuin toegelaat - R. Bigalke, *Official Guide to the National Zoological Gardens of South Africa (1938),* p. 11.
12. NDSA: N Z G Report 1931, p. 4.
15. NDSA: N Z G Report 1932, p. 5; *The Pretoria News,* 1932-01-30; 1932-02-01; 1932-03-18; 1932-03-22; 1932-04-11; *The Star,* 1932-02-01; 1932-07-12; *Die Volkstem,* 1932-03-21; 1932-11-04; 1933-08-05; 1933-05-04; *Die Vaderland,* 1932-07-13; 1933-05-06; 1933-08-09.
16. *Die Vaderland,* 1935-04-09; *Rand Daily Mail,* 1935-04-06; NDSA: N Z G Report 1934, p. 6.
Die verhouding vir die jaar 1936 van die aantal besoekers tot die inwoners van stede in die wêreld se vernaamste dieretuine was soos volg:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

| | Besoekers | Bevolking | % |
|---|---|---|---|
| Washington | 2 235 850 | ± 500 000 | 447% |
| Londen | 1 962 122 | 8 000 000 | 25% |
| Berlyn | 1 862 122 | 4 000 000 | 25% |
| Edinburg | 481 655 | 440 000 | 110% |
| Pretoria | 172 654 | 130 000 | 132% |

Uit bogenoemde blyk dit dat die Nasionale Dieretuin, Pretoria meer gewild was as die dieretuine in Londen en Berlyn - *Die Transvaler,* 1937-11-01; *The Pretoria News,* 1937-10-30; *Die Volkstem,* 1937-11-03.

17. NDSA: N Z G Report 1937, p. 6.
18. NDSA: N Z G Report 1938, p. 3.
    Die instelling van die opvoedkundige dienste het ook meegebring dat bywoningsyfers voortdurend gestyg het. Aan die einde van 1940 het 228 709 persone deur die ingangshekke beweeg - NDSA: N Z G Report 1940, p. 8.
19. NDSA: N Z G Report 1941, p. 6; *Die Transvaler,* 1941-07-19; *Rand Daily Mail,* 1941-07-21; *The Pretoria News,* 1941-07-25.
20. NDSA: N Z G Report 1946, pp. 1-3.
21. NDSA: N Z G Report 1950, pp. 5-6.
22. *Rand Daily Mail,* 1951-05-03; *The Pretoria News,* 1951-05-02; *The Star,* 1951-05-02; *Die Vaderland,* 1951-05-02; *Die Transvaler,* 1951-05-03.
23. NDSA: N Z G Report 1955, p. 5.
    'n Verdere toegewing aan nie-blanke kinders onder veertien jaar is gemaak deurdat hulle elke eerste en derde Vrydag van die maand die Dieretuin gratis kon besoek - NDSA: N Z G Report 1958, p. 3.
24. NDSA: N Z G Report 1958, p. 3.
25. NDSA: N Z G Report 1961, pp. 2-4.
26. NDSA: Jaarverslag 1964/65, pp. 7-9; Jaarverslag 1968/69, p. 29.
27. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 15.
28. *Ibid.,* pp. 15-21; NDSA: Jaarverslag 1976/77, p. 19.
29. NDSA: Jaarverslag 1983/84, pp. 5-9.
30. R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1933), p. 11; R. Bigalke, *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: gids* (1961), p. 8.
31. Volgens die gidsboekie van 1933 kon die hekwag toestemming verleen dat 'n hond aan 'n ketting digby die ingang tot die Dieretuin vasgemaak mag word. Die eienaar sou egter die risiko dra en verantwoordelik gehou word vir enige skade wat sy hond sou aanrig, ingeval hy losbreek - R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1933), pp. 11-13.
32. NDSA: Maandverslae en notules 1913: Notule, 1913-12-09.
33. R. Bigalke, *Official guide to the National Zoological Gardens* (1935), p. 12.
34. NDSA: Folio 39, p. 10: Afskrif van regulasies.
35. R. Bigalke, *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: gids* (1961), p. 8.
36. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Direkteursverslag, Mei 1916; N Z G Report 1917, p. 3.
37. NDSA: N Z G Report 1917, p. 3; Maandverslae en notules 1917: Notule, 1917-01-16.
38. NDSA: N Z G Report 1933, p. 9.
39. *The Star,* 1952-07-22.
40. NDSA: Folio 5: Verklaring oor voorval tydens lesingtoer op 17 Julie 1968, 1968-07-18; *Die Transvaler,* 1968-07-18; *Rand Daily Mail,* 1968-07-24.
41. NDSA: Folio 5: Brief van mev. De Wet, 1968-07-10.
42. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Direkteursverslag, Des. 1922.
43. *The Pretoria News,* 1965-04-27; *Die Transvaler,* 1965-04-28.
44. NDSA: Folio 156, 28: Verslae oor die Seksie Hoër Gewerweldes, Aug. 1983.
45. *The Pretoria News,* 1958-12-01; 1958-12-15; *Rand Daily Mail,* 1958-12-12; 1958-12-13; 1958-12-19.
46. *The Star,* 1976-01-23.
47. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-10-20.
48. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Notule, Jan. 1915, p. 1 en notule, Feb. 1915.
49. NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-05-29.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

50. NDSA: Maandverslae en notules 1926: Notule, 1926-06-24.
51. *The Pretoria News,* 1926-07-21; 1928-07-16; *The Star,* 1928-08-11.
52. *The Pretoria News,* 1933-09-26.
53. *The Pretoria News,* 1933-09-27; 1933-09-29; *Rand Daily Mail,* 1933-12-30.
Nog besware teen die aanhou en mishandeling van diere het in die volgende koerante verskyn: *Rand Daily Mail,* 1934-01-03; *The Pretoria News,* 1935-12-02; 1938-06-04; 1938-06-07; *The Friend,* 1938-06-25.
54. *The Pretoria News,* 1935-12-02; 1943-03-25; *The Star,* 1939-01-26.
55. *The Star,* 1965-12-10.
56. *The Pretoria News,* 1975-07-10.
57. NDSA: Folio 72, p. 36: Brief van J.M.M. Stander (Germiston), 1975-01-15.
58. ATM: Brieweboek: Brief aan H. Stuart Hay, president van die orkes (Cameron Heights, Pretoria), 1902-02-24, brief 379.
59. ATM: M en D notules: 1904-01-05, p. 645.
60. ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904: Brief van die militêre offisier, 1904-10-01.
61. ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904: Brief van kapt. R. Berkeley, president van die militêre orkes, 1904-06-29; M en D notules, 1904-02-09, p. 661.
62. ATM: Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief 4122, 1902-04-24; brief 415, 1902-04-24.
Daar was ook 'n keer toe lady Lyttleton 'n fietskarnival gereël het wat in die Dieretuin plaasgevind het en daar is ook tydens dié geleentheid van die orkes se dienste gebruik gemaak - ATM: Brieweboek Jan. - Sept. 1903: Brief van die president van die 2de Bataljon, Leinster Regiment 1903-04-03.
63. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Notule, 1915-05-18.
64. A.K. Haagner, *A guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1924), p. 7.
65. R. Bigalke, *Official guide to the National Zoological Gardens of South Africa* (1933), p. 34.
66. *The Pretoria News,* 1928-05-12.
67. *The Pretoria News,* 1928-08-04; *Die Volkstem,* 1928-08-04; *Rand Daily Mail,* 1928-08-11.
68. *The Pretoria News,* 1928-09-08, 1928-10-06; 1928-12-01; 1931-07-04; 1930-04-05; 1930-05-03; 1930-12-06; 1931-01-03; *The Star,* 1930-12-06; NDSA: N Z G Report 1930, p. 3.
69. NDSA: N Z G Report 1935, p. 4; N Z G Report, 1936, p. 7.
70. NDSA: N Z G Report 1936, p. 7; *The Star,* 1936-08-12; 1936-04-08; *Die Volkstem,* 1936-08-11; 1936-04-24; *The Pretoria News,* 1936-04-22; 1936-08-11; *Die Vaderland,* 1936-04-28; *Rand Daily Mail,* 1936-08-12.
71. NDSA: N Z G Report 1959, p. 9.
72. NDSA: N Z G Report 1951, p. 7.
73. ATM: M en D notules: 1903-06-02, p. 567.
74. NDSA: Maandverslae 1908-1909: Des. 1908.
75. NDSA: Historical record 1, lêer 278: Kontrak tussen J.W.B. Gunning (namens die Komitee) en F.W. Walker, 1911-09-25.
Daar word selfs in 'n maandverslag melding gemaak van 'n dans wat op 6 Desember 1908 in die Dieretuin plaasgevind het, gereël deur die Cavalry Association - ATM: Maandverslae 1908-190: Des. 1908.
76. ATM: M en D notules: Notule, 1902-09-05, p. 481.
77. ATM: Brieweboek: Brief aan die Koloniale Sekretaris, 1902-12-11.
78. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule, 1916-01-16.
79. NDSA: N Z G Report 1933, p. 6.
80. NDSA: Jaarverslag 1963/64, p. 29.
81. A. Grotepass de Feyfer, De Nationale Dierentuin in Pretoria (*Nieuws uit Zuid-Afrika*12(3-4), Aug. - Sept. 1972, pp. 21-23; M.L. Zuhlsdorff en E. van Rooyen, Suid-Afrika se grootste dieretuin (*Die Huisgenoot* 42(2417), 1968-07-26), p.31.
82. R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1933), p. 48; (1935), p. 46; *Die Volkstem,* 1933-09-04; *Rand Daily Mail,* 1933-09-04; *The Star,* 1933-08-31; *The Pretoria News,* 1933-09-02; *Die Vaderland,* 1933-09-06.
83. R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1955), p. 7; (1958), p. 7; (1961), p. 9.
Tot die afskaffing van aparte geriewe in die Diertuin was braaivleisplekke asook restaurantgeriewe en die speelterrein vir kinders met bordjies waarop "blank" en "nie-blank" gestaan het, aangedui - R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1955), p. 19.
84. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 8.
85. NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 6.
86. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 14.
87. R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1933), p. 43.
88. Kyk hoofstuk VIII.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

89. NDSA: N Z G Report 1930, pp. 3-4.
90. NDSA: N Z G Report 1931, p. 5.
Van 1926 tot1931 het die inkomste van hierdie bron van £52:17:6 tot £132:5:3 per jaar toegeneem - NDSA: N Z G Report 1931, p. 5.
91. NDSA: N Z G Report 1936, p. 7.
92. NDSA: N Z G Report 1942, p. 17.
93. NDSA: N Z G Report 1958, p. 8.
94. NDSA: Jaarverslag 1969/70, p. 41.
95. NDSA: Folio 27, p. 27: Dagbestuurnotule, 1970-08-19.
Die gebruik dat diere vir die vermaak van mense aangewend word, was vir dr. Brand onaanvaarbaar. Die afrigting en gespelery met wilde diere was onder sy bestuur taboe. Hy het olifant-, kameel- en alle ander ritte beëindig en die apies, wat voorheen op pale langs die wandellane aan die publiek vertoon is, in hulle hokke teruggeplaas waar hulle hul aapstreke vrylik kon uithaal - NDSA: Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: 90 jaar in bewaring, p. 9.
96. *Die Vaderland,* 1937-10-06; *The Pretoria News,* 1937-10-08; *Rand Daily Mail,* 1937-10-11; NDSA: N Z G Report 1937, p. 7.
97. NDSA: N Z G Report 1943, p. 7.
98. *The Pretoria News,* 1954-07-30; *Die Transvaler,* 1954-06-12.
99. *The Pretoria News,* 1954-07-30; *Die Transvaler,* 1954-08-02; NDSA: N Z G Report 1954, pp. 5-6; R. Bigalke, *Offisiële gids van die Nasionale Dieretuin* (1955), p. 7; (1958), p. 7; (1959), p. 7; (1961), p. 9.
100. NDSA: Folio 27, p. 27: Dagbestuurnotule, 1970-08-18.
101. NDSA: Folio 53, p. 8: R17/1/73.
102. *Ibid.;* NDSA: Folio 53, p. 5: Notule Komitee van Finansies, 1973-03-20; Folio 45, p. 7: Notule, 1972-04-12: R16/3/72.
103. *The Pretoria News,* 1967-05-12.
104. *The Pretoria News,* 1967-03-02; 1967-03-01; 1967-05-12; 1968-08-28; *The Star,* 1969-08-06; *Die Transvaler,* 1967-03-02; *Die Vaderland,* 1967-11-10; *Rand Daily Mail,* 1967-03-03.
105. *Die Transvaler,* 1968-12-04; *The Star,* 1968-10-02; *RDM,* 1968-10-02; A. Grootepass de Feyfer, De Nationale Dierentuin in Pretoria *(Nieuws uit Zuid-Afrika* 12(3-4), Aug. - Sept. 1972, pp. 21-23); M.L. Zuhlsdorff en E. van Rooyen, Suid-Afrika se grootste dieretuin (*Die Huisgenoot* 42(2417), 1968-07-26, p. 31).
106. ATM: M en D notules: 1901-12-03, p. 401.
107. ATM: Brieweboek: Brief van die Koloniale Sekretaris, 1902-10-24.
108. ATM: Brieweboek Sept. - Des. 1902: Brief van die Koloniale Sekretaris, 1902-11-07.
109. ATM: M en D notules: 1902-12-02, p. 501.
110. NDSA: Maandverslae en notules 1916: Notule Okt. 1916.
111. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-01-17.
112. NDSA: Maandverslae en notules 1922: Notule, 1922-02-23.
113. Voorbeelde hiervan in *The Pretoria News,* 1936-04-14; 1936-04-15; *Die Vaderland,* 1936-04-24.
114. *The Pretoria News,* 1941-06-03.
115. *The Pretoria News,* 1941-06-05.
116. *Die Transvaler,* 1948-09-20.
117. *Die Vaderland,* 1951-01-19.
Soortgelyke klagtes het ook verskyn in *The Pretoria News,* 1969-02-06; *The Star,* 1969-02-09; NDSA: Folio 32, p. 9: Notule, 1971-02-04.
118. *Die Transvaler,* 1953-01-22.
119. NDSA: Folio 62, pp. 61-69: Verslag van die assistentdirekteur, 1974-01-21 oor die afsonderlike toegang van blankes en nie-blankes op sekere dae gedurende die somervakansie (Voortaan verslag van die assistentdirekteur, 1974-01-21) - NDSA: Jaarverslag 1969/70, pp. 17-18.
120. NDSA: Folio 28, p. 5: Notule, 1970-09-02, R9/8/70.
121. NDSA: Folio 30, p. 4: Notule, 1970-11-11, R3/9/70.
122. NDSA: Folio 31, p. 6: Notule, 1970-12-03, R3/11/70.
123. NDSA: Folio 42, p. 79: Verslag van die assistentdirekteur, Jan. 1972.
124. NDSA: Folio 44, p. 38: Dagbestuurnotule, 1972-04-04.
Dié aangeleentheid is weer bespreek in NDSA: Folio 52, p. 9: R7/11/72.
125. NDSA: Folio 53: R16/1/73.
126. NDSA: Folio 53, pp. 21-23: Notule, 1973-01-29.
127. NDSA: Folio 54, p. 13: Notule van die Werkekomitee, 1973-03-30.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1975 is wéér 'n versoek tot die Departement Bantoe Administrasie en -Ontwikkeling om 'n afsonderlike dieretuin gerig - NDSA: Folio 75, p. 5: Notule, 1975-03-06, R14/3/75.

128. Hierdie terrein was later nie meer beskikbaar nie - NDSA: Folio 54, pp. 10-12: Notule van die Werke-Komitee, 1973-03-12.

129. NDSA: Folio 62, p. 65: Verslag van die assitentdirekteur, 1974-01-21.

In dieselfde verslag word ook gerapporteer dat om streng beheer oor besoekers in die Dieretuin te kan handhaaf, was dit nodig om die span opsigters oor naweke en gedurende openbare vakansiedae te versterk. Alle beskikbare personeel van die Seksie Hoër Gewerweldes en die Afdeling Administrasie het byvoorbeeld op 1 en 6 Januarie 1974 diens gedoen, aangesien die dienste van tien beamptes net by die hoofingang nodig was. Dieselfde reëlings het vir die Akwarium en Reptielpark gegeld toe dit geopen is - NDSA: Folio 70, p. 5: Notule, 1974-09-05, R11/8/74; Folio 72, p. 2: Notule, 1974-11-07.

130 NDSA: Folio 62, pp. 61-69: Verslag van die assistentdirekteur, 1974-01-21.

131. NDSA: Folio 75, p. 4: Notule, 1975-03-06, R13/3/75.

132. *The Star,* 1974-12-28.

Nog voorbeelde van kritiek het voorgekom in *The Star,* 1977-11-03; 1974-12-19; *Rand Daily Mail,* 1974-12-21; 1974-12-27; *The World,* 1974-12-20, *The Pretoria News,* 1977-11-03; *Die Transvaler,* 1976-12-29; *Die Vaderland,* 1976-12-24.

133. *The Pretoria News.* 1976-07-04.

Voorbeelde van koerantopskrifte: "Racist Zoo signs 'not to avoid friction'" - *The Pretoria News,* 1977-12-03; "'Blacks only' at Pretoria Zoo" - *The World,* 1976-12-31.

134. NDSA: Folio 92.

Nog kritiek kom voor in die volgende bronne: NDSA: Folio 93: Notule, 1977-02-03; Folio 93: Brief van mnr. Köpke, 1977-01-03.

135. Nog maatreëls vir die beheer van besoekers: NDSA: Folio 140, pp. 5-6: Notule, 1982-02-04; Folio 146.

136. NDSA: Folio 115: Notule, 1979-05-04; Brief van die Dept. van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, 1979-04-17.

137. NDSA: Folio 134: Notule, 1981-02-05.

138. NDSA: Folio 138: Notule, 1981-10-09.

139. NDSA: Folio 146, p. 7: R16/7/82; Folio 146, p. 22: Brief van die Direkt.-genl. Nas. Opv., 1982-08-13; Folio 146, p. 23: Brief van die Direkt.-genl. Nas. Opv., 1982-07-16.

140. Niemand in die Dieretuin kon 'n presiese datum waarop hierdie besluit geneem is, vasstel nie. Omdat die administratiewe stelsel ondertussen heeltemal gemoderniseer is, is baie van die dokumente vernietig.

141. NDSA: Folio 158, p. 9: Verw. 9/8; Folio 159, p. 14: R17/1/84, verw. 9/8.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

# X. DIE NASIONALE DIERETUIN EN ANDER INSTANSIES

Uit die voorafgaande hoofstukke, veral hoofstuk VI wat oor die diereversameling en die verkryging van diere handel, is dit duidelik dat die Nasionale Dieretuin nooit 'n geïsoleerde bestaan gevoer het nie. Om die waarheid te sê, is dit vir só 'n instansie heeltemal onmoontlik om te oorleef sonder noue kontak met ander instansies en organisasies, en die publiek.

## Kontak met plaaslike instansies

### 1. Beskikbaarstelling van fasiliteite:

In die vroeë jare, voordat die Dieretuin die probleem met die geweldig hoë besoekersgetalle ondervind het, het dié instansie 'n diens aan ander instansies gelewer deur bloot die terrein van die Dieretuin vir hul gebruik beskikbaar te stel.

In 1902 het die Coronation Celebrations Committee toestemming van die Dieretuin verkry om die Kroningsfeesvierings daar te hou. Lord Milner is selfs genader om die "coronation tree" op 26 Junie tydens die verrigtinge in die Tuin te plant.[1] Later, in dieselfde jaar, het die Bestuurskomitee 'n versoek van 'n dameskomitee ontvang om 'n kermis in die Dieretuin te hou ten bate van die weduwees en wese van die "burghers" wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het.[2] Hierdie versoek is toegestaan, maar die gewone toegangsfooi tot die Dieretuin moes betaal word.[3]
In Maart 1903 is die terrein vir 'n prysuitdeling en fietskarnaval gebruik[4] en lady Lawley, eggenote van die luitenant-goewerneur van die Transvaalkolonie, het in die daaropvolgende jaar toestemming verkry om 'n basaar tydens die besoek van prinses Christian (1846-1923), dogter van koningin Victoria, in die Dieretuin te hou. Die reëling was dat die gewone toegangsfooi betaal moes word en dat van die spysenier van die Dieretuin-restaurant gebruik gemaak moes word.[5]

Die eresekretaris van die komitee wat verantwoordelik was vir die verjaarsdagvierings van koningin Wilhelmina van Nederland, J.H. van Zuylen, het in 'n brief die Bestuurskomitee bedank vir die beskikbaarstelling van die geriewe vir die onthaal van bykans duisend skoliere op 31 Augustus 1904.[6] Vir hierdie geleentheid is die Dieretuin met oranje versiersels getooi, 'n orkes het opgetree, kameelritte is onderneem en ná die fees moes 'n apie selfs gekalmeer word nadat 'n feesgangertjie 'n groot strik om sy nek gebind het. Hierdie kinderfees het 'n jaarlikse instelling geword en dit was 'n geleentheid waarna baie Pretorianers uitgesien het.[7]

Die Transvaalse Landbou-unie het 'n versoek gerig dat die kantoor van die Direkteur vir die Interkoloniale Landboukonferensie op 25 Junie 1904 beskikbaar gestel kon word. Die afgevaardigdes sou daarna op 'n besigtigingstoer deur die Dieretuin en Museum



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geneem word.[8] Nog voorbeelde van organisasies wat van die terrein van die Dieretuin gebruik gemaak het, was die Pretoria Society of Agriculture and Industries, wat hul jaarlikse roos- en blommetentoonstelling daar gehou het,[9] die Kennel Club, wat op die tweede Kersdag (Boxingday) hul hondeskou daar aangebied het[10] en die Suid-Afrikaanse Party wat die terrein gehuur het om 'n funksie aldaar te hou.[11] In 1913 en 1914 is burgemeestersonthale in die Dieretuin aangebied[12] en in 1914 is die jaarlikse geselligheid van die Bowling Club vir tweehonderd lede met hulle vriende in die Dieretuin aangebied.[13] Verder is die kinderkermis ten bate van die Distress Funds (noodhulpfondse) deur 2 500 kinders en seshonderd volwassenes op Woensdag 23 September 1914 bygewoon.[14]

Die Direkteur het ook opdrag ontvang om 'n aandkonsert vir die eerste Sondag in Oktober 1914 te reël ten behoewe van die Prins van Wallis en die Goewerneur-generaal-fonds. Kunstenaars het gratis opgetree en die Dieretuin het die beligting sonder vergoeding verskaf.[15]

Die Dieretuin is ook gebruik om die saak van die Boerevolk te bevorder. Op 4 Augustus 1914 het die geskiedkundige Vroue-optog na die Uniegebou plaasgevind toe die vroue die regering om die vrylating van genl. Christiaan de Wet en die ander rebelle versoek het. Na die optog het die organiseerders van die aksie, mev. Hendrina Joubert, weduwee van generaal Piet Joubert, en mev. F.C. Eloff, 'n dogter van president Paul Kruger, 'n onthaal vir die 2 863 dames en 2 000 ander belangstellendes in die Dieretuin aangebied. Tydens dié funksie, wat om 10:00 begin het, het ds. C.A. Neethling in gebed voorgegaan. Daarna is telegramme met seënwense uit alle dele van die land voorgelees en verteenwoordigers uit die vier provinsies asook die eggenotes van generaals De la Rey en De Wet, en ander Afrikanerleiers het die dames toegespreek. 'n Pop, geklee in Voortrekkerdrag en gemaak deur mev. Joubert, is ten bate van die Helpmekaarfonds vir rebelle opgeveil.[16]

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is liefdadigheidskonserte ten bate van die Rooikruis ook in die Dieretuin gehou om so slagoffers by te staan.[17]

In April 1919 het ongeveer seshonderd gaste tydens die gradedag van die Universiteit van Suid-Afrika hulle At Home-funksie in die Dieretuin bygewoon en het die vise-kanselier sy dank, waardering en bewondering uitgespreek vir die versierings wat deur die Dieretuin-personeel aangebring is.[18]

Deurdat so baie funksies en geselligehede op die terrein van die Dieretuin plaasgevind het, het die instansie een van die sosiale bymekaarkomplekke van Pretoria in die vroeë jare geword, en diegene wat dit bygewoon het, was gewoonlik volgens die jongste modes deftig uitgevat.[19]

Die takke van die Vroue-Landbou-unie van Pretoria en die distrik het op 25 Februarie 1942 'n groot byeenkoms in die Nasionale Dieretuin gehou. 'n Kompetisie in blommerangskikking het plaasgevind en in die middag is 'n musiekprogram aangebied, gevolg deur 'n lesing deur dr. T.G. Nel oor die gewoontes van diere.[20] 'n Dingaansfees (Geloftedag),



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gereël deur die organiseerders van die jaarlikse Landbouklubkamp, het van 13 tot 18 Desember 1943 in die Dieretuin plaasgevind. Die kamp is langs die leeuhokke teen die rantjie opgeslaan en ongeveer seshonderd seuns en dogters van dwarsoor die provinsie het dit bygewoon.[21]

Sedert 1958 het die losie Koh-I-Noor jaarliks kinders van die Louis Botha-tehuis daar onthaal en in 'n brief aan dr. Brand het die losie só oor hierdie vergunning gevoel: "we therefore wish to place on record our sincere thanks to you and members of the zoo staff without whose co-operation we could not carry out this happy function each year."[22]

Mettertyd het die Dieretuin self groepe uitgenooi en vanaf April 1982 is 'n begin gemaak met die reëling van uitstappies vir inwoners van ouetehuise. Op aanbeveling van dr. Davidtsz het die Raad op 1 April 1982 besluit dat sulke groepe meer dikwels uitgenooi moet word en 'n komitee is aangestel om in oorleg met die stadsraad voortaan sulke uitstappies te reël.[23] Later daardie jaar is lede van die Flower Foundation en inwoners van die Ouetehuis vir Verpleegsters onthaal. Dié funksie is ook deur mev. M. Basson ('n Raadslid) en mev. Brand bygewoon.[24]

Na die voltooiing van die nuwe lesingsaal het verskeie instansies aansoek gedoen om daarvan gebruik te maak. In 1984 het die Departement van Nasionale Opvoeding 'n spesiale funksie, wat deur 450 beamptes bygewoon is, daar aangebied. Ook die Natuurlewe-Vereniging van Suider-Afrika het sy algemene jaarvergadering op 22 September 1984 daar gehou en die aanwesiges is daarna op 'n begeleide toer deur die Dieretuin geneem.[25]

## 2. Diens aan ander instansies

Die Nasionale Dieretuin het nie net sy terrein en ontspanningsfasiliteite beskikbaar gestel nie, maar het ook op 'n daadwerklike wyse diens gelewer deur die personeel en hulle kundigheid tot die beskikking van ander te stel. Nie net is diere tussen dieretuine uitgeruil nie, soos byvoorbeeld die leen van 'n luiperdmannetjie aan die Eckstein Park-dieretuin in Johannesburg om 'n teelprogram aan die gang te sit nie,[26] maar in 1917 is ene majoor Frazer van die Sabie-wildtuin (die huidige Nasionale Krugerwildtuin) in die versending van diere onderrig.[27]

### a) Verskaffing van slanggif

In 1933 berig *Die Volkstem* en *The Pretoria News* dat die Dieretuin slanggif aan die Mediese Navorsingsinstituut in Johannesburg verskaf het[28] en in 1980/81 is hierdie diens verder uitgebrei toe die Direkteur van Natuurbewaring die Nasionale Dieretuin genader het om vas te stel of hulle bereid sou wees om slange uitsluitlik vir die voorsiening van slanggif aan te hou. Die rede vir hulle keuse was dat die Dieretuin die enigste staatsinstelling was wat oor 'n groot, moderne reptielpark, met 'n verteenwoordigende slangversame-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ling en opgeleide personeel beskik het. Die Raad het gevolglik tydens 'n vergadering op 6 Maart 1980 hom in beginsel bereid verklaar om aan hierdie versoek te voldoen. Dit het egter beteken dat 'n spesiale kompleks ter waarde van R18 000 opgerig sou moet word om akkommodasie te bied vir die groot aantal slange wat daagliks gemelk sou moet word. Vierhonderdentwintig slange, naamlik 130 swartmambas, 120 rinkhalse, 120 geelslange en 50 boomslange sou nodig wees om voldoende gif te voorsien. Die Dieretuin was bereid om 'n gebou vir hierdie doel met fondse wat deur die Departement van Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidsdienste beskikbaar gestel is en sy eie ambagsmanne op te rig. Bykomende personeel was egter nodig vir die vang, hantering en versorging van hierdie uiters gevaarlike en giftige reptiele. Op 24 Junie 1980 het die Raad besluit om vir dié doel 'n vakante wildbewaringsbeamptepos na dié van senior wildbewaringsbeampte op te gradeer.[29]

Vir hierdie projek is alle moontlike kundigheid ingewin. By die Skeikundige Instituut van die WNNR het professor Koch van Tel Aviv, wat navorsing oor die produksie van slanggif gedoen het, aan die Dieretuinpersoneel metodes van narkotisering van reptiele gedemonstreer en ook die bou van hokke en geskikte melkkamers beskryf. Hierdie inligting is gebruik toe die planne vir die kompleks geteken is en ander instansies is genader in verband met die voorsiening van die slangsoorte wat gebruik sou word.[30] 'n Memorandum oor die voorsiening van slanggif vir die maak van serum het die volgende behels: die Dieretuin sou binne twaalf maande ten volle in die vraag na die gemelde gifsoorte moes voorsien, aangesien die voorraad van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing dan uitgeput sou wees. Behalwe vir die pos van senior wildbewaringsbeampte wat aan die hoof van die "gifspan" sou staan, sou die dienste van een wildbewaringsbeampte en een nie-blanke arbeider ook nodig wees. Daar is ook voorgestel dat dié personeel wat die slange melk en versorg, 'n gevaartoelaag moet ontvang om te vergoed vir die risiko wat hulle sou loop om gepik te word. Die Dieretuin sou vir die verskaffing van gif ongeveer R15 000 per jaar ontvang. Omdat daar 'n byna onversadigbare mark vir die verskaffing van slanggif by verskillende navorsingsentra bestaan, kon die Dieretuin mettertyd hierdie projek tot 'n lonende bedryf uitbrei. Die Direkteur van Natuurbewaring het onderneem om alle moontlike hulp met die verkryging van slange asook met die uitreiking van permitte vir die vang, vervoer en aanhou van dié reptiele te verleen. Beamptes van die Parkeraad was ook bereid om te help en die WNNR sou behulpsaam wees met die droog van die gif tot tyd en wyl die Dieretuin sy eie toerusting vir dié doel kon bekom.[31] In die 1981/82-jaarverslag is gerapporteer dat die slanggifkompleks wat bestaan uit een laboratorium en twee groot lugversorgde kamers waarin die slange aangehou word, voltooi is. Aan die agterkant van die gebou is nog drie kamers ingerig wat die toerusting sou huisves en waar die muise, rotte en kuikens wat aan die slange gevoer word, geteel sou word.[32]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

b) Samewerking met die Ornitologiese Vereniging

In 1946 het die Raad die voorstel van die Suid-Afrikaanse Ornitologiese Vereniging dat die Dieretuin as hoofkwartier vir die voëlberingingsprojek moet dien, verwelkom. Voëls sou gevang en bering word met die inskripsie "Inform the Zoo" daarop. Die idee was dat indien iemand op so 'n beringde voël afkom, die Dieretuin geskakel moes word.[33] In 1980 is besluit om 'n telefoon vir inkomende oproepe aangaande die opspoor van sulke voëls in die kantoor van 'n permanente personeellid te plaas. Die Suid-Afrikaanse Voëlberingingseenheid sou verantwoordelik wees vir die installasiekoste en die huurgeld van die telefoon.[34]

c) Verdere hulpverlening

Nog voorbeelde waar die Nasionale Dieretuin om hulp genader is, is dié van die stadsraad van Pretoria se versoek in 1969 om advies om 'n stuk dorpsgrond in 'n natuurtuin te omskep[35] en dié van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro van die Suid-Afrikaanse Polisie in 1973 vir die leen van gemonteerde anteloop- en ander dierkoppe om in hul forensiese laboratorium uit te stal.[36] Later, in 1983, is slange aan die Spesiale Taakmag van dieselfde departement uitgeleen vir opleidingsdoeleindes.[37]

Die Dieretuinveearts het ook dikwels liefdesdiens verrig. So is twee beseerde jagluiperds, elkeen met 'n gebreekte been, uit wippe verlos en behandel voordat hulle in die Suidkerbosrandwildreservaat losgelaat is.[38] Dr. Koos Smith het selfs sy eie lewe gewaag toe hy reddingswerk tydens die oorstromings in 1975 in die Dickensonparkdieretuin van Vereeniging verrig het. Hy het onder lewensgevaarlike toestande die drade van die hok van 'n vasgekeerde Bengaalse tier oopgeknip, tot voor die dier beweeg en hom 'n verdowing toegedien. Toe die dier in sy bedwelmheid van sy stellasie afval, het die veearts hom gegryp en sy kop bo water gehou totdat hulp opgedaag het.[39]

In 1976 is die Direkteur om advies genader rakende die ontwikkeling van die Johannesburgse dieretuin. Die gedagte was dat dr. Brand voorstelle aangaande die verbetering van ou geboue en die besnoeiing van onkoste moes doen. Die belangrikste aspekte wat aandag moes geniet, was die toekoms van hierdie dieretuin, verbeterings ten opsigte van die uitleg, van ou geboue, aanwending van personeel en die algehele finansiële toestand van die instansie.[40]

In 1977 is beamptes van die Afdeling Natuurbewaring van Transvaal voorligting verskaf aangaande die gebruik van waterfiltrasie en lampe, asook die maak en gebruik van glasveseldekor in akwariums, en is 'n seevis wat na bewering in varswater naby die Suikerbosrand gevind is, geïdentifiseer.[41] Beamptes van die Afdeling Werke van die Transvaalse Provinsiale Administrasie is later dieselfde jaar met raad bedien aangaande die beplanning van 'n akwarium naby Marble Hall.[42] Ook die Randse Afrikaanse Universiteit het by die Dieretuin om raad aangeklop rakende die daarstelling van 'n akwarium in die Departement Dierkunde van daardie Universiteit.[43]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1978 het die Direkteur toestemming van die Raad ontvang om die stadsraad van Pietersburg by te staan met die beplanning en uitleg van 'n kinderdieretuin op die dorp[44] en in 1980 het die Raad besluit om die ou rytuie wat deur die boerbok en Shetlandponies in die Dieretuin getrek is, op versoek van die Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum aan dié inrigting te skenk.[45]

Die Dieretuin was verder ook bereid om veldtogte wat by sy eie doelstellings aansluit, te ondersteun. So byvoorbeeld het die Bestuur ingewillig dat die Dieretuin aan die bekendstellingsveldtog in sake onkruidbestryding kon deelneem en 'n uitstalling van onkruidsoorte is in oorleg met die Afdeling Bodembeskerming van die Departement van Landbou in 1984 in die Dieretuin opgerig. Ook sou kort, geïllustreerde artikels oor hierdie onderwerp wat deur beamptes van die Afdeling Bodembeheer saamgestel is, in die Dieretuin se amptelike publikasie, *Zoön,* opgeneem word.[46]

### 3. Bywoning van konferensies en lidmaatskap van plaaslike organisasies

Die personeel van die Nasionale Dieretuin het altyd tyd ingeruim om werklik betrokke te raak by organisasies wat op dieselfde terrein as hy beweeg het. Konferensies is gereeld bygewoon, lesings is gehou en beamptes het in komitees van organisasies gedien wat hulle vir nabuurbewaring beywer het.

In die jaarverslag van 1956 is gerapporteer dat dr. Bigalke in die volgende komitees gedien het: Die Wetenskaplike Advieskomitee vir Nasionale Parke en Natuurreservate, die Raad van Trustees van die Nasionale Parkeraad, die Fauna- en Flora-adviesraad, die Raad van Natuurbeskerming in Suid-Afrika (vise-president), die Nasionale Adviesraad vir Volwasse Onderwys, die Raad vir die Bevordering van Wetenskap, die Suid-Afrikaanse Komitee van die Internasionale Raad van Museums, die Nasionale Parkeraad se bestuurskomitee vir Wetenskaplike Navorsing, die Pretoria-advieskomitee aangaande reservate, die Raad van Trustees van die Transvaal Museum en die Algemene Komitee van die Pretoriase Publisiteitsvereniging.[47] In Junie 1960 het dr. Bigalke onder meer die konferensie van die Suid-Afrikaanse Museumvereniging in sy hoedanigheid as president van dié Vereniging bygewoon. Sy presidentsrede het gegaan oor "Museums and Publicity".[48]

Dr. Brand het hierdie tradisie voortgesit. Teen die einde van 1964 het hy in die volgende komitees gedien: Die Suid-Afrikaanse Museumvereniging, die Komitee vir Staatsondersteunde Inrigtings, die Pretoriase Publisiteitsvereniging, die Raad van Kuratore van die Transvaal Museum, die Vaktaalkommissie, die Natuurbewaringsvereniging, die Adviesraad van die Krugersdorpse Natuurreservaat, die Wetenskaplike Advieskomitee van die Transvaal Museum, die Nasionale Programkomitee in sake die Republiekfees en die Uitstallingskomitee vir die Republiekfees.[49]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1968 het dr. Brand as voorsitter van die vergadering van die Komitee van Staatsondersteunde Inrigtings wat in Oos-Londen gehou is, opgetree[50] en teen 1972/73 het hy in nie minder nie as 22 liggame gedien, waarvan sommige ook internasionale organisasies was. Hy het hom onderskei deur tot vise-voorsitter van die Transvaalse Museumraad, voorsitter van die Publisiteitsvereniging van Pretoria en voorsitter van die Sentraal-Transvaalse Streek vir die Bevordering van Toerisme verkies te word.[51] Ander liggame waarin die Direkteur die Nasionale Dieretuin verteenwoordig het, was die Suid-Afrikaanse Voëlkundige Vereniging, die Suid-Afrikaanse Museumvereniging, die Zoological Society of South Africa, die Jagters- en Natuurbewaringsvereniging van Suid-Afrika, die Spesialistepaneel op die Fauna van Antarktika en Sub-antarktiese Eilande onder Suid-Afrikaanse jurisdiksie, die Reef Marine Aquarist Club (waarvan hy erepresident was), asook die Suid-Afrikaanse Federasie van Direkteure van Dieretuine, Akwariums en Reptielparke.[52]

In 1983/84 was dr. Brand een van vyftig persone wat na die vergadering van die Raad vir die Omgewing se werkgroep oor die formulering van 'n nasionale beleid ten opsigte van omgewingsopleiding genooi is.[53] Hy was in dieselfde tyd lid van 'n werkgroep wat hulle dit ten doel gestel het om ondersoek in verband met die Knysna-olifante te doen.[54]

## Kontak met die buiteland

### 1. Wedersydse hulpverlening

Reeds voor die werklike totstandkoming van die Nasionale Dieretuin was daar noue kontak met buitelandse instansies. In 'n brief van die Direkteur van die Rotterdamse Diergaarde, dr. J. Büttikofer, gedateer 24 Augustus 1898, vermeld hy aan dr. Gunning dat hy die statute van sy dieretuin asook twee jaarverslae ter insae vir hom aanstuur. Hy het ook alle moontlike hulp met die beplanning van 'n dieretuin in Pretoria aangebied. Sy mening oor die beoogde dieretuin was soos volg: "Het is zeker een gelukkig denkbeeld te noemen, in Pretoria een Dierentuin aan te leggen met het oog op het kweken van Zuid Afrikaansche zoogdieren, die voor een groot gedeelte tegenwoordig nog slechts met moeite of geheel niet levend te krijgen zijn en ontijgenzeglijk goede pryzen zoude behalen in Europeesche en Amerikaansche Dierentuinen en gretige afnemers zouden vinden. U kunt daarmede niet anders dan groot succes hebben en u tegenover de bestaande Dierentuinen en voor de wetenschap in het algemeen verdienstelijk maken, en het is wenselijk dat sulks spoedig moge gebeuren, vóórdat het voor sommige diersoorten te laat is."[55]

Behalwe vir die handeldryf in diere met die buiteland om sodoende versamelings uit te bou, is sterk bande tussen die Nasionale Dieretuin en soortgelyke instansies oorsee gesmee deur wedersydse hulpverlening en gebare van welwillendheid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Toe dr. A.S. Cheke van die Departement van Soölogie aan die Edward Grey Institute of Field Ornithology, Oxford, Engeland die Raad in 1975 genader het om hul instituut te help met 'n teelprojek in verband met die "Rodriques flying-fox" (afkomstig van Mauritius) is dit as 'n groot eer beskou wat die Dieretuin te beurt geval het. Hierdie diersoort was op daardie tydstip van die skaarsste in die wêreld en die Oxfordse Instituut wou poog om hulle in gevangenskap te teel.[56]

Vanweë die wêreldwye bekendheid wat die Dieretuin se welslae met die teel van skaars diersoorte geniet het, het die IUNC die Raad om hulp genader om die Mauritiaanse vrugtevretende vlermuis van uitwissing te red.[57]

In Desember 1976 is dr. Brand deur John Haddod van Safari Parks International genooi om hom na Jordanië te vergesel waar hy die Direkteur se kennis aangaande diere, dierevoedsel en veeartsenydienste wou aanwend.[58] Kort daarna het die Direkteur, in samewerking met die Departement van Buitelandse Sake, die Ivoorkus besoek om die natuurkundiges daar met soortgelyke advies van diens te wees.[59]

Mitchell Bush, die hoof van die Departement Dieregesondheid van die National Zoological Park, Smithsonian Institution, Washington DC het in 'n skrywe aan die Raad 'n gesamentlike studie deur die twee instansies oor jagluiperds voorgestel. Veral die morfologie van die ovarium het hom in die besonder geïnteresseer.[60] Verder het die Zoological Society of London op 8 Oktober 1979 'n versoek aan die Dieretuin gerig om hom van inligting met betrekking tot die Nasionale Dieretuin se inligtingsfasiliteite te voorsien, aangesien dié vereniging van die hoë standaard van die Pretoriase Dieretuin verneem het. Die Zoological Society het foto's van die inligtingsborde, 'n kopie van die offisiële en ander brosjures oor die Dieretuin wat beskikbaar was, aangevra.[61]

Die burgemeester van Jerusalem, Teddy Kollek, het dr. Brand genooi om by dié stad aan te doen as hy weer op besoek aan die buiteland is. Hy wou dr. Brand graag raadpleeg oor die totstandbrenging van die Suid-Afrikaanse uitstalling in die Valley of the Friendly Nations of the Jerusalem Biblical Zoo. Hy wou ook meer te wete kom aangaande die dierebevolking in Noag se ark, wat hulle van plan was om uit te beeld.[62]

Ook dr. Gary K. Clarke, die direkteur van die Topeka Zoological Park, Kansas in die Verenigde State van Amerika en president van die Zoo Plan Associates, Inc., het die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in 1982 genader om hierdie organisasie met die beplanning van 'n nuwe dieretuin in Indianapolis, Indiana behulpsaam te wees.[63]

'n Laaste voorbeeld van die Dieretuin se betrokkenheid by ander instansies, is die instemming van die Raad om aan dr. Berniske van die San Diego Zoological Society se versoek te voldoen om met die navorsing oor die skaars Derby-eland behulpsaam te wees. Omdat die Dieretuin een van slegs 'n paar instansies in die wêreld was wat dié diersoort gehuisves het, was dr. Berniske gretig om velbiopsies en bloedmonsters in die hande te kry. Aangesien dit een van die doelstellings van die Nasionale Dieretuin is om by alle aspekte van natuurbewaring betrokke te wees, was hy maar te bly om van hulp te wees.[64]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## 2. Reise na die buiteland, bywoning van internasionale kongresse en lidmaatskap van internasionele organisasies

Soos reeds vermeld, het beamptes van die Dieretuin dikwels buitelandse reise onderneem om diere wat gekoop of geruil is, op hulle tog te vergesel.[65] Die eerste uitgebreide toer buite die grense van Suid-Afrika in belang van die Dieretuin is in 1915 deur Haagner onderneem. Sy bestemming was Betsjoeanaland en Rhodesië. Van hierdie reis het hy 'n volledige verslag opgestel en daarin kom dit duidelik na vore dat die hoofdoel van die reis was om diere vir die Dieretuin te bekom. Vergesel van die nodige bekendstellingsbriewe van die Imperiale Sekretaris aan kaptein Reilly, die magistraat van Serowe, en aan hoofman Khama, het Haagner op 31 Oktober vertrek. Deur nuwe vriendskappe met die plaaslike owerhede en boere is heelwat skenkings ontvang en is deure vir toekomstige onderhandelings geopen.[66]

Nadat Haagner deur dr. H. Hornaday van die dieretuin in New York genooi is om diere wat vir die VSA bestem was, te vergesel, het die Bestuurskomitee op 23 April 1920 besluit om die Direkteur amptelik af te vaardig om op 'n oorsese reis te gaan en dieretuine te besoek. Die doel van hierdie reis was om inligting in te win oor voëlhokke, nuwe huisvesting vir Josef, die sjimpansee, heinings vir kameelperdkampe en akwariums, met die oog op die varswaterakwarium wat vir die ou Museumgebou beoog is.[67] Die toer het 33 dae geduur en die Direkteur het twee referate in New York gelewer. Van daar is hy na Europa waar hy ook sy nuutste boek oor Suid-Afrikaanse soogdiere ter perse sien gaan het. Sy gevolgtrekking oor wat hy alles in die buiteland in nege dieretuine, een privaat versameling, twaalf museums, vier botaniese tuine en vyf akwaria gesien het, was dat die Nasionale Dieretuin wat uitleg, skoonheid en netheid betref, bo al die ander dieretuine wat hy besoek het, uitgestaan het. Hy het wel baie kennis opgedoen aangaande insektaria en akwaria en ook wat voeding, etiketering en huisvesting betref, het hy baie geleer.[68]

Omdat geld skaars was en elke sent omgedraai moes word, het dr. Bigalke eers baie laat in sy dienstydperk die geleentheid gekry om die Dieretuin in die buiteland te verteenwoordig. In 1953 is hy tot lid van die IUD verkies. Hierdie Unie het op 24 September 1946 te Rotterdam tot stand gekom met sy hoofkwartier in Parys, Frankryk. Dit is 'n internasionale vereniging van persone wat as direkteure van dieretuine, diereparke en akwariums, wat op 'n wetenskaplike grondslag bestuur word, optree. Die doelstellings van die Unie is om samewerking tussen inrigtings te bevorder, dit wil sê inrigtings van 'n heeltemal nie-kommersiële aard met kulturele en opvoedkundige doelstellings, waar die publiek toegelaat word om lewendige diere te besigtig en te bestudeer en wat dierkundige navorsing in die wydste sin, asook die beskerming van die wêreld se diere bevorder. Lidmaatskap van hierdie Unie het vir die Nasionale Dieretuin, wat in die verlede vanweë sy verafgeleë ligging van die ander groot en bekende dieretuine afgesonder en effens onbekend was, nou in staat gestel om voordeel te trek uit navorsing, nuwe metodes,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestuurstegnieke en die verskillende probleme waarmee ander dieretuine te kampe mag hê. So kon die Dieretuin ook op hoogte bly van nuwe verwikkelinge op die gebied van moderne dieretuinadministrasie en wildbewaring.[69]

Van 12 tot 17 Mei 1957 het dr. Bigalke die Elfde Jaarlikse Kongres van die Unie, wat by Blijdorp, die dieretuin in Rotterdam, gehou is, bygewoon. Daar het hy 37 ander afgevaardigdes uit sestien lande ontmoet en tien referate aangehoor. Dr. Bigalke het self 'n bydrae met sy "Notes on the square-lipped Rhinos in the National Zoological Gardens" gelewer. Na afloop van hierdie konferensie het hy nege dieretuine in Europa en nege in die VSA besoek en hy is ook gekies tot lid van die International Survival Service Commission.[70] Sedert dr. Brand dr. Bigalke op 2 Oktober 1962 opgevolg het, is die Nasionale Dieretuin jaarliks op die vergadering van die IUD verteenwoordig. Na afloop van dr. Brand se besoek aan Chester, Engeland waar die kongres in 1963 gehou is, het hy die belangrikste dieretuine in Engeland en Europa besoek.[71]

In 1967 was die Nasionale Dieretuin steeds die enigste inrigting uit Afrika wat verteenwoordiging op die vergaderings geniet het. Tydens die konferensie in Barcelona, Spanje het dr. Brand die Unie formeel uitgenooi om die volgende konferensie (elke jaar word daar in 'n ander lidland byeengekom) in Oktober 1968 in Pretoria te hou. Dit sou die eerste keer wees dat 'n konferensie van die Unie in Afrika plaasvind en die uitnodiging is met groot geesdrif aanvaar.[65] Na afloop van die byeenkoms in Spanje en met die oog op die beplande akwarium het die Direkteur 'n besoek aan die pas voltooide Stuttgart-akwarium afgelê en waardevolle inligting rakende die aanhou van tropiese seevisse, die vervaardiging van kunsmatige seewater, filtreer- en verwarmingstoestelle en ander aspekte in verband met die funksionering van 'n akwarium ingewin.[72]

Wat kontak op internasionale gebied betref, was 1968 'n jaar wat uitgestaan het in die geskiedenis van die Nasionale Dieretuin. Van 14 tot 18 Oktober het die 23ste Jaarlikse Konferensie van die IUD in Pretoria plaasgevind en dit is deur 27 lede bygewoon, onder andere die direkteure van die dieretuine in Zürich, Tokio, Frankfurt, Kopenhagen, Praag, Amsterdam en San Diego. Die konferensie wat in die Nicolsaal van die Provinsiale Gebou plaasgevind het, is op Dinsdagoggend, 15 Oktober, deur die Minister van Nasionale Opvoeding, J. de Klerk, geopen. In sy openingsrede het hy gesê dat in die lesings wat gehou sou word, nie net oor die biologiese aspekte gepraat sou word nie, maar dat wildbewaring ook aandag sou geniet. Die kongresgangers is die aand deur die destydse Premier, B.J. Vorster, op 'n skemerparty aan sy ampswoning, Libertas, getrakteer. Na afloop van die konferensie het dr. W. Windecker, die president van die IUD en direkteur van die dieretuin in Frankfurt, hom soos volg teenoor die pers uitgelaat: "Die konferensie wat by die Nasionale Dieretuin gehou is, is die mees geslaagde een wat nog ooit gehou is."[73] Ander kommentaar van kongresgangers was: "Your beautiful Zoo has made a big impression on me, specially for its extensions, the possibilities of future work and the perfect conditions of the animals" - Franco Cunea, direkteur van die dieretuin in Napels,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en "the conference was well planned, the papers were most interesting, and the tours and social events were outstanding. It was indeed the most beneficial IUDZG (*sic*) Conference that I have attended. You have a very capable staff and apparently you run a tight ship." - Don G. Davis, direkteur van die Cheyenne Mountain Zoological Park, Colorado Springs.[74]

Buiten die besoekers wat hierdie konferensie bygewoon het, het 'n groot aantal belangrike persone, soos dit elke jaar die geval was, die Dieretuin ampshalwe besoek. G. McKinnon, Minister van Handel, Visserye en Fauna van Wes-Australië, G. Revedin, Italiaanse Ambassadeur in Kenia en dr. Soames, eredierearts van die Bronxdieretuin van New York, is maar enkele voorbeelde van buitelandse besoekers.[75] In 1969 het 'n groot eer die Nasionale Dieretuin te beurt geval toe die voorsitter van die Raad, dr. A.J. Koen, saam met die Direkteur 'n uitnodiging na die 24ste Konferensie van die IUD, wat daardie jaar in New York sou plaasvind, ontvang het.[76] Die veearts, dr. J.P.J. Smit, het op sy beurt van 14 tot 18 Mei 1970 die elfde Internasionale Simposium insake siektes van diere in dieretuine wat in Zagreb, Joegoslawië gehou is, bygewoon.[77] Gedurende September 1971 het die opvoedkundige beampte, Laurie Smith, op uitnodiging van die Southern African Regional Commission for the Conservation and Utilization of the Soil (SARCCUS) se staande komitee vir natuurbewaring 'n referaat in die Chitengo Corongosa National Park, Mosambiek oor "Opvoeding en Voorligting in Natuurbewaring" gelewer.[78]

Tydens die 25ste Jaarlikse Konferensie van die IUD in Oos-Berlyn is dr. Brand tot eerste vise-president verkies.[79] Tydens die 27ste Jaarlikse Konferensie is hy versoek om'n lesing te hou oor die rol van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika by formele onderrig[80] en tydens die 29ste Jaarlikse Konferensie van die IUD wat in Basel, Switserland plaasgevind het, het die groot eer die Direkteur en die Dieretuin te beurt geval toe hy tot president van die IUD verkies is.

Omdat dr. Brand as wêreldkundige op die terrein van dieretuinbestuur gereken is, is hy uitgenooi om van 13 tot 15 Mei 1975 'n internasionale simposium oor dieretuinkonstruksie in Devon, Engeland by te woon, die voorsitterstoel tydens een of meer sessies in te neem en verskeie lesings aan te bied. Hy is ook uitgenooi om die eerste verjaarsdagviering van die dieretuin in Singapoer, wat hy met raad gedien het, by te woon. Ook is hy na die honderdste verjaarsdagviering van die dieretuin in Poznan (Posen), Pole uitgenooi, asook na die vergadering in Switserland waartydens die IUD en die World Wildlife Fund hul samewerking bespreek het.

In 1974 is daar reeds besluit dat die jaarlikse konferensie van die IUD in òf 1979, òf die jaar daarop wéér in Pretoria gehou sou word.

Teen 1975 het die Direkteur in die volgende internasionale organisasies gedien: Die IUD (president), die Internasionale Unie vir Natuurbewaring en die Liason Group between Zoological Gardens and the International Union for Nature Conservation.[81]

Steeds is die Direkteur oorval met uitnodigings om simposia by te woon en toe te spreek. Die internasionale byeenkoms oor "Das Tier und Wir" in Switserland in 1976 en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dié oor die stamboek van wilde diere,[82] gehou in Kopenhagen in 1979 is slegs enkeles wat hier genoem word. Dr. Brand se lesing "Efforts in Captive Propagation of the National Zoological Gardens of South Africa" wat hy tydens 'n konferensie oor die teling van bedreigde spesies in November 1979 in San Diego gehou het, het só byval gevind dat dit op versoek van konferensiegangers gedupliseer en uitgedeel is.[83]

Van 13 tot 18 Oktober 1980 het Pretoria dan ook vir die tweede keer as gasheer vir die jaarlikse byeenkoms van die IUD opgetree. Weer eens was dit 'n reuse sukses en het meer afgevaardigdes en erelede dit bygewoon as enige ander konferensie sedert die stigting van dié Unie in 1946. Die gaste is selfs deur die stadsraad van Lichtenburg by die plaaslike wildteelplaas onthaal.[84]

Dieselfde lofbetuigings wat in 1968 die Dieretuin toegeswaai is, is weer na afloop van die konferensie ontvang. Dr. J.H. Reed, direkteur van die hoog aangeskrewe National Zoological Park, Smithsonian Institution, Washington het die welslae van hierdie byeenkoms waarskynlik die beste opgesom: "This year's IUDZG (*sic*) meeting was indeed a remarkable success! The efforts you, your wife and staff went to in the arrangements for this meeting are deeply appreciated. I really have to get into superlatives to express my feelings about the meeting. It was one of the best organized, if not the best meeting we have had. I was particularly happy with the scientific sessions which were some of the best we have ever had. I believe the papers presented were of higher quality than those we have had at any other meeting".[85]

Na hierdie hoogtepunt het die Nasionale Dieretuin nie op sy louere gerus en in die son van sy herbevestigde internasionale aansien gebaai nie - in natuurbewaring duur die stryd altyd voort. As gevolg van sy uitstekende reputasie en die feit dat hierdie dieretuin as een van die voorstes in die wêreld gereken is, het uitnodigings bly instroom.[86] Dr. Ebedes, die veearts, is uitgenooi na die Fourth International Conference on Wildlife Diseases wat van 23 tot 28 Augustus 1981 by die Tarongudieretuin in Sydney, Australië plaasgevind het. Hy is ook gevra om 'n lesing te gee oor die beheer van siektes onder wild in Suid-Afrika.[87] Selfs 'n Raadslid, J.S. Burg, is gevra om die uitleg van 'n dieretuin in Saoedi-Arabië te beplan![88]

Na die konferensie in Pretoria het oorsese dieretuine reëlings getref dat besoekers die Nasionale Dieretuin besoek om hulleself te vergewis van die hoë standaard wat in dieretuinbestuur bereik kan word. Dr. Newman, die direkteur van die Vancouver Aquarium, het na afloop van sy besoek net lof vir die beplanning en uitstalling in die akwarium gehad.[89] Paul S. Choffe, dieretuinbestuurder van die Fresno Zoological Society, Kalifornië het dr. Brand en Laurie Smith vir hul gasvryheid tydens sy besoek aan die Dieretuin en De Wildt bedank en die volgende opgemerk: "The Zoo and Aquarium are exeptionally well constructed and impeccably maintained. All of us were impressed, not only with the display techniques, but also the educational aspect of the facility."[90]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die lig van die toenemende isolasie wat Suid-Afrika op internasionale gebied die afgelope paar dekades ondervind het, kan daar met reg gesê word dat die Nasionale Dieretuin verhewe bo die wêreldpolitiek gestaan het. Die prestasies wat aan hom internasionale aansien verleen het, het hom immuun teen sanksies en boikotte gemaak en daar is grense oorgesteek en brûe gebou wat vir min ander plaaslike instansies beskore was.

1. ATM: Brieweboek Mei 1899 - Jul. 1902: Brief aan die privaatsekretaris van sy eksellensie Lord Milner, 1902-07-05, brief 447.
2. ATM: Briefboek: Brief van L.J. Jacobz, 1902-08-19.
3. ATM: M en D notules: 1902-09-05, p. 483.
4. ATM: M en D notules: 1903-04-07, p. 524.
5. ATM: M en D notules: Spesiale vergadering, 1904-08-26, p. 735.
6. ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904: Brief van J.H. van Zuylen, 1904-09-13.
7. A. Bailey, Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika (1899-1919): Sosiale bymekaarkomplek in Pretoria (voortaan Die Nasionale Dieretuin) (*Museum Memo* 17(4), Nov. 1889, p. 17; ATM: Brieweboek Jan. - Apr. 1905.
8. ATM: Brieweboek Mei - Sept. 1904: Brief van die sekretaris van die Transvaalse Landbou-unie, 1904-06-17.
9. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Notule, 1912-10-08; Maandverslae en notules 1913: Notule, 1913-05-11.
10. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Notule, 1912-11-19; Maandverslae en notules 1913-05-31.
11. NDSA: Maandverslae en notules 1912: Notule, 1912-11-19.
12. NDSA: Maandverslae en notules 1913: Notule, 1913-09-11; Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-03-14.
13. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-03-14.
14. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-09-15; Maandverslag, Sept. 1914.
15. NDSA: Maandverslae en notules 1914: Notule, 1914-09-15.
16. A. Bailey, Die Nasionale Dieretuin (*Museum Memo* 17(4), Nov. 1989, p. 17).
17. *Ibid.*
18. NDSA: Maandverslae en notules 1919: Maandverslag, Apr. 1919.
    Die Transvaalse Universiteitskollege het in 1921 dieselfde vergunning gekry - NDSA: Maandverslae en notules 1921: Notule, 1921-03-15.
19. A. Bailey, Die Nasionale Dieretuin (*Museum Memo* 17(4), Nov. 1989, p. 17).
20. *Die Transvaler,* 1942-02-13; *The Pretoria News,* 1942-02-13.
21. *Die Transvaler,* 1932-12-02; NDSA: Plakboek: *Pro Patria,* Nov. 1943, Vol V, no. 8, Jan. 1944, Vol. V, no. 1.
22. NDSA: Folio 26, p. 48: Brief van Koh-I-Noor, 1970-07-12.
23. NDSA: Folio 143, p. 8: Notule, 1982-04-01, R19/4/82.
24. NDSA: Folio 144, p. 3.
25. NDSA: Folio 164, p. 50: Verslag aan die Voorsitter en lede van die Raad.
26. ATM: Brieweboek Jan. - Apr. 1904: Brief van die stadsklerk van Johannesburg, 1904-12-23.
27. NDSA: Maandverslae en notules 1917: Notule, 1917-08-21.
28. *Die Volkstem,* 1933-04-03; *The Pretoria News,* 1933-04-05.
29. NDSA: Jaarverslag 1980/81, pp. 32-33; Folio 122: Notule, 1980-03-08; Folio 126: Notule, 1980-06-24.
30. NDSA: Folio 126: Direkteursverslag, 1980.
31. NDSA: Folio 126: Memorandum vir die voorsiening van slanggif vir die maak van serum.
32. NDSA: Folio 147, p. 11: Jaarverslag 1981/82.
33. NDSA: N Z G Report 1952, p. 6.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

34. NDSA: Folio 123: Notule, 1980-03-20.
35. NDSA: Folio 19: Notule, 1969-10-23.
36. NDSA: Folio 59, p. 3: Notule, 1973-08-03; Folio 60, p. 6: R8/8/73.
37. NDSA: Folio 158, p. 56: Verslag Afdeling Fauna, Nov. 1983.
38. *The Natal Mercury,* 1975-03-28; *Eastern Province Herald,* 1975-03-20.
Ook hulp aan 'n kameelperdvulletjie - *Die Volksblad,* 1975-05-24; *Die Burger,* 1975-05-24; *Die Oosterlig,* 1975-05-23.
39. *Hoofstad,* 1975-02-21; *The Star,* 1975-02-21; *Vereeniging News,* 1975-02-28; *Beeld,* 1975-02-20; *The Natal Daily News,* 1975-02-22; *Rapport,* 1975-02-03.
Die veearts het ook gehelp met die vang en immunisering van olifante in die Nasionale Krugerwildtuin - NDSA: Folio 102: Notule, 1978-02-02.
40. *Die Transvaler,* 1976-08-20; *The Star,* 1976-08-26; NDSA: Folio 85: Brief van die stadsklerk van Johannesburg, 1976-07-01.
41. NDSA: Folio 94: Direkteursverslag, Feb. 1977.
42. NDSA: Folio 99: Direkteursverslag, Jul. 1977.
43. NDSA: Folio 104: Notule, 1978-04-06.
Nog hulp i.v.m. akwariums - Folio 120: Direkteursverslag, 1979-10-31 - 1979-12-31; Folio 116: Direkteursverslag, Mei 1979.
44. NDSA: Folio 112: Notule, 1979-02-01.
45. NDSA: Folio 122: Notule, 1980-02-06.
46. NDSA: Folio 160, pp. 11-12: Brief van die direkteur Afd. Bodembeskerming, Dept. Landbou, R9/2/84, verw. 16.
47. NDSA: N Z G Report 1956, p. 3.
48. NDSA: N Z G Report 1960, p. 6.
49. NDSA: Jaarverslag 1964/65, pp. 27-28.
50. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 10.
51. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 6.
52. NDSA: Jaarverslag 1979/80, p. 3.
53. NDSA: Jaarverslag 1983/84, p. 4.
54. NDSA: Folio 131: Werkgroep Knysna-olifante: Dept. van Waterwese, Bosbou en Omgewingsake.
55. ATM: Brieweboek: Brief van die Direkteur van die Rotterdamse Diergaarde, 1898-08-24.
56. NDSA: Folio 80, p. 3: Brief van dr. A.S. Cheke, 1975-08-13, R4/8/75.
57. *Personality,* 1975-11-14, p. 60.
58. NDSA: Folio 92: Notule, 1976-12-06; Folio 93: Notule, 1977-02-03; Folio 97: Notule, 1977-06-09.
Die Raad het later toestemming aan die Direkteur verleen om in sy private hoedanigheid hulp aan die maatskappy Safari Park International advies te gee - NDSA: Folio 104: Notule, 1978-04-06.
59. NDSA: Folio 94: Notule, 1977-03-11.
60. NDSA: Folio 121: Brief van M. Bush, 1979-12-04; Folio 131: Brief van dr. David E. Wildt (Bethesda, Maryland), 1981-02-18; Brief van dr. M. Bush (Washington, DC), 1981-02-26; Folio 147, p. 30: Jaarverslag 1981/82.
61. NDSA: Folio 120: Notule, 1979-10-11.
62. NDSA: Folio 124: Notule, 1980-05-14.
63. NDSA: Folio 149, pp. 71-73: Brief van dr. G.K. Clarke, 1982-11-10.
64. NDSA: Folio 147, p. 30: Jaarverslag 1981/82.
65. Kyk hoofstuk VII.
66. NDSA: Maandverslae en notules 1915: Notule, Nov. 1915.
67. NDSA: Maandverslae en notules 1920: Notule, 1920-03-16; Maandverslae en notules 1920: Notule, 1920-04-23; Direkteursverslag, Apr. 1920; Notule, 1920-05-26.
68. NDSA: Maandverslae en notules 1920: Direkteursverslag, Nov. 1920.
69. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 5.
70. NDSA: N Z G Report 1957, pp. 2-8.
71. NDSA: Jaarverslag 1963/64, p. 27.
72. NDSA: Jaarverslag 1967/68, p. 5.
73. NDSA: Jaarverslag 1968/69, pp. 8-9; Folio 9: Notule, 1968-11-07; *Hoofstad,* 1968-11-07.
74. NDSA: Folio 9 en Folio 10.
75. NDSA: Jaarverslag 1968/69, p. 14; Folio 11: Notule, 1969-02-06.
76. NDSA: Folio 15: Notule, 1969-06-05; Jaarverslag 1969/70, p. 5.
77. NDSA: Folio 22: Verslag deur J.P.J. Smit.
78. NDSA: Jaarverslag 1971/72, p. 9; Folio 40, p. 7: R13/9/7(iii).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

79. NDSA: Jaarverslag 1970/71, p. 4.
80. NDSA: Jaarverslag 1972/73, p. 5.
In 1973 is dr. Brand deur die direkteur van die Institute for Breeding Research van die Tokiose Universiteit, dr. Norio Kondo, uitgenooi om as eregas van dié inrigting die amptelike opening van 'n nuwe instituut waar te neem en 'n lesing te gee - NDSA: Jaarverslag 1973/74, p. 4.
81. NDSA: Jaarverslag 1974/75, p. 4. Hierin word ook verdere melding van uitnodigings na internasionale kongresse gemaak.
82. NDSA: Jaarverslag 1976/77, pp. 4-5.
83. NDSA: Jaarverslag 1979/80, pp. 3-4.
84. NDSA: Jaarverslag 1980/81, pp. 5-6; Folio 130: Notule, 1981-02-05.
87. NDSA: Folio 129: Verslag 1980.
86. E. Davie, Oor diere en dieretuine (*Suid-Afrikaanse Panorama* 26(1), Jan. 1981, p. 12).
87. NDSA: Folio 131: Brief van E.P. Finnie, Wildlife Disease Association, 1981-02-25.
88. NDSA: Folio 132: Notule, 1981-02-25.
89. NDSA: Folio 132: Direkteursverslag, Mrt. 1981.
90. NDSA: Folio 137: Notule, 1981-08-31.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## XI. SLOTSOM

Uit die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika gedurende die eerste 85 jaar van sy bestaan aan al die vereistes wat aan 'n moderne dieretuin gestel word, voldoen het. Wat die diereversameling betref,het uitbreiding, onderhoud en versorging deurgaans op 'n besonder hoë standaard plaasgevind. Dieselfde geld vir die oprigting, onderhoud en ontwikkeling van die geboue, hokke, kampe en tuine. Opvoedkundige werk is verrig om die onderrig van die vakke, Biologie en Natuurstudie in skole en aan universiteite aan te vul en om belangstelling by skoliere, studente en volwassenes in diere en natuurbewaring te stimuleer. Dit is gedoen deur middel van begeleide toere, lesings, skuifie- en filmvertonings, radiopraatjies, opvoedkundige inligtingsborde by kampe en hokke, die publikasie van 'n kwartaalblad en verslae en artikels in koerante en tydskrifte. Skakelwerk deur middel van korrespondensie, persoonlike onderhoude en telefoniese gesprekke het ook nie agterweë gebly nie. Belangrike wetenskaplike navorsing in samewerking met ander institute ten opsigte van die klassifikasie, anatomie, fisiologie, gedrag, siektes en voedselbehoeftes van wilde diere is 'n verdere funksie wat die Dieretuin vervul het. Die Nasionale Dieretuin het ook nie nagelaat om sy volle gewig by alle aspekte rondom natuurbewaring in te gooi nie en die teel van seldsame diersoorte wat gevaar gestaan het om te verdwyn, was een van sy hoogste prioriteite.[1] Laastens het die Dieretuin ook nie sy verantwoordelikheid teenoor die breë publiek vergeet nie en die instansie was 'n groen oase te midde van die betonoerwoud waar die mens bloot net kon ontspan.

Al hierdie doelstellings is op 'n uiters professionele wyse bereik en die Dieretuin is gevolglik as een van die heel beste instansies van sy soort wêreldwyd gereken. Om bloot verkies te word tot die IUD is vir enige dieretuin 'n geweldige prestasie, omdat dit 'n eksklusiewe genootskap is wat die hoogste standaard van dieretuininrigtings ter wêreld handhaaf. Lidmaatskap stel hoë eise en slegs 75 uit meer as seshonderd dieretuine en akwariums wêreldwyd is by die jaarvergadering in 1980 verteenwoordig. 'n Lidland word streng gekeur. Die feit dat die IUD sedert sy stigting reeds twee keer in Pretoria byeengekom het, getuig van die Nasionale Dieretuin se internasionale aansien.[2]

Colin Rawlins, direkteur van die Londense dieretuin en skrywer van 'n artikel oor die Nasionale Dieretuin in Zuckerman, die wêreldberoemde wetenskaplike, se boek *The Great Zoos of the World,* was van mening dat die dieretuin in Pretoria "rank amongst the first ten major zoological collections not only in terms of numbers, but also species which are exhibited".[3]

Die algemene kurator van die Milwaukee County Zoo, VSA, Ken Kawara, het Rawlins se bevindings bevestig met die volgende opmerking: "Your zoo was indeed an eye opener for me. In terms of all aspects of zoo operation - collection, exhibit, husbandry, staff,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

education etc. - your institution is superb and I believe it is no doubt one of the finest of over 230 zoos and related facilities I have seen thus far in seven countries.'[4]

Dat hierdie Dieretuin 'n studie regverdig het, is duidelik en 'n mens kan ten slotte die geskiedenis van die ontwikkeling van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika met Rawlins se woorde afsluit: "South Africa has every reason to be proud of the way its National Zoo has developed and the part it is playing not only in the conservation of the country's natural fauna, but also in the growth of scientific zoology."[5]

Uit al die voorafgaande is dit duidelik dat die opvolgers van dr. Brand en sy Bestuur kon voortbou op die stewige fondament wat gedurende die jare daarvoor gelê is. 'n Mens kan maar net hoop dat die hoë standaard wat in die Dieretuin daargestel is, ook in die toekoms gehandhaaf sal kan word.

1. NDSA: Jaarverslag 1964/65, pp. 5-7.
2. E. Davie: Oor diere en dieretuine (*Suid-Afrikaanse Panorama* 26(1), Jan. 1981, p. 12).
3. NDSA: Folio 149, pp. 74-75: Brief van die voorsitter, dr. A.J. Koen, aan die redakteur van *Hoofstad,* 1982-11-23.
4. NDSA: Folio 149, p. 64: Brief van Ken Kawata, 1982-11-09.
5. NDSA: Folio 149, pp. 74-75: Brief van die voorsitter, dr. A.J. Koen, aan die redakteur van *Hoofstad,* 1982-11-23.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**BYLAAG : WETENSKAPLIKE PUBLIKASIES VAN DIE NASIONALE DIERETUIN VAN SUID-AFRIKA**

Die volgende wetenskaplike publikasies het volgens die jaarverslae van die Nasionale Dieretuin sedert 1939 verskyn:

**N Z G Report 1939:**

Bigalke, R., *Animals and zoos to-day.* London.

Bigalke, R., *A guide to some common animals of the Kruger National Park.* Pretoria.

**N Z G Report 1949:**

Two important reports on conservation, *South African Science* 1(10), Jun. 1948.

Roberts, A. *The Ostrich,* 19(2), Sept. 1948.

The type locality of the bontebok (*Damaliscus pygargus (Pallas)), Journal of Mammalogy* 29(4), Nov. 1948.

A note on the breeding of the white-bellied stork (*Sphenorchynchus abdimil)* in the National Zoological Gardens, Pretoria. *The Ostrich,* 19(3), Des. 1948.

The conservation and control of wild life in South Africa (African Regional Scientific Conference), *Communication* no. 1(4), 1949.

**N Z G Report 1950:**

Bigalke, R., Wild life conservation in the Union of South Africa, *Fauna and Flora* 1, Apr. 1950.

Bigalke, R. The Cape mountain zebra (*Equus zebra zebra), Proceedings and Papers,* Paris, 1950 (International Conference on the Protection of Nature).

Bigalke, R., Steyn, T., De Vos, D, De Waard, K., Observations on a juvenile female square-lipped or white rhinoceros (*C. simum simum Burch.)* in the National Zoological Gardens of South Africa, *Proceedings of the Zoological Society of London* 120(3), 1950.

**N Z G Report 1951:**

Bigalke, R., The discovery of the giraffe in South Africa, *Fauna and Flora* 21, 1951.

Bigalke, R., A note on the drinking habits of hornbills, *Fauna and Flora* 2, 1951.

Steyn T.J., The breeding of lions in captivity, *Fauna and Flora* 2, 1951.

Van Rensburg W.J.J., Guide-lecturer service at the zoo and museum in Pretoria, *African Wild Life* 5(2), 1951.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

**N Z G Report 1952:**

Bigalke, R., The early history of the Cape mountain zebra *(Equus zebra zebra), African Wild Life* 6(1), Jun. 1952.

**N Z G Report 1953:**

Bigalke, R., What animal is it?

Bigalke, R., Lions in the Kruger National Park, *African Wild Life* 3(1), March 1954.

Bigalke, R., A note on the behaviour of a group of five spotted hyaenas, *Fauna and Flora* 3, 1953.

**N Z G Report 1956:**

Bigalke, R., The ages to which elephants live, *African Wild Life,* Jun. 1953.

Bigalke, R., Die bontebok *(Damaliscus pygargus)* met spesiale verwysing na sy geskiedenis en beskerming, *Fauna en Flora,* 6, 1955.

Bigalke, R., Aantekeninge oor die huidige en vroeëre verspreiding van die swartwitpens in die suidelike deel van die Kruger Wildtuin, *Fauna en Flora* 6, 1955.

**N Z G Report 1958:**

Bigalke, R., The report of the Serengeti Committee of Enquiry, *African Wild Life* 12(1), March. 1958.

Van der Westhuizen, C.M., Die koningjagluiperd, *Ons Wild* 1(3), 1958.

**Jaarverslag 1962:**

Brand, D.J., Records of mammals bred in the National Zoological Gardens of South Africa during the period 1908-1960, *Proceedings of the Zoological Society of London* (Ig. is op 13 Maart 1962 vir publikasie aanvaar).

Brand, D.J., Die status van die bontebok (Damaliscus pygarcus (Pallas), *Jaarverslag van die Departement van natuurbewaring van die Kaapse Administrasie* (vir publikasie aanvaar).

Groenewald, A.A.V.J., Observations of the food habits of *Clarias garrepinus,* the South African freshwater barbel *(Pisces: clariidae), Hydrobiologia* (vir publikasie aanvaar).

**Jaarverslag 1963/64:**

Young, E., Pasteurellosis in the kangaroo and lesions in the vicinity of the eye of the white rhinoceros in 1963/64 (Persklaargemaak).

**Jaarverslag 1966/67:**

Brand, D.J., Veretooi, *Zoön* 6, 1966.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Smith, L.J. Suid-Afrikaanse katte, *Zoön* 6, 1966.

Smith, L.J. Pikkewyne, *Zoön* 6, 1966.

Young, E., A suitable kilk substitute for the aardvark (*Orycteropus afer)* and echidna (*Tachyglossus aculeatus)* in captivity, *The International Zoo yearbook* 6, 1966.

Young, E., Use of anaesthetics in the transport of animals, *The International Zoo Yearbook* 6, 1966.

Young, E., Treatment of Cutaneous Granalomata in the black rhinoceros *(Dicerosbicounis), The International Zoo Yearbook 6, 1966.*

Young, E., Notes on the blood composition of the red hartebeest (*Akelaphus busclaphus). The International Zoo Yearbook 6, 1966.*

**Jaarverslag 1966/69:**

Die wildsbokke in die versameling van die Nasionale Dieretuin, *Zoön 10.*

The birth of a white rhino calf, *The International Zoo Yearbook* 8.

**Jaarverslag 1975/76:**

Die volgende is gedurende bg. tydperk vir publikasie ingedien:

Self-inflicted evisceration of a boa constrictor (*Constrictor constrictor)* following vomituration.

A condition resembling gout in a California king snake (*Lampropeltis getulus californiae).*

Control of mites (*Tyrophagus putriscentiae)* in a colony of meal-worms (*Tenebrio molitor)* intended for feeding of small reptiles.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNE

## I. Argivale bronne

(Geeneen van hierdie bronne is in gepubliseerde vorm beskikbaar nie)

### Argief van die Transvaal Museum, Pretoria

Brieweboek Junie 1897 - Julie 1899.
Brieweboek Januarie - Julie 1899.
Brieweboek Mei 1899-Julie 1902.
Brieweboek Januarie - Oktober 1901.
Brieweboek Mei - Augustus 1902.
Brieweboek September - Desember 1902.
Brieweboek Januarie - September 1903.
Brieweboek Augustus - Desember 1903.
Brieweboek Oktober 1903 - November 1904.
Brieweboek Januarie - Oktober 1904.
Brieweboek Mei - September 1904.
Brieweboek Januarie - April 1905.
Brieweboek Mei 1905.
Brieweboek Junie 1905 - Maart 1906.
Brieweboek Julie - Desember 1905.
Brieweboek Januarie - Junie 1907.
Brieweboek (sonder jaartal).
Direkteursverslag, Mei 1916.
Government correspondence file, 5 June 1900.
Lêer September 1897 - 14 Januarie 1899.
Letters received, January - July 1899.
Letters received, January - July 1902.
Letters received, May - August 1902.
Letters received, January - April 1904.
Letters received, July - December 1906.
Maandverslae 1908 - 1909.
Maandverslag, Januarie 1912.
Museum- en Dieretuinnotules Januarie 1897 - Februarie 1905.
Notules.
Ongedateerde lêer.
Preliminary report on the Transvaal Museum and Zoological Gardens to the military governor, Pretoria, 1900-08-01.
Report on starting and subsequent development of the Zoological Gardens.

### Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria

Annual Report for 1905
Cuttings 1931-1933.
Folios 5-164.
Historical Records I.
Jaarverslae 1962 - 1983/84.
Komitee vir Algemene Sake.
Lys van dieretuine waarmee die Nasionale Dieretuin kontak het, 1990.
Maandverslae en notules 1909.
Maandverslae en notules 1912-1917.
Maandverslae en notules 1920-1926.
Museum and Zoological Gardens: Annual Report for the year 1906-1907.
Die Nasionale Dieretuin: 90 jaar in bewaring.
Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: Fotoversameling.
Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika: Pryslys.
National Zoological Gardens: Reports 1916-1960.
Newspaper cuttings.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Notule van die Komitee 1912-10-08.
Notule van die Komitee 1913-09-11.
Notules.
Omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement, Augustus 1940.
Plakboek.
Transvaal Administration Report 1905.
Transvaal Zoological Gardens, Pretoria: Reports 1909-1915.
Vol. 4 lêer PL.

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

**Argief van die Staatsekretaris van die ZAR**

SS. 7024 Inkomende stukke R2002/98 - Feb. 1898.
SS. 7024 Inkomende stukke OR11/526 - Feb. 1898.
SS. 7024 Inkomende stukke OR8575/99 - Feb. 1898.
K. 47 Commisioners Papers Report 58:6th Report: Interior - 1947-02-17.

Argief an die stadsraad van Pretoria, Pretoria

Visiuele dienste: Fotoversameling.

Bigalkeprivaatversameling, Pretoria

Curriculum vitae of Rudolph Carl Heinrich Bigalke.

Oberholsterprivaatversameling, Pretoria

Foto's.

## II. Periodieke publikasies

*Afrika Post,* April 1956.
*The Argus,* 1979-05-09.
*Beeld,* 1975-1981.
*Bonner Rundschau,* 1956-03-15; 1956-03-14.
*Brits Pos,* 1975-04-11; 1975-05-02; 1975-05-16.
*Bundeshaupstadt Bonn,* 1962-10-25.
*Die Burger,* 1942-1979.
*The Cape Argus,* 1979-10-06.
*The Cape Times,* 1979-01-19; 1981-06-29.
*The Citizen,* 1977-09-01.
*Dagbreek,*1951-06-10.
*Dagbreek en Sondagnuus,* 1959-09-13.
*Daily Express,* 1938-06-07; 1938-06-23; 1938-11-29.
*Eastern Province Herald,* 1975-04-08.
*The Friend,* 1938-06-25.
*General Anzeiger,* 1956-03-15.
*Hoofstad,* 1969-07-16 - 1982.
*Die Kourier,* 1981-07-01.
*Die Magaliesberger,* 1975-05-02.
*The Mineworker,* 1977-08-03.
*The Natal Daily News,* 1975 - 1981.
*The Natal Mercury,* 1926-09-29; 1926-09-30; 1926-10-06; 1977-08-11.
*The Natal Witness,* 1983-08-06.
*Neue Rhein Zeitung* (Bonn), 1956-03-14.
*Die Noordwester,* 1974-01-01.
*Oggendblad,* 1975-01-22; 1975-06-26; 1981-12-11.
*Ons Vaderland,* 1928-1931.
*Die Oosterlig,* 1975-01-24; 1975-05-23.
*Pretoria, Citizen,* May 1928; June 1928; October 1928.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

*The Pretoria News,* 1926-1982.
*Rapport,* 1974-11-10.
*Rand Daily Mail,* 1928-1981.
*SA Digest,* 1975-1978.
*The Star,* 1926-1981.
*Sunday Express,*1950-10-21.
*Sunday Times,* 1937-1975.
*Die Transvaler,* 1940-1983.
*Die Vaderland,* 1932-1976.
*Vereeniging News,* 1975-02-28.
*Die Volksblad,* 1975.
*Die Volkstem,* 1928-1950.
*The World,* 1974-12-20; 1974-12-31.

## III. Tydskrifartikels

Bailey, A., Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika (1899-1919). Sosiale bymekaarkomplek in Pretoria. *Museum Memo* 17(4), November 1989.
Battle to save the cheetah. *To the Point* 3(5), 1974-12-20.
Bigalke, R., History of the National Zoological Gardens. *Pretoriana* 28, December 1958.
Bigalke, R., Über das Nashorn. *Die Eiche,* August 1952.
Bigalke, R., When a black leopard escaped from Pretoria Zoo. *The Outspan* 38(983), 1945-12-25.
Bigalke, R., Zoological gardens in the service of education. *Parks and Recreation,* 1934.
Born in captivity. *Development Magazine* 10(1), May 1975.
Brand, D.J., Akwarium en Reptielpark. *Opvoeding en Kultuur* 1(2), Junie 1976.
Brand's mating challenge. *To the Point* 3(46), 1974-11-15.
Brink, D., Lewende ware uit die wildernis. *Die Brandwag* 5(343), 1944-03-10.
Davie, E., Oor diere en dieretuine. *Suid-Afrikaanse Panorama* 26(1), Januarie 1981.
Deskundige voorligter in die Dieretuin. *Die Onderwysblad* 53, November 1941.
Dieretuin ontsluit 'n vreemde wêreld. *Landbouweekblad,* 1974-07-14.
Eloff, J.F., In die dieretuin van Pretoria: Waardevolle werk van die lektorgids. *Die Huisgenoot* 27(999), 1941-05-04.
Groenewald, C., Instinct for survival. *Omgewing/Environment* 14(10), Desember 1972.
Grotepass de Feyfer, A., De Nationale Dierentuin in Pretoria. *Nieuws uit Zuid-Afrika* 12(3-4), Augustus - September 1972.
Hickey, W.A., Cheetahs. *South African Panorama* 25(9), September 1980.
Life on "survival farm". *To the Point* 3(45), 1974-11-08.
Macdonald, W.A., Our National Zoological Gardens. *Public Works of South Africa, March 1939.*
Mills, J., Noahs ark in the platteland. *Personality,* 1975-11-14.
Mori, K., Save the species. *South African Panorama* 26(7), July 1981.
Oosthuizen, L., Die Nasionale Dieretuin behaal groot sukses met die teel van jagluiperds in gevangenskap. *Omgewing/Environment* 19(9), Desember 1977.
Pelser, K., 'n Plekkie in die son. *Publico* 5(3), September 1985.
Rocketing food costs hit zoos. *To the Point* 4(38), 1975-09-19.
Schreck, L., A haven for creatures in danger. *Family Radio and TV,* 1980-09-29 - 1980-10-05.
Smith, L., Zoological gardens and nature conservation. *Fauna and Flora* 40, 1983.
Smith, L., Zoo's vital role in conservation. *Custos* 13(9), Desember 1984.
South Africa's R1 million-a-year pets. *Family Radio and TV,* 1976-08-15 - 1976-08-22.
Top Speakers. Radio and TV 20(52), 1975-06-04.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Westhuizen, C.M., Suid-Afrika kry seldsame soort kameelperd. *Die Huisgenoot* 50(1803), 1956-10-08.
Van Vuuren, K., Deurbraak. *Landbouweekblad,* 1977-06-03.
Visser, P., Zuluana kry 'n maat. *Die Huisgenoot* 33(1403), 1949-02-11.
Zoological expert. *South African Panorama* 20(10), October 1975.
Zuhlsdorft, M.L. en Van Rooyen, E., Suid-Afrika se grootste dieretuin. *Die Huisgenoot* 42(2417), 1968-07-26.
Zulch, M., Pretoria Zoo is one of the world's best. *Farmers' Weekly* 113, 1967-08-02.

## IV. Literatuur

Bigalke, R., *Die Nasionale Dieretuln van Suid-Afrika. Gids.* Pretoria, 1955.

Bigalke, R., *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Gids.* Pretoria, 1958.

Bigalke, R., *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Gids.* Pretoria, 1959.

Bigalke, R., *Die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Gids.* Pretoria, 1961.

Bigalke, R., *The National Zoological Gardens of South Africa. Guide.* Pretoria 1955.

Bigalke, R., *The National Zoological Gardens of South Africa. Guide.* Pretoria 1954.

Bigalke, R., Official guide to the National Zoological Gardens of South Africa. Pretoria, 1935.

Bigalke, R., *Official guide to the National Zoological Gardens of South Africa.* Pretoria, 1933.

Clancey, P.A., *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I.* Kaapstad, 1968.

De Graaff, G., *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II.* Kaapstad, 1973.
*Dertigste Jaarfees. Soewenier van die Nasionale Dieretuin.* Pretoria, 1929.

Ferreira, O.J.O., *Stormvoël van die noorde.* Pretoria, 1978.

Fisher, J., *Zoos of the world.* London, 1961.

Grosskopf, J.W.B., *Hendrik Pierneef. Die man en sy werk.* Pretoria, 1945.

Haagner, A.K., *A guide to the National Zoological Gardens of South Africa.* Pretoria, 1924.

Hahn, E., *Zoos.* London, 1968.

Karsten, M.C., *The old companys' garden of the Cape and its superintendents.* Cape Town, 1951.

Kirschhofer, R., *The world of zoos.* London, 1968.

Krüger, D.W. en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III.* Kaapstad, 1977.

Krüger, D.W. en Beyers, C.J. (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV.* Kaapstad, 1977.

*Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika. Sewentigste jaarfees 1899-1969.* Pretoria, 1969.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Potgieter, D.J. (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa II.* Kaapstad, 1970.

Potgieter, D.J. (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa V.* Kaapstad, 1972.

Smit, P., *Artis. Een Amsterdamse Tuin.* Amsterdam, s.j.

Wiggers, A.J. (e.a.), *Grote Winkler Prins encyclopedie VI.* Amsterdam, 1972.

Zuckerman, S., *Great zoos of the world. Their origins and significance.* London, 1979.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

**Titel**: Die geskiedenis van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, Pretoria, 1899-1984.

**Outeur**: Johett Maria Martine Oberholster.

**Studieleiers**: Professors O.J.O. Ferreira en W.A. Stals.

**Departement**: Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

**Graad**: M.A. (Geskiedenis)

Hierdie studie handel oor die geskiedenis van die totstandkoming en die ontwikkeling van die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika tot 1984.

Dit was deur die volgehoue ywer van dr. J.W.B. Gunning, toenmalige Direkteur van die Staatsmuseum en later die eerste Direkteur van die Nasionale Dieretuin, dat hierdie instansie in Oktober 1899 tot stand gekom het. Vanaf sy ontstaansjare het hierdie dieretuin van krag tot krag gegaan en dit word vandag deur lede van die Internasionale Unie van Dieretuindirekteure as een van die tien bestes in die wêreld gereken.

Met die totstandkoming van die Dieretuin, wat aanvanklik deel van die Staatsmuseum was, was dit onder die beheer van die Departement van Onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek, en 'n kuratorium of Komitee van vyf is deur die betrokke departement aangestel. Dr. N.J. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, was die eerste voorsitter van die Komitee. Mettertyd is nie net die Komitee nie, maar ook die personeel van 29 persone aansienlik vergroot en teen 1980 het die Raad (soos wat die beheerliggaam later genoem is) uit vyftien en die personeel uit 162 lede bestaan.

Op finansiële gebied het die Dieretuin lank 'n felle stryd om oorlewing gevoer. Die depressie van die dertigerjare met gepaardgaande hoë voedselpryse en onderhoudskoste het die Komitee byna op sy knieë gehad. Vertoë om verhoogde staat- en stadsraadsubsidies het meestal op dowe ore geval. Dit was egter dr. R.C.H. Bigalke, die derde Direkteur, se volgehoue pers- en radiopropagandaveldtog wat besoekers in groot getalle na die Dieretuin begin lok het en só is die finansiële stryd stadig maar seker gewen.

Ten spyte van bogenoemde wurggreep waarin die instansie hom bevind het, is die terrein steeds verder ontwikkel deurdat daar van die hulp van werklose mans onder die Werkverligtingskema gebruik gemaak is. Só het die Noordelike Uitbreiding, wat vandag as een van die mooiste gedeeltes van die Dieretuin beskou word, tot stand gekom.

Natuurbewaring was van meet af aan een van die Nasionale Dieretuin se vernaamste doelstellings. Dit was dus noodsaaklik om op hoogte te bly van alle aspekte rakende die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teling, voeding en versorging van die diere. Wat die aanteling betref, is nie net prestasies op nasionale vlak behaal nie - waar die Dieretuin die eerste in Suid-Afrika was om sekere diersoorte met welslae in gevangenskap te laat aanteel, maar soms selfs die eerste in die wêreld. Hiervan getuig die welslae wat reeds by die instansie se wildteelplase by De Wildt, Lichtenburg en Potgietersrus behaal is.

Naas die bewaring en versorging van die diereversameling was die Dieretuin se kontak met die publiek van die grootste belang en is geen moeite ontsien om nie net deur middel van formele en informele lesings voorligting en inligting oor die dierelewe te verskaf nie, maar ook om ontspanningsgeriewe daar te stel. Verder was die Dieretuin voortdurend betrokke by soortgelyke instansies (nasionaal sowel as internasionaal) deur konferensies by te woon en daar lesings aan te bied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

**Title**: The history of the National Zoological Gardens of South Africa, Pretoria, 1899-1984

**Author**: Johett Maria Martine Oberholster

**Supervisors**: Prof. O.J.O. Ferreira en prof. W.A. Stals

**Department**: History and Cultural History, University of Pretoria

**Degree**: M.A. (History)

This study describes the history of the establishment and development of the National Zoological Gardens of South Africa from 1899 to 1984.

Thanks to the unfailing efforts of Dr J.W.B. Gunning, then Director of the Staatsmuseum (Government Museum) and later the first Director of the National Zoo, the institution was founded in October 1899. It developed progressively over the years and is today regarded by the International Union of Zoo Directors as one of the ten best zoos in the world.

At its inception the Zoo resorted under the Staatsmuseum and was administered by the Department of Education of the Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal Republic). The latter appointed a governing body, consisting of a Committee of five, under the chairmanship of Dr N.J. Mansvelt, then Superintendent of Education. In due course the membership of the Committee and the Zoo's 29 personnel were enlarged and by 1980 the Board (as the Committee came to be known) and the staff numbered 15 and 162 members, respectively.

Financially, the Zoo faced an uphill struggle for many years, particularly during the depression of the 1930's. Pleas for increased subsidies from the government and city council usually fell on deaf ears. However, thanks to the publicity campaigns launched through the press and radio by the third Director, Dr R.C.H. Bigalke, visitors were lured in increasing numbers to the Zoo, thereby securing its longterm future.

Despite its financial constraints, the Zoo continued to expand. Under die auspices of the Work Relief Scheme unemployed men were put to work creating the Northern Extension, now regarded as one of the most beautiful parts of the Zoo.

From the beginning conservation was regarded as one of the Zoo's primary objectives, and it was essential to remain up to date with all aspects of the breeding, feeding and care of the animals. Over the years the Zoo has earned a national and

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

international reputation for the breeding of various species in captivity. It has achieved considerable success in this field at its breeding farms at De Wildt, Lichtenburg and Potgietersrus.

Besides conservation, the Zoo has attached considerable importance to its educational role, providing the public with information about wild life as well as with recreational facilities. Nationally and internationally the Zoo has also had close contacts with similar institutions participating in and hosting conferences.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021